1997 055 805 01

UOVS - SASOL-BIBLIOTEEK

199705580501220000019

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

# SENTIMENT EN DIE LIED VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK: 'N INHOUDSANALITIESE PERSPEKTIEF

**MARTINA VILJOEN**

VOORGELê TER VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE
GRAAD **MAGISTER MUSICAE**
IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
DEPARTEMENT MUSIEK
AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE VRYSTAAT

**MEI 1997**

**STUDIELEIER: DR. W.M.L. STRYDOM (UOVS)**

**MEDESTUDIELEIER: DR. A.J. PELSER (UOVS)**

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
17 MAR 1998

UOVS SASOL BIBLIOTEEK

T 781.714200968 VIL

"Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad MAGISTER MUSICAE aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van outeursreg op die verhandeling ten gunste van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat".

..........................

# *Voorwoord*

Graag betuig ek hiermee my opregte dank aan die volgende persone en instansies wat 'n bydrae gelewer het tot die voltooiing van hierdie studie:

- my studieleier, dr. W.M.L.Strydom, wat te alle tye bereid was om waardevolle leiding te verskaf, en wie se hartsverbondenheid tot die kerklied as groot inspirasie gedien het;

- my medestudieleier, dr. A.J. Pelser, vir 'n deeglike inleiding tot die navorsingstegniek inhoudsanalise, asook uitstaande insette ten opsigte van die metodologiese aspekte van die studie;

- prof. A.H. Snyman (Dekaan, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte), vir die geleentheid om vanaf 1992 'n navorsingspos aan die Departement Musiek, UOVS te kon beklee. Sonder hierdie geleentheid sou die studie nooit kon realiseer nie;

- die SWO vir finansiële bystand. Menings wat in hierdie studie uitgespreek word is dié van die outeur en moet nie aan die SWO toegeskryf word nie;

- my ouers, prof. en mev. W.D. Jonker, vir hul deurlopende ondersteuning en belangstelling, die keurige taalversorging van die teks, asook hulp ten opsigte van woordverwerkingsaspekte. Spesiale dank aan my pa, wie se diepe toewyding aan die teologie en aan die NG-Kerk, 'n blywende inspirasie en invloed is;

- my man, Nicol, vir die vertaling van die opsomming, asook talle wenke en gesigspunte vanuit sy besondere aanvoeling vir liturgiese musiek;

- my kinders, Willie en Elizabeth, wat gedurende die tydperk van my studie baie selfstandig gefunksioneer het. 'n Spesiale woord van dank aan Willie vir die talle kere wat hy my so geduldig met rekenaarmatige probleme bygestaan het.

Martina Viljoen
Bloemfontein Mei 1997

# *Inhoud*

Voorwoord........................................iii
Lys van Voorstellings in die verhandeling.............x

HOOFSTUK 1: METODOLOGIESE VERANTWOORDING

1.1 Aanloop tot die studie............................1

1.2 Rasionaal vir die studie..........................5

1.3 Doelstelling......................................7

1.4 Navorsingsontwerp.................................7

1.4.1 Keuse van ondersoekmetode.......................7

1.4.2 Wat is inhoudsanalise?..........................9

1.4.3 Voor- en nadele van inhoudsontleding.......10

1.4.4 Werkwyse.......................................12

1.5 Terreinafbakening en seleksie van materiaal.......22

HOOFSTUK 2: DIE INTERNASIONALE PERSPEKTIEF OP DIE KERKLIED

2.1 Inleiding........................................25

2.2 Die verlede......................................26

2.2.1 Inleidend......................................26

2.2.2 Die kerklied in die Bybelse tyd...........26

2.2.2 Nuwe-Testamentiese sang..................27

2.2.3 Ontwikkelinge gedurende die eerste eeue...28

2.2.4 Die Middeleeue.................................30

2.2.5 Die Reformasie.................................31

2.2.6 Die sewentiende tot negentiende eeue......33

2.2.7 Die twintigste eeu.............................35

2.3 Die funksie van liturgiese sang..................37

2.4 Die hede.........................................38

2.4.1 Die posisie van die kerklied..............38

2.4.2 Die invloed van die "massakultuur" op die twintigste-eeuse mens..................39

2.4.3 Die bedreiging van die massakultuur vir die liturgiese lewe........................41

2.4.4 Die invloed van die massakultuur op die kerkmusiek................................44

2.5 Wat vra die ontmoeting met God in die 20ste eeu?.........................................54

2.6 'n Voortdurende dualisme?.........................56

**HOOFSTUK 3: KONFLIK RONDOM DIE KERKLIED IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK: 'N HISTORIESE OORSIG**

3.1 Inleiding........................................58

3.2 Die Halleluja....................................61

3.3 Die Kinderharp...................................64

3.4 Zionsliederen....................................66

3.5 Die Halleluja 1903...............................66

3.6 Die Nuwe Halleluja 1931..........................66

3.7 Die Halleluja 1949...............................67

3.8 Die Halleluja 1960...............................68

3.9 Die Psalm- en Gesangboek.........................71

3.9.1 Die Psalm- en Gesangboek 1944 (AGB 1944)..71

3.9.2 Die Psalm- en Gesangboek 1978.............73

3.10 Jeugsangbundels 1 en 2..........................77

3.10.1 'n Jeugsangbundel vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika...............80

3.11 Samevatting.....................................81

## HOOFSTUK 4: DATA-ANALISE


4.1 Inleiding....................................83

4.2 Eenheid van analise..........................85

4.3 Die Hallelujabundel: data-analise..............87

4.3.1 Kategorieë vir sentimente................87

4.3.2 Konseptualisering van kategorieë.........88

4.4 Verspreiding van sentimente: Hallelujabundel....90

4.5 Hoofsentimente rondom die Halleluja: bespreking.....................................95

4.5.1 Gekant teen Halleluja....................95

4.5.2 Ten gunste van Halleluja.................97

4.5.3 Perspektief..............................104

4.5.4 Beredenering.............................108

4.5.5 Outoriteit...............................108

4.5.6 Oorsprong van kommunikasie...............109

4.5.7 Tydvak...................................109

4.6 Die Psalm- en Gesangbundel: data-analise........111

4.6.1 Kategorieë vir sentimente................111

4.6.2 Konseptualisering van kategorieë.........112

4.7 Verspreiding van sentimente: Psalm- en Gesangbundel..........................114

4.8 Hoofsentimente rondom die Psalm- en Gesangbundel: Bespreking.......................117

4.8.1 Ten gunste van die Psalms- en Gesange....117

4.8.2 Gekant teen die Psalms- en Gesange.......120

4.8.3 Perspektief..............................126

4.8.4 Bykomende oorwegings.....................130

4.8.5 Subjektief/Objektief.....................132

4.8.6 Outoriteit....................................132

4.8.7 Oorsprong...................................133

4.8.8 Tydvak......................................133

4.8.9 Jeugsangbundels 1 en 2: data-analise.....134

4.9.1 Kategorieë vir sentimente................134

4.9.2 Konseptualisering van kategorieë.........135

4.9.3 Verspreiding van sentimente: Jeugsangbundels 1 en 2...................137

4.10 Hoofsentimente rondom die Jeugsangbundels: bespreking.................................140

4.10.1 Gekant teen die Jeugsangbundels.........140

4.10.2 Ten gunste van die Jeugsangbundels......144

4.10.3 Perspektief.............................146

4.10.4 Bykomende oorwegings....................150

4.10.5 Beredenering............................154

4.10.6 Outoriteit..............................154

4.10.7 Oorsprong...............................155

**HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

5.1 Inleiding....................................156

5.2 Hoofbevindings uit die data-analise.............157

5.2.1 Amptelike kerklied versus nie-amptelik...157

5.2.2 Twee botsende tipes spiritualiteit.......160

5.2.3 Klemverskuiwing ten opsigte van spiritualiteit...........................161

5.2.4 Eén amptelike bundel.....................163

5.2.5 Onbevatlikheid van Psalms en Gesange.....164

5.2.6 Musikale meriete.........................168

5.2.7 Die fokus van deskundigheid ten opsigte van uitsprake en besluitneming rondom die kerklied....171

5.2.8 Persepsies rondom besluitnemingsprosesse 177

5.2.9 Die roep om vernuwing....180

5.3 Wat behels die gereformeerde kerksang-ideaal binne die konteks van die NGK?....182

5.4 Aanbevelings....194

5.4.1 Aanbeveling 1: By toekomstige besluitneming rondom die kerklied moet daar rekening gehou word met 'n bepaalde gespletenheid ten opsigte van vroomheidstipes binne die kerklike geledere....194

5.4.2 Aanbeveling 2: Oorweging behoort geskenk te word aan één sangbundel vir die NGK......197

5.4.3 Aanbeveling 3: By toekomstige besluitneming rondom die kerklied behoort daar van wetenskaplik-verantwoorde metodes gebruik gemaak te word om tot 'n presiese diagnose van bestaande probleme te kom...197

5.4.4 Aanbeveling 4: Daar behoort met veel groter erns oor musikaal-tegniese en stilistiese kwessies besin te word, en die betrokke aspekte behoort deur deskundiges aangespreek te word....202

5.4.5 Aanbeveling 5: Daar behoort binne die NGK oor ware liturgiese vernuwing besin te word..212

**OPSOMMING**....220

**SUMMARY**....222

**BIBLIOGRAFIE**....224

# LYS VAN VOORSTELLINGS IN DIE VERHANDELING


1(a): Algemene siening tov Hallelujabundel............92

1(b): Verspreiding van sentimente rondom die Hallelujabundel................................93

2(a): Algemene siening tov die Psalm- en Gesangbundel..................................114

2(b): Verspreiding van sentimente rondom die Psalm- en gesangbundel.........................115

3(a): Algemene siening tov Jeugsangbundels...........137

3(b): Verspreiding van sentimente rondom die Jeugsangbundels...............................138

4(a): Outoriteit van briefskrywers Tydvak 1..........172

4(b): Outoriteit van briefskrywers Tydvak 2..........173

4(c): Outoriteit van briefskrywers Tydvak 3..........174

5(a): God van yster en beton. Sing onder mekaar, no.17.......................................185

5(b): "'n Vaste Burg is Onse God", Bach-harmonisering..................................188

5(c): "Daar's 'n dierbare kruis", Halleluja Lied 80.......................................189

5(d): "My enigste Troos", Jeugsangbundel nr. 22..... 191

5(e): Psalm 47.......................................192

6(a): "Ek is bly", Jeugsangbundel 2, no. 8...........209

6(b): "Ek roem U Naam", Jeugsangbundel 2, no. 9......210

# HOOFSTUK 1

## *Metodologiese verantwoording*

### 1.1 AANLOOP TOT DIE STUDIE

Die stylvolle inkleding van eietydse erediensmusiek is vandag sonder twyfel een van die mees universele probleme waarmee gevestigde kerke wêreldwyd worstel. Ook binne die gereformeerde kerke staan hierdie kwessie reeds geruime tyd in die brandpunt. Aan die een kant is daar die eeue-oue kerklied, simbool van die gereformeerde tradisie en eenheidsband van gelowiges oor vele grense heen. Hierteenoor staan die hedendaagse kerkmens, en met name die jeug, se toenemende behoefte aan vernuwing wat die kerkmusiek-idioom betref. Dit is 'n sterk refleksie van 'n universele aandrang om relevansie in die aanbidding. Johansson (1993: 34) stel dit soos volg:

"The theme of relevancy is one that has been taken up in full force by the contemporary church. Terms such as 'identify with', 'here and now', 'meet the people where they are', and 'all things to all men' are everyday jargon".

Johansson (1993: 47) voer egter aan dat die kerk, hoewel deel van die kultuur as geheel, nooit slegs 'n passiewe ontvanger van kultuur kan wees nie, maar van sy kant 'n bepaalde transendente invloed op die kultuur moet uitoefen. Tans het kerke wêreldwyd egter te kampe met die oorweldigende invloed van die sogenaamde "massakultuur", wat hierdie rol van die kerk in 'n groot mate lam lê:

"(Mass culture) is a main motif of our world and has changed the West's way of life greatly. Though not all bad, certain aspects of mass culture have caused the church to renounce much of its own Biblically-based influence for the easier position of swimming uncritically with the cultural current. The church (and church music is not excluded), must reevaluate its position regarding this rapidly moving stream, and if

need be, buck the current, rechannel it, or even dry portions of it up. The church must reject the passive role it has often assumed in the name of doing good, and accept its active role which ministers to the whole man and the whole of life" (Johansson 1993: 47).

Bostaande aanhalings suggereer dat die massakultuur die kerkmusiek wel deeglik gekondisioneer het. Terselfdertyd kan die behoeftes van die eietydse mens nie sonder meer genegeer word nie. Die oorvereenvoudiging en "reglynigheid" waarmee daar dikwels oor hierdie saak geredeneer word, kan immers slegs lei tot standpunte wat slegs één bepaalde hoek of voorkeur belig. Op hierdie wyse maak "musiek-elitiste" byvoorbeeld sterk beswaar teen "platvoerse sekulêre elemente" wat die kerk onder die vaandel van "vernuwing" binnedring: "...kerkmense wil snert in die kerk hoor omdat hulle buite die kerk daaraan gewoond geraak het" (Temmingh 1993: 17-19). Hierdie verskynsel word toegeskryf aan die "opkoms van die luidspreker" as die sentrum van die musiekgebeure en die gevolglike kommersialisering van musiek. Die uitbuiting van musiek konsentreer in hierdie opsig veral op die "natuurlike mens se voorkeur vir die primitiewe bo die ontwikkelde, die waardelose bo die kosbare, die minderwaardige bo die hoogstaande, die dekadente bo die voortreflike en die cliché bo die vinding". Hustad, daarenteen, (1994: 11) blameer die sogenaamde "video-revolusie" vir die feit dat ons 'n "post-hymnal age" betree waar die tradisionele kerklied terugstaan vir "uncomplicated songs ... as short and encapsulated as news stories, and as repetitive as fast-food commercials".

Daar is egter ook diegene wat sterk daaroor voel dat die eietydse mens nie meer "verstokte" en "ingewikkelde" middeleeuse melodieë in die kerk wil sing nie, bloot omdat dit vir hulle geheel en al wêreldvreemd aandoen. Ook in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) is kwessies rondom vernuwing reeds geruime tyd in die brandpunt. Veral sedert die vroeë tagtigerjare kom die

jeug se behoefte aan verandering, ook wat die kerkmusiek betref, toenemend na vore. Nie alleen stel talle jongmense nie langer prys op die kerk se eeue-oue (gereformeerde) musiekerfenis nie, maar daar is selfs 'n groot mate van opstand teen "(die verabsolutering) van één musiekstyl en 'n totale onvermoë en onwilligheid om te aanvaar dat God ook op ander maniere werk as net die tradisionele en klassieke." Daar word aangevoer dat 'n mens "van kerkmusiekontwikkeling die afgelope drie dekades in Suid-Afrika en wêreldwyd" sou wou sê: "Innovate or die" (Maré 1993: 10). Daar is selfs diegene wat hul kommer uitspreek oor "'n hoogmoedige kerk, gesindheid en aanhang van menslike norme, wat die jeug van vandag van die erediens vervreem..." (Potgieter 1993: 10). Bogenoemde aanhalings sinspeel duidelik op die feit dat "ongewenste" (verouderde) kerkmusiek, meer as ander elemente, 'n belangrike rol speel by die vervreemding van jongmense: "Ek voel dat as meer predikante "oop" raak vir die jeug, kerke beslis nie die gevaar sal loop om leeg te raak nie. Dis ons wat met ons outydse idees ons kinders na negatiewe dinge dryf omdat ons te bang is vir verandering wat ons "comfort-zone" raak. In die Naam van Jesus wat nie omgee of ons "rock" of Psalms sing nie - kom ons versterk eerder ons kinders se bande met die kerk!" (Vermaak 1995: 15).

Dit is dus duidelik dat die tradisionele "kleed" waarin die gereformeerde musiekerfenis van die NGK gepresenteer word, vandag nie meer tot 'n groot deel van die jong lidmate spreek nie, en dat die erediens gevolglik nie as relevant beleef word nie. 'n Ondersoek wat gedurende 1983 deur die Belydende Kerkjeugaksie in Wes-Transvaal onderneem is ('n interne verslag wat nie amptelik gepubliseer is nie), bring onder meer aan die lig dat jongmense 'n sterk behoefte aan **gevoelsdeelname** by eredienste en ander byeenkomste het, en dat hulle sang by uitstek as middel tot vervulling van hierdie behoefte sien (Die Kerkbode 1983: 1). Eenvoud in die prediking en

die vermyding van onnodige formalisme is verdere faktore wat aangemerk word as deel van die behoefte om die erediens tot 'n persoonlike ervaringsvlak te bring. Hierdie behoeftes is egter nie sonder meer tot die jongmense beperk nie. 'n Ondersoek wat gedurende 1991 in die Wes-Kaapse sinodale gebied onderneem is (weereens 'n ongepubliseerde verslag), toon dat daar by 'n beduidende aantal lidmate 'n groot behoefte aan nuwe liedere naas die Psalm- en Gesangeboek bestaan (Hanekom 1991: 4). **Kerkspieël IV**, resultaat van die jongste beskikbare meningsopname van die NG Kerk, bevind dan ook inderdaad dat ongeveer 25% van alle gemeentes hulle nie meer gebonde ag aan die bundels wat deur die Algemene Sinode vir gebruik binne die erediens goedgekeur is nie, en dat herbesinning oor amptelike bundels aangewese is (Botha 1995: 4 - hierdie ondersoek is weereens 'n interne verslag onder die redaksie van dr. Mike Smuts, uitgegee deur die Algemene Kommissie van die NGK vir Gemeentebediening). Die praktyk toon dat gemeentes nie hou by die kerk se goedgekeurde liedereskat nie, of dat jongmense "oorloop" na kerke waarvan die musiek wel tot hulle spreek.

Die maatstaf van populariteit kan egter nooit die enigste vereiste ten opsigte van die kerklied wees nie. Hoewel dit duidelik is dat die ligter geestelike lied in die NGK gekom het om te bly, toon die media-polemiek terselfdertyd kommer oor en opstand teen die algemeen-oppervlakkige erediensstyl wat hand aan hand met die "lekkersingliedjies" die kerk binnegedring het, 'n ontwikkeling wat lank nie deur almal verwelkom word nie:

"Daar word gepraat van die identiteitskrisis waarin die NG kerk haarself bevind. Die ergste doring in die vlees is die piekniekliedjies wat onder die vaandel van jeugsang die kerk binnegekom het. Dis glo onder meer om die jongmense vir die kerk te behou. Die jongmense word miskien vir die kerk behou, maar die kerk waarvan daar hier sprake is, is nie meer die kerk soos ons haar geken het nie" (Mischke 1995: 21).

Veral die feit dat vernuwingspogings in die praktyk feitlik 'n herdefiniëring ten opsigte van liturgiese sake as geheel inhou, wek weerstand en kommer:

"Teenoor diegene wat die vernuwing in die kerk toejuig, is daar baie predikante en lidmate in die NG Kerk wat ernstige bedenkinge daaroor het. Hulle word nòg daardeur oortuig, nòg daardeur saamgeneem. Hulle staan byvoorbeeld koud teenoor dit wat hulle in die naam van liturgiese vernuwing in die erediens teëkom. Die beoefening van lofprysing, die optrede van orkeste, die opsteek van hande onder aanbidding en die inkleding of verkorting van die formuliere en aanpassings in die bediening van die sakramente, steek hulle dwars in die krop" (Britz 1995: 7).

Daar sou aangevoer kon word dat die problematiek rondom die kerksang op die oomblik meer konflik in kerklike geledere veroorsaak as enige ander liturgiese kwessie. Polemiek suggereer dat die kerk reeds die punt bereik het waar besluit sal moet word of daar na die ou gereformeerde wortels teruggekeer sal word, en of die kerk meer in 'n charismatiese rigting sal beweeg (Mischke 1995: 21).

## 1.2 RASIONAAL VIR DIE STUDIE

Dit is dus duidelik dat die kerk voor 'n groot uitdaging met betrekking tot die kwessie van kerkmusiek te staan gekom het. Hierdie saak word nie minder kompleks gemaak nie deur die feit dat die ontwikkeling van die gereformeerde kerklied binne die NGK histories gesproke nog altyd deur konflik gekenmerk is (sien in hierdie verband Hoofstuk 3). Hierdie konflik is veral geleë in spanning tussen die behoeftes van lidmate aan die een kant, en dié van die beleidmakers ten opsigte van kerkmusiek aan die ander kant:

"Dit is jammer dat daar so 'n groot kloof is tussen die "hoë musici" wat met hulle groot invloed die Ned Geref Kerk se liedere beleid stuur en die lidmate (doop en

belydend) wat die liedere moet sing. Lidmate hoef nie te vra wat van hoë gehalte in 'n sekere musikale idioom is voordat hulle 'n sekere lied sing nie. Nee, hulle voel net aan dat hulle hulleself emosioneel kan uitdruk deur wat hulle sing. Hulle ervaar spontaan dat hulle aanbid en die Here ontmoet in 'n lied, of hulle ervaar spontaan dat hulle deur 'n sekere lied nie kan aanbid nie (Le Roux 1991: 8).

Afgesien van bogenoemde spanning is daar in die NGK bowendien ook nog spanning tussen groepe wat verskillende vroomheidstipes verteenwoordig: aan die een kant is daar diegene wat meer 'n "geloofsvroomheid" nastreef, terwyl daar aan die ander kant diegene is wat eerder 'n "ervaringsvroomheid" daarop nahou (hierdie verskynsel word onder 4.5.2 asook 5.2.2 ondersoek).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar binne die NGK reeds sedert die vorige eeu dringend behoefte is aan 'n kerklied wat lidmate binne hulle eie ervaringswêreld kan aanspreek. Dit het 'n komplekse problematiek rondom die kerksang laat ontstaan, waarvoor daar tot op hede geen bevredigende oplossing gevind kon word nie. Soos bo vermeld, is hierdie problematiek veral geleë in 'n konflik tussen eensydig-teologiese norme vir 'n kerksang-ideaal aan die een kant, en die eise van 'n populêre smaak aan die ander kant - twee pole wat mekaar uiteraard nie sonder meer kan ontmoet nie. Polemiek rondom hierdie kwessie toon dat verskille rondom die kerklied nog altyd eerder 'n bevestiging van verskillende fronte, as 'n fasilitering van ware bereidheid tot diskussie was (en is).

Aangesien die vraagstuk rondom die lynreg-botsende eise van (aan die een kant) die gereformeerde kerksang-ideaal en (aan die ander kant) die populêre smaak nog nie vantevore in Suid-Afrika ondersoek is vanuit, onder meer, 'n sosiaal-wetenskaplike invalshoek nie, is dit tans gebiedend noodsaaklik dat dit gedoen word. Die vernaamste sentimente rondom die lied van die NGK moet op 'n wetenskaplike wyse nader ondersoek word. So 'n studie

moet lig werp op die kragte wat onderliggend aan die standpunte rondom die kerklied is, en terselfdertyd toon waarheen ons met die kerklied op pad is. Hierdeur sou 'n konkrete bydrae gemaak kon word tot toekomstige besluitneming rondom 'n kerklied wat nie alleen die reële geestelike behoeftes van die moderne mens akkommodeer nie, maar ook 'n waardige liturgiese medium voor God kan wees.

## 1.3 DOELSTELLING

Die doel van hierdie studie is drieledig:

- Eerstens word beoog om deur middel van 'n dokument-analise standpunte rondom die kerklied oor die laaste aantal dekades te ontleed.

- Tweedens wil daar vasgestel word waarin verskille en raakpunte tussen beleidmakers en lidmate van die NGK geleë is.

- Derdens word beoog om die behoeftes van bogenoemde partye ten opsigte van die kerklied te bepaal.

Op grond van die bevindinge wat uit die realisering van hierdie doelstellings voortvloei, sal daar in die loop van die studie enkele aanbevelings geformuleer word wat moontlik by toekomstige besluitneming rondom die kerklied in ag geneem sou kon word.

## 1.4 NAVORSINGSONTWERP

### 1.4.1 Keuse van ondersoekmetode

Omdat dit in hierdie studie gaan om die ontleding van uitsprake rondom die kerklied, moes 'n navorsingsmetode oorweeg word wat geskik sou wees om 'n dergelike emosioneel-gelade onderwerp op betroubare en objektief-

wetenskaplike wyse te hanteer. Terwyl die studie juis ten doel het om **alle standpunte** rakende die kerklied in ag te neem en te bestudeer, is aanvaar dat die tegniek van **inhoudsanalise** by uitstek die aangewese navorsingsmetode sou wees. Hierdie metode bied die voordele van 'n gestruktureerde benadering en die objektiwiteit wat dikwels kenmerkend is van kwantitatiewe navorsingsmetodes - eienskappe wat inderdaad uitstekend te pas kom in die geval van 'n dokument-analise van dikwels lynreg-botsende opinies. Die eksakte meting van konsepte wat deur die metode gefasiliteer word, bied dan ook 'n uitgangspunt wat wesenlik verskil van kwalitatiewe navorsing, waar 'n meer buigsame strukturele benadering geld. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat inhoudsanalise in sommige gevalle nie heeltemal losgemaak kan word van 'n mate van kwalitatiewe denke nie. Ten spyte van die feit dat inhoudsanalise berus op beginsels eie aan kwantitatiewe metodes, is daar omstandighede waar dit nie net om 'n eenvoudige kwantifisering van gegewens kan gaan nie - soos onder meer by sekere aspekte van die betrokke studie. Reaksies van briefskrywers vereis byvoorbeeld 'n ontleding van die **differensiële kwaliteit** daarvan, 'n aspek waarby 'n interpretasie van die data op 'n dieper vlak as blote kwantifisering (eienskappe wat getel kan word) ter sprake is. Hoewel Joubert (1991: 60) nie dieper op die saak ingaan nie, wys hy tog in hierdie verband op die debat rondom die essensiële onderskeiding tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing, en die "identiteitskrisis" wat hierby ter sprake mag kom.

Die spesifieke aard van die studie regverdig op sigself die keuse van inhoudsanalise as metode, aangesien hierdie tegniek hom besonder goed leen tot die bestudering van 'n verskynsel wat oor **langer periodes** strek. Aangesien die studie onder bespreking uiteraard gemoeid is met ontwikkelings wat oor 'n aantal dekades waargeneem word, kan die metode met vrug toegepas word. Dit is dan ook juis die historiese tydvak waaroor die "debat" strek wat

alternatiewe opnamemetodes soos byvoorbeeld onderhoudvoering of posopnames minder wenslik sou maak.

Verder mag moontlike **verskuiwings** rondom behoeftes/beleid rakende die kerklied ter sprake kom. Ook hierby is inhoudsanalise die aangewese metode, aangesien een van die oogmerke van die tegniek juis is om bepaalde tendense aan te toon deur middel van 'n verantwoordbare ontleding van gegewens, sodat daar eventueel ook binne 'n bepaalde konteks tot sekere gevolgtrekkings gekom kan word.

### 1.4.2 Wat is inhoudsanalise ?

Inhoudsanalise is 'n navorsingsmetode wat gebruik maak van 'n bepaalde stel prosedures ten einde geldige gevolgtrekkings vanuit 'n teks te kan maak. Babbie (1995: 311) beskou inhoudsanalise as 'n metode van **data-analise** sowel as 'n metode van **observasie.** Die metode sou gedefinieer kon word as 'n toepassing van stelselmatige waarneming van persoonlike dokumente en massamediamateriaal, waarby die inhoud van die bronne stelselmatig ondersoek word om die relatiewe voorkoms en aanbiedingswyse van temas na te vors (Huysamen 1993: 146). Dit gaan dus veral om die **klassifisering van data,** waarby die data gereduseer word tot meer relevante, hanteerbare eenhede (Weber 1990:5). Dit is duidelik dat **sistematiek** en **objektiwiteit** hierby voorop staan. Aangesien die metode primêr te make het met die ontleding van die inhoud van kommunikasie, kan die doel van inhoudsanalise nooit wees om slegs beskrywend van aard te wees nie, maar moet die inhoud wat ontleed word op een of ander wyse met bykomende buite-faktore verbind word (Baker 1994: 268). Dit is veral laasgenoemde **kontekstualisering** wat inhoudsontleding by uitstek onderskei as metode om 'n bepaalde verskynsel op verantwoordbare wyse in perspektief te stel.

### 1.4.3 Voor- en nadele van inhoudsanalise

#### (a) Voordele

Die grootste enkele voordeel van inhoudsontleding is waarskynlik geleë in die feit dat die metode uiters **ekonomies** is in terme van tyd en kostes (Nachmias 1992: 320). Verder is dit belangrik dat die **onopsigtelikheid** en **nie-reaktiwiteit** van die tegniek reële voordeel inhou, aangesien inhoudsanalitiese prosedures **direk** op die teks inwerk, en daar dus geen sprake is van 'n beïnvloeding van die onderwerp onder bespreking nie. Hiermee hang ook die relatiewe **veiligheid** van die metode saam, aangesien dit makliker is om gedeeltes van 'n studie te herhaal as wat dit in die geval van ander navorsingsmetodes sou wees. Verder stel hierdie prosedure die navorser in staat om prosesse te bestudeer wat oor **lang tydperke** strek, en kan relatief **groot groepe** bestudeer word. Die metode word ook gekenmerk deur 'n bepaalde **spontaneïteit** (Smit 1985: 162). Weber (1992: 10) voer ook aan dat inhoudsontleding **metodes kombineer** wat tradisioneel tot sowel die kwantitatiewe as die kwalitatiewe navorsing behoort (sien bespreking hierbo), 'n eienskap wat te make het met bogenoemde konsep van **kontekstualisering.**

Wat betref die onderwerp van hierdie studie blyk daar dus 'n hele aantal positiewe aspekte aan die keuse van hierdie spesifieke navorsingstegniek verbonde te wees. Daar is reeds genoem dat die data oor meer as drie dekades strek, en 'n relatief groot groep mense betrek. Verder is die kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes soos onder 1.4.2 en hierbo uiteengesit, 'n groot voordeel by 'n diepte-analise van die data soos dit in hierdie studie beoog word - 'n voordeel wat kwalik deur ander navorsingsmetodes oortref kan word.

(b) Nadele

Die nadele van hierdie tegniek is hoofsaaklik in die **sydigheid** en soms ook **steekproefsydigheid** daarvan geleë (Smit 1985: 163). Hierdie probleem slaan direk op die **geldigheid** van die metode, 'n probleem wat egter ondervang word deur 'n hoë mate van **betroubaarheid** (Weber 1990: 320). Afgesien van bogemelde tekortkominge wat hoofsaaklik te make het met **selektiwiteit** en die gevolglike **onvolledigheid** wat as 't ware in die metode ingebou is, wys Smit (1985: 163) ook daarop dat hierdie navorsingsmetode **beperk** is tot **geskrewe gedrag** uit die verlede, asook die feit dat daar in die praktyk dikwels koderingsprobleme ondervind word.

Wat die spesifieke aard van hierdie studie betref, mag daar 'n verdere probleem wees wat die **verteenwoordigende karakter** van die materiaal betref. Hierdie probleem hang egter nie soseer saam met die metodologiese keuse as sodanig nie, maar meer met die gekose grondmateriaal. Anders as by die meeste kwantitatiewe analises, kan daar in die geval van 'n spontane koerantdebat nie sonder meer gesê word dat dit ten volle verteenwoordigend van alle opinies is nie. Die briefskrywers is naamlik in hierdie geval NG-lidmate van oor die hele land afkomstig uit alle sektore van die bevolking, en die enigste samebindende faktor, afgesien van kerkverband, is die feit dat almal Afrikaanssprekend is. Joubert (1991: 62) wys dan ook op die feit dat 'n koerantopname nooit ten opsigte van die verteenwoordigende aard daarvan met 'n beplande opname vergelyk kan word nie. Omdat korrespondente aan koerante en ander dagblaaie nie verteenwoordigend is van 'n land of streek se inwoners, of selfs net van die betrokke publikasie se lesers nie, beteken dit dat die sosiale veranderlikes waarmee sosiaal-wetenskaplikes gewoonlik mense se standpunte en menings korreleer, nie in hierdie geval vasgestel of gekontroleer kan word nie. Binne die konteks van inhoudsontleding is koerantdebatte egter 'n

primêre bron vir grondmateriaal, en word dit as meer verteenwoordigend beskou as wat algemeen aanvaar mag word. Hierby geld die verteenwoordiging kwalitatief (as dié van meningsvormers onder 'n groep persone wat 'n sekere standpunt huldig) eerder as kwantitatief. Die mening bestaan dat wanneer iemand sterk genoeg voel oor 'n openbare kontensie om 'n brief aan 'n openbare liggaam te rig, hy/sy reeds as verteenwoordigend van 'n groep beskou kan word.

### 1.4.4 Werkwyse

Inhoudsanalise behels die interaksie van twee prosesse, naamlik die spesifikasie van die inhouds-karakteristiek wat gemeet moet word, asook die toepassing van die reëls waardeur hierdie karakteristiek geïdentifiseer en opgeteken word (Babbie 1995: 314). Die basiese stappe wat by inhoudsontleding geld, is die volgende (Weber 1990: 21v):

(a) die definiëring van die eenheid van analise
(b) die kategorisering van eenhede
(c) toetskodering van 'n voorbeeld van die teks
(d) bepaling van die betroubaarheid en geldigheid
(e) hersiening van die koderingsreëls indien die akkuraatheid onvoldoende is
(f) herhaling van (c)
(g) kodering van die hele teks
(h) bepaling van die betroubaarheid en akkuraatheid

(a) Definisie van die **eenheid van analise.** Laasgenoemde is die kleinste inhouds-eenheid waarin die aanwesigheid van 'n referent verreken word (Babbie 1995: 314). Die vyf hoof-eenhede van analise is: woorde/terme, tema's, karakters, paragrawe en items. Die woord is uiteraard die kleinste eenheid moontlik, maar word saam met die paragraaf relatief min as eenheid aangewend. Hierteenoor word die karakter as eenheid meer dikwels aangetref,

terwyl die tema sekerlik die eenheid is wat die meeste aantal kere aangewend word. Teenoor die eenheid van analise as kleinste metings-eenheid, staan die **eenheid van konteks**, wat die grootste inhouds-eenheid is wat ondersoek word om 'n eenheid van analise te karakteriseer. Wat die betrokke studie betref, is die **tema** as die eenheid van analise gedefinieer, en is die betrokke tema ter sprake **sentimente.**

(b) Die **kategorisering** van eenhede. Babbie (1995: 314v) beskou hierdie stap as die mees deurslaggewende wat betref inhoudsontleding; dit is trouens hierdie stap waarby die metode "staan of val". Inhoudsontleding sou dan ook essensieel as 'n koderingsprosedure beskou kon word (Nachmias 1992: 311). Kodering raak die hart van die ontleding, aangesien hierdie proses reëlreg inspeel op die openbaring van hetsy die sigbare of onderliggende inhoud van die teks. Hoofkategorieë wat hier geld, word uiteraard in ooreenstemming met die doel van die studie bepaal. Dit is daarby van wesenlike belang dat die kategorieë **omvattend** en **onderling uitsluitend** moet wees, sodat alle eenhede van analise relevant tot die studie geklassifiseer kan word, terwyl eenhede terselfdertyd nie meer as een keer binne 'n gegewe kategorie sal figureer nie.

Binne die konteks van die studie is die volgende stel kategorieë vasgestel (**'n meer uitgebreide verduideliking van die onderskeie kategorieë verskyn by die data-analise onder 4.4**):

# I HALLELUJABUNDEL (1959-1965)[1]

- ***Gekant teen Hallelujabundel***

Subkategorieë:

- *Gereformeerde karakter* (verwys na dié vroomheidstipe wat die Reformatoriese karakter en belydenis van die NGK aanhang)
- *Eén bundel* (bepleit slegs een amptelike sangbundel binne die NGK)
- *Fokus* (Godgerigtheid/mensgerigtheid van die tekste)

- ***Ten gunste van Hallelujabundel***

Subkategorieë:

- *Piëtistiese vroomheidsheimwee* (spiritualistiese vroomheidstipe waarby die individuele godsdienstige ervaring voorop staan téénoor rasionele denke)
- *Bevatlikheid* (die meerdere toeganklikheid van die Hallelujabundel in vergelyking met die Psalm- en Gesangbundel; bepleit behoud van beide bundels
- *Fokus* (Godgerigtheid/mensgerigtheid)

- ***Perspektief*** (standpunte grondliggend aan die redenasies)

Subkategorieë:

- *Sinodale besluite* (standpunte wat op amptelike besluite gegrond is)
- *Sentiment* (standpunte wat suiwer op sentiment berus)
- *Musikale meriete* (die suiwer musikale kwaliteit is die uitgangspunt)
- *Weerstand teen hoë standaarde* (blameer "hoë" musici vir die onsingbare melodieë)

---

[1] Die afbakening van die terrein van die studie asook van die periodes wat bestudeer sal word, word onder 1.5 uitgeklaar).

- ***Beredenering*** (die "toon" van die brief)

  Subkategorieë

- *Subjektief* (redenasies wat suiwer emosioneel en baie eensydig van aard is)
- *Objektief* (standpunte wat meer gebalanseerd is)

- ***Outoriteit*** (die status van die briefskrywers)

  Subkategorieë:

- *Amptelik: kundige 1*(kerkmusiekwetenskaplike skoling)
- *Amptelik: kundige 2* (teologiese opleiding)
- *Lidmaat:kundige 1* (kerkmusiekwetenskaplike skoling)
- *Lidmaat: kundige 2* (praktiserende kerkmusikus )
- *Lidmaat: leek* (gewone lidmaat)

- ***Oorsprong van kommunikasie***

  Subkategorieë:

- *Beleidsverandering* (menings wat te make het met amptelike sinodale besluite)
- *Reaksie op polemiek* (diegene wat reageer op uitlatings van ander briefskrywers)

- ***Tydvak*** (die tydvak waarbinne die korrespondensie plaasgevind het, in hierdie geval *Tydvak 1*).

## II PSALM- EN GESANGBUNDEL

- ***Ten gunste van Psalm- en Gesangbundel***

  Subkategorieë:

- *Gereformeerde erfenis* (behoud van die Psalm- en Gesangbundel ter wille van die fundering op Skriftuurlikheid en die Reformatoriese belydenis)
- *Sinodale opdrag* (redenasies wat steun op die amptelike besluite van die kerk)
- *Gevaar van sektarisme* (hang saam met "gereformeerde erfenis": behoud van die bundel ter wille van die bestryding van sektariese (en meestal ook Metodistiese) elemente)

• ***Gekant teen Psalm- en Gesangbundel***

Subkategorieë:

- *Weerstand teen Psalm- en Gesangbundel* (spesifieke aksie téén die amptelike kerklied)
- *Arbitrêre optrede* (ongelukkigheid oor die "geheimhouding" en "minderheidsbesluite" rakende die kerklied)
- *Verlange na die Halleluja* (heimwee na die gewilde en bekende nie-amptelike liedere)

• ***Perspektief*** (grondliggende uitgangspunt tot 'n bepaalde redenasie)

Subkategorieë:

- *Weerstand teen verandering* (kerklied verander te dikwels; spesifieke veranderinge ongewens)
- *Weerstand teen hoë standaarde* (wantroue teenoor "hoë musici")
- *Onbevatlikheid* (amptelike liedere is nie toeganklik vir die gewone lidmate nie)
- *Musikale meriete* (behoud van die amptelike bundel op grond van aspekte wat suiwer met musikale kwaliteit te make het)
- *Skriftuurlikheid* (die Skrifgebondenheid van die tekste)

- *Geestelike volwassenheid* (die amptelike kerklied dek die hele spektrum van die geestelike lewe)

- ***Bykomende oorwegings*** (ander belangrike faktore wat op standpunte inspeel)

  Subkategorieë:

- *Eén bundel* (slegs een amptelike sangbundel vir NGK)
- *Verbetering* (wesenlike verbetering in die nuwe Psalm- en Gesangboek in vergelyking met die ou bundel)
- *Praktiese besware* (ongelukkigheid oor praktiese aspekte van die nuwe bundel, onder meer die weglating van registers, nommers van ooreenstemmende melodieë, ensovoorts)
- *Onsingbaarheid* (redenasies wat setel in die tegniese moeilikheidsgraad en wêreldvreemdheid van die melodieë, asook die "vreugdeloosheid van die sang")
- *Meerderheid onbekend* (slegs 'n klein persentasie Psalms- en Gesange is bekend en word hoegenaamd gesing)
- *Diverse besware* (enkele ander besware wat strek van ontevredenheid oor die kommissie se optrede tot die koste van die bundel)

- ***Beredenering*** (die "toon" van die brief)

  Subkategorieë:

- *Subjektief* (redenasies wat suiwer emosioneel en baie eensydig van aard is)
- *Objektief* (standpunte wat meer gebalanseerd is)

- ***Outoriteit*** (die status van die briefskrywers)

  Subkategorieë:

- *Amptelik:kundige 1* (kerkmusiekwetenskaplike skoling)
- *Amptelik: kundige 2* (teologiese opleiding)
- *Lidmaat: kundige 1* (kerkmusiekwetenskaplike skoling)
- *Lidmaat: kundige 2* (praktiserende kerkmusikus )
- *Lidmaat: leek* (gewone lidmaat)

• ***Oorsprong van kommunikasie***

Subkategorieë:

- *Beleidsverandering* (menings wat te make het met amptelike sinodale besluite)
- *Reaksie op polemiek* (diegene wat reageer op uitlatings van ander briefskrywers)

• ***Tydvak*** (die tydvak waarbinne die korrespondensie plaasgevind het, in hierdie geval *Tydvak 2*).

## III JEUGSANGBUNDELS I EN II

• ***Gekant teen Jeugsangbundels***

Subkategorieë:

- *Teologies-liturgiese begronding* (afwysend teenoor "ander liedere" op grond van teologiese en liturgiese oorwegings)
- *Sinodale besluite* (teenkanting teen Jeugbundels gegrond op amptelike besluite)
- *Sekulêre vervlakking* (keur Jeugbundels af uit vrees vir oppervlakkigheid)

• ***Ten gunste van Jeugsangbundels***

Subkategorieë

- *Psalms en Gesange verouderd* (amptelike liedere "nie meer deel van eietydse mens se lewenswêreld")
- *Verwarring oor amptelike besluite* (wil Jeugbundels bevorder, maar is onseker oor sinodale besluite)
- *Bevatlikheid vir jeug* (toeganklikheid van die liedere spesifiek vir jongmense)

• ***Perspektief*** (grondliggende uitgangspunt tot 'n bepaalde redenasie)

Subkategorieë:
- *Musikale meriete* (afwysend teenoor Jeugbundels op grond van faktore wat suiwer met musikale kwaliteit te make het)
- *Verhewenheid van kerklied* (afwysend teenoor Jeugbundels op grond van die "superioriteit van die kerklied")
- *Eietydse aanslag* (waarderend teenoor Jeugbundels vanweë die relevansie vir die moderne mens)
- *Aanbiddingskrag* (waarderend teenoor die Jeugbundels vanweë die "aanbiddende krag van die liedere")

• ***Bykomende oorwegings*** (ander belangrike faktore)

Subkategorieë:

- *Eén amptelike bundel* (slegs een amptelike sangbundel vir die NGK)
- *Jeugsangbundels kompeterend* (staan teenoor Psalm- en Gesangbundel, veral wat die jeug betref)
- *Spektrum van Psalm- en Gesangboek dek alle geloofsaandoeninge* (daar is 'n lied vir elke liturgiese situasie - geen bykomende liedere benodig)
- *Stylvolle eietydse lied* (daar is ruimte vir 'n eietydse lied, maar dié van die Jeugsangbundels beantwoord nie aan die nodige vereistes nie)

- *Verlange na nie-amptelike liedere* (Psalm- en Gesangbundel skiet te kort)
- *Meerderheid Psalms en Gesange onbekend* (heelwat is totaal onbekend en 'n relatief klein groep word gereeld gesing)

- ***Beredenering*** (die "toon" van die brief)

  Subkategorieë:

- *Subjektief* (redenasies wat suiwer emosioneel en baie eensydig van aard is)
- *Objektief* (standpunte wat meer gebalanseerd is)

- ***Outoriteit*** (die status van die briefskrywers)

  Subkategorieë:

- *Amptelik:kundige 1* (kerkmusiekwetenskaplike skoling)
- *Amptelik: kundige 2* (teologiese opleiding)
- *Lidmaat: kundige 1* (kerkmusiekwetenskaplike skoling)
- *Lidmaat: kundige 2* (praktiserende kerkmusikus )
- *Lidmaat: leek* (gewone lidmaat)

- ***Oorsprong van kommunikasie***

  Subkategorieë:

- *Beleidsverandering* (menings wat te make het met amptelike sinodale besluite)
- *Reaksie op polemiek* (diegene wat reageer op uitlatings van ander briefskrywers)

- ***Tydvak*** (die tydvak waarbinne die korrespondensie plaasgevind het, in hierdie geval *Tydvak 3*).

(c) **Toetskodering** van 'n voorbeeld van die teks. Hierdie stap staan in direkte verband met (d):

(d) Bepaling van die **betroubaarheid** en **geldigheid.** Wat betref betroubaarheid gaan dit veral om die **konstantheid** van die kodering, waarby stabiliteit, herproduksie en akkuraatheid ter sprake is. Stabiliteit behels die onveranderlikheid van resultate oor 'n periode van tyd (dieselfde kodeerder bereik dieselfde resultate by herhaalde kodering), terwyl herproduksie beteken dat dieselfde teks deur verskillende kodeerders ontleed, dieselfde resultate lewer. Akkuraatheid hang saam met die vermoë van die klassifikasie om konsekwent aan 'n bepaalde norm of standaard te voldoen. **Geldigheid** beteken dat daar 'n korrelasie bestaan tussen die kategorieë en die abstrakte konsep wat dit verteenwoordig. Tipes hier ter sprake is "gesigswaarde", hipotesegeldigheid, voorspellende geldigheid, asook semantiese geldigheid.

(e) **Hersiening** van die koderingsreëls indien die akkuraatheid onvoldoende is.

(f) Herhaling van (c).

(g) **Kodering** van die hele teks.

(h) **Bepaling van die betroubaarheid en akkuraatheid**

Joubert (1991: 59) beskou naas stappe 1 en 2 ook die **korrelasie** van eenhede en tipes eenhede met bepaalde **veranderlikes** as essensiële werkwyses, en beklemtoon die waarde van eventuele **kontekstualisering** waarby die verskynsel onder ontleding op 'n breër vlak in perspektief gestel word. Laasgenoemde is, tesame met die ontleding van die differensiële kwaliteit van die standpunte van briefskrywers, moontlik die belangrikste oogmerke van die data-analise met betrekking tot hierdie

studie. Huysamen (1993: 147) voeg as tweede stap die bepaling van die **universum** in, 'n stap wat uiteraard van die grootste belang is vir die afbakening van die steekproeftrekking. By inhoudsontleding is veral drie steekproefpopulasies ter sprake, naamlik bronne van kommunikasie, dokumente, en teks vervat binne dokumente (Weber 1990: 42). In die geval van hierdie navorsing gaan dit om die eerste steekproefpopulasie, naamlik bronne van kommunikasie. Dit is veral belangrik dat die steekproeftrekking **verteenwoordigend** en nie **sydig** sal wees nie, met ander woorde nie slegs voorbeelde selekteer wat 'n bepaalde hipotese ondersteun nie (Baker 1994: 271). Daarom is daar, wat hierdie studie betref, besluit op 'n seleksie van die grondmateriaal volgens historiese tydvakke, wat weer bepaal is op grond van die verspreiding en intensiteit van die polemiek, terwyl daarna gestrewe is om binne die betrokke tydvakke **alle relevante briewe** te analiseer (sien ook die verwysing na verteenwoordigende karakter onder 1.4.3).

## 1.5 Terreinafbakening en seleksie van materiaal

Met betrekking tot die keuse van bronne/dokumentasie is besluit om op die amptelike weekblad van die NG Kerk, ***Die Kerkbode***, te fokus (sien 1.3). Die rede hiervoor is dat die blad as vernaamste forum vir kontensieuse sake binne die kerk dien, en dus ook wat die polemiek rondom die kerklied betref, as mees verteenwoordigende bron beskou kan word. In die geval van die dokumentasie ten opsigte van die **Jeugsangbundels** was daar 'n aantal belangrike briewe in ander publikasies wat in die lig van die studie nie genegeer kon word nie, sodat daar in hierdie geval ook polemiek uit **Die Volksblad** en **Beeld** in aanmerking geneem is. Die liederbundel **Sing onder mekaar** is nie in die studie ingesluit nie, omdat die polemiek rondom hierdie bundel slegs enkele briewe beslaan het. Hoewel daar ook polemiek rondom die bundels in ***Vir die Musiekleier*** verskyn het, was briewe wat direk betrekking

gehad het ook in hierdie geval slegs 'n handvol. Hoewel die onderwerp wel deur artikels in die betrokke tydskrif aangespreek is, kon laasgenoemde nie in aanmerking vir die studie kom nie, aangesien slegs lesersbriewe ontleed sou word (geen artikels uit die Kerkbode is in ag geneem nie; die ondersoek wou juis deur middel van 'n studie van briefwisseling die behoeftes rondom die kerklied bepaal). Die keuse van artikels uit ***Vir die Musiekleier*** sou verder metodologies problematies wees omdat dit 'n baie bepaalde (geselekteerde) groep musici verteenwoordig, en dus nie met die keuse van die ander bronne vir grondmateriaal sou korreleer nie.

Soos reeds vermeld, is daar besluit om die korrespondensie in terme van die laaste vier sangbundels van die NG Kerk te bestudeer (**Sing onder mekaar** uitgesluit), naamlik die **Halleluja** (1960), die **Psalm- en Gesangbundel** (1978), asook die **Jeugsangbundels** I en II (1984 en 1994 onderskeidelik, vir die doeleindes van hierdie studie as 'n eenheid behandel). Die verspreiding en intensiteit van polemiek rondom die betrokke bundels het gelei tot die bepaling van drie breë kategorieë of tydvakke waarbinne die bundels bestudeer sou word:

| | | |
|---|---|---|
| I | **Halleluja** | 1959-1965 |
| II | **Psalm- en Gesangbundel** | 1975-1985 |
| III | **Jeugsangbundel 1**<br>**Jeugsangbundel 2** | 1982-1994 |

Hierdie afbakenings word as belangrik beskou, omdat 'n voorafstudie reeds aangetoon het dat eersgenoemde nie alleen bepaalde sentimente ten opsigte van die genoemde tydvakke aan die lig bring nie, maar veral ook sentiment- of standpuntverskille **tussen** die onderskeie tydvakke. Omdat hierdie indelings reeds 'n seleksie impliseer, word al die relevante grondmateriaal uit die betrokke tydperke

vir die data-analise in ag geneem. Hierdie data is stelselmatig versamel, volgens die vasgestelde kategorieë ingedeel en volgens die kategorieë genoem onder 1.4.4 aan toetskodering en kodering onderwerp.

# HOOFSTUK 2

## *Die internasionale perspektief op die kerklied*

### 2.1 INLEIDING

Soos reeds genoem in hoofstuk 1, is kwessies rondom die stylvolle inkleding van eietydse kerkmusiek en liturgiese vernuwing universele probleme waarmee gevestigde kerke vandag wêreldwyd worstel. Ofskoon hierdie studie primêr besig is met die kerklied binne die NGK, is dit wel nodig om deeglik kennis te neem van ontwikkelinge ten opsigte van die internasionale situasie, nie alleen omdat laasgenoemde die ontwikkelinge binne die NGK met enkele dekades vooruitgeloop het nie, maar ook omdat daar rekening gehou moet word met die werklikheid van die "global village" waarbinne ons vandag leef. Ontwikkelinge in die Westerse wêreld (veral die opkoms van die sogenaamde "massakultuur") het naamlik 'n kontemporêre kultuur meegebring waarin situasies nie meer tot afsonderlike lande beperk is nie, maar letterlik "wêreldbesit" geword het.

Dit is dus belangrik om in te gaan op die belangrikste gevolgtrekkings waartoe die internasionale perspektief op die kerklied lei, ten einde daaroor te besin watter implikasies dit vir ontwikkelinge binne die plaaslike situasie inhou.[1] Ter inleiding word daar kortliks ingegaan op die stand van die kerklied deur die eeue. Dit gaan by hierdie oorsig veral dáárom dat die hoofstroom-ontwikkelinge aangestip moet word waardeur die

[1] Die bespreking fokus geensins diepgaande op die ontwikkeling van die kerklied deur die eeue nie, maar poog slegs om breë tendense uit te wys. Hoewel so 'n werkwyse die gevaar van veralgemening inhou, dien dit hier hoofsaaklik om huidige ontwikkelinge rakende die kerklied binne 'n bepaalde historiese perspektief plaas.

kerklied 'n bepaalde liturgiese weg gevolg het tot by die posisie waarin dit tans verkeer.

## 2.2 DIE VERLEDE

### 2.2.1 Inleidend

Dit is allereers nodig om te besef dat die liturgiese/kultiese lied reeds vanaf die Ou-Testamentiese tyd 'n baie spesifieke funksie in die liturgiese lewe vervul. Aangesien hierdie funksie van die vroegste tye af ten nouste saamgehang het met die geloofsbelewing en -belydenis van die kerk, is dit slegs logies dat **bepaalde norme** ten opsigte van die kerklied gegeld het. Ook is dit nodig om te besef dat die amptelike kerklied deur die eeue steeds te staan gekom het teenoor **nie-liturgiese of nie-amptelike kerkliedere.** Dit het onafwendbaar 'n definitiewe en voortdurende **dualisme tussen kerklike en vrye geestelike liedere** teweeg gebring. Hierdie verskynsel het wisselende grade van spanning en konflik veroorsaak. Hierdie oorsig wil die grondslae van die kerklied oor die eeue heen kortliks ondersoek, en terselfdertyd die norme wat vir die kerklied gegeld het, opweeg teenoor dié wat ten opsigte van die nie-amptelike liedere na vore gekom het.

### 2.2.2 Die kerklied in die Bybelse tyd

Sang was van vroeg af deel van Israel se Godsverering en het trouens 'n integrale rol in die aanbidding gespeel (Strydom 1994: 9). Hierdie sang is soms vergesel van instrumentale begeleiding en dansbewegings, aktiwiteite wat aangesluit het by die kultuur-eie van die hele Ou Nabye Ooste. Sang en musiek het sterk gefigureer by al die groot momente in die volk se geskiedenis. Hierdie kultiese sang, verteenwoordigend van die sogenaamde **tempelkultus,** was waarskynlik psalmsang vanuit die kanonieke psalmboek, en dit is heel waarskynlik uitgevoer

deur die liturgiese ampsdraers wat in tempelkore georganiseer was (Strydom 1994: 12vv). Die psalms is die basis waarop alle latere kerksang gefundeer is. Hetsy in gemeenskaplike of individuele aanbidding, was die psalms deur die eeue heen by uitstek die uitdrukking van universele geloofsentimente (Eskew en McElrath 1980: 72). Reeds ten opsigte van die sinagogale erediens het die keuse van die psalms volgens 'n bepaalde patroon geskied en is 'n vaste plek in die liturgie daarvoor aangewys (Boon 1973: 148-150). Hierdie eredienste het waarskynlik spraaksang bevat wat dikwels antifonaal en responsoriaal aangewend is.

Wat betref die "norme" waarna daar hierbo verwys is, is dit interessant om daarop te let dat die vroeë spraaksang gebaseer was op **bepaalde melodiese patrone** wat bestaan het uit 'n aantal skema's of wendinge (Boon 1973: 158 v). Dit is baie belangrik om te besef dat hierdie melodiese patrone "stemminge" deur middel van bepaalde toonaarde verklank het, wat reeds dui op die latere belangrikheid van die "woord-toon-verhouding" ten opsigte van die kerklied. Verder het die grondslag van die patrone berus op die aksent en poëtiese tegniek van parallelisme in die Hebreeuse taal. Woorde is op sodanige wyse deur hierdie tegnieke beklemtoon, dat die betekenis en sinsverband sterk belig is, waardeur 'n sterk **eksegetiese** fokus teweeggebring word. Dit is dus duidelik dat dit by hierdie vroeë kerkliedere veral om die **verkondigende krag en funksie** van die musiek gegaan het. Die norme wat daarvoor aangelê is, het kennelik nie alleen om estetiese oorwegings gedraai nie, maar in die eerste plek om die sáák van die kommunikasie tussen God en sy volk.

### 2.2.2 Nuwe-Testamentiese sang

Tydens die Nuwe-Testamentiese samekomste was die lied steeds by uitnemendheid die uitdrukkingsvorm en kommunikasiemedium van die viering van die heil in die

nuwe bedeling wat met die koms van Christus aangebreek het. Ook hier is moontlik liturgiese spraaksang gebruik, terwyl die sang onbegeleid was. Die himniese materiaal wat in die Nuwe-Testamentiese geskrifte aangetref word, is onder meer Joodse sinagogale materiaal, soos (a) liedere waarvan die wortels ook in die Israelietiese aanbidding lê, maar waaraan Christus-benaminge soos die "die Lam" of "Gesalfde" toegevoeg word; (b) Joodsliturgiese uitroepe ("amen", "halleluja", "hosanna"); (c) die Lukaanse himnes (vgl Lk 1: 46-56 - die lofsang van Maria of *Magnificat;* Lk 1:67-80 - die *Benedictus* of lofsang van Sagaria; Lk 2: 29-32 - die *Nunc Dimittis* of lofsang van Simeon, asook (d) fragmente van nuwe, op Christus gerigte liedere (Strydom 1994: 22-23). Dit is duidelik dat dit ook in hierdie sang primêr om die **teks** en die **verkondiging** daarvan gegaan het.

### 2.2.3 Ontwikkelinge gedurende die eerste eeue

Die byeenkomste van die vroeë Christelike kerk het 'n definitiewe tweeledige struktuur van Woorddiens en Tafeldiens gehad, en in samehang hiermee ook 'n eie teologiese inhoud en liturgiese aard (Strydom 1994: 24vv). Geen musiekinstrumente is in die liturgie toegelaat nie, aangesien laasgenoemde met die musiek van die heidendom geasossieer is. Wat betref die liturgiese sang, vind ons reeds sedert die tweede helfte van die vierde eeu 'n vaslegging van bepaalde liturgiese praktyke binne vaste vorms. Ook ontstaan daar nuwe vorms wat 'n noemenswaardige uitbouïng van liturgiese sangmateriaal tot gevolg het. In die eerste plek is responsoriale psalmsang nou 'n vaste deel van die liturgie, terwyl verskeie van die latere *ordinarium*-stukke reeds 'n rol speel. Verder ontstaan daar binne die amptelike kerk vrye kerkliedere (die sogenaamde "idiotikoi psalmoi"), wat 'n dogmenhistoriese aanloop gehad het deurdat dit uitdrukking verleen het aan leerstellings van die Siriese gnostici (Strydom 1991: 60). Hierdie liedere was 'n

produk van die Christologiese stryd in die kerk, waarin dit veral oor die Godheid van die Persoon van Christus en die leer aangaande die Drie-eenheid gegaan het. Dit was metriese gesange met groot melodieuse en poëtiese trefkrag, wat hulle uiters gewild gemaak het. Terselfdertyd het die Ariane liedere geskep in die styl van die Griekse volkskuns waardeur hulle dogmatiese oortuigings uitgedra is. As reaksie van die kerk teen die leerstellige aanslae wat op hierdie wyse geloods is, het talle christologiese en trinitariese liedere binne die kerk self ontstaan, dog in dieselfde volkse styl. Die inslag van hierdie vrye, nie-amptelike liedere het egter soveel spanning veroorsaak, dat die sinode van Laodicea dit geheel en al in die erediens verbied het.

In die Oosterse liturgieë word spraaksang toenemend vervang met melodiese sang wat steeds meer dekoratief word, en op sy beurt die sang van die Westerse kerk beïnvloed. Terselfdertyd is die Westerse kerk ongetwyfeld deur die anti-Ariaanse Oosterse himnes beinvloed. 'n Groot bydrae word in hierdie tyd gemaak deur Ambrosius ("die vader van die kerklied"), wat liedere met 'n vaste strofiese bou, Skriftuurlike uitdrukkings en liturgiese gebede gebruik het. Bekende begrippe en uitdrukkings in die Skrif en die liturgiese gebede het 'n groot rol in sy tekste gespeel, terwyl sy liedere 'n sterk Christologiese inslag gehad het. Hierdie kerkliedere het 'n groot rol gespeel by die bekering van Augustinus, in wie se denke oor die kermusiek daar 'n groot tweespalt was wat later die denke van die reformatore in die 16de eeu (met name Calvyn) sou beïnvloed (Strydom 1994: 35-36). Augustinus was naamlik aan die een kant oortuig van die positief-etiese krag van die musiek, terwyl hy terselfdertyd die "vleeslike genietinge" en die sensuele skoonheid van die musiek as 'n ernstige bedreiging beskou het. Dit is egter interessant dat ook Augustinus sterk klem plaas op die verband tussen die **melodie** en die **teksinhoud**, waarby dit

primêr gaan om **die verkondiging van die Woord.** Selfs die steminfleksie moes so suiwer en eenvoudig as moontlik wees om nie die aandag van die teksinhoud af te lei nie.

Dit is dus duidelik dat daar tot in hierdie stadium veral klem gelê is op die **liturgiese funksie van die kerklied,** en dus veral op die **eksegetiese krag en inhoud** daarvan. Gedurende die Middeleeue het kerkmusiek onder die invloed van die Rooms-Katolieke Kerk egter steeds meer verhewe en subliem geword, sodat daar 'n toenemende verval van 'n "meelewende" liturgie was wat die sinvolle deelname van die gemeente uitgesluit het.

### 2.2.4 Die Middeleeue

Soos reeds gemeld, word die kerklied gedurende die Middeleeue steeds meer kompleks en verval die gemeentelike sang in groot mate, aangesien liturgiese sang merendeels deur priesters en professionele sangers behartig word. Tydens die vroeë Middeleeue kom Gregoriaanse koraalsang tot stand wat in wese 'n teruggrype op die psalmodiërende sang van die Joodse tempelkultus was, maar 'n eteriese kwaliteit besit wat by uitstek aanpas by die spiritualiteit van die Rooms-Katolisisme (Strydom 1994: 38). Dit is ook belangrik om in ag te neem dat die kerk in die Weste teen die 4de eeu reeds oorgaan na Latyn as liturgiese voertaal (Strydom 1994: 37). As geheel hou die Middeleeue 'n progressiewe liturgiese verval in: die transsubstansiasieleer oorheers die liturgiese denke en praktyk geheel en al, en daarmee dus ook die Woordverkondiging (Strydom 1994: 44vv). Die liturgiese voertaal, Latyn, is vir die gemeente onverstaanbaar, met die gevolg dat die gemeente niks meer as passiewe toeskouers en ontvangers van die genade word nie. Verder ontwikkel die Gregoriaanse koraalsang steeds meer tot ingewikkelde, melismatiese kunssang, wat later resulteer in die opkoms en hoogbloei van polifoniese sang. Ook die liturgiese dialoog, so eie aan die vroeë

kerk, verval onder hierdie omstandighede. Aangesien die gemeentelike deelname deur al hierdie ontwikkelinge op die agtergrond geskuif is, was dit duidelik dat die tyd ryp geword het vir ingrypende hervorming. Dit is interresant om daarop te let dat die behoefte aan gemeenskaplike sang nie hiermee verdwyn het nie, maar duidelik na vore getree het in die sogenaamde *laudi spirituali* wat vanaf die 13de tot 15de eeue spontaan uit die volksmond ontstaan (Westermeyer 1995: 5).

### 2.2.5 Die Reformasie

Na die verval van 'n meelewende liturgie gedurende die Middeleeue was die Reformasie van die 16de eeu uiteraard 'n beweging van ingrypende liturgiese vernuwing en hervorming. Eerstens moes die gemeente weer as God se priestervolk aan die erediens deelneem, wat beteken het dat gemeentesang nou 'n kardinale rol speel (Westermeyer 1995: 5). Tweedens moes die Woord van God sy sleutelposisie in die erediens herwin, terwyl die Nuwe-Testamentiese nagmaalviering die onbybelse klem op die misoffer moes vervang. Ook die vervanging van Latyn as liturgiese voertaal met die volkstaal sou die verstaanbaarheid in die vroeg-Christelike kerk in ere herstel.

Die belangrike liturgiese denke van Martin Luther (1483-1546) moet hier uitgesonder word. Luther se denke is gekenmerk deur 'n akkommoderende uitgangspunt. Terwyl hy geen beswaar het om die katolieke diensorde te handhaaf nie, bestaan daar vir hom slegs twee legitieme offers: die eenmalige kruisoffer van Christus, en die gemeentelike offer van lof en aanbidding (Strydom 1994: 55vv). Wat betref liturgiese musiek sien Luther 'n vanselfsprekende verband tussen musiek en teologie, waarby musiek die vreugde van die geloof op die mees eiendomlike wyse kan begelei en verklank. Lofprysing is vir hom dus een van die wesenseienskappe van die kerk.

Die fokus van sy reformatoriese liedere was geheel en al toegespits op God en sy werk in Jesus Christus (Strydom 1991: 90), waardeur dit 'n aanbiddings- en belydenismiddel word waaraan die gemeente sowel as die kantory deelneem. Luther het ook geen beswaar gehad teen die verantwoorde aanwending van instrumentale begeleiding nie.

Dit is duidelik dat die kerklied hier primêr weer 'n **verkondigingsfunksie** aanneem. Terwyl die melodieë aan die een kant saamgestel word uit bestaande materiaal wat gekies word na aanleiding van die teks, staan die taalmelos voorop en word die teks interpreterend deur die melodie gevolg (vergelyk met die Ou-Testamentiese psalms en die Middeleeuse musica ecclesiastica). Aan die ander kant word liedere gebruik wat aansluit by die "volkstoon" wat baie minder ingetoë is en baie sterker bewegingskurwes bevat, maar nie 'n minder hegte woord-toonverhouding bevat nie (Strydom 1991: 91).

Teenoor Luther se akkommoderende uitgangspunt is Johannes Calvyn (1509-1564) se liturgiese beginsels heelwat soberder. Hy koester bepaalde voorbehoude teenoor die rol en aard van die kerkmusiek. Sy sienswyses behels onder meer 'n terugkeer na die Skrif en die vroeë kerk, terwyl hy drie onontbeerlike eredienshandelinge voorstaan, naamlik die Woordverkondiging, die nagmaalviering en die openbare gebede (Strydom 1994: 73vv). Die openbare gebede as 'n nie-onderhandelbare element in die erediens sluit egter ook die gesonge gebede in, wat beteken dat die sang nie "eenkant staan" nie, maar 'n wesenlike deel van die eredienshandelinge uitmaak. Wat liturgiese sang as gesonge gebed betref, beklemtoon Calvyn die etiese krag van musiek en erken hy die positiewe en negatiewe elemente, asook die rol van die verstand by die lofprysing van God. Verder is die sinvolle verbinding van woord en toon ten opsigte van die kerklied vir hom van groot belang, terwyl hy die psalms as die mees

geskikte liedere vir die kerk van Christus beskou. Liturgiese sang moes volgens hom 'n eie kerklike styl openbaar, waardeur 'n duidelike onderskeid tussen kerklike en buite-kerklikelike musiek geïmpliseer word. Hierby het ook die siening aangesluit dat die gewyde sang altyd onbegeleid moes wees. Hierdie sienswyse dui sonder meer op 'n geneigdheid om 'n platoniese skeiding tussen die erediens- en buite-erediens lewe te handhaaf, 'n benadering wat feitlik tot op hede 'n invloed op die Gereformeerde kerke uitgeoefen het. Dit is dus duidelik dat daar by Calvyn beide positiewe én negatiewe sienswyses ten opsigte van die kerklied was.

As geheel genome toon hierdie tydperk egter 'n herstel van die liturgiese funksie van die kerklied, insluitend gemeentelike deelname, met sterk klem op die verkondigende krag van die musiek.

### 2.2.6 Die sewentiende tot negentiende eeue

Die algemene liturgiese verval as gevolg van die Rasionalisme en Piëtisme van die 17de tot 19de eeue (Strydom 1994: 120-122) lei daartoe dat gemeentlike sang steeds meer sy reformatoriese vitaliteit, oortuigingskrag en innerlike selfstandigheid verloor. Veral die liedere van die Piëtisme word gekenmerk deur **subjektivisme** en **individualisme**, sprekend van 'n sterk "hemelverlange" en 'n afkeer van die "aardse jammerdal" (Strydom 1994: 106vv). Ook het daar sedert die 17de eeu 'n onderskeid ontstaan tussen die digter en die toonsetter (nou 'n "komponis" in die moderne sin van die woord in dié opsig dat hy beide teks én melodie skep). Die reformatoriese kerkliedere is aanvanklik slegs van 'n melodie voorsien, wat deur die gemeente eenstemming en onbegeleid gesing is. Die melodieë was selfstandig en karaktervol met 'n innerlike krag en vitaliteit. Mettertyd is daar egter begin om die melodieë vierstemmig te harmoniseer, 'n ontwikkeling wat heelwat gevolge vir die kerklied

meegebring het. Die melodieë kon byvoorbeeld as gevolg hiervan dikwels nie meer selfstandig funksioneer nie, omdat hulle sonder die begeleidende harmonieë karakterloos was. Die woord-toonverhouding, so belangrik in die kerklied van die vroeë kerk en die Reformasie, het as gevolg hiervan ernstig skade gely. Verder word dit nou gebruiklik om isometries te sing, wat beteken dat die vitale krag van die reformatoriese sang verlore gaan, en die evangeliese koraal van die 18de eeu die norm word. Die tempo word daarby ook langsamer, veral om die innerlike uitdrukking en meditatiewe element tot sy reg te laat kom. Hierdie ontwikkelinge veroorsaak dat die norm ten opsigte van die kerksang **plegtigheid en sakraliteit** word (sakraal het in hierdie opsig 'n negatiewe, valse konnotasie), 'n ontwikkeling wat op sy beurt meewerk aan die vervreemding tussen kerklike musiek en buite-kerklike musiek.

Samevattend kan gekonkludeer word dat liturgiese sang gedurende hierdie tydperk sy reformatoriese krag en innerlike selfstandigheid inboet, en dat daar uiteindelik eerder van "kerksang" as "liturgiese sang" in die breëre sin sprake is (Strydom 1994: 120vv). Hierdie ontwikkeling dui uiteindelik daarop dat die musikale **ervaring** eerder as die **liturgiese funksionaliteit** nou normatief ten opsigte van die kerksang word. Al hierdie ontwikkelinge het uiteraard ook te make met die invloed van die nuwe kunsbeskouïng van die 19de eeu, waarby die kunstenaar as "genie" feitlik profetiese status aanneem, en waar kuns slegs ter wille van die kuns self geskep word. Op hierdie wyse ontstaan daar hoe langer hoe meer 'n gapende kloof tussen sekulêre en kerkmusiek. Die norm vir kerkmusiek word 'n plegtige en sakrale styl wat in skerp teenstelling staan tot die vitale, ritmiese sang van die Reformasie. Hierdie gang van sake het tot 'n stagnasie in die ontwikkeling van die kerkmusiek gelei. 'n Belangrike gevolg hiervan was dat musikale amateurs toenemend hul hand aan die skep van kerkmusiek gewaag

het. Liturgiese musiek verval deur hierdie "vrye" benadering dikwels tot musikale cliché's, deurspek met platvloersheid en gekenmerk deur goedkoop pretensie. Hierdie ontwikkelinge loop mettertyd onvermydelik uit op die **kitsch-matige konsumpsiemusiek** wat veral vanaf die middel van die 19de eeu in Amerika gedy het, en in ons eie eeu veral die kommersialisme en infiltrasie van die **sekularistiese popkultuur** in die kerksang tot gevolg sou hê. Die grootste verlies in hierdie verband is egter die feit dat die kerksang in die 20ste eeu, onder die invloed van die Aufklärungsdenke en die 19de-eeuse piëtistiese spriritualiteit, ten spyte van die arbeid van die liturgiese vernuwingsbeweging, mettertyd in groot mate van sy **oorspronklike liturgiese funksie** gestroop is. Daardeur is die kerklied nogmaals grootliks gedegradeer tot blote "atmosfeerskepper" en "streler" van die kollektiewe moderne gemoed. 'n Verdere belangrike faktor is ook dat die "erediensmasjien" met behulp van musiek soveel beter "geolie" kan word, waarby die kerkmusiek letterlik weinig meer as die rol van "lubricator" te speel het. Johansson (1993: 6) verwys na die gebruik van musiek as "message lubricator, sweetener, or psychological conditioner". Hierdie funksie van musiek het egter ook gelei tot 'n grootskaalse misbruik van kerkmusiek ter wille van blote emosionele opsweping, wat 'n toestand laat ontstaan waarin daar van die oorspronklike liturgiese aard van die musiek weinig of niks meer tereg kon kom nie.

### 2.2.7 Die 20ste eeu

Net soos daar na die liturgiese verval in die Middeleeue noodwendig hervorming moes kom, het die liturgiese verval van die 17de tot 19de eeue gedurende die tweede helfte van die 19de eeu geleidelik tot 'n verskerpte liturgiese bewussyn in die gevestigde kerke gelei. Hierdie ontwikkeling kulmineer in 'n wêrelwye liturgiese vernuwingsbeweging wat veral gedurende die eerste helfte

van die 20ste eeu 'n groot invloed op die gereformeerde liturgiese denke en praktyk uitoefen (Strydom 1994: 123-132). Die belangrikste gevolg van hierdie vernuwingsbeweging was dat daar 'n groot terugkeer na die Duitse Koraal- en Geneefse psalmmelodieë ingetree het. Dit het behels dat laasgenoemde weer in hul oorspronklike vorm genoteer is, insluitend die outentieke ritmiese notasie. Hierdie ontwikkelinge het parallel verloop met 'n ekumeniese beweging sedert die Tweede Wêreldoorlog - ook ten opsigte van die liturgie en kerklied - waarby ook die Rooms-Katolieke kerk 'n belangrike rol gespeel het. In die gereformeerde kerke is daar veral besin oor die reformatoriese liturgiese denke, met name dié van Calvyn, terwyl die katolieke (oud-kerklike) diensorde opnuut onder die aandag gekom het. Al hierdie faktore werk daartoe mee dat die liturgiese funksie van die kerklied nou, vir die eerste keer sedert die Reformasie, weer in ere herstel word. Veral gedurende die laat 19de eeu was die funksie van musiek veel meer "sielkundig" van aard (as 'n soort streling van die gemoed of 'n blote "ruspunt" binne die liturgie), terwyl daar nou in 'n breë ekumeniese sin teruggekeer word na die ware Reformatoriese en selfs oud-Kerklike funksie van kerksang.

Die Piëtisme en Revivalisme van die 19de eeu wat tot die opkoms van die Pentakostalisme en die latere Charismatiese beweging gelei het, het met 'n eiesoortige klem op vrye, spontane aanbidding en 'n eie verstaan van die werking van die Heilige Gees 'n situasie geskep wat 'n verdere invloed op die liturgiese ontwaking uitgeoefen het. Die emosioneel-belaaide, sentimentele kerkliedere uit die 19de eeu het 'n groot aansluiting by die Charismatici gevind. Hierdie soort geestelike liedere het later as gospelsongs en ander kommersieel-gerigte musiek sterk in populariteit toegeneem, faktore wat onder 2.4.4 en verder ter sprake kom.

## 2.3 DIE FUNKSIE VAN LITURGIESE SANG

Alvorens daartoe oorgegaan word om die huidige situasie te bestudeer, is dit nodig om kortliks in te gaan op die funksie van liturgiese sang soos wat dit vandag verstaan word. Sang in die erediens verteenwoordig die verklanking van God se Woord, ook in dié sin dat dit die ruimte vul waarin God self deur Woord en sakrament teenwoordig is. As respons van die Godsvolk verteenwoordig liturgiese musiek die middel waardeur die diepe hart- en sielsverbondenheid aan God en sy Woord bely word. Hierdie funksies stel vanselfsprekend geen eenvoudige eise nie, te meer omdat aanbidding die één "antwoord" is wat God van ons vereis (Forrester et al 1983: 44), en die erediens trouens in die engste sin die moment is waarin die kerk "gebeur".

Aanvullend tot die (Bybels-gefundeerde) siening dat kerkmusiek slegs "tot eer van God" moet dien, voer Forrester aan dat God ons in die moment van aanbidding aanraak deur middel van 'n aantal heel sigbare, fisiese en materiële middele, nie in die eerste plek omdat God sélf hierin behae het nie, maar omdat **ons hierdie middele nodig het.** Dit is egter van kardinale betekenis dat hierdie middele waardige "voertuie" van sowel God se roepstem as ons antwoord moet wees, aangesien hierdie "aardse" tekens in die ontmoeting met God getransformeer word tot middele wat die krag van 'n veel groter realiteit dra - 'n realiteit waardeur hulle trouens geheel en al getransendeer word. Sodoende transformeer God se aanraking dan ook "gewone mense" tot die uitverkore volk, die koninklike priesterdom (1 Petrus 2:9), wat self 'n offer van lofprysing aan God word (Hebreërs 13:5). Hierdie siening verhef liturgiese sang tot méér as blote menslike "eer aan God"; dit het naamlik wesenlik te make met God se eie aanraking van die mens.

Hierdie sienswyse hang nou saam met Söhngen (1981: 67) se interpretasie van die ou gesegde "Le style c'est le Dieu". Söhngen stel die siening: "Gott redet und wirkt in die Kirchenmusik und durch die Kirchenmusik", téénoor die idee van "Le style c'est l'homme", wat hy interpreteer as dat "der fromme, oft auch der zweifelende, der suchende und ringende Mensch, der sich mit der Botschaft des Evangeliums oder dem Glauben an Gott auseinandersetzt und dabei, bewusst oder unbewusst sich selbst zum Massstab macht". Die siening wat Söhngen bepleit, stel wesenlik veel groter eise as waaraan mensgerigte estetiese norme ooit kan voldoen. Dit is dan ook nie vreemd dat soveel konflik ontstaan wanneer getrag word om hierdie verhewe, Goddelike funksie te vervul deur middel van kommersieel-geïnspireerde kitschmusiek nie (sien in hierdie verband ook die latere besprekings onder 5.3 en 5.4).

## 2.4 DIE HEDE

### 2.4.1 Die posisie van die kerklied

Westermeyer (1995:6-7) identifiseer 'n aantal reële bedreigings vir die huidige posisie van die kerklied. Dit is interessant dat hierdie bedreigings ten nouste saamhang met die algemene sosiaal-kulturele verskynsels van ons eeu. Die feit dat ons in 'n sogenaamde "global village" leef, bring onder meer mee dat die invloed van die volkslied grootliks verskraal het. Hierdeur ontstaan die situasie dat die Weste, oor die algemeen gesproke, vandag geen kollektiewe musikale geheue meer besit nie. Indien daar nog enigsins sprake van kollektiewe musikale kennis is, omvat dit in elk geval nie meer die groot Westerse kunsmusiekliteratuur of folklore nie, maar is dit beperk tot banale kommersiële "jingles" soos "you deserve a break today". Die grootste invloed hiervan is nie slegs tot musiek en poësie beperk nie; ook die denke van die Westerse mens word gereduseer tot fragmente wat

op kommersiële vlak gemanipuleer word. Verder is die kommersiële musiekkultuur oorwegend solisties van aard, en word musiek meerendeels in isolasie beluister en beleef, sonder dat dit "lewendig" uitgevoer word. Selfs wanneer laasgenoemde plaasvind, voer die mikrofoon die botoon. Westermeyer identifiseer die gemeenskaplike element binne al hierdie faktore as **'n gebrek aan gemeensaamheid.** Dit hang ten nouste saam met 'n gebrek aan gemeenskaplike sang, 'n fenomeen wat deur eeue heen aan die hart van die gemeentelike sang gelê het. Die gebrek aan gemeenskaplikheid stroop gemeentlike sang dus van sy mees wesenlike element (die geloofsbelewing van die gemeenskap van die heiliges). Die gevolg hiervan is dat liturgiese sang feitlik 'n kontra-kulturele karakter aanneem, 'n faktor wat op sigself 'n ernstige bedreiging vir die kerksang inhou.

Westermeyer beklemtoon egter die paradoks dat menswees júis 'n groot behoefte aan gemeenskaplikheid impliseer, en gevolglik ook aan die lied wat ons saam kan sing. Die resente ontwikkelinge binne kommersiële musiek mag 'n groot finansiële omset bewerkstellig, maar dit het ons alleen en geïsoleerd gelaat. Die feit dat ons nie meer saam kan sing nie, kan uiteindelik gesien word as 'n duidelike simptoom van die psigiese armoede en wanhoop van die 20ste eeu.

### 2.4.2 Die invloed van die "massakultuur" op die 20ste-eeuse mens

Die situasie wat Westermeyer hierbo skets, hang ten nouste saam met die ontwikkeling van die sogenaamde "massakultuur", wat vandag een van die "hoofkenmerke" van die Westerse samelewing is. Hierdie "kultuur" setel veral daarin dat die smaak en behoeftes van die massamens allesoorheersend word, en dat 'n verbruikersmentaliteit geld waarby "artikels" kortstondig gebruik en dan eenkant gegooi word. Daar is dus min of geen "ewigheidswaarde"

in die daaglikse lewe aanwesig, terwyl die hele kwessie van kommersiële gewin in so 'n samelewing 'n uiters belangrike rol speel. Johansson (1993: 47v) skryf die vernietigende invloed van hierdie tendens veral toe aan die opkoms van massaproduksie, massabemarking en die massamedia wat 'n samelewing produseer waarin die industrialisasie van letterlik alles, insluitende die mens, voltrek word. Hierdeur word die mens hoe langer hoe meer gedehumaniseer, getrivialiseer en so vervreem van sy verlede, sy gemeenskap, sy werk en uiteindelik ook van homself. Hy word niks meer nie as 'n slaaf van 'n lewenstyl wat voorskryf dat verhoudings, werk, religie, kuns, studie en ontspanning steeds meer leun in die rigting van 'n algeheel tegnologiese oriëntasie. Hierdie faktore bring mee dat die massamens 'n blote "verbruiker" of "toeskouer" word, en dat die enigste norm wat geld ten opsigte van die produk wat hy verbruik, die bevrediging van die deursnee- smaak is.

Hierdie diagnose impliseer 'n baie somber prentjie van die diepere geestelike bestaan van die eietydse mens, 'n toestand wat uiteindelik slegs tot 'n diepe eksistensiële krisis kan lei. Rookmaker (1970: 191) identifiseer 'n inherente disharmonie en tweeslagtigheid in die post-moderne mens, 'n situasie wat klaarblyklik direk in verband staan met die ooglopende geestelike armoede van die 20ste eeu. Hierdie toestand manifesteer veral as 'n opstand teen die dehumanisering, die vereensaming en vervreemding van die massamens. Dit lei uiteindelik daartoe dat die 20ste-eeuse mens enersyds bestaan binne die beperkinge van 'n "rationalist box", en andersyds binne die "irrational domain of freedom and Being". Die tragiek van hierdie opstand is volgens Rookmaker (1970: 214) veral dáárin geleë dat die "eie" wêreld van die moderne mens basies geensins verskil van die wêreld waarteen hy in opstand is nie. Hierdeur kan die "opstand" resulteer in 'n wêreld wat nóg meer gesekulariseer en dus nóg verder van God af is. Dit kan

trouens 'n volkome geslote sisteem word waarbinne die dualismes rasioneel/irrasioneel, naturalisties/misties nog sterker geaksentueer word.

Rookmaker se siening van die laat 20ste-eeuse mens hou ook definitiewe implikasies vir die hedendaagse godsdiensbelewing in. Die enersydse beheersing deur die rede (rasionaliteit en tegnologie) lei anderdyds tot 'n diepe behoefte aan romantiek (idealisme, mistisisme, irrasionaliteit), hoewel hierdie verlange dikwels as blote sentimentaliteit manifesteer. In sy najaag van morele en godsdienstige vryheid probeer die moderne mens ontkom aan sy harde lewenswerklikheid. Hy is terselfdertyd egter 'n gedehumaniseerde plastiekmens wat wanhopig soek na 'n sinvolle lewe vóór die dood (Strydom 1994: 220).

### 2.4.3 Die bedreiging van die massakultuur vir die liturgiese lewe

Watter implikasies hou bogenoemde vir die liturgiese lewe van die kerk in? Dit spreek vanself dat die massakultuur ook die kerk van die 20ste eeu met 'n aantal eiesoortige probleme konfronteer. Die kerk kan homself naamlik nòg van die algemene kultuur distansieer (aangesien hy dan kwalik nog 'n bedieningsfunksie kan hê), nòg geheel en al met die algemene kultuur assosieer, omdat hy dan sy profetiese funksie sou verloor. Johansson (1993: 50) sien hierdie spanning tussen wêreld en kerk egter as 'n uitdaging dat die kerk sy heilige roeping moet vervul sonder om òf wêreldlik, òf asketies te word. Daarvoor moet die **karakter van die evangelie** onaangetas bly staan, sodat die kerk "deur die kultuur" "aan die kultuur" kan getuig. Laasgenoemde impliseer veral dat die "taal" van die kerk verstaanbaar moet wees vir die 20ste-eeuse mens, maar dat hierdie taal terselfdertyd getrou moet wees aan die **inhoud van sy boodskap**. Dit is duidelik dat hierdie missie en opdrag geen eenvoudige saak kan wees nie. Dit

is veral wanneer die **vorm** en **inhoud** van die kerk se boodskap in konflik tot mekaar staan, dat probleme op die voorgrond tree, juis omdat die vorm dikwels 'n heel ander stel waardes as die evangeliese boodskap verteenwoordig. Hierdie probleme word kardinaal wanneer die roep om relevansie die liturgiese inhoud in 'n bepaalde rigting dwing: "Relevance is important, but it does not mean the wholesale assent to a way of life which is diametrically opposed to all that the gospel stands for" (Johansson 1993: 35).

Die grootste probleem is egter dat die roep om relevansie dikwels juis uitloop op 'n oppervlakkige versekularisering van die erediens. Jones (1986: 4) identifiseer "triviality" nie alleen as 'n algemene probleem met betrekking tot aanbidding nie, maar ook as 'n probleem wat ernstige konsekwensies vir die liturgiese lewe van die kerk inhou. Een van die grootste vraagstukke skyn hierby inderdaad die balans tussen "vorm" en "inhoud" te wees. Dat die post-moderne mens liturgies aangespreek wil word in 'n "taal" wat vir hom verstaanbaar is, ly geen twyfel nie, maar die vraag is in watter mate hierdie taal met die kultuur van die dag moet assosieer. White (1976: 77) wys daarop dat 'n té sterk refleksie van die hedendaagse kultuur tot gevolg kan hê dat die kerk niks meer as 'n kulturele "spieël" word nie. Hoewel relevansie belangrik is, waarsku hy ernstig teen 'n verskynsel wat hy as "kulturele gevangenskap" tipeer. Hy bepleit 'n verhouding van inhoud teenoor vorm waarby die kerk die kultuur erken en by enige kultuur kan **aanpas**, maar nooit **deel** van laasgenoemde word nie: "Worship can be relevant to all cultures, and it is important to reach people in their here and now. In short, worship needs to be relevant. On the other hand, there are dangers in perverting worship by too close assimilation to culture". Een van die grootste gevare wat White uitsonder, is juis die verblindende invloed van **relevansie** ten koste van die **Christelike outentisiteit**

van die kerk. Soos Johansson, beklemtoon ook White (1976: 86v) die voortdurende spanning tussen aanbidding en kultuur, waarby die aanbidding die kultuur nie alleen bevestig nie, maar ook kritiseer. Die Christelike geloof beskik naamlik oor funksies en vorme wat nie deel is van enige gegewe kultuur nie, dog terselfdertyd by enige kultuur kan inpas, en dit reeds vir bykans twintig eeue doen. Laasgenoemde impliseer 'n sekere **konstantheid** met betrekking tot die inhoud van die Christelike geloof, ten spyte van die aansluiting daarvan by die kultuur waarbinne dit verkondig word.

White erken dat dit nie 'n eenvoudige saak is om relevante aanbidding sonder ooridentifisering met 'n bepaalde kultuur te bewerkstellig nie. Hy pleit eerstens vir 'n bewuswording van die subtiele dog omvattende wyse waarop die kultuur ons besluite rakende aanbidding beïnvloed. Daarnaas is dit vir hom egter van kardinale belang dat daar deeglik besin word oor die **aard van Christelike aanbidding.** Hierby is dit veral die **doel** van die Christelike byeenkoms wat ter sprake is: "We come together, deliberately seeking to approach reality at its deepest level by becoming aware of God in and through Jesus Christ and by responding to this awareness". Hierdie "antwoord" in die teenwoordigheid van God stel egter geen ligte liturgiese eise nie (vergelyk ook met Forrester se siening onder 2.3). Dit is miskien ook nie vergesog om te beweer dat die kerk, in 'n poging om aan die moderne mens se eise vir relevansie te voldoen, miskien juis bogenoemde egte bewuswording van God in groot mate kan verloor nie. Dan mag dit gebeur dat die diepste essensie van die aanbidding verlore gaan ter wille van "relevansie", en die reeds geestelik-verarmde eietydse mens deur sy eie toedoen letterlik in sy kerklike lewe bedroë daarvan afkom .

Cant (1975: 20-21) identifiseer nie alleen die oorgang na 'n sekulêre wêreld as die oorsaak van die krisis in

aanbidding nie, maar diagnoseer naas die verval van aanbidding ook die verval van 'n fundamentele Christelike geloof. Hierdie tendens manifesteer veral in 'n bepaalde "toekomspessimisme" wat onder baie Christene voorkom, waar die gelowige se wêreld net één bodemlose put van uitsigloosheid en swaarmoedigheid word. Cant sien dan ook 'n direkte verband tussen laasgenoemde verskynsel en die "loss of the sense of the special presence of God at the place and time of our approach to him" - 'n teenwoordigheid waardeur die Christelike lewe en bewussyn ook in die 20ste eeu 'n diepe sin en betekenis kan ontvang.

Dit is dus duidelik dat die ooridentifisering met 'n kultuur wat self in 'n eksistensiële krisis verkeer, groot gevare ten opsigte van die godsdiensbelewing van die moderne mens inhou. Dit is geen wonder nie dat daar onder hierdie omstandighede so dikwels teruggeval word op die meer charismatiese vorme van aanbidding. Vir die gedehumaniseerde mens wat in sy uitsigloosheid nie meer God se teenwoordigheid in die erediens vind nie, mag die vryer, spontaner vorme van aanbidding 'n groot aantrekkingskrag inhou, veral omdat die informaliteit daarvan so naby lê aan die informele leefwêreld van die 20ste-eeuse mens. Die vraag is egter waarom hierdie aanbidding uiteindelik draai: gaan dit bloot om "'n eie spiritualiteit" (Cant 1975: 27), of staan Christus in Woord en sakrament nog aan die hart van die aanbidding? 'n Verdere vraag is ook of 'n spiritualiteit wat so na aan die buitekerklik-kulturele staan, uiteindelik wel die diepste geestelike nood en behoeftes van die eietydse mens kan deurgrond en bevredig.

### 2.4.4 Die invloed van massakultuur op die kerkmusiek

In hierdie stadium is dit nodig om die invloed van die massakultuur op die kerkmusiek te ondersoek. Die ontstaan van die massakultuur kan so ver teruggevoer word

as die industriële revolusie (Johansson 1993: 50v), en het geleidelik en toenemend 'n invloed op die algemene kultuur, en dus ook op die musiek uitgeoefen. In lyn met die sekularisering en kommersialisering van die 20ste eeu het die massakultuur egter 'n eie genre voortgebring, naamlik popmusiek. Hierdie musiek weerspieël nie alleen die nuwe kultuur baie getrou nie, maar is uiteindelik ook die musikale vergestalting van *kitsch* - die mees fundamentele manifestasie van die 20ste-eeuse verbruikerskuns.

### (a) Enkele eienskappe van popmusiek[2]

Die belangrikste eienskap van hierdie genre is nie alleen dat dit **so sterk in aanvraag is** nie, maar ook dat dit 'n **kwantitatiewe item** is. Laasgenoemde hou in dat hierdie tipe musiek in die eerste plek met 'n kommersiële doel voor oë vervaardig word en dus produksiegewys met soveel kortpaaie as moontlik die lig sien - dit is met ander woorde 'n tipiese massaproduk. Popmusiek is wêreldwyd "big business" wat op 'n goed ge-oliede produksielyn vervaardig word en waarby groot finansiële omsette ter sprake is. Standhoudendheid en diepte is egter geensins deel van wat die vervaardigers in die oog het nie - hoe gouer 'n "hit" vervang kan word, hoe beter (en hoe meer finansiële gewin!). Ook is "nuwe ontwikkelinge" in popmusiek niks meer nie as blote "oppervlakverskille" of cliché's in 'n nuut-verglansde gedaante, met ander

---

2 Onder die term popmusiek word daar vir die doeleindes van die studie hoofsaaklik dié vorme van populêre musiek verstaan wat suiwer op 'n kommersiële basis bedryf word, en daarom suiwer op die massa-smaak afgestem is, dit wil sê die meer sentimentele vorme van die genre (- daar word dus onderskeid gemaak tussen bv. pop en rock, pop en fusion, ens.). Dit is opvallend dat "ligte musiek" wat nie so direk op die populêre smaak gerig is nie (jazz, asook sekere vorme van jazz-rock en fusion) ook 'n heelwat meer beperkte "gehoor" het, aangesien hierdie vorme heelwat groter intellektuele eise aan luisteraars stel (die musikale "materiaal" wat hier gebruik word is heelwat meer subtiel en ihoudelik veel meer gekompliseerd as wat ten opsigte van die standaard popmusiek geld). Wat betref die inkorporering van hierdie "meer eksklusiewe" vorme in die erediens, geld egter min of meer dieselfde probleme en besware as wat by popmusiek die geval is - die genre self is moeilik versoenbaar met liturgiese eise, hoofsaaklik omdat dit in die eerste plek vir 'n heel ander doel "ontwerp" is en 'n heel ander tipe "bagasie" daarmee saambring. Hierdie sake open egter 'n volgende himnologiese navorsingsterrein, waarby die gegewens in 2.4.4 (g) en veral dié onder 5.4 waarskynlik wel sal moet meespreek.

woorde: die nuwe "hit" is maar baie dieselfde as die oue, miskien net in 'n ietwat meer tegnologies-verglanste uitrusting geklee. Nogtans kan die impak van hierdie medium nouliks oorskat word: Kabus (1995: 310vv) wys daarop dat popmusiek die enigste musiek is wat wêreldwyd in alle kulture voorkom en deur grootskaalse strategieë bemark word. Dit is 'n faktor wat veroorsaak dat dit ongetwyfeld 'n magtige invloed op die ontwikkeling en denkwyses van veral jongmense het. Volgens sy sienswyse groei jongmense vandag nie slegs "met popmusiek" op nie, maar leef as 't ware "daarbinne", wat daarop dui dat popmusiek inderdaad die grootste enkele vormende faktor op jongmense se innerlike lewe mag wees. In hierdie opsig moet daar sekerlik genoegsame erkenning gegee word aan die feit dat popmusiek vandag wel die mees invloedryke samebindende faktor is waarmee jongmense wêreldwyd hulleself identifiseer.

Wat die elemente melodie, harmonie, ritme en vorm betref, is popmusiek baie gestandaardiseerd, en dus in wese baie simplisties. In musiekwetenskaplike terme kan die harmoniese onderbou van die grootste hoeveelheid popmusiek herlei word tot 'n blote herhalende opeenvolging van eenvoudige en eenvormige (meestal primêre) harmoniese progressies. Dit is wel waar dat hierdie skromelike eenvoud verbloem word deur die tegnologie wat in hierdie genre ter sprake is, maar dit kan die simplistiese samestelling van popmusiek slegs op 'n uiterlike wyse verdoesel. Hierin lê waarskynlik juis die rede vir ons samelewing se maklike assosiasie daarmee: ons leef immers binne 'n kultuur wat draai om die hier en nou en om die self, 'n kultuur waarby die soeke na inherente diepte en inhoud geensins 'n belangrike faktor is nie. Verder vra die produk min van sy verbruiker: bevrediging word onmiddelik en op 'n direkte en gerieflike manier verskaf, en môre is daar weer 'n ander produk as die huidige een vanweë sy vlakheid begin verveel.

Dit lei geen twyfel nie dat vermaak een van die hoofkarakteristieke van popmusiek is. Plesier en bevrediging op die mees onmiddellike vlak, emosionalisme en die negering van die intellek is alles deel van die wyse waarop die popmusiekkultuur verskynsels tot die vlak van goedkoop vermaak reduseer. Uiteraard kapitaliseer popmusiek op die 20ste-eeuse mens se swakheid vir "die maklikste weg." Popmusiek skep trouens heel bewustelik 'n atmosfeer wat onvriendelik staan teenoor kwaliteit, met middelmatigheid as hoofnorm, aangesien die blote naam van hierdie genre daarop dui hoe vinnig daarmee weggedoen moet word ten gunste van 'n volgende nuwe produk vir die grootste kopersmark.

Samevattend kan dus gekonkludeer word dat popmusiek in die eerste plek draai om vermaak en materiële gewin. Hierin lê dan ook die basiese ooreenkoms met die massakultuur in die algemeen, en dit is in hierdie ooreenkoms dat die grootste probleem lê wanneer getrag word om die genre binne liturgiese verband aan te wend. Die doelwit van liturgiese musiek kan immers baie moeilik met die oogmerke van die "vermaaklikheidsmasjien" van massamusiek vereenselwig word.

### (b) Hoe raak hierdie ontwikkelinge die kerkmusiek?

In die loop van hierdie hoofstuk is daar reeds etlike kere verwys na die vraag van **relevansie** in die kerk. As dit uiteraard ook vir die kerk bloot om relevansie sou gaan, sou dit impliseer dat ook die kerkmusiek gebruik moet maak van hedendaagse musikale vorme. Daar kan geen twyfel daaroor bestaan dat popmusiek vandag dié genre is wat wêreldwyd die grootste algemene aanhang geniet nie; nog minder kan ontken word dat rock en pop 'n wesenlike deel uitmaak van die lewenswêreld van die jong mense van vandag. Voorstanders van die implementering van popmusiek in liturgiese verband voer dan ook aan dat "die doel die middele heilig", en dat die kerk soveel meer

aanvaarbaar in die oë van sy jong lidmate word wanneer daar 'n bepaalde wisselwerking van elemente tussen die kerk en die lewenswêreld van sy lidmate plaasvind. Die praktyk het egter geleer dat hierdie sake nie so eenvoudig is nie, veral omdat pop- en rockmusiek 'n sterk ideologiese inslag bevat wat kwalik met die Christelike geloof te versoen is (sien veral onder 2.4.3 asook die bespreking hieronder).

Aan die ander kant is dit 'n feit dat die 20ste-eeuse mens in die reël van kleins af aan triviale musiek blootgestel word, en dat klassieke musiek en tradisionele kerkmusiek nie binne hierdie referensiekader vir die meeste mense "bekend aandoen" nie. Dit is dus geen wonder nie dat baie lidmate die kerk vandag agterlaat en, in ooreenstemming met die kitsoplossings van hul daaglikse lewenswêreld, hul heil soek in selfgemaakte musiek, teologie en liturgie - dit wil sê: indien hulle hulself nie geheel en al van godsdiens afkeer nie (Hollenweger 1990: 8). Omdat hierdie probleem so veelkantig is, noodsaak dit die bestudering van enkele spesifieke probleme wat ontstaan wanneer sekularistiese elemente die kerkmusiek binnedring.

**(c) Teks**

Aangesien kerkmusiek primêr in diens van die verkondiging staan, maak dit wel deeglik saak wat die aard en inhoud daarvan vir ons te sê het. Wat die **teks** betref, is dit ooglopend dat die oorname van vermaaklikheid-gerigte vorme in die kerkmusiek inderdaad, ook wat die tekste betref, bepaalde probleme na vore bring. Hustad (1981: 257) identifiseer die volgende karakteristieke ten opsigte van die tekste van gospel songs:

1. Daar is 'n hoogs persoonlike, feitlik selfsugtige element van ekspressie aanwesig ("I belong to the

King"; "I know whom I have believed"; "He touched me"; "I'd rather have Jesus", ensovoorts).

2. Sommige van die tekste is nie teologies verantwoord nie en steun sterk op persoonlike, emosionele ervaring.

3. Daar is sterk sentimentele ondertone aanwesig.

Dit is duidelik dat hierdie drie besware nou met mekaar saamhang, en in wese dui op 'n mensgerigte benadering eerder as 'n fokus op God.

**(d) "Kortstondige" vorme as deel van die kerkmusiekskat**

'n Ander aspek blyk uit Routley (1984: 199-201) se waarskuwing teen die geweldige impak van sosiale waardes op kerkmusiek wat daarin geleë is dat die meer populêre vorme van kerkmusiek nie so vinnig verwissel soos die kommersiële eweknie daarvan nie. Hier verwys hy veral na die verskynsel dat daar in die popwêreld 'n tendens tot die "oorlewing van die sterkste" is. Die "nuwe pop" verdryf telkens weer die "ou pop", sodat daar 'n vinnige verwisseling of opeenvolging van "hits" is. Die probleem ontstaan egter wanneer die sekularistiese vorme van kerkmusiek volgens die tradisie van die kerk "bewaar" moet word, of die kwaliteit daarvan dit regverdig of nie. Op hierdie wyse word verganklike musiek behou en oor en oor gebruik (daar is nie 'n kerklike "top 40" nie!). Die produk is egter nie opgewasse vir hierdie situasie nie. Routley waarsku dat hierdie tendens nie alleen meebring dat die vulgariteit van die melodieë 'n onherroeplike houvas op die kerkmusiek verkry nie, maar dat dit ook op langtermyn onberekenbare skade aan die beeld van die Christelike geloof doen, "...presenting the Christian faith as something whose image in music was the second-rate and second-hand".

### (e) Die gebrek aan 'n liturgiese erfenis

Hillert (1978: 249) skryf die behoefte aan 'n meer populêre kerkmusiek-idioom direk toe aan 'n gebrek aan behoud van die kerk se liturgiese erfenis. Hierby is dit slegs logies dat daar na vorme buite die kerk gereik moet word: "Nothing better can be expected than the kind of traditionless music for traditionless worship thas has characterized some of the church's music making. Apathy and lack of identity with a clearly understood liturgical heritage and musical tradition invite the kind of indiscriminate influences from secular sources that are sometimes introduced in the name of innovation. Innovation has no value for its own sake but is significant and meaningful only when it is rooted directly in a real tradition - and in a profound understanding of and appreciation of that tradition. Without tradition there is nothing to be innovative about".

### (f) "Die gemeenskap van die heiliges"

Schweizer (1991: 132) wys daarop dat popmusiek ideologies 'n geheel ander stel waardes verteenwoordig as wat die geval is met kerkmusiek. Wanneer die kerk homself dus sterk assosieer met kerkvervreemde vorme is daar 'n gevaar dat hierdie verbintenis die gemeente trivialiseer tot 'n blote "religieuse vereniging" teenoor **die volk van God,** die familie van God op aarde. Die smaak van die "man op straat" dikteer dan aan die kerk watter musiekvorme aanvaarbaar is al dan nie, waarby 'n verlies van die "gemeenskapschristendom" ten gunste van 'n "privaat Christendom" ervaar word. Dit gaan hier veral oor die verlies van 'n kerkmusiekskat wat oor eeue heen deel van gelowiges se belydenis uitgemaak het. Schweizer lê sterk klem daarop dat die kerk se lidmate soos ledemate aan 'n liggaam behoort, en nie soos lede aan 'n vereniging nie. Die opdrag om hierdie gemeenskap te

vervul geld dus vir alle Christene, ook op die musiekgebied. Musiek mag dan ook nooit 'n doel op sigself wees nie, maar die beoefening daarvan moet in die opdrag van die kerk geïntegreer wees, wat beteken dat dit wesenlik nooit sy verkondigingsfunksie mag inboet nie.

### (g) Die wêreldse "bagasie" van pop en rock

Daar is reeds vermeld dat pop- en rockmusiek 'n onbetwisbare en wesenlike deel van die jongmense van vandag se lewenswêreld is. Die integrasie van hierdie musiek in die kerklike lewe kan egter nie sonder ernstige oorweging geskied nie, met name vanweë die ideologiese verskille tussen pop/rock en kerkmusiek waarna reeds etlike kere verwys is. Vir Marti (1991: 130-131) lê sowel die primêre as die sekondêre faktore van hierdie musiek (klanksterkte, instrumentasie, klankkleur) binne die gebied van geheel ander parameters as die tradisionele kerkmusiek, en kan dit eintlik slegs in musieksosiologiese terme analities beskryf word. Sy belangrikste beswaar setel egter daarin dat hierdie musiek sonder uitsondering een of ander boodskap voorstaan, dikwels 'n boodskap met 'n sterk protespotensiaal: agressiwiteit, die "skreeu" om vryheid, kritiek teenoor outoriteit, ensovoorts.

Dit is duidelik dat die oorname van sowel die bogemelde parameters, maar veral ook van die "boodskap" van die musiek binne kerkverband 'n stel onversoenbare weersprekings tot gevolg kan hê. Marti gee toe dat dit by die populêre geestelike musiek meestal eerder om pop as om rock gaan, maar stem met Johansson saam (sien 2.4.4) dat die buite-musikale faktor in hierdie geval, naamlik die idee van industriële massaproduksie vir materiële gewin, eweneens vir die kerk onaanvaarbaar is. Te Velde (1988: 7) wys op 'n verdere belangrike aspek, naamlik dat dit in popmusiek "om een totale leefstijl gaat, een totale kultuur. Geen enkele muziekkultuur in

1997 055 805 01

de westerse wereld legt op zo 'n indringende wijze een claim op de totale mens". Hierby is dit veral 'n bepaalde kultus wat ter sprake is, waarvan die inhoud moeilik met die boodskap van die Christelike kerk versoen kan word. Te Velde (1985: 514) wys dan ook inderdaad daarop dat "vreemdelingen (zijn) ...op weg naar het hemelse Jeruzalem" 'n heel ander stel waardes van ons vra as dít wat die inherente boodskap van pop en rock voorhou.

**(h) Die vereenvoudiging van die geloof**

Een van die belangrikste oogmerke van "hedendaagse" kerkmusiek is 'n algehele vereenvoudiging van die geloof waarby God gelykgestel word aan 'n aardse "Pa", terwyl Christus 'n blote vriend ("pal" of "buddy)" word (Siebald 1982: 84) met wie daar in alledaagse terme omgegaan word. Die algemene toon en inhoud van hierdie tipe geestelike musiek neig dan ook gevaarlik in die rigting van die wesenseienskappe van *kitsch* (vergelyk veral met (b) en (c) hierbo) wat soos volg opgesom kan word (Killy soos aangehaal in Siebald 1982: 82-84):

- 'n beheptheid met die eie gevoelservaring
- 'n wanbalans tussen inhoud en vorm
- 'n algehele vereenvoudiging van die lewe en die geloof
- 'n "onmondige" vermyding van die leed van die lewe, van die mens in sy "verlossingsnood"
- gebrek aan kwaliteit

Siebald betreur hierdie invloed in die musikale gesprek met God, veral wanneer liedtekste die geloof sodanig trivialiseer dat die kern van die evangelie niks méér word as menslike "wensdenkery" nie. Hy wys in dié verband op Bohren (1979: 173-187) se harde woorde: "Der religiöse Kitsch verleugnet das Elend des Menschen" en: "Der Kitsch kennt weder den Zorn Gottes noch das Gericht,

und darum agiert es letzlich gnadenlos". Vir Siebald is die tendens van die kommersiële musiekwêreld om 'n "breë massa" aan te spreek, nie aanvaarbaar wanneer dit gaan om ons "antwoord" aan God nie. Wanneer God tot ons spreek met die aanbod van 'n nuwe lewe, spreek hy tot konkrete mense in nood, en nie tot 'n vae massa nie. Daarby is dit ook nie moontlik dat ons in dieselfde terme as dié van die buitekerklik-kulturele denke "antwoord" op God se Woord nie, omdat ons antwoord moet spreek van ontsag vir 'n Groot en Almagtige God, en volgens Bohren (1979: 173-187) steeds moet bely: "Aan U die heerlikheid".

Ook Marti (1982: 179) wys op die gebrekkige kommunikasiemoontlikhede wat kitsch bied. Die vervaardigers van kitsch konstrueer dit juis só dat die verbruikers daarvan hulle volledig daarmee kan identifiseer. Die probleem is egter dat hierdie identifikasie berus op reduseerbare cliché's wat uiteindelik niks meer as 'n onpersoonlike "gevoelsurrogaat" en selfs manipulasie is nie. Kuns, daarenteen, het deur die eeue heen altyd 'n plek binne die religie beklee vanweë die feit dat dit die uitdrukking van konsepte is wat met die "onuitspreeklike" te make het. Marti wys ook op die feit dat egte kommunikasie 'n helende en vernuwende uitwerking op die menslike gees het, en dat die gebrek daaraan 'n groot verarming vir die mens se lewenskwaliteit inhou. "Egte kommunikasie" deur middel van kuns spreek tot die diepste dimensies van die menslike gees, en het daarom te make met die grondvrae van die menslike bestaan (..."die Wirklichkeit von Beziehungen, Gefühlen, Hoffnungen, Grundbefindlichkeiten des Daseins" - Marti 1982: 177-178).

Vir Marti is die estetiese dus noodwendig ook 'n teologiese vraag, en daarby 'n vraag wat die waarheid van die skynwaarheid skei.

## 2.5 WAT VRA DIE ONTMOETING MET GOD IN DIE 20STE EEU?

Uit bostaande is dit duidelik dat die roep om relevansie en die pogings om die lewenswêreld van die mens van die 20e eeu met sy kerklike lewe te versoen, reeds wêreldwyd onherroeplik tot 'n liturgiese slopingsproses aanleiding gegee het. Dit is duidelik dat die kerk sy heilige missie vandag kwalik kan vervul deur sonder meer met die kerkvervreemde wêreld te assosieer: die algemene "Zeitgeist" van die 20ste eeu bevat immers 'n sterk boodskap van psigiese armoede en eksistensiële wanhoop. Onder hierdie omstandighede is dit juis van kardinale belang dat die **karakter van die evangelie** onaangetas en suiwer moet bly staan, sodat die kerk "deur die kultuur" "teenoor die kultuur" kan getuig. In hierdie opsig moet die **aard van die aanbidding,** naamlik die diepe bewuswording van 'n Heilige en Almagtige God, steeds voor oë gehou word. Een van die vernaamste redes waarom die kerk "leegloop", is immers juis die 20ste-eeuse mens se gevoel dat hy God nie meer in die ontmoeting vind nie. Daar is bevind dat kitsoplossings waarby die geloof getrivialiseer en God op 'n algemene of selfs platvloerse wyse aangespreek word, 'n hele stel eiesoortige probleme na vore bring. Banaliteit, oppervlakkigheid en die vermaaklikheidsbehepte massa-mentaliteit kan dan uiteindelik die eredienslewe dikteer.

Tog is daar geen maklike antwoord op die vraag wat die ontmoeting met God van die moderne mens vra nie. Vir Söhngen (1975: 52-53) lê die antwoord daarin dat God nie in wêreldse terme aangespreek moet word nie, maar dat sy "andersheid" en almagtigheid in "verhewe tone" besing word:

"In der liturgischen Konfrontation hat es der Mensch mit Gott als dem "Ganz Anderen" zu tun, der qualitativ der menschlichen Kreatur unendlich überlegen ist. Die kollektiven Urängste und Urbeseligungen der Kreatur aber lassen sich nicht in den Worten der "profanen" Umgangssprache artikulieren; nur die "gehobene" Sprache der Töne ist angemessen, um mit Gott zu reden".

Hierdie sienswyse, hoe verhewe ookal, word deur Söhngen egter eerder uit 'n filosofiese as vanuit 'n teologiese uitgangspunt benader. Vir die 20ste-eeuse mens is dit moontlik ook te skolasties en klinies. Panniker (1970: 51) is miskien nader aan die waarheid wanneer hy aanvoer dat die aanbidding 'n **menslike handeling** en nie 'n "angelic performance" is nie. Daarom redeneer hy dat "modern worship can only be meaningful and relevant if it descends from the platform of the solemn and the privileged and comes down to man's daily life". Laasgenoemde impliseer dat die kloof tussen die erediens en die lewe, tussen liturgie en eksistensiële menswees wél oorbrug moet word (Strydom 1994: 226), maar dat dit geen oorbrugging vanuit die wêreldse standpunt is nie, dog vanaf Panniker se "platform of the solemn" as 'n onmoeting met Söhngen se "Ganz Anderen" God. Hierdie Godgerigtheid bring ons by 'n Bybels-teologiese erediensvernuwing wat werklik as 'n **verantwoorde erediensvernuwing** kan kwalifiseer (Strydom 1994: 264-265). Laasgenoemde is baie ver verwyder van die begrip **eredienspopularisering** waar die erediens 'n sekularistiese "happening" word en die volk van God se heilshistories-liturgiese viering van die Christus-gebeure nie veel méér word as 'n horisontalistiese ervaring nie.

Wat hou **verantwoorde erediensvernuwing** vir die kerkmusiek in? Dit impliseer sekere vereistes ten opsigte van die **aard en funksie** van liturgiese sang (sien 2.3), waarby veral die **verkondigingsfunksie** voorop staan. Daar word vandag algemeen ooreengestem dat eietydse kerkmusiek in sy verskillende vertakkinge wél binne die regte liturgiese raamwerk met groot vrug aangewend kan word: "When a balanced relationship between tradition and innovation is clearly perceived within the framework of the liturgy, there is nothing to bar any kind of music from the service of worship. That includes music from all times and places...any music that is useful to a

congregation in the integrated action of *liturgical* worship" (Hillert 1978: 249). Routley (1984: 206) voorsien op hierdie wyse dat dit nie onmoontlik is dat selfs popmusiek deel van die missie van die kerk kan word nie, dog "only if ...it can be subjected to a discipline which will free it from its bondage to vile values". Hy gaan trouens selfs so ver as om te beweer dat "music which employs the techniques of "pop" without insisting on its slovenliness, its pretentiousness, and its incentives to self-indulgent childishness, may be the liberation of the ecclesiastical style". Dit is egter 'n simplistiese standpunt wat die besware negeer wat gesetel is in die probleme wat eie aan die inherente aard en karakter van popmusiek is (sien onder 2.4.4 (a)). Dit misken ook die feit dat dit onmoontlik is om die "techniques of pop" oor te neem sonder om die ingeboude tekortkominge daarvan terselfdertyd te inkasseer (sien weereens Marti se standpunte onder 2.4.4. (g) en (h).

## 2.6 'n VOORTDURENDE DUALISME?

Uit die oorsig wat die eerste deel van hierdie hoofstuk beslaan, is dit duidelik dat die primêre funksie van die kerklied vanaf die Ou-Testamentiese tyd geleë is in die **verkondiging van die Woord van God,** en dat bepaalde norme deur die eeue heen deur hierdie funksie veronderstel is. Hoewel hierdie funksie onder sekere omstandighede bedreig is, het die Reformasie en ook die 20ste-eeuse liturgiese hernuwingsbeweging opnuut die verkondigingsfunksie van die kerklied beklemtoon. In ons eeu het daar egter vanweë die oorweldigende invloed van die massa-kultuur kitsch-matige kerkmusiek ontstaan wat die aard en karakter van die erediens tot in die kern raak.

Dit is duidelik dat die ontwikkeling van die kerklied beïnvloed is deur gebeure wat voortdurend as reaksies op mekaar tot stand gekom het, en dat die meer informele kerklied altyd 'n rol gespeel het as 'n spontane uiting

van 'n persoonlike, meestal meer subjektiewe geloofsbelewenis. Reeds sedert die invloed van die Piëtisme ontstaan daar 'n **dualisme** tussen liturgiese en nie-liturgiese musiek. Dit het ook 'n invloed op die verhouding van die amptelike kerklied tot die nie-amptelike kerklied gehad, veral omdat die nie-amptelike lied juis dikwels gebruik gemaak het (en nog maak) van die gangbare genres "van die dag". Hierdie "terugval" op populêre musiekvorme veroorsaak dat nie-amptelike liedere dikwels gebruik maak van sekulêre style wat inherent vreemd is aan liturgiese musiek, veral ook wat betref die ideologiese "bagasie" wat daarmee saamkom.

Terselfdertyd laat hierdie verwikkeling die misvatting ontstaan dat sakrale musiek altyd plegtig en statig moet wees. Hierdie misvatting het egter as reaksie juis ligter vorme van liturgiese musiek tot gevolg gehad wat mank gaan aan alle diepte en weinig meer as "kerklike" konsumpsiemusiek is. Hierdie hele ontwikkeling het die dualisme tussen sakraal en profaan gedurende die 20ste eeu moontlik meer op die spits gedryf as gedurende enige voorafgaande tydperk. Ten spyte van eiesoortige en ernstige konsekwensies vir die liturgiese lewe van die kerk, is die meer informele kerklied van ons eeu 'n faktor wat nie sonder meer genegeer kan word nie. Die spesifieke aard en die verwagting wat van eietydse liturgiese musiek gekoester mag word, val egter nie binne die bestek van hierdie hoofstuk nie, maar word onder 5.4 vollediger ondersoek.

# HOOFSTUK 3

## *Konflik rondom die kerklied in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n historiese oorsig*

### 3.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is reeds verwys na die voortdurende konflik rondom die kerklied van die NGK. Vanuit 'n historiese perspektief gesien, is dit inderdaad opvallend dat ontwikkelinge rakende kerkmusiek binne die NGK reeds sedert die vorige eeu gekenmerk is deur manifestasies van onrus en konflik rondom die kerklied. Soos genoem onder 1.1, kom hierdie konflik in hoofsaak nog altyd neer op spanning tussen die **behoeftes van lidmate** en die **"beleidmakers"** ten opsigte van kerkmusiek, en is dit duidelik dat hierdie spanningslyn dwarsdeur die ontwikkeling van die gereformeerde kerklied binne die NGK waarneembaar is. Spanning tussen die **tradisionele, amptelike kerklied** en 'n kerklied wat vir die **lidmate aanvaarbaar** is as deel van hul persoonlike ervaringswêreld, was op sy beurt verantwoordelik vir 'n bepaalde **dualisme** in die kerksangpraktyk. Nie-amptelike sangbundels het van tyd tot tyd uit die behoeftes van lidmate ontstaan, maar was by gebrek aan amptelike goedkeuring nie geskik vir gebruik binne die erediens nie. Daar was dus één tipe kerklied vir gebruik binne die erediens, en ander geestelike liedere wat slegs buite die erediens aangewend kon word. Van meet af aan was dit veral laasgenoemde geestelike lied wat die diepste sielsbehoeftes van baie lidmate kon bevredig. Die polemiek in die kerklike dagblaaie oor veral die laaste aantal dekades bevestig hierdie tendens ook wat die 20ste eeu betref.

Net soos wat dit in hoofstuk 2 nodig was om in te gaan op die internasionale perspektief rakende ontwikkelinge rondom die hedendaagse kerklied, noodsaak die doelstellings van hierdie studie (sien 1.4) terselfdertyd 'n ondersoek na die historiese aanloop tot die huidige situasie met betrekking tot die kerklied van die NGK. Deur so 'n historiese oorsig word nie alleen duidelik watter ontwikkelinge 'n rol gespeel het in die problematiek waarmee daar tans geworstel word nie, maar kom bepaalde tendense reeds sterk na vore. Hierdie tendense raak die hart van hierdie studie, sodat dit uiters belangrik is om die geskiedkundige wortels daarvan na te gaan. Dit sal baie belangrik wees om bogemelde tendense en die uitwerking daarvan op die kerklied in berekening te bring by toekomstige besluitneming rondom die kerklied.

Daar is reeds bevind dat weerstand teen die tradisionele kerklied vanaf die middel van die vorige eeu na vore kom as 'n wesenlike deel van die problematiek rondom die sang in die NGK. Hierdie weerstand sentreer veral om die "singbaarheid" van melodieë, met name dié van die Geneefse psalms. Hierdie feit is belangwekkend, nie alleen vanweë die ereplek wat die Geneefse psalms binne die gereformeerde kerkliedereskat beklee nie, maar veral ook omdat die soeke na "vernuwing" histories, maar ook tans, in baie gevalle as 'n blote vervlakking van die kerksang en gevolglik ook van die erediens ervaar is. In die lig hiervan kan daar dan met reg gesê word dat die kerk hom, wat die kerklied betref, in 'n dilemma bevind wat deur 'n lang historiese aanloop voorafgegaan is. Antwoorde op vrae rondom die kerklied kan dus geensins voor die hand liggend of simplisties beskou word nie. Dit is 'n saak wat nie alleen gemoedere en emosies nog altyd hoog kan laat opvlam nie, maar dit raak, soos reeds aangedui, die hart van die kerk. Daar bestaan immers geen twyfel dat die karakter van die kerklied ook bepalend is vir die geestelike karakter van die erediens

self nie. Barnard (1981: 589) beskou die kerklied trouens, meer nog as die prediking en belydenisskrifte, as "uitstalvenster" van die gees en klimaat van 'n kerk. Dit is gevolglik van groot belang dat daar wel deeglik rekening gehou word met die geestelik-sielkundige krag van die kerklied (Strydom 1984: 8), aangesien dit 'n deurslaggewende bydrae kan lewer om die NGK te vorm óf tot 'n kerk met 'n oppervlakkig-sentimentele inslag, óf tot 'n kerk met geestelike volwassenheid, diepgang en daadkrag.

Die druk wat van die kant van die voorstanders van die nie-amptelike kerklied binne die NGK uitgeoefen word, het reeds bepaalde gevolge vir die aard en karakter van die kerk meegebring. Dat die voorstanders van die nie-amptelike geestelike lied nog altyd kon volhou dat amptelik en nie-amptelik sonder bedreiging langs mekaar kan staan en bestaan, elkeen met 'n eie plek en funksie, gaan gewoon nie op nie. Dit is juis die basiese en wesenlike onversoenbaarheid van die een met die ander wat so 'n konsekwente bron van konflik tot stand kon bring. Hier gaan dit veral om nie-gereformeerde/on-Skriftuurlike elemente wat telkens onder die vaandel van "vernuwing" die eredienspraktyk wou en wil binnedring.

Vandag word daar in die NGK, miskien meer as ooit tevore, met 'n simpatieke oor na die behoeftes van lidmate geluister. Saam met kerke wêreldwyd, word ook binne die NGK ernstig gestreef na erediensvernuwing wat die mens in sy totaliteit akkommodeer. Hierdie sensitiwiteit geld pertinent ten opsigte van die kerklied. Liturgiese sang is immers per definisie sang **van en vir die gemeente** (Wolterstorff 1980: 22). Volgens Strydom (1994: 250) is die grootste uitdaging wat die eietydse liturgie aan die kerk bied, juis 'n sinvolle ontmoeting van die funksionele en die estetiese wat die hele erediensgebeure betref. By die inagneming van die moderne lewenswêreld, is die versoeking egter groot om **erediensvernuwing**

ekwivalent te stel met **eredienspopularisering** (Strydom 1994: 265). In die praktyk het laasgenoemde dikwels geblyk in werklikheid niks meer as 'n liturgiese slopingsproses te wees wat stadig maar seker voltrek word nie. Marti (1991: 131) voer aan dat daar besliste raakpunte moet wees tussen die erediens en die lewenswêreld van die lidmate. Hierby is 'n tipe "kulturele wisselwerking" uiters belangrik, maar ook uiters problematies. Soos reeds vermeld in Hoofstuk 2, is die kerk immers nie maar net 'n "religieuse vereniging" waarby voor- en afkeure na willekeur mag geld nie, maar bestaan die kerk uit die volk van God, sodat die kerksang wesenlik as **verkondiging** verstaan moet word (Schweizer 1991: 132 - sien in hierdie verband weer eens die bespreking onder 2.4.2 tot en met 2.5).

Terwyl daar tans binne die NGK gepoog word om die behoeftes van lidmate op sinvolle wyse binne die erediens te akkomodeer, regverdig dit 'n diepte-ondersoek na dié faktore in verband met die nie-amptelike/vrye geestelike kerklied wat lidmate van die NGK nog altyd so sterk kon aantrek. Soos reeds gemeld, is dit belangrik om eerstens in te gaan op die agtergrond rakende die belangrikste gebeurtenisse rondom die kerklied van die NGK. Te midde van konflik en verskille rondom die onderwerp, het 'n bepaalde proses van ontwikkeling immers afgespeel wat nie alleen betekenisvol is vir die posisie van die kerklied in sy huidige vorm nie, maar bowenal bepalend mag wees vir die toekomstige koers.

In lyn met die oogmerke van hierdie studie, ondersoek hierdie hoofstuk dus die geskiedenis van die kerklied van die NGK op oorsigtelike wyse.

## 3.2 DIE HALLELUJA

Onder 1.1 is reeds verwys na die spanning tussen die amptelike kerklied en bykomende liedere wat vir lidmate

van besondere betekenis is - 'n spanning wat in die geval van die **Hallelujabundel** besonder sterk na vore getree het.

Met die koms van Jan van Riebeeck en die gevolglike vestiging van die gereformeerde godsdiens aan die suidpunt van Afrika (Cillié 1982: 34v), het die gereformeerde kerklied uiteraard in hierdie land inslag gevind, en wel in die vorm van die Psalmberymings van Datheen wat op die Geneefse psalmmelodieë gesing is. Van meet af aan was daar egter by baie lidmate 'n weerstand teen die amptelike kerklied, met name teen sommige van die melodieë. Die rede hiervoor was waarskynlik die vreemde tonale gevoel van die kerkmodi, asook die feit dat die outentieke (lewendige) ritmiese uitvoeringswyse in onbruik geraak, en mettertyd heeltemal verval het. Dit was nie lank voordat pogings aangewend is om alternatiewe vir die amptelike kerklied te vind nie. Só het verskeie bundels ontstaan wat direk in die behoeftes van die lidmate kon voorsien, en wat dan ook meer "gebruikersvriendelik" as die amptelike bundels sou wees.

In 1775 word Datheen se psalms vervang met die sogenaamde **Stateberyming**, wat reeds 'n groot verbetering op die Datheense beryming was. Ofskoon die melodieë ritmies volgens die oorspronklike vorm genoteer is, is dit egter steeds isometries gesing, 'n gebruik wat volgens Luth (1986: 175) reeds vanaf die begin van die 17de eeu in Nederland ontstaan. (Luth wys trouens ook daarop dat die notasie in die liedereboeke en die liturgiese praktyk nie ooreengestem het nie).

Ten spyte van die invoering van die **Evangelische Gezangen** in 1814, het die klagtes aangaande die onsingbaarheid van die amptelike kerklied voortgeduur, ook by sinodale vergaderings. Hierdie ontevredenheid lei mettertyd tot die ontstaan van die bundel **Halleluja! Psalmen en Gezangen der Ned. Geref. Kerk van Zuid-Afrika** wat in 1883

verskyn (Cillié 1982: 36). Vir hierdie bundel, wat wel goedkeuring vanaf sinodale kant geniet het (Carstens 1983: 44), is 'n hele aantal geheel nuwe psalmwysies geskep deur J. S. de Villiers, orrelis van die Paarl. Uit die voorwoord blyk egter dat die **singbaarheid** van die melodieë die hoofprioriteit was, selfs ten koste van artistieke gehalte. Hierdie doelbewuste oorweging moet geensins gering geskat word nie. Van Niekerk (1970: 61) merk tereg op dat **singbaarheid** en **kwaliteit** blykbaar reeds in hierdie stadium as onversoenbare norme beskou is. Uit latere bespreking in die verhandeling sal dit ook duidelik word dat hierdie "konflik" binne die NGK steeds 'n realiteit met betrekking tot "aanvaarbaarheid" rondom kerkmusiek bly. Die bundel van 1883 was egter nie sonder meer 'n sukses nie. Dit was trouens juis die nuwe melodieë wat daarvoor verantwoordelik was dat die bundel nie veel inslag kon vind nie (Carstens 1983: 45v).

'n Aantal Nederlandse geestelike bundels het ook sedert die 18de eeu 'n bepaalde invloed op die ontwikkeling van die kerkmusiek in ons land uitgeoefen. Hieronder sorteer die liederboeke van Sluiter, Van Lodenstein, Schortinghuis en Groenenwegen (Van Zijl 1991: 101, 106, 109, 111). Naas die amptelike sangbundels is hierdie "informele" liederebundels gebruik om, volgens Calvyn se reformatoriese opvatting, God ook buite die erediens te loof en prys (Van Zijl 1991: 101). Die geestelike klimaat van hierdie bundels was verteenwoordigend van die sogenaamde gereformeerde piëtisme in Nederland, ook bekend as die "Nadere Reformasie", wat gedurende die 17de en 18de eeue 'n hoogtepunt bereik het (Cillié 1992: 477). Duisende piëtistiese liedere het as uitvloeisel van hierdie beweging ontstaan (Strydom 1994: 111v). Hierdie liedere was egter eensydig-subjektief, getipeer deur 'n asketiese, dualistiese en selfs mistiese inslag, wat dit uiteraard vir liturgiese gebruik ongeskik gemaak het.

In Engeland het hierdie na-reformatoriese gees van subjektiewe vroomheid 'n groot invloed uitgeoefen op die **Puritanisme** en die latere **Metodisme,** wat 'n deurslaggewende invloed op die godsdiens in die Angelsaksiese kerke, en gevolglik ook in koloniale lande. Dit het die behoefte aan 'n meer gemoedelike tipe geestelike lied gestimuleer, waarop later in par 3.3. weer teruggekom word.

Ook die invloed van die 19de-eeuse **liederwysies** moet nie buite rekening gelaat word nie. Hierdie wysies het uiteraard as alternatief vir die amptelike kerklied ontstaan, en eventueel wydverspreide blootstelling geniet. Cillié (1993: 1) beskou hierdie wysies as waardevolle deel van die Afrikaner se kultuurerfenis, en uiteraard ook as reëlregte verklankings van die vrome lewensbeskouing van ons voorgeslagte. Van Warmelo (Cillié 1993: 3) definieer die liederwysies as "eie-gemaakte melodieë waarop Psalms, Gesange en ander godsdienstige tekste gesing is. Hulle vorm 'n integrerende deel van die geestelike lewe van die Kaapse pioniers en veral van dié wat op verafgeleë plase gewoon het en feitlik afgesny was van 'n gereëlde aanraking met die beskaafde wêreld." Die liederwysies was op die lange duur egter nie beperk tot "Kaapse pioniers" en "verafgeleë plase" nie, maar is in stede en dorpe, en selfs in sommige kerke gehoor (Cillié 1993: 3).

## 3.3 DIE KINDERHARP

Gedurende die 19de eeu het 'n verskeidenheid invloede op die kulturele en kerklike lewe aan die Kaap ingespeel. Eerstens het die invloed van die Britse oorname van die Kaap (1806) 'n besliste invloed op die Afrikaanse Kerke uitgeoefen, met name wat betref die kerksang (Carstens 1983: 42v). As deel van 'n intensiewe Engelse aanslag, het lord Charles Somerset hom spesifiek daarvoor beywer om die Hollandse kerk te verengels (Van der Watt 1980:

6). Ook is 'n nuwe kultuur van koorverenigings met die ontstaan van die Engelse kerke gevestig. Reeds in 1866 word daar in die Groote Kerk in Kaapstad melding gemaak van 'n "D.R. Church Psalmody Class", of "Zang Koor Gezelschap" (Ottermann 1971: 191v). Op Stellenbosch het F W Jannasch baanbrekerswerk ten opsigte van koorsang in die erediens gedoen, sodat mettertyd ook op ander plekke musiekgeselskappe, sangverenigings of spesiale geleentheidskore ontstaan het. By hierdie sangverenigings is behalwe Psalms en Gesange ook Engelse Hymns gesing, wat uiteraard 'n bepaalde invloed op die kerksang moes hê.

Die invloei van Europese (veral Duitse), Britse en Amerikaanse sendinggenootskappe, elkeen met sy eiendomlike liedereskat, het die godsdienstige sang aan die Kaap terselfdertyd nie onaangeraak gelaat nie. Van hierdie sendinggenootskappe stel liederebundels saam waarin veral die Morawies-Rynse tipe, asook Engelse hymns sterk figureer (Strydom 1984: 106). Die **Kinderharp,** wat ongeveer in 1863 verskyn, toon dan ook 'n duidelike invloed van Morawiese, Lutherse, Anglikaanse en Metodistiese oorsprong, maar bowenal 'n sterk invloed van die sogenaamde **Sankey-liedere** uit die Amerikaanse "revival"-tradisie (Beukes 1994:6). Hierdie liedere het ontstaan as deel van die grootskaalse godsdienstige herlewing wat gedurende die tweede helfte van die 19de eeu in Amerika plaasgevind, en uiteindelik in verskeie lande 'n bepalende rol gespeel het. Ook in Suid-Afrika het die "revival"-lied 'n groot impak gehad, in so 'n mate dat dit met groot gretigheid ontvang, en mettertyd só ingewortel geraak het dat dit as deel van 'n eie Afrikaanse musiekskat beskou is (Van Niekerk 1970: 2). Hierdie liedere, wat feitlik as "opwellings van die oomblik" ontstaan het, was egter minderwaardige, selfs goedkoop musiek. Mettertyd sou die Kerk aan die Kaap, later die NGK, feitlik oorweldig word deur hierdie tradisie van "herlewingsliedere" (Wolmarans 1984: 3).

Hoewel die **Kinderharp** uit die staanspoor baie gewild was, was daar egter 'n aantal probleme aanwesig. Vanaf kerklike kant is teenkanting ervaar vanweë die feit dat die bundel nie deur die kerk self saamgestel is nie, asook besware teen 'n aantal onskriftuurlikhede (Carstens 1983:43). Verder het die bundel nie aan die volledige heilsorde reg laat geskied nie.

## 3.4 ZIONSLIEDEREN

Soos in die geval van die **Kinderharp**, het die **Zionsliederen** (1871) eweneens 'n veel groter invloed uitgeoefen as bloot 'n versameling kinderliedere. Saam met die **Kinderharp** was hierdie bundel regstreeks verantwoordelik vir die bepalende rol wat die Sankey-liedere oor 'n lang tydperk in ons kerksang sou speel. Beide bundels is tot in die huidige eeu as nie-amptelike sangbundels gebruik.

## 3.5 DIE HALLELUJA 1903

In 1903 verskyn 'n nuwe versameling liedere van ds Charles Murray getiteld: **Halleluja: Liederen voor Zondagskolen, Strevers- en Jongelingsverenigingen, Conferenties en Bijzondere Diensten.** Veral die invloed van die Sankey-lied was hier grootliks te bespeur. Hierdie bundel was ook nie slegs vir kinders bedoel nie, maar vir gebruik deur die hele gemeente. Die bundel is met groot welslae ontvang en het verskeie herdrukke beleef.

## 3.6 DIE NUWE HALLELUJA 1931

**Die Nuwe Halleluja** word in 1931 uitgegee. Hierdie bundel was 'n Afrikaanse vertaling wat as nie-amptelike proefbundel van die psalm- en gesangboek sou dien (Beukes 1994:7). Oor die algemeen was die bundel 'n verbetering

op vorige uitgawes. Behalwe vir 'n seleksie liedere uit die 1903 **Halleluja**, word hier ook 75 psalmberymings van Totius en 100 vertalings van "Evangelische Gezangen" deur G.B.A. Gerdener aangetref (Beukes 1994: 7).

## 3.7 DIE HALLELUJA 1949

Gedurende 1945 word daar tydens die Kaapse Sinode van die NG kerk besluit dat 'n grondige ondersoek na die skriftuurlike, musikale en letterkundige inhoud van die Hallelujabundel ingestel sou word met die oog op die verwydering van minder geskikte melodieë en liedere. Die hersiene bundel sou dan aangevul word met goedgekeurde liedere om dié bydraes wat verwyder is, te vervang (NGK 1945:386). In hierdie stadium sentreer polemiek rakende die bundel hoofsaaklik rondom die behoeftes van kinders en die **opvoedkundige waarde** van die liedere as alternatief vir die amptelike kerklied. Hierby word veral aangevoer dat albei bundels noodsaaklik is en aanvullend tot mekaar 'n eie bestaansreg het. Daar is egter ook diegene wat waarsku teen die oppervlakkige bekoring van "gevoelsgodsdiens", en die behoud van die amptelike, suiwer skriftuurlike kerklied bepleit. Cillié (1948: 1438) huldig reeds in hierdie stadium die standpunt dat dit wenslik is dat die kinders en lidmate eenvormige liedere behoort te sing, en voer aan dat daar geen verskil behoort te wees tussen die ideale kerklied en 'n gewyde kinderlied van goeie gehalte nie. Die ideale kerklied besit immers, naas sy plegtige gewydheid, ook die nodige eenvoud as wesenskenmerk. Wat inherente probleme met die bundel betref, wys Loots (1949: 83) veral op die feit dat die Halleluja in wese antroposentries van aard is. Ook maak hy beswaar teen die onvanpastheid van sekere van die melodieë, sowel as die gebrek aan korrelasie tussen inhoud en vorm. Aan die een kant is dus gepleit vir die liedere as meer "bevatlike" alternatief vir die kerklied, terwyl daar aan die ander kant juis waarskuwings opgaan teen die gebruik

van minderwaardige geestelike materiaal vir opvoedkundige doeleindes. Verder is daar diegene wat wil waak teen 'n dualistiese kerksangpraktyk, terwyl die meerderheid pleit vir die behoud van beide bundels, elkeen "met sy eie plek en funksie".

Tydens die sinodesitting van 1949 blyk dat die voorgestelde hersiening aan die bundel ingrypend sou wees: 119 melodieë en 55 tekste van die ou bundel word verwerp, terwyl 75 Psalms, 126 Gesange en 202 ou Halleluja-melodieë in hersiene vorm opgeneem is. Hierbenewens word 64 nuwe melodieë opgeneem, 266 woordtekste in hersiene vorm uit die ou bundel oorgeneem en 81 volkome nuwe liedere ter aanvulling van die bundel bygevoeg (NGK 1949:331). Die steeds toenemende ontevredenheid met hierdie toedrag van sake kom openlik tot uiting wanneer die Kaapse Sinode in 1957 met groot meerderheid van stemme aanvaar dat die ou wysies as alternatiewe by 'n herdruk van die Hallelujaboek herstel moet word (NGK 1957:54).

## 3.8 DIE HALLELUJA 1960

Hierdie bundel verteenwoordig die derde "verbeterde" uitgawe van die **Halleluja** van 1949. Die toevoeging van die ou wysies as alternatiewe is egter in wese 'n retrogressiewe stap, wat ook die aanwesigheid van heelwat Sankeys insluit (23 van die 28 "ou" melodieë). Hierdie stappe is waarskynlik afgedwing deur die bittere verset van lidmate teen die bundel van 1949. Terselfdertyd kom ongelukkigheid vanaf amptelike kant na vore. Tydens die Kaapse Sinode van 1961 blyk daar ontevredenheid te wees oor die feit dat die besluite insake hersiening nie ook die Kerkmusiekkommissies van die Vrystaatse, Natalse en Transvaalse NG Kerke betrek het nie (NGK 1961:415). Ds W.E.H. Söhnge (1960: 53), voorsitter van die Federale Raad vir Kerkmusiek, reageer skerp op die heropname van voorheen afgekeurde melodieë in hierdie bundel, omdat

hulle nie die goedkeuring van die Raad, of van die onderskeie Kommissies vir Kerkmusiek van die Gefedereerde Kerke wegdra nie. Hy skroom dan ook nie om die gebrekkigheid in die beplanning aan te toon, sowel as om te beklemtoon dat hierdie bundel geensins 'n voorwaartse stap vir die kerkmusiek inhou nie.

Dit is veelseggend dat emosies om hierdie bundel met sy ooglopende tekortkominge hoog geloop het. Ten spyte daarvan is dit die bundel wat tans nog in gebruik is, en so onlangs as 1982 'n verdere herdruk beleef het. Die vernaamste beswaar teen die inhoud van hierdie bundel is, afgesien van besware teen die formele inhoud daarvan, sekerlik die oorname van bestaande liedere uit 'n nie-gereformeerde liedereskat. Dit is duidelik dat daar nie alleen van werklike "vernuwing" geen sprake kon wees nie, maar dat die "vernuwingspogings" wesenlike probleme meegebring het wat die karakter en kwaliteit van die liedere betref.

Gedurende die Algemene Sinode van 1962 word besluit dat 'n **Kommissie vir Kerkmusiek en Liturgiek** voortaan die sinode sou adviseer oor die beleid ten opsigte van die beoefening van kerkmusiek en oor die liturgiese inkleding van die erediens en ander godsdienstige byeenkomste, terwyl dit ook as koördinerende liggaam sou dien (NGK 1962: 191). Hierdie kommissie het die reeds genoemde Federale Raad vir Kerkmusiek vervang. Tydens hierdie sinode word ook besluit dat die NGK **één amptelike sangbundel** sou hê (NGK 1966: 446). Die steeds sluimerende behoefte aan die Halleluja blyk uit 'n versoek tot die opname van Hallelujaliedere in die amptelike Psalm- en Gesangboek. Daar word ooreengekom op 'n uitbreiding van die Gesangboek ten opsigte van sekere rubrieke, asook 'n aanvulling van die geleentheidsliedere (NGK 1966: 444).

Ontwikkelinge tot in hierdie stadium vertel duidelik die verhaal van 'n voortdurende belangekonflik, asook van die reeds genoemde dualistiese benadering tot die kerksangpraktyk (sien 1.1). Ook word dit duidelik dat die begeerte van 'n groot deel van die lidmate in die naam van "vernuwing" bly neig het na die "bekende", die sentimentele, asook oordrewe vorme van subjektiwiteit soos verteenwoordig in die verskillende uitgawes van die **Halleluja.** Polemiek toon verder 'n belangrike klemverskuiwing. Anders as gedurende die laat veertigerjare, word dit veral gedurende die sewentigerjare en later duidelik dat dit lank nie meer om 'n "kinderbundel" gaan nie, maar dat die bundel 'n geweldige rol speel ook wat volwasse lidmate se behoeftes betref. Die Hallelujalied word pertinent beskryf as 'n "sielsbehoefte...ingewortel in die dieptes van die siel van ons eie kerkmense" (Malan 1971: 631) en: "Hy wat die Boerevolk ken, sal weet dat die sing van die Halleluja té diep ingewortel is om uitgeroei te word" (De Necker 1971: 406). Dit is veral interessant dat die polemiek steeds klem lê op die bekerende en vertroostende krag wat van hierdie liedere uitgaan. Ook is die sterk emosionele, subjektiewe kleur van pleitdooie vir die behoud van die liedere opvallend.

Terwyl aan amptelike kant in hierdie tyd stadig maar seker beweeg word na die herstel van die amptelike kerklied, blyk vanaf die kant van die lidmate dus steeds die behoefte aan 'n "meer bevatlike" alternatief vir die tradisionele gereformeerde kerklied. Hierdie tendens het in sommige opsigte na die verskyning van die **1978 Psalm - en Gesangboek** (= AGB 1978) selfs sterker na vore gekom. Later in die verhandeling sal 'n analise van polemiek rondom sangbundels op objektiewe wyse nagaan presies hoé eksistensieel hierdie elemente ten opsigte van lidmate se geestelike belewing in die verlede was, en watter rol dit tans rondom voorkeure insake die kerklied speel.

## 3.9 DIE PSALM- EN GESANGBOEK

Soos reeds vermeld onder 1.2, was die berymde psalms van Datheen die eerste vorm waarin die gereformeerde kerklied aan die suidpunt van Afrika gesing is, opgevolg deur die sogenaamde **"Stateberyming"** van 1775. Hierdie berymings het egter baie tekortkominge gehad, en word gedurende 1814 aangevul met die **Evangelische Gezangen**, wat ten tye van die Groot Trek (1836-1838) reeds naas die psalms in die kerk en by huisgodsdiens gebruik is (Cillié 1983:35v).

Gedurende 1895 verskyn daar in opdrag van die NG Kerk in Suid-Afrika 'n psalm- en gesangboek uit die hand van S. de Lange, waarvan die tradisionele psalmmelodieë se ritmes aangepas is, terwyl 'n groot aantal "onsingbare" melodieë met geheel nuwe melodieë vervang is. Hiermee is gepoog om die oorspronklike ritmiese uitvoeringswyse van die psalms in ere te herstel. Hierdie bundel het egter nie inslag gevind nie, en die trekkerige sangwyse het voortbestaan. Vanaf ongeveer 1890 het F.W. Jannasch van Stellenbosch as persoonlike opdrag onderneem om die waarde van die Geneefse melodieë as kerkmusikale erfenis by die NGK tuis te bring, asook om te stry teen minderwaardige kerkmusiek wat in hierdie stadium soveel aanhang geniet het. Hy het veral bepleit dat die psalms volgens die oorspronklike ritmes gesing sou word. Jannasch se ideale sou egter eers in die volgende eeu met die uitgawe van die **AGB 1978** 'n bepaalde inslag vind.

### 3.9.1 Die Psalm -en Gesangboek 1944 (= AGB 1944)

Die onrustigheid rondom die kerklied, soos hierbo beskryf, lei mettertyd daartoe dat die Kaapse Sinode in 1915 'n kommissie benoem met die doel om 'n hersiening van die psalm- en gesangboek te onderneem. Een van die grootste probleme rondom die bundel was steeds die ritmiese uitvoeringswyse van veral die psalms. Verder

moes die "onsingbare" melodieë met "singbare" alternatiewe vervang word. As resultaat is drie proefbundels saamgestel. Voor hierdie hersiening egter afgehandel is, het nog 'n belangrike faktor ter sprake gekom, en wel die behoefte aan die kerklied in Afrikaans. Die **Gesange in Afrikaans, oorgesit en bewerk deur C.J. Langenhoven** verskyn in 1922, terwyl **36 Psalme in Afrikaans**, berym deur Totius en met melodieë verwerk deur F.W. Jannasch, in die jaar daarop volg. In 1944 verskyn die **AGB 1944**, wat, naas die behoud van sommige Geneefse melodieë, ook nuwe melodieë van onder meer P.K. de Villiers en W.E.H. Söhnge bevat. As 'n oplossing vir probleme rondom ritmiek, sou hierdie bundel die Geneefse melodieë isometries aanbied. Die eiesinninge optrede van ds J.V. Coetzee van die Gereformeerde Kerk wat vir die drukwerk verantwoordelik was, het egter vir die onverwagte uitloop gesorg dat die notasie ritmies van aard was, hoewel nie altyd outentiek nie. Die notasie van die Geneefse psalms in die Koraalboek en dié van die Gesange is egter wel koralies gedruk, met die gevolg dat daar tot en met die 1978 bundel 'n verwarrende diskrepansie tussen die onderskeie notasies bestaan het.

Dit was nie die enigste probleem wat die bundel betref nie. Aangesien die berymings "Nederlandismes" bevat het, het baie uitdrukkings mettertyd vreemd aangedoen. Voorts het dit ook geblyk dat "singbaarheid" as norm weer eens verantwoordelik was vir die weglating van melodieë uit die gereformeerde kerkliedereskat waarvan die kwaliteit en waarde onbetwisbaar was. 'n Verdere probleem was dat die tekortkominge van die **Evangelische Gezangbundel (EG 1806)**, wat as "model" vir die **AGB 1944** gedien het, ook oorgeneem is, sonder om op die leemtes van eersgenoemde in te gaan.

Hersiening van die bundel was gevolglik spoedig noodsaaklik. By die Algemene Sinode van 1962 word besluit dat 'n deeglike ondersoek na die melodieë geloods

sou word, asook na die teologiese en letterkundige aspekte van die teks. Daar word ook ooreengekom dat die ritmiese karakter van die Geneefse psalms deeglik bestudeer sou word ten einde die outentieke ritmiese uitvoeringswyse in ere te herstel (NGK 1962: 28).

### 3.9.2 Die Psalm -en Gesangboek 1978

Die **AGB 1978** was 'n grondige hersiening van die **AGB 1944**. Vanuit amptelike oord is groot verwagtinge van hierdie bundel gekoester, en is daar gehoop dat 'n nuwe era wat betref die kerklike sang hiermee ingelei sou word. 'n Interkerklike Hersieningskommissie van die NG Kerk, die Hervormde en die Gereformeerde Kerke het die omvattende hersieningstaak onderneem. Eén probleem het egter bly bestaan, naamlik dié van die Totius-berymings van die psalmtekste. Die Gereformeerde Kerke, wat kopiereg op die Totius-teks besit het, wou nie toestemming verleen vir wysigings aan hierdie berymings nie. Die tekste het dus, afgesien van kleiner taalkundige verstellings, dieselfde as in die 1944 uitgawe gebly, ten spyte daarvan dat daar genoeg rede vir 'n meer omvattende hersiening was.

Die **AGB 1978** het veral 'n groot terugswaai na die Geneefse melodieë verteenwoordig. Hierby is ook die oorspronklike ritmes so ver as moontlik in ere herstel. Wat die Gesange betref, het daar ook 'n grondige hersiening plaasgevind, veral wat betref die taalkundige modernisering van die tekste. Die gehalte van die tekste was uiteindelik oor die algemeen teologies veel suiwerder, en die bundel as versameling veel meer verteenwoordigend van die liedereskat van die Christelike kerk (Cillié 1982: 39).

Reeds voor die voltooing van die bundel word dit egter duidelik dat lidmate ernstige bedenkinge oor sekere aspekte van die bundel koester. Ook blyk 'n blywende

behoefte aan 'n kerklike musiek-idioom van 'n ander aard as slegs dié van die "reformatoriese kerklied". Hierdie beswaardheid weerspieël so 'n mate van wantroue dat in die polemiek selfs gesinspeel word op "arbitrêre besluite wat dalk op groot skaal aanstoot aan lidmate kan gee" (Nel 1975: 189). Dit was duidelik dat die verhewe en opregte bedoelinge van die hersieningskommissie aan onrustige lidmate oorgedra moes word. Dr W.J.B. Serfontein (1975: 589), voorsitter van die Interkerklike Hersieningskommissie, reageer op die besware met 'n amptelike verklaring in **Die Kerkbode** oor die riglyne wat by die hersieningstaak gevolg sou word. Hy wys daarop dat die Hersieningskommissie in die eerste plek gebonde is aan die kerk se beleid vir kerkmusiek. Verder sou veral gehou moet word aan 'n eksegeties verantwoorde interpretasie van die Skrifgegewens, sowel as aan die eis van verstaanbare taalgebruik. Singbaarheid van die melodieë was 'n verdere belangrike oorweging, met die **behoeftes van lidmate as besliste riglyn.** Daar was dus beslis geen sprake van 'n "prestige-bundel wat...net die musiekkenners tevrede sou stel nie". Vanselfsprekend is hierdie bundel met die oog op die **erediens** saamgestel. Wat betref die **Halleluja** is besluit dat daar by die hersiening van die Gesange ruim van liedere uit dié bundel gebruik gemaak sou word, sodat slegs **een offisiële liedereboek** in die NG Kerk sou bestaan. Kompromieë moes ook gemaak word om die behoeftes van die Hervormde Kerk te akkommodeer. Terwyl besef is dat die kommissie nooit 'n bundel sou kon saamstel wat alle lidmate ten volle tevrede sou stel nie, was die wens tog dat die hersiene bundel voorsiening sou maak vir die "hele skaal van godsdienstige ontwikkeling van die lidmate".

Ten spyte van opregte pogings om die noodsaaklikheid van die bundel onder die aandag van lidmate te bring, het negatiwiteit rondom die koms van die nuwe bundel bly bestaan. Uit 'n redaksionele berig in **Die Kerkbode** (1978: 293), gepubliseer kort voor die amptelike

ingebruikname van die bundel, blyk die vermoede dat bogenoemde besware hoofsaaklik op onkunde berus. Veral is foutiewelik gemeen dat die hersieningswerk die produk was van 'n aantal enkelinge wat sterk oor die kerklied voel, en dat die onderneming boonop as 't ware op eie inisiatief deurgevoer sou wees.

Op Sondag 22 Oktober 1978 word die nuwe Psalm- en Gesangboek amptelik aan die verteenwoordigers van die drie Afrikaanse Kerke oorhandig. Dit was gou duidelik dat daar wel by sommige lidmate groot waardering en entoesiasme vir die ryke inhoud van die bundel was, maar dat kritiek en teleurstelling terselfdertyd ook sterk na vore gekom het. By die besware was veral die "harte" van lidmate ter sprake: "Ons soek nie net woorde nie, maar musiek wat die hart aanspreek en roer en dit ontbreek grootliks" (Murray 1978: 663). Dit was duidelik dat die kerklied nog 'n lang en moeilike pad na aanvaarding sou moet aflê. Gedurende die vroeë tagtigerjare is die blywende gevoel van verontregting oor die "uitfasering" van die **Halleluja** veral verantwoordelik vir 'n hernude vlaag van polemiek teen die nuwe Psalm- en Gesangbundel. Op amptelike vlak is gedurende hierdie tyd gepoog om deur middel van die **Jeugsangbundel** wat in 1984 sou verskyn (sien 1.4), voorsiening te maak in die breër behoeftes van veral jeugdige lidmate.

Tydens die Algemene Sinode van 1982 word 'n hersieningskommissie vir die Psalms benoem, met die opdrag om 'n nuwe omdigting van die tekste te maak asook om tergelykertyd die melodieë te hersien, sodat teks en melodie ter wille van singbaarheid 'n groter eenheid sou vorm. Aan die Breë Moderatuur word opgedra om die samewerking van die ander Afrikaanse Kerke in hierdie verband te soek (NGK 1982: 1296). Die opdrag van die kommissie was om 'n **de novo**-omdigting vanuit die grondteks te maak. Hierdie taak kon egter nie sonder ernstige komplikasies geskied nie en gedurende 1983 lei

dit tot 'n dreigende breuk tussen die drie Afrikaanse susterkerke. Die probleem was weer eens gesetel in die Gereformeerde Kerke se standpunt rondom die Totius-beryming. Hierdie meningsverskil was so ernstig van aard, dat dit selfs die toekomstige eenwording van die Afrikaanse Kerke in die weg kon staan. Volgens 'n Sinodale besluit vroeg in 1985 word ooreengekom dat die Gereformeerde Kerke wel aan die nuwe psalmomdigting deel sou hê. Die probleme is hiermee egter nie beëindig nie, en die besluit word in 1991 herroep. Kritiek is uitgespreek dat die Gereformeerde Kerke aan die een kant verrassende, progressiewe en duidelik Skriftuurlike besluite oor kerkeenheid kon neem, terwyl die standpunt rondom die hersiening van die Psalmberymings as uiters remmend ervaar is (Van der Elst/Swanepoel 1991: 18). Aanvanklike persberigte suggereer dat Antjie Krog se deelname en haar affiliasie met die ANC die "vonk in die kruitvat" sou gewees het. Dr Jan Visser, voorsitter van die Sinode, verklaar egter in 'n TV-onderhoud dat die oorweging van die beswaarskrif daarin gegrond was dat daar volgens die Gereformeerde Kerke geen bewys was dat Totius se beryming op enige wyse ontoereikend of onskriftuurlik sou wees nie. Teen die einde van 1992 is daar egter weer oor die situasie besin, met die gevolg dat die besluit weer by die volgende Sinode in 1994 herroep is.

Intussen toon 'n wetenskaplike ondersoek waarby 150 gemeentes van die drie Afrikaanse Kerke betrokke was (NGK 1990: 211), dat daar, wat die hersiening betref, veral gepleit word vir die behoud van 'n groot aantal van die bekende en geliefde psalmmelodieë, terwyl gevra word dat dié psalms waarin argaïse teksgebruik voorkom, liefs verwyder moet word. Ook is gevra dat melodieë wat "vreemd" aandoen, vervang moet word. Dit blyk egter dat die aantal psalms wat gereeld gesing word, veel minder is as dié wat nie gebruik word nie.

Tydens die **Algemene Sinode van 1994** blyk uit 'n verslag van die Psalmkommissie dat by die nuwe berymings veral op die wesenlike inhoud en boodskap van die betrokke psalm gelet word, asook op die duidelikheid en verstaanbaarheid van die teks, met 'n goeie woord-toon verhouding as prioriteit (NGK 1994: 318). Die digter T.T. Cloete sou vir 'n groot deel van die omdigting verantwoordelik wees. Volgens die kommissie se besluit sou 68 bestaande melodieë behou word, terwyl dieselfde getal melodieë sou verval, omdat hulle nie ingang by die gemeentes gevind het nie.

## 3.10 JEUGSANGBUNDELS 1 EN 2

Tydens die **1978 Algemene Sinode** word, soos reeds gemeld onder 1.2.7, besluit dat die nuwe Psalm- en Gesangeboek die enigste amptelike liederboek van die NGK sal wees. Die sinode is van oordeel dat bykomende geestelike liedere wat op hierdie stadium vir jeug- en ander byeenkomste gebruik word, merendeels vreemd aan gereformeerde beginsels en tradisies is. Op grond hiervan word die gebruik van ander sangbundels by godsdienstige byeenkomste afgekeur. Die behoefte van die jeug aan 'n eiesoortige tipe geestelike lied word egter wel erken, en die eerste stap tot die ontstaan van 'n proefbundel met jeugliedere word gedoen (NGK 1978: 1026-1027).

Tydens die **1982 Algemene Sinode** word die amptelike status van die Psalm- en Gesangboek opnuut sterk bevestig. Die Algemene Kommissie vir die Erediens rapporteer dat dit in samewerking met die Algemene Jeugkommissie voortgaan met die samestelling van 'n bundel jeugliedere. Dié liedere sal egter nie vreemd wees aan die gereformeerde tradisie nie, en dit moet, ten spyte van groter informaliteit, teologies suiwer en musikaal verantwoord wees (NGK 1982: 1340).

Die **Jeugsangbundel** verskyn gedurende 1984. Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie bundel bedoel was om slegs buite die erediens gebruik te word, wat in wese dus weer eens 'n kontinuering is van die dualisme soos vermeld onder 1.1.

Dit veroorsaak egter dat steeds meer druk uitgeoefen word om die **Jeugsangbundel** ook binne die erediens toe te laat. Tydens die **1986 Algemene Sinode** word besluit dat voortgegaan word met die saamstel van 'n proefsangbundel wat aanvullend tot die Psalm- en Gesangboek vir alle gemeentelike byeenkomste gebruik kan word.

Die resultaat daarvan is die bundel **Sing onder mekaar** wat in 1989 uitgegee word. Dit sou nie alleen dien as voorsiening in die eietydse liturgiese sangbehoeftes van die jeug nie, maar ook as 'n proefbundel met die oog op die eventuele hersiening van die Gesangeboek (Beukes 1994: 15). Dit blyk egter tydens die **Algemene Sinode van 1990** dat die bundel slegs gedeeltelik aan die jeug se behoeftes kon voldoen. Verdere druk om die Jeugsangbundel in die erediens te mag aanwend resulteer in 'n opdrag aan die Jeug- en Eredienskommissies om voort te gaan met die verdere keuring van geskikte jeugliedere (NGK 1990:615). Ofskoon die Sinode nie in hierdie opdrag melding maak van 'n hersiene **Jeugsangbundel**, of 'n **Jeugsangbundel** as sodanig nie, dui notules van die Ad Hoc-kommissie wat die opdrag moet uitvoer, vanuit die staanspoor op die hersiening van die aanvanklike bundel. Op 7 September 1994 word **Jeugsangbundel 2** dan ook as proefsangbundel vir gebruik by alle byeenkomste van die NG Kerk in gebruik geneem. Hiermee word die dualisme met betrekking tot die gebruik van amptelike en nie-amptelike sangbundels wat vir meer as 'n eeu in die kerksangpraktyk van die NG Kerk geheers het, uiteindelik opgehef (Beukes 1994: 30).

Hoewel die reaksie op **Jeugsangbundel 1** oorweldigend positief was, het kritiek en besware nie agterweë gebly

nie. Met die bundel se toename in gewildheid, het daar kort voor lank 'n protes opgegaan dat dit kompeterend teenoor die amptelike bundel staan (Van der Linde 1984: 8). Veral die opinies van prof Henk Temmingh, uitgespreek as deel van 'n referaat tydens die C B Powell-simposium in 1987, sou vir lewendige en langdurige polemiek rondom die **Jeugsangbundel** sorg. Hy het veral te velde getrek teen die gebrek aan musikale opvoeding by ons jeug, asook die "bier-, braaivleis- en rugbykultuur" wat verantwoordelik sou wees vir 'n toenemend minderwaardige gehalte in die kerksang. Per implikasie is beweer dat die **Jeugsangbundel** die NGK musikaal "met leë hande" gelaat het. Nodeloos om te sê dat hierdie uitsprake die gemoedere hoog laat loop het, veral miskien omdat Temmingh die Geneefse Psalm as antitese vir 'n minderwaardige geestelike lied voorgehou het. Hierdie besware het weliswaar geen invloed op die gewildheid van die bundel gehad nie. **Jeugsangbundel 1** moes egter so spoedig as 1991 hersien word, aangesien daar sprake was dat die liedere in daardie stadium reeds "uitgesing" was. By die hersiening sou 'n belangrike koersaanpassing gemaak word deurdat die nuwe bundel, soos bo gemeld, **vir alle kerklike byeenkomste geskik verklaar is.**

Ook **Jeugsangbundel 2** sou nie kontroversie vryspring nie. Veral is bedenkinge uitgespreek oor die onbetwisbare feit dat die lojaliteit van die jeug van die NG Kerk van die Psalms en Gesange na die liedere van die Jeugsangbundels verskuif het (Heyns 1993: 12). Weer eens is gewys op die tendens wat nou reeds vir meer as 120 jaar so sterk in die NG Kerk na vore kom: die liefde en voorkeur vir "maklike, soetklinkende en sentimentele wysies wat 'n verarming in die kerksang meebring". Dr. Louwrens Strydom, lid van die samestellingskommissie, wys in reaksie op hierdie besware (1993: 10) egter op die noodsaak van die "nuwe lied" met kontemporêre karakter en begeleidingsvorme waardeur 'n vitale liturgiese dialoog op aktuele wyse gedien kan word. Terwyl die tradisionele kerklied steeds as onvervangbare kern van die liturgiese

liedereskat gekoester word, pleit hy vir die akkommodering van "Christene van vandag wat binne die ruim van dieselfde *global village* aanbid".

Hoewel die bundel in die lig van musikaal-stilistiese oorwegings geensins as 'n "vernuwingspoging" gesien kan word nie (sien die latere bespreking onder 5.4.4), dien dit tog wel as 'n opregte poging om dié tipe erediensvernuwing te dien wat vervat is in Marti se ideaal, naamlik erediensvernuwing wat die (jong)mens in sy totaliteit akkommodeer (sien 1.1). Slegs die tyd sal egter kan leer watter "ewigheidswaarde" hierdie bundel sal hê. Beukes (1994: 102)[1] meen dat die positiewe bydrae veral geleë is in die verdere wegbeweeg van 'n kerksangdualisme, en dat die ekumenies-liturgiese aard daarvan in lyn is met wêreldwye huidige tendense. Die inhoud bied 'n verskeidenheid van liedstyle binne liturgiese verband wat in die behoeftes van die jeug kan voorsien. Kritiek teen die bundel spruit veral uit probleme wat ontstaan het uit die opvallende oorhaastigheid waarmee die bundel saamgestel is. Laasgenoemde kom veral na vore in 'n aantal amateurismes, asook in die feit dat sommige liedere nie as geslaagde keuses vir liturgiese gebruik, of selfs hoegenaamd as kerkliedere beskou kan word nie.

### 3.10.1 'n Jeugsangbundel vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Die verskyning van **Jeugsangbundel 1** het ook binne die Hervormde Kerk versoeke tot 'n soortgelyke bundel laat ontstaan. Die gedagte rondom 'n dergelike sangbundel was egter vreemd aan dié kerk se geskiedenis en tradisie (Wolmarans 1984: 3). Gedurende 1986 beveel die Raad vir Kerkmusiek aan dat die **Jeugsangbundel** nié in die

---

[1]. Vir 'n diepte-beoordeling van Jeugsangbundel 2, sien Beukes J N. 1994. Jeugsangbundel 2: 'n Himnologiese Bespreking. Hons. B. Mus., UOVS.

Hervormde Kerk gebruik sal word nie. Gedurende 1987 word 'n amptelike versoek aan die Raad vir Kerkmusiek gerig om die bruikbaarheid van die NG **Jeugsangbundel** te ondersoek (Wolmarans 1988: 6). Hieruit blyk dat besware veral wentel om die algemene musikale styl, asook onaanvaarbare kontemporêre begeleidingspraktyke (Wolmarans 1988: 11). Die vernaamste struikelblok is egter die breuk met die eg-Protestantse kerklied. Selfs na die verskyning van **Jeugsangbundel 2** volstaan die Raad vir Kerkmusiek met die afwysing van die versoek om 'n eie jeugsangbundel (Prinsloo 1994: 3)[2]. As alternatief word egter 'n omvattende projek rondom die vind van gepaste jeugliedere van stapel gestuur.

### 3.11 Samevatting

As aanloop tot 'n dokument-analise van voor- en afkeure rondom die kerklied van die NGK, bied hierdie hoofstuk 'n kort oorsig oor die historiese ontwikkeling en die vernaamste persepsies rondom die aangeleentheid.

Eerstens is dit belangrik dat hierdie ontwikkeling gekenmerk is deur voortdurende spanning tussen die amptelike kerklied en nie-amptelike liederebundels, en dat hierdie spanning oor 'n lang tydperk vir 'n dualistiese kerksangpraktyk binne die NGK verantwoordelik was. Verder blyk dat dit veral die nie-amptelike liederbundels is wat in die behoeftes van die lidmate kon voorsien. Die probleem is egter dat hierdie bundels oor die algemeen nie verteenwoordigend van die gereformeerde sangtradisie is nie, en dat die liedere Skriftuurlike onsuiwerhede en musikale tekortkominge bevat wat die gees en karakter van die kerk op die lang duur sal beïnvloed.

In die afgelope twee dekades is daar aan die een kant getrag om die amptelike kerklied in ere te herstel, maar

---

[2]. **Die hele aangeleentheid rondom 'n eie jeugsangbundel vir die Hervormde Kerk word gedek in 'n artikel van Strydom in Vir die Musiekleier 14 (21): 30-38.**

terselfdertyd ook in toenemende mate geluister na lidmate se behoeftes - 'n tendens wat, soos gesien in hoofstuk 2, tans wêreldwyd voorkom. Hierby gaan dit veral om 'n sinvolle versoening van die lewenswerklikheid van die lidmate met 'n verantwoorde eredienspraktyk. In dié opsig word daar veral gesoek na stylvolle, eietydse inkledings van die kerklied wat nie alleen as waardige liturgiese kommuniekasiemiddel sal voldoen nie, maar ook met die lidmate self sal "kommunikeer". Dit spreek vanself dat laasgenoemde 'n veeleisende opdrag met baie dimensies is. Weer eens word hier terugverwys na die probleme wat in dié verband in hoofstuk 2 bespreek is.

Daar is reeds vasgestel dat lidmate van die NGK 'n besondere affiniteit vir liedere het wat na die sentimentele en 'n oordrewe subjektiwisme neig, en so kenmerkend is van die Engelse Metodisme en die Amerikaanse "revival hymns". Juis vanweë die feit dat daar na meer as 'n eeu geen bevredigende oplossing vir die konflik rondom die kerksang gevind kon word nie, is dit tans van die grootste belang om op grond van verantwoorde standpunte besluite rondom die kerklied te neem. Hierdie studie beoog om deur middel van 'n objektiewe analise dié elemente te peil wat nog altyd vir NG-lidmate gewig dra ten opsigte van die tipe kerkmusiek wat hulle aanspreek. Deur hierdie inligting in lyn te bring met die kerksang-ideaal binne die gereformeerde tradisie en dit terselfdertyd vanuit 'n geskiedkundige perspektief in die huidige internasionale situasie te plaas, sou 'n beeld gevorm kon word van die haalbaarheid van eietydse kerkliedere wat méér is as blote menslike willekeur, of die tydgebonde "lekkersingliedjies" wat tiperend van 'n algemene oppervlakkigheid in lewensbenadering is.

# HOOFSTUK 4

## *Data-analise*

### 4.1 INLEIDING

In hoofstukke 1 en 3 word telkens verwys na spanning rondom die amptelike en nie-amptelike kerkliedere, asook voortdurende konflik tussen die behoeftes van lidmate en die opvattings van beleidmakers ten opsigte van die kerkmusiek. Alvorens daar oorgegaan word na die data-analise wat hierdie hoofstuk beslaan, is dit dus wenslik om die **hoofsentimente** vir elk van die gekose tydvakke kortliks op te som:

### I DIE HALLELUJA (1959-1965)

Die **Halleluja** van 1960 het groot kontroversie tot gevolg gehad, hoofsaaklik vanweë die "ou" wysies (uit die 1949 uitgawe verwyder) wat as alternatiewe teruggeplaas is in hierdie "verbeterde" bundel. "Teenstanders" van die bundel het ook hewig beswaar gemaak teen die talle (duidelik) nie-gereformeerde elemente in die bundel.

Die "Halleluja-mense", daarenteen, het teruggeveg met hoofsaaklik emosionele argumente, waarby veral gesteun is op 'n bepaalde tipe vroomheidservaring wat met die liedere saamhang (sien 4.3.1 vir 'n meer uitgebreide verklaring). Hierdie situasie is allermins beredder deurdat die Sinode in 1962 besluit het op één amptelike sangbundel vir die NGK.

## II DIE PSALM- EN GESANGBUNDEL (1975-1985)

Hierdie bundel het 'n groot terugswaai na die tradisionele kerklied verteenwoordig, en met name die Geneefse Psalms. Ook wat die Gesange betref, was die tekste oor die algemeen teologies veel suiwerder as in die AGB 1944 (sien in hierdie verband ook 3.3.1). Vanuit amptelike oord is groot verwagtinge van die bundel gekoester.

Lidmate het egter ernstige bedenkinge oor die bundel gehad, en die behoefte aan die nie-amptelike kerklied het hardnekkig na vore bly kom. Gedurende die vroeë tagtigerjare het die gevoel van verontregting oor die "uitfasering" van die **Halleluja** opnuut na vore gekom en die polemiek teen die **Psalm- en Gesangbundel** andermaal laat toeneem.

## III JEUGSANGBUNDELS I EN II (1982-1994)

Tydens die 1978 Algemene Sinode word die behoefte van die jeug aan 'n eiesoortige kerklied erken, en in 1982 word begin met die saamstel van 'n bundel jeugliedere. Gedurende 1984 verskyn **Jeugsangbundel 1**. Hierdie bundel was egter slegs vir gebruik buite die erediens bedoel.

Die verskyning van **Jeugsangbundel 2** in 1994 was 'n belangrike koersaanpassing ten opsigte van beleid, aangesien hierdie bundel vir alle kerklike byeenkomste gebruik kon word. Die bundel was uitermate gewild, wat tot kommer gelei het, aangesien dit deur sommige as kompetisie vir die amptelike bundel gesien is. Ook was daar heelwat kritiek teen 'n opvallende gebrek aan musikale gehalte en sekere amateurismes in die bundels. Enersyds is daar besef dat erediensvernuwing onontbeerlik was om veral die jongmense te akkommodeer, terwyl daar andersyds in sommige kringe tog sterk bedenkinge was oor

elemente wat 'n algemeen-oppervlakkige erediensstyl in die hand sou werk.

## 4.2 EENHEID VAN ANALISE

Onder 1.5 is reeds aangedui dat die grondmateriaal vir die ondersoek op lesersbriewe uit **Die Kerkbode** berus, asook op enkele briewe uit **Die Volksblad** en **Beeld.** Verder is besluit om hierdie materiaal met betrekking tot die **Hallelujabundel** (1960), die **Psalm- en Gesangbundel** (1978) en die **Jeugsangbundels I en II** (1984 en 1994) te bestudeer. Die korrespondensie is volgens die intensiteit en verspreiding daarvan volgens breë kategorieë in drie tydvakke verdeel, naamlik die **Halleluja** (1959-1965), die **Psalm- en Gesangbundel** (1975-1985), en die **Jeugsangbundels 1 en 2** (1982-1994). Dit was in elke geval duidelik dat die mees emosionele reaksies rondom die verskyning van die sangbundels gesentreer het, of in sommige gevalle na jare weer opgevlam het by die vooruitsig van die hersiening van die bundels of by die publikasie van 'n nuwe bundel.

Omdat bogenoemde indeling reeds sterk afbakenings tot gevolg gehad het, is dit raadsaam geag om **alle relevante korrespondensie** met betrekking tot die studieveld te ontleed. Hierdie besluit hang ook saam met die feit dat die opinie mag bestaan dat daar in die geval van 'n koerantdebat nie genoegsaam sprake van verteenwoordigendheid kan wees nie (sien in hierdie verband die verklaring by 1.4.2). Die volledigheid van die geselekteerde materiaal moet dus vir hierdie "tekortkoming" vergoed.

'n Voorlopige verkenning van die grondmateriaal het gelei tot die identifisering van **sentimente** as **eenheid van analise.** Die korrespondensie kan naamlik breedweg in twee "kampe" verdeel word, te wete diegene wat *ten gunste van die amptelike kerklied* is, teenoor diegene wat *gekant*

*teen die amptelike kerklied* is en dus vir 'n meer bevatlike, nie-amptelike lied pleit. Onder **sentiment** verstaan ons onder meer 'n gevoel, 'n uiting, of 'n reaksie van die gemoed, of ook die neiging om deur gevoel en nie deur die rede gelei te word nie. Daar sou met reg gevra kon word na die regverdiging vir hierdie keuse. Die voorstudie het egter duidelik getoon dat sentiment 'n groot rol speel in die NG-lidmaat se ervarings rondom kerkmusiek (sien veral 3.5). Ook berus die meeste redenasies in die polemiek (vanweë die blatante emosionaliteit daarvan) suiwer op "gevoelens" wat met 'n bepaalde tipe godsdiensbelewing saamhang. Omdat die historiese afbakening op drie afsonderlike tydperke dui, is daar voorts besluit om die **Halleluja**, die **Psalm- en Gesangbundel** en die **Jeugsangbundels 1 en 2** as aparte eenhede te ontleed.

Dit is belangrik om op hierdie punt te meld dat die data-analise met betrekking tot hierdie studie (slegs) beskrywend van aard is, 'n feit wat saamhang met die relatief klein N-waardes. Daar is dus nie van inferensiële metodes gebruik gemaak nie. Die data is nietemin so volledig moontlik op die beskrywende vlak uitgeput deurdat kruisvergelykings en responsverskille wat betref elke tydvak in fyner besonderhede ontleed word.

## 4.3 DIE HALLELUJABUNDEL: DATA-ANALISE

Kronologies is die eerste seleksie van grondmateriaal wat bestudeer word, dié wat te make het met die **Hallelujabundel** van 1960. Soos reeds vermeld, was die afsnypunte vir hierdie korrespondensie 1959-1965.

### 4.3.1 Kategorieë vir sentimente

Voorlopige verkenning van die grondmateriaal het gelei tot die volgende stel kategorieë waarvolgens sentimente geklassifiseer kon word. Hierdie kategorieë is reeds bondig onder 1.4.4 verduidelik, terwyl 'n meer omvattende opklaring van die terme net hierna volg (sien 4.3.2):

- ***Gekant teen Halleluja***

- *Gereformeerde karakter*
- *Eén bundel*
- *Fokus* (antroposentries/teosentries)

- ***Ten gunste van Halleluja***

- *Piëtistiese vroomheidsheimwee*
- *Bevatlikheid* (twéé bundels)
- *Fokus* (antroposentries/teosentries)

- ***Perspektief***

- *Sinodale besluite*
- *Sentiment*
- *Musikale meriete*
- *Weerstand teen hoë standaarde*
- *Skriftuurlikheid*

- ***Beredenering***

- *Subjektief*

- *Objektief*

- ***Outoriteit***

- *Amptelik: kundige 1*
- *Amptelik: kundige 2*
- *Lidmaat: kundige 1*
- *Lidmaat: kundige 2*
- *Lidmaat: leek*

- ***Oorsprong van kommunikasie***

- *Veranderinge in beleid*
- *Reaksie op uitsprake/polemiek*

***Tydvak***: 1959-1965

### 4.3.2 Konseptualisering van kategorieë

Bogenoemde kategorieë regverdig enkele opklarings of verduidelikings binne die konteks van die studie. (Kategorieë word vir die doeleindes van die bespreking in kursief en beginnende met 'n hoofletter aangedui, sodat dit binne 'n bepaalde sinsverloop duidelik onderskei kan word). *Gekant teen Halleluja* dui op standpunte wat die nie-amptelike kerklied afwys en die amptelike kerklied ondersteun, terwyl *Ten gunste van Halleluja* standpunte onderskei wat die nie-amptelike lied voorstaan, in hierdie geval die behoud van die **Hallelujabundel**. *Gereformeerde karakter* dui op redenasies wat gegrond is op die reformatoriese leer en belydenis van die NGK.[1.]

---

[1.] Jonker (1989: 291) onderskei, spesifiek wat die NGK betref, 'n bepaalde tweeslagtigheid wat vroomheidstipe betref; 'n tweeslagtigheid waarby twee strominge van godsdiensbelewing, naamlik die gereformeerde en evangelies-metodistiese geestelike wêrelde, as't ware "op mekaar stuit". Met "gereformeerde karakter" word daar, vir die doeleindes van hierdie studie, gedui op die reformatories-gereformeerde vroomheidstipe, 'n vroomheidstradisie wat deur Jonker (1989: 296) beskryf word as 'n "geloofsvroomheid", en nie 'n ervaringsvroomheid nie. By hierdie godsdiensbelewing is die "subjektiwiteit" van die geloof ten volle betrokke op die objektiwiteit van die heil in Christus, waarby die aksent nie op die eie ervaring val nie, maar op wat God gedoen het en nog doen (sien in

*Eén bundel* is 'n aanduiding van diegene wat pleit dat daar slegs een amptelike sangbundel vir gebruik in die NGK moet wees, terwyl *Fokus* in verband met die oorwegende uitgangspunt (Godgerig/mensgerig) van die bundels staan. *Piëtistiese vroomheidsheimwee* dui op 'n bepaalde tipe godsdiensbelewing wat verband hou met die evangeliesmetodistiese stroming binne die NGK (sien weer voetnoot 1), wat 'n sterk affiniteit openbaar vir die evangelikaliese spiritualiteit met sy metodistiese en revivalistiese botone. Laasgenoemde openbaar 'n neiging in die rigting van die "entoesiastiese" wat met name in die lied, gebed en prediking van die NGK na vore kom (Jonker 1989: 291).[2] *Bevatlikheid* omskryf die toeganklikheid van die liedere vir die lidmate, terwyl *Fokus* weer eens dui op die mens- of Godgerigtheid van die tekste. *Perspektief* staan in verband met die basis waarop daar ten gunste van of teen die bundel geredeneer word, terwyl *Sinodale besluite* dui op die amptelike beleid soos bepaal deur die Algemene Sinode van die NGK. *Sentiment* dui op standpunte wat hoofsaaklik op gevoelens en nie op die rede berus nie, *Musikale meriete* dui op aspekte wat met suiwer musikale kwaliteit te make het, *Weerstand teen hoë standaarde* fokus op standpunte van diegene wat in opstand is vanweë die persepsie dat die amptelike kerklied deur "hoë" musici alleen bepaal word, terwyl *Skriftuurlikheid* dui op die Skrifgebondenheid van die tekste. *Beredenering* stel ondersoek in na die *Objektiwiteit* of *Subjektiwiteit* waarmee 'n standpunt beredeneer word (met ander woorde, of daar 'n bepaalde objektiewe afstand in die redenasie te bespeur is, en of dit slegs 'n eensydige en emosionele betoog is waarin persoonlike gevoelens deurslaggewend is. Hierdie konsepte is binne die konteks van die studie gekwantifiseer deurdat alle briewe waar die helfte of

---

hierdie verband ook die verwysing onder 2.1). Hierdie tipe godsdiensbelewing sluit ten nouste aan by die beginsels onderliggend aan die amptelike kerklied van die NGK.

[2] Strydom (1994: 96) omskryf die **piëtisme** as 'n spiritualistiese vroomheidsbeweging wat hom beywer vir die individuele godsdienservaring téénoor die verstandelike denke. Die klem verskuif hierby op 'n eensydige wyse vanaf die objektiewe Skrifwoord na die subjektiewe, eie belewenis.

méér van die totale aantal argumente subjektief was, die brief as *subjektief* geklassifiseer het, terwyl alle briewe waar die totale aantal objektiewe argumente die helfte of méér was, as *objektief* geklassifiseer is). *Outoriteit* verwys na die status van die skrywer, of die gesag waaruit hy redeneer. Hier dui *Amptelik: kundige 1* op 'n persoon wat beide teologies en kerkmusiekwetenskaplik op deskundige vlak geskool is, en wat in 'n amptelike hoedanigheid aan die polemiek deelneem, met ander woorde, die persoon is 'n lid van 'n amptelike kommissie van die NGK. *Amptelik: kundige 2* dui op diegene met teologiese opleiding, dit wil sê alle predikante en ander ampsdraers; *Lidmaat: kundige 1* op 'n kerkmusiekdeskundige wat nie-amptelik aan die polemiek deelneem; *Lidmaat: kundige 2* op 'n praktiserende kerkmusikus (orrelis) of ander professioneel opgeleide musikus, en *Lidmaat: leek* op diegene met geen teologiese of (kerk)musikale opleiding nie, dit wil sê gewone lidmate. Die identifikasie van die briefskrywers is tot groot mate deur die korrespondensie self gefasiliteer, hetsy deur middel van die inhoud van die brief (skrywers verklaar in die meeste gevalle die aard van hul betrokkenheid by die kerklied), of deur middel van die naam en titel van die briefskrywer (bv. leraars as "ds", ens), terwyl die betrokke kommissielede bekend gemaak is deur middel van (onder meer) die voorwoorde tot die onderskeie bundels.

*Oorsprong van kommunikasie* het te make met die omstandighede wat die briefskrywer daartoe genoop het om tot die polemiek toe te tree, waarby *Beleidsveranderinge* alle amptelike sinodale besluite aandui, en *Reaksie op polemiek* die reaksie op polemiek in *Die Kerkbode* is. *Tydvak* dui bloot op die reeds genoemde historiese tydvakke rondom die Halleluja, Psalm- en Gesangbundel, en die twee Jeugsangbundels, waarby 1959-1965 bekend sal staan as *Tydvak 1*.


Ten opsigte van *Tydvak 1, 2 en 3* word die twee hoofkategorieë *Ten gunste van* en *Gekant teen* elke keer as **twee aparte groepe** by die ontleding behandel, omdat die twee rigtings uiteenlopende en basies onversoenbare ideale en sienswyses verteenwoordig. Hierdie gegewens word weergegee in Tabel 1(b). Daar word egter wel in Tabel 1(a) voorsiening gemaak vir 'n meer oorsigtelike benadering deurdat hierdie tabel die twee hoof-onderverdelings se data as 'n eenheid presenteer. Verder moet daarop gewys word dat persentasies in die tabel nie presies op 100% te staan kom nie, maar in sommige gevalle net onder of bokant 100% is.

## 4.4 VERSPREIDING VAN SENTIMENTE: HALLELUJABUNDEL

Voorstelling 1(a)

Algemene siening tov die Hallelujabundel

| Sentiment | N | % |
|---|---|---|
| Gekant teen Hallelujabundel | 16 | 36,4% |
| Ten gunste van Hallelujabundel | 28 | 63,6% |
| TOTAAL | 44 | 100 |



Voorstelling 1(b)

Verspreiding van sentimente rondom die Hallelujabundel

| Kategorieë van sentimente H | Gekant teen H | | Ten gunste van | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| **Gekant teen Halleluja** | | | | |
| Gereformeerde karakter | 10 | 62,5 | | |
| Eén bundel | 2 | 12,5 | | |
| Fokus | 4 | 25 | | |
| **TOTAAL** | **16** | **100** | | |
| **Ten gunste van Hallelujabundel** | | | | |
| Piëtistiese vroomheidsheimwee | | | 20 | 72,5 |
| Twéé bundels | | | 4 | 14,2 |
| Fokus | | | 4 | 14,2 |
| **TOTAAL** | | | **28** | **100** |
| **Perspektief** | | | | |
| Sinodale besluite | | | 1 | 3 |
| Musikale meriete | 2 | 12,5 | | |
| Skrifgebondenheid | 14 | 87,5 | | |
| Sentiment | | | 22 | 79 |
| Weerstand hoë standaarde | | | 5 | 18 |
| **TOTAAL** | **16** | **100** | **28** | **100** |
| **Beredenering** | | | | |
| Subjektief | 6 | 37 | 25 | 89,2 |
| Objektief | 10 | 63 | 3 | 10,7 |
| **TOTAAL** | **16** | **100** | **28** | **100** |
| **Outoriteit** | | | | |
| Amptelik: kundige 1 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Amptelik: kundige 2 | 6 | 37,5 | 6 | 21,4 |
| Lidmaat: leek | 4 | 25 | 21 | 75 |
| Lidmaat: kundige 1 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Lidmaat: kundige 2 | 6 | 37,5 | 1 | 3,6 |
| **TOTAAL** | **16** | **100** | **28** | **100** |

| | Gekant teen H | | Ten gunste van H | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| **Oorsprong van kommunikasie** | | | | |
| Veranderinge in beleid | 0 | 0 | 4 | 14 |
| Reaksie op uitsprake/polemiek | 16 | 100 | 24 | 86 |
| **TOTAAL** | **16** | **100** | **28** | **100** |

## 4.5 HOOFSENTIMENTE RONDOM DIE HALLELUJA: BESPREKING

### 4.5.1 *Gekant teen Halleluja*

Soos vermeld onder 1.5 is die grondmateriaal geselekteer volgens die intensiteit en verspreiding waarmee dit met betrekking tot die onderskeie bundels verskyn het. Die uitgawe van die hersiene Hallelujabundel gedurende 1960 het uitgebreide polemiek in **Die Kerkbode** tot gevolg gehad wat uiteindelik oor 'n hele aantal jare gestrek het. Dit was dus 'n logiese keuse om hierdie briewe as geheel te ontleed, veral aangesien dit die laaste uitgawe van die bundel was en hierdie tydperk ook die uitgawe van die hersiene Psalm- en Gesangboek (1978) voorafgegaan het. Wat betref hierdie tydvak (**Tydvak 1**) is 44 briewe ter sake waarby 16 briefskrywers *Gekant teen die Halleluja* (36,4%) en 28 (63,6%) *Ten gunste van die Halleluja* standpunt inneem (sien Voorstelling 1(a) onder 4.4).

- *Gereformeerde karakter*

'n Analise van die standpunte onder *Gekant teen die Halleluja* bring aan die lig dat die behoud van die *gereformeerde karakter* van die kerklied vir 62,5% briefskrywers as vernaamste maatstaf van beoordeling geld. Op grond hiervan pleit hulle nie alleen vir die instandhouding en uitbreiding van die Psalm- en Gesangbundel nie, maar word die rol wat die Hallelujabundel in hierdie stadium in die NGK speel, bevraagteken en ook betreur. Die teenstand teen die Hallelujabundel spruit in die meeste gevalle daaruit dat dit volgens diegene wat teen dié bundel gekant is, *onskriftuurlikhede* bevat wat nie versoenbaar met die gereformeerde belydenis van die kerk is nie. Terwyl diegene wat vir die Halleluja pleit, juis aanvoer dat die Psalms en Gesange "te moeilik" is, ontbreek dit nie onder diegene wat ten gunste van die amptelike kerklied is, aan die wilskrag om die "moeiliker" Psalms- en Gesange te

bemeester nie, veral omdat hierdie groep lidmate die Psalm- en Gesangbundel direk in verband met hul belydenis bring: "Sonder om die sentiment van 'n ouer groepie lidmate te minag, moet ons bereid wees om weg te breek van die weg van die minste weerstand en dit met die nodige moed en grootmoedigheid. Ons het seker darem nog die geestelike krag om, wat die kerklied betref...ver uit te styg bokant die liederegroep wat die Pinksterbewegings hoofsaaklik goedkeur, afgesien nou van die wyer keuse wat hulle goedkeur. Indien nie, sou dit 'n erkenning wees van veels te min reformatoriese en lerende krag, en dit nogal in die oudste gereformeerde kerk in ons land" (Lombard 1961: 241). Dieselfde trant blyk uit die volgende uittreksel: "Die stelling dat die hallelujaliedere baie gebreke *gehad het* is eufemisties. Hulle *het* nog steeds baie gebreke; baie se inhoud is nog steeds onskriftuurlik en met ander se wysies skort nog steeds iets. Wat voorheen as swak, onskriftuurlik en verkeerd uit die Hallelujaboek geweer is, het in die jongste uitgawe teruggekeer, met mening! Die inhoud van die Psalm- en Gesangboek is beslis baie wyd om uitdrukking te gee aan die behoefte van die hart; baie wyer as wat ons dink. Maar ons kén nie sy trefwydte nie; ons volg so maklik die weg van die minste weerstand om ons behoefte "hallelujaderwys" te bevredig. Niks wat werklik die moeite werd is om te verkry en te bewaar, is nog ooit sonder arbeid en stryd verkry en behou nie" (Fölscher 1961: 558). Hierdie verband tussen die kerk se aard en belydenis en die karakter van die kerklied kom ook in die volgende sterk na vore: "Ek beklemtoon dat wat ons sing, met ons belydenis moet ooreenstem, anders sing ons naderhand net wat vir ons mooi en lekker en stigtelik is, en ons weet nie wat ons glo of bely nie" (Bester: 1962: 864).

Die oortuiging dat die gereformeerde erfenis deur middel van die onskriftuurlike element in die Halleluja's bedreig word, voer die debat wat hierdie kategorie betref

met die loop van tyd tot by 'n breekpunt: "...ons vergeet so maklik dat die erfenis van 'n Gereformeerde godsdiens dit van elkeen van ons vra om oor die waarheid en suiwerheid van ons godsdiens te waak...sonder om te verwond, is dit vir my 'n baie ernstige vraag of die kerk die Skriftuurlikheid van die Halleluja deurgaans kan handhaaf en of die kerk al in verantwoordelikheid voor God en sy Woord eerlik gepoog het om die Halleluja reël vir reël aan die Woord en die konfessie te toets. Het ons waarlik die Gereformeerde pad bewandel of het ons toegelaat dat die willekeurigheid van die liberalisme ongemerk 'n kerklike tuiste gevind het?" (Van Loggerenberg 1962: 303). Daarteenoor dui die emosionele reaksies van lidmate uit die *Ten gunste van Halleluja* kategorie op die diepe kloof tussen die voor- en teenstanders van die amptelike kerklied: "Ds. v. L. skryf in sy slotparagraaf dat hy nie graag veroordeel en wonde slaan nie, en dit is presies wat hy doen deur die harde dinge wat hy sê teen die Halleluja. Dis soos 'n roof wat telkemale weer afgekrap word en die wond laat bloei" (Hay 1962: 617). 'n Ander korrespondent skryf: "Ds. van Loggerenberg het diep wonde geslaan dwarsdeur die land. Ons is oortuig dat as die saak tot stemming sou kom, hy dan eers sou besef hoe ver sy oortuigings tekortskiet" (Van Schalkwyk 1962: 511). Die debat rondom spesifieke onskriftuurlikhede word onder **Perspektief** in meer detail ontleed.

### 4.5.2 *Ten gunste van Halleluja*

'n Ontleding van die standpunte van alle korrespondente wat by die polemiek betrokke was, toon dat 'n meerderheid van 63,6% **ten gunste van die Hallelujabundel** pleit (sien Voorstelling 1(a) onder 4.4).

- *Piëtistiese vroomheidsheimwee*

Die argumente van bogemelde lidmate berus op 'n sentiment wat die beste as 'n "*piëtistiese vroomheidsheimwee*" beskryf kan word (sien die verduideliking onder 4.3.2). Voorbeelde hiervan blyk duidelik uit sinsnedes van briefskrywers ten gunste van die Halleluja: "Ten spyte van die beweerde twyfelagtige herkoms van baie van hul wysies en van hul bewoording wat nie juis as "statig-kerklik" beskou kan word nie, het hulle altyd vir my en duisende ander 'n bekoring gehad wat ons siele diep geroer het. En vandag nog oefen hulle 'n diep geestelike invloed uit by die sing daarvan. Hierdie aansteeklike en gewyde stemming word nie altyd ondervind by die sing van ons Psalms en Gesange nie, en aangesien so baie van hulle feitlik renteloos plek opneem (omdat hulle seker nie in die smaak van die meeste gemeentes val nie) kan hulle gerus plek maak vir meer aantreklike liedere uit ander bronne" (""n Ou Vader": 1959: 1073). Dit is veral opvallend dat hierdie "vroomheidsheimwee" rondom die Halleluja feitlik sonder uitsondering 'n sterk *bekeringskrag* aan die Halleluja toeskryf: "As meer as een verlore mens Christus gevind het deur 'n eenvoudige dog deurslaggewende Hallelujawysie, is ons God dankbaar, of dit sentiment is of nie!" (Rheeder 1959: 995) en : "Ons vra dat die Sinode sal voortgaan om 'n nuwe Halleluja, met die ou wysies terug, uit te gee. Dink asb. aan die duisende lede van ons kerk wat dit innig verlang. Dit verbaas my altyd dat van ons leiers hulle so kan bekommer oor wat ons sal sing en wat ons nie sal sing nie, maar aan ons siele word so weinig gedink" (""n Getroue lidmaat" 1959: 1119).

Dit is uit bostaande aanhalings duidelik dat die bogemelde "bekerende werking" van die Halleluja nie ten opsigte van die Psalm- en Gesangbundel ervaar word nie. Ook word 'n sekere intellektuele eenvoud aangetref in heelwat van die pleitdooie vir die Halleluja: "Ag, ons

werk is tog so onvolmaak dat selfs baie van ons Psalms se wysies vir die arme leke soos ek nog onsingbaar is, omdat hulle net nie my snode sondaarsiel kan ontroer om uit te breek in jubelsang nie." In soortgelyke trant skryf dieselfde korrespondent: "Baie oomblikke is die inhoud van die Psalm- en Gesangboek nie wyd genoeg om uitdrukking te gee aan die behoefte van die hart, wanneer die siel by spesiale oomblikke naby aan Sy Verlosser kom nie. Baiemaal hunker die hart om eg kinderlik, eenvoudig uiting te gee aan die vreugde om Jesus te ken. Daar is sulke liedere buite die Psalmboek wat hulle daartoe leen, juis om hulle eenvoud van gedagte en melodie" (Cilliers 1961: 56). Hierdie "nietigheid" in die godsdienstige ervaring hang dan ook ten nouste saam met die strelende en bekerende krag van die liedere: "Laat die mens maar liewer kom "net soos hy is - onvoorbereid", voor die Here erken "ek is so swak, so hulpeloos", die Here vra om "sy hand te hou" en by hom te bly "terwyl die donker nag al digter word". Dit is hoe ek graag na die Here se huis gaan - nederig, klein, nietig, en ek glo dat die Here dit so begeer" (Gerber 1962: 444). Die verlange om die krag van die evangelie as "eenvoudige sondaar" aan te neem is ook onderliggend aan die volgende : "...dis m.i. juis die groot verdienste van ons Hallelujabundel, dat dit so streng evangelies is, dat die verlossingsboodskap van die kruis en die bloed van die Here Jesus daar so buitengewoon na vore kom, dat so baie liedere 'n uitnodiging aan sondaars bevat om hierdie evangelie aan te neem. En dis juis hierdie evangeliese stempel wat die Halleluja-bundel sy groot aantrekkingskrag vir baie van ons lidmate gegee het. Hulle is nie te onontwikkeld om goeie musiek of treffende berymings te waardeer nie. Maar hierdie dinge kon hulle siele nie geestelik voed nie" (Rossouw 1962: 615).

Dit is duidelik dat die bekerende krag van die Halleluja wat die kategorie van die *Piëtistiese vroomheidsverlange* betref, in die eerste plek in die sterk aanspraak daarvan

op die **emosie** gevind word. Dit gaan dus nie slegs om die emosies rondom die uitfasering van die bundel of teenstand teen die amptelike lied alleen nie - dit is dus nie bloot "'n stryd om die bundels" nie - maar is bepaald ook verbonde aan 'n **bepaalde tipe godsdiensbelewing** en die regverdiging daarvan: "En is die emosionele as sodanig sondig? Gryp die ware godsdiens nie die *hele* mens aan nie, ook in sy emosies?" (Herholdt 1962: 786).

Die analise van uitsprake deur diegene wat *ten gunste van* en *gekant teen die Hallelujabundel* is, bring dus twee duidelik waarneembare "kante" aan die lig. Hierdie "tweespalt" word, aan die een kant, deur meer as een van die korrespondente geïnterpreteer as 'n skeiding tussen die intellektueel *meer* en die intellektueel *minder* ontwikkeldes. Hoofkategorie 5 op die tabel (*Outoriteit*) dui ook inderdaad 'n belangrike verskil van standpunt tussen "intellektuele" en "leke" aan. Dit is opmerklik dat die "leke" 56,8% van alle korrespondente uitmaak, teenoor die 43,1% van die "kundiges". 'n Baie belangrike feit is egter dat daar nòg uit die kategorie *amptelik kundige 1*, nòg uit die kategorie *lidmaat kundige 1* (kategorieë wat op werklike ekspertise op die gebied van kerkmusiek dui) enige briefskrywers na vore getree het.

Daar is diegene wat pleit vir 'n versoenende houding tussen die intellektueel "meerderes" en "minderes" op grond van die oorweging dat hierdie skeiding tog beslis nie eendag in die hiernamaals sal geld nie: "Laat ons maar die twee skole van gedagtes ...laat saamsmelt in een groot gewyde musiekpoging, wat die Here dan sal gebruik om vir geleerdes en sagmoediges...nader te bring na Hom wie se aangesig ons altyd soek. Daar sal tog nie geleerde en in-die-straat lidmate in die hemel wees wanneer die tyd aanbreek nie" (Webb 1965: 474).

Aan die ander kant gaan dit in hierdie konflik beslis ook om **twee verskillende tipes godsdienstigheid**, 'n feit wat

duidelik deur die volgende korrespondent gediagnoseer word: "...ek het lankal uitgevind dat die voorstanders en teenstanders van die Halleluja die godsdiens vanuit verskillende hoeke sien" (Hay 1962: 617).

Dit is dus alleen logies om te konkludeer dat dit binne hierdie eerste kategorie veral gaan om 'n konflik tussen die lidmate wat sterk voel oor hul *gereformeerde erfenis*, en dié wie se godsdienservaring onder die sogenaamde *piëtistiese vroomheidsheimwee* sorteer, terwyl 'n verskil tussen "intellektuele" en "leke" 'n verdere skeidende faktor verteenwoordig.

- *Eén amptelike bundel versus twéé*

Die tweede aspek ter sprake onder beide die kategorië ***Gekant teen*** en *Ten gunste van die Halleluja* is die kwessie rondom één amptelike bundel vir die NGK. In die historiese oorsig (3.2.6) is vermeld dat daar tydens die vergadering van die Algemene Sinode van 1962 besluit is dat die NGK slegs één amptelike sangbundel vir gebruik in die erediens sou hê, naamlik die Psalm- en Gesangeboek. Slegs 12,5% van die lidmate uit die kategorie *Gekant teen Halleluja* verdedig die amptelike bundel egter vanuit hierdie standpunt, hoewel hulle nie noodwendig daarteen beswaar het dat sodanige bundel wel 'n seleksie van Halleluja's mag bevat, of dat 'n hersiening van die bestaande Psalm- en Gesangbundel nodig is nie: "Ek stem saam...dat daar slegs één bundel of Kerkboek, behoort te wees. Dit sal die Psalms insluit, ook dié Gesange wat musikaal, digterlik en aktueel die moeite werd geag word, asook liedere uit ons Halleluja sowel as nuwe vondse wat aan die nodige vereistes voldoen" (Wilanders 1962: 55).

By lidmate wat onder *Ten gunste van Halleluja* resorteer is kwessies rondom hierdie aspek slegs deur 12.5% opgehaal, en dan in dié opsig dat hulle sterk voel oor die Halleluja as meer bevatlike, alternatiewe bundel.

Die trant van hierdie groep se redenasies is egter baie meer emosioneel gekleur en aansienlik minder verdraagsaam: "Om...te beweer dat net Gesange en Psalms by volwaardige eredienste gesing *mag* word, is seker weer om slimmer te wees as die Skrif self. Ek lees nêrens van so 'n bepaling in die Heilige Skrif nie" (Cilliers 1961: 56). Of: "As kind het ek grootgeword met psalms en gesange in die kerk en soggens en saans by die huisgodsdiens. Maar by die Sondagskool, en ook Sondagnamiddag by die huis, het ons uit die Halleluja gesing. Altwee bundels was goed bekend en gelief. Is daar nie in ons kerk plek vir albei nie? Is ons godsdiens nie ruim genoeg vir albei nie? Het ons hier een instrument te veel om God te loof?" (Van der Westhuizen 1961: 367). Die meeste van die redenasies steun ook op die "bevatlikheid" (groter toeganklikheid) van die Halleluja as "tweede" bundel: "...die Hallelujalied, (val) meer as enige ander kerklied binne die bevatlikheid van die jong kind en die minder ontwikkelde lidmaat. Dit spreek tot hulle harte soos byna geen ander kerklied nie" (Botha 1962: 692). Ook hier loop die emosies hoog: "'n Mens voel lus om te vra: maar was die betrokke denkrigting se mense dan nooit kinders nie? Is hulle volwasse gebore en was hulle smaak en bevatlikheid dan so, moet 'n mens sê, gemaak dat dit nooit die behoefte bevat het aan die kinderkos wat die Hallelujaboek bevat nie?" (Cilliers 1961: 56).

Hoewel die kwessie van één bundel nie deur baie korrespondente opgehaal is nie, is dit veral vir die groep wat **ten gunste van die Halleluja** pleit, 'n heel emosionele saak. Vir diegene wat teen die bundel gekant is, lê 'n oplossing in die moontlikheid om die beste seleksie liedere uit die **Halleluja** te kombineer met die **Psalm- en Gesangboek** en so een gesamentlike sangbundel tot stand te bring. Die eerste groep, daarenteen, voer aan dat albei bundels wel met sukses aanvullend tot

mekaar aangewend kan word, veral omdat dit in die verlede so gedoen is, en met veel geestelike seën.

- *Fokus (teosentries/antroposentries)*

Standpunte rondom die *fokus* van die twee sangbundels is onderskeidelik deur 25% **behoudende** en 14,2% **afwysende** korrespondente na vore gebring. *Fokus* ondersoek in hierdie geval die Godgerigtheid/mensgerigtheid van die liedere: sentreer dit om God (teosentries), of gaan dit suiwer om die mens en sy gevoelens (antroposentries). In hierdie kategorie is die vraagstuk rondom fokus in elke geval deur diegene wat teen die bundel gekant is, as deel van hul kritiek teen die Halleluja's opgehaal. Daarteenoor het diegene ten gunste van die Halleluja op hierdie kritiek gereageer en probeer aandui dat daar ook Halleluja's is waar God in die middelpunt staan. Die volgende twee uittreksels uit briewe skets hierdie situasie: "Wat die versinhoud betref, kan u, as u die twee sangbundels vergelyk, opmerk dat die Psalms en Gesange die Here as middelpunt het en die Hallelujaliedere daarenteen die mens. Die belangrikheid van die sondaar oorskadu die verlossingskrag van 'n heilige God aan wie al die eer moet toekom; bv. 'ek is so swak, so hulp'loos' en: 'hou U my hand terwyl die nag al digter word'. Hoe kragtig daarenteen die woorde van Psalm 150: 'Loof God, loof Sy Naam alom, Loof Hom in Sy Heiligdom, Loof die Heer se grote mag in die hemel van Sy krag' - ens." (Esterhuysen 1962: 820). Hierop word soos volg gereageer: "Dat in die Hallelujalied die mens gedurig op die voorgrond is, soos mev. A.M. Esterhuysen ook beweer, is 'n onjuiste verklaring. Kyk maar na No. 11: 'Hy is Koning', Nos. 106, 131, 184, 177 en baie ander. Stel daarteenoor Ges. 23, die uiters onpoëtiese Ges. 60 met sy walstyd, en ook Ges. 182 wat melding maak van die 'kroon' wat ek in 'Daar's 'n dierbare kruis' nie mag besing nie" (Van der Westhuizen 1962: 99).

'n Verhelderende insig insake hierdie geskilpunt kom na vore in die bydrae van 'n korrespondent uit die groep wat ten gunste van die amptelike kerklied is: "...die psalms (is) *oorwegend* teosentries ingestel, d.w.s. dat God in die psalms 'n sentrale plek inneem, soos dit bv. blyk uit die woorde: 'Loof God omdat hy goed is'; 'Prys die Heer met blye galme'; 'Die Heer is groot'; 'Die Heer sal opstaan tot die stryd', ens. (Die Gesange is) op hul beurt as Nieu-Testamentiese liedere weer *hoofsaaklik* Cristo-sentries ingestel. In ons Gesange is Christus Jesus weer die "Middelpunt van ons verlange". Daarvan getuig woorde soos: 'Liewe Jesus sien ons saam'; 'Heil'ge Jesus my ten lewe'; 'Ek het Jesus lief'; 'Jesus neem die sondaars aan', ens. In teenstelling hiermee is die Hallelujaliedere kragtens hul Metodistiese oorsprong weer hoofsaaklik antroposentries, d.w.s. met die mens as middelpunt, saamgestel. God die Here en onse Here Jesus beklee sekerlik ook 'n vername plek in sekere van die Hallelujaliedere, maar in verreweg die meeste tree die mens en sy geestelike belange op die voorgrond..." (Loots 1965: 377).

### 4.5.3 *Perspektief*

- *Skrifgebondenheid*

Wat hierdie kategorie betref, redeneer 'n persentasie van 87,5% van die *Gekant teen Halleluja*-groep vanuit die perspektief van die ***Skriftuurlikheid*** van die liedere ('n kwessie wat uiteraard ten nouste saamhang met die gereformeerde karakter van die kerk). Onder diegene *ten gunste van die Halleluja*, is hierdie oorweging slegs deur 18% na vore gebring, en wel uitsluitlik as reaksie op die besware van die behoudende groep. Tekenend van die laasgenoemde faksie se besware is veral 'n eksegetiese bevraagtekening van Hallelujatekste wat aanstoot gee, asook 'n fokus op die onderliggende teologiese grondslae (Van Loggerenberg 1962: 303):

"(a) Is dit vir ons moontlik om die valse idealisme van die verdienstelikheid wat deur lied 234 voorgedra word, met 'kapittel en vers' te bewys? Word die volkome en vrymagtige genade van God nie deur 'n verkeerde beklemtoning van die dankbaarheid in die skadu gestel nie...en sal die mens ooit anders as 'met leë hande' gaan?

(b) Kan ons die Skriftuurlikheid van die uiters populêre lied 336 met 'kapittel en vers' bewys? Waar staan dit in die ewige Woord van God: 'Ja, die kindergesiggies, soos die sterre se liggies, is die helmelse pêrels vir Jesus se kroon?'. Het die oordrewe Metodisme ons nie miskien hier met 'n stuk humanistiese godsdiens gevang nie? Hoe durf ons in die lig van die Doopsbelofte ons kinders met so 'n sentimentele vervlakking in die godsdiens voorgaan?

(c) Is die vertolking van die soenverdienste van Jesus in lied 80 in orde? Die sentimentele melodie, en die bewoording wat die vloekhout as ''n dierbare ou kruis' vooropstel...verlê die klem", ensovoorts.

Dit is egter duidelik dat die kamp *ten gunste van die Halleluja* dieselfde tekste heelwat anders interpreteer: "Hy (ds. van Loggerenberg) skryf van 'n 'valse idealisme' wat hy in die lied sien. Ek vind geen spoor daarvan in die lied nie. Inteendeel, die hele lied se inhoud is gebaseer op die eg Skriftuurlike gedagte van siele wen vir God terwyl dit nog die welaangename tyd is..." (Hay 1962: 616) Terwyl die gemoedere veral aan die "afwysende" kant hoog loop rondom hierdie kwessie, is daar tog ook soms humor te bespeur: "Waar wil 'n mens 'n lied hê wat meer deurspek is met beeldspraak van heidense oorsprong as no. 458? Oorkant watter water is die hemel geleë - is die bewoners daarvan op die Babiloniese 'eiland van geluksaliges' aan die mond van die Eufraat? Is ek seker dat die bemindes daar so reikhalsend '*op my wag*'? Dan '*sien*' ek hulle nogal wag op my! Vader en moeder is albei(!) al 'veilig' daar(!), seker omdat hulle 'skuitjie' nie op die Nyl of Styx (volgens Egiptiese of Griekse mitologie) omgeslaan het toe hulle 'oorkant toe gevaar het nie!' (Respondeo 1962: 585).

Dit is duidelik dat daar wat die kwessie van Skriftuurlikheid betref, 'n baie diep kloof tussen die

twee partye bestaan en dat dieselfde tekste geheel en al verskillend beleef en geïnterpreteer word.

- *Sentiment*

Onder respondente *ten gunste van die Halleluja* blyk *sentiment* die grootste oorweging te wees wat die perspektief van die skrywers betref. Hierdie ingesteldheid hang uiteraard ten nouste saam met die *piëtistiese vroomheidsheimwee* (hoofkategorie 2 in die tabel). Enkele voorbeelde van hierdie "sentimentele heimwee" na die Halleluja toon 'n sterk persoonlike en subjektiewe aanslag: "Lank laaste was ek meer teleurgesteld met 'n artikel in **Die Kerkbode** as met die een oor die uitbreiding van die Gesange. Vir my was dit net 'n poging om die Hallelujaboek te smoor. Dit het my teruggeneem na die jaar 1897, toe ek op skool was op Wellington en een van ons seuns verdrink het in die Bergrivier. Hoe roerend was dit om te kon sing: 'Veilig in Jesus armen'" (Stegmann 1959: 1029). Nog 'n korrespondent skryf: "Hoe dikwels wil ons nie hard uitsing nie, en dan slaan ons oop by lied 181 en daar kom 'n stilte in ons siel - die Here het gehoor en jy sing: 'Saggies en teer'. Met verwysing na lied 336, is my bede steeds dat die Here 'n ou grysaard soos ek sal aanskou as 'n 'kindergesiggie wat 'n pêrel mag vorm in Jesus se kroon'" (Van Schalkwyk 1962: 819). In sommige van die opmerkings is daar selfs 'n verskuilde agressiwiteit aanwesig: "Die ewigheid sal eendag openbaar wat die Halleluja tot stand gebring het" (Botha 1962: 692).

- *Sinodale besluite*

Dit is opvallend dat slegs 3% van die afwysende briefskrywers vanuit 'n perspektief rakende **Sinodale besluite** reageer, aangesien hierdie besluite immers juis die beleidsveranderinge rondom die uitfasering van die Halleluja voorafgegaan het.

- *Musikale meriete*

Ook die kwessie van *Musikale meriete* skyn in hierdie stadium van ondergeskikte belang te wees (slegs 12,5% van diegene wat die amptelike kerklied voorstaan). 'n Mens sou inderdaad kon verwag dat meer lidmate hieroor besorg sou wees, veral aangesien een van die hoofpunte van kritiek téén die Hallelujabundel juis die musikale minderwaardigheid van die melodieë was.

- *Weerstand teen hoë musikale standaarde*

Weerstand téén hoë musikale standaarde daarenteen kom na vore in 18% van die briewe van korrespondente ten gunste van die Halleluja. Hier word weer eens in sommige gevalle 'n bepaalde "minderwaardigheid" in die trant van die skrywers aangetref (vergelyk met die data onder 4.5.2): "Is dit dan 'n sonde om eenvoudig en minder geleerd en minder kunssinnig te wees as ander mense? Ons het nie almal ewe veel talente ontvang nie, ons is nie almal in staat om selfs die korale van die gangbare Psalmbundel te waardeer nie. Die meerderheid is nie daartoe in staat om die smaak en kleur en intonasie en al die geleerde dinge van die kerklike korale te begryp nie" (Cilliers 1961: 56). Sommige loods 'n aanval op die musiek van die "ou meesters": "Ons is nie almal opgelei in die musiek van die ou meesters nie, met die gevolg dit hou vir ons maar min in omdat ons dit nie verstaan nie. Maar die eenvoudige lied verstaan ons want dit kom in alle eenvoud na ons..." (Theron 1962: 99). Een van die bejaarde korrespondente voel dat die hele kwessie rondom die Halleluja 'n kwessie van standaarde is: "My beskeie mening is dat 'n te hoë prys geëis word vir 'n te hoë musikale standaard by ons kerkdienste. Ek kan my nie een van Billy Graham se opwekkingsdienste, wat deur duisende bygewoon word, voorstel waar op "statig-kerklike" manier gesing word nie" ("'n Ou Vader" 1959: 1073).

### 4.5.4 *Beredenering*

Wat betref die subkategorieë *Subjektief* en *Objektief* insake die wyse van *beredenering*, word hier volstaan deur daarop te wys dat die toon en aanslag van die oorgrote meerderheid van die briewe (89,2%) subjektief tot uiters subjektief van aard is. Hierdie persentasie sluit skrywers uit beide die groepe in. Dit is egter betekenisvol dat die 10,7% briefskrywers wat as *Objektief* geklassifiseer is, almal uit die groep *Gekant teen Halleluja* afkomstig is. Briefskrywers uit hierdie groep, hoewel subjektief, was oor die algemeen heelwat meer beheers en beredeneerd as dié uit die kamp wat *ten gunste van die Halleluja* staan, 'n seker teken dat 'n bepaalde godsdienstige tipe ook met 'n bepaalde persoonlikheidstipe saamhang. Die voorafgaande aanhalings uit die briewe (4.6.1 - 4.6.3) is 'n duidelike weerspieëling van bogemelde tendense, sodat dit nie nodig geag word om bykomende voorbeelde in dié verband te siteer nie.

### 4.5.5 *Outoriteit*

'n Ontleding van die data in hierdie kategorie is nie maar net blote statistiek nie, maar 'n belangrike aanduiding van die outoriteit van die persone wat gedurende die duur van die polemiek uitsprake oor die kerkmusiek gemaak het. Dit is opvallend dat daar 'n geweldige gebrek aan deelname van kundiges uit die kategorie *amptelik kundige: 1* uit hierdie analise blyk. Wat beide groepe betref, is daar geen deelname van enige persoon wat deskundig ten opsigte van beide die kerkmusiek en teologie geskool is nie. In die groep wat *gekant teen die Halleluja* is, vorm die aantal teologies geskoolde amptelikes 37,5% teenoor 31,2% musikaal geskoolde lidmate, terwyl leke-lidmate slegs 25% verteenwoordig.

In die groep *ten gunste van die Halleluja* het slegs één musikaal geskoolde lidmaat gewaag om sy stem laat hoor, terwyl leke hier heelwat meer vrymoedig was (50%). Die teologies geskoolde amptelikes kom in hierdie kategorie op 21,4% te staan.

Dit is belangrik om te besef dat, wat beide groepe betref, die kategorieë *Amptelik: kundige 2* en *Lidmaat: kundige 2* dui op persone met óf teologiese, óf kerkmusikale opleiding. Aangesien hierdie persone in beide gevalle egter nie spesialiste op die gebied van beide die teologie én die kerkmusiek is nie, berus hul redenasies óf op eensydige teologiese uitsprake, óf op musikale oorwegings wat dikwels nie in die eerste plek op die voorwaardes vir die kerklied afgestem is nie. Dit is ook interessant dat die aantal leke uit die groep wat ten gunste van die amptelike lied is, baie kleiner is as dié uit die groep ten gunste van die Halleluja (25% teenoor 75%). Dit wil dus lyk asof hierdie "lekegroep" veel groter vrymoedigheid het om te kenne te gee wat hulle behoeftes rondom die kerklied is. Verder dui die data op 'n besliste kloof tussen die gewone lidmate en die sogenaamde "musiek-teologiese intelligentsia", 'n tendens wat suggereer dat beslissings rakende die kerklied deur 'n klein minderheidsgroep gemaak word, terwyl die groter gros lidmate hulle dikwels nie daarmee kan versoen nie.

### 4.5.6 *Oorsprong van kommunikasie*

By die groep *Gekant teen Halleluja* verteenwoordig die polemiek 100% reaksie op ander briewe/artikels teenoor 86% met betrekking tot die groep *ten gunste van Halleluja*. Slegs 14% lesers uit laasgenoemde groep het gereageer op beleidsaanpassings rakende die kerklied.

### 4.5.7 *Tydvak*

Al 44 briewe wat in die voorafgaande analise bestudeer is, kom uit **Tydvak 1**, naamlik 1959-1965.

## 4.6 DIE PSALM- EN GESANGBUNDEL: DATA-ANALISE

Die tydvak ten opsigte van hierdie grondmateriaal is 1975-1985, met ander woorde die tydperk rondom die publikasie van die nuwe Psalm- en Gesangbundel in 1978.

### 4.6.1 Kategorieë vir sentimente

Die volgende kategorieë is vasgestel met die oog op die ontleding van die briewe:

- ***Ten gunste van die Psalm- en Gesangbundel***

- *Gereformeerde erfenis*
- *Sinodale opdrag*
- *Gevaar van sektarisme*

- ***Gekant teen die Psalm- en Gesangbundel***

- *Weerstand teen Psalm- en Gesangbundel*
- *Arbitrêre optrede*
- *Verlange na Halleluja*

- ***Perspektief***

- *Weerstand teen verandering*
- *Weerstand teen hoë standaarde*
- *Onbevatlikheid*
- *Musikale meriete*
- *Skrifgebondenheid*
- *Geestelike volwassenheid*

- ***Bykomende oorwegings***

- *Eén bundel*
- *Verbetering*
- *Praktiese besware*
- *Onsingbaarheid*
- *Meerderheid onbekend*
- *Diverse besware*

- ***Beredenering***

- *Subjektief*
- *Objektief*

- ***Outoriteit***

- *Amptelik: kundige 1*
- *Amptelik: kundige 2*
- *Lidmaat: kundige 1*

- *Lidmaat: kundige 2*
- *Lidmaat: leek*

• ***Oorsprong van kommunikasie***

- *Veranderinge in beleid*
- *Reaksie op uitsprake/polemiek*

• ***Tydvak***

### 4.6.2 Konseptualisering van kategorieë

Hoewel sommige van die kategorieë reeds onder 4.3.2 verduidelik is, is daar tog 'n aantal wat binne die spesifieke konteks van die ondersoek na sentimente rondom die Psalm- en Gesangbundel opgeklaar behoort te word. *Ten gunste van die Psalms en Gesange* dui op diegene wat pleit vir die behoud van die amptelike kerklied en die Psalm- en Gesangbundel as enigste sangbundel van die NGK, terwyl *Gekant teen Psalms- en Gesange* diegene aandui wat kampvegters vir die Hallelujabundel is. *Sinodale opdrag* dui op lidmate wat die behoud van die bundel baseer op die besluit dat die Psalm- en Gesangboek die enigste amptelike sangbundel vir gebruik in die erediens is. *Gevaar van sektarisme* het te make met vrees vir die infiltrasie van sektariese elemente, wat dikwels met die invloed van die Metodisme verbind word.

*Weerstand teen die Psalm- en Gesangbundel* dui op diegene wat spesifieke besware teen die amptelike bundel het, met name teen die onsingbare Geneefse melodieë. *Arbitrêre optrede* het te make met besware rondom die beweerde "geheimhouding" van die Hersieningskommissie se aktiwiteit asook "minderheidsbesluite wat afgedwing" is. *Verlange na die Halleluja* is 'n aanduiding van diegene wat terugverlang na die geliefde en bekende Hallelujas.

Die kategorieë onder *Perspektief* het deurgaans dieselfde betekenis as onder 4.3.2; so ook die kategorie *Eén bundel* onder *Bykomende oorwegings*. *Verbetering* dui op menings

van diegene wat meen dat die nuwe bundel, wat talle aspekte betref, 'n verbetering op die vorige uitgawe is, terwyl *Onsingbaarheid* te make het met die ontoeganklikheid en onbekendheid van veral die Psalmmelodieë. *Meerderheid onbekend* beteken dat slegs enkele melodieë bekend is en hoegenaamd gesing word, terwyl *Diverse besware* 'n aantal uiteenlopende beware insluit, prakties sowel as prinsipieel.


Alle veklarings by die kategorieë en subkategorieë onder *Beredenering, Outoriteit, Oorsprong* en *Tydvak* het presies dieselfde betekenis as die ooreenstemmende kategorieë onder 4.3.2.

## 4.7 VERSPREIDING VAN SENTIMENTE: PSALM- EN GESANGBUNDEL

Voorstelling 2(a)

Algemene siening tov die Psalm- en Gesangbundel

| Sentiment | N | % |
|---|---|---|
| Ten gunste van die Psalms- en Gesange | 43 | 55,1 |
| Gekant teen die Psalms en Gesange | 35 | 44,9 |
| TOTAAL | 78 | 100 |



# Voorstelling 2(b)

## Verspreiding van sentimente rondom die Psalm- en Gesangbundel

| **Kategorieë van sentimente** | **Ten gunste van Psalms/Gesange** | | **Gekant teen Psalms en Gesange** | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Gereformeerde erfenis | 22 | 51 | | |
| Sinodale opdrag | 15 | 35 | | |
| Gevaar van sektarisme | 6 | 14 | | |
| **TOTAAL** | **43** | **100** | | |
| Weerstand Psalm - en Gesange | | | 12 | 34,3 |
| Arbitrêre optrede | | | 9 | 25,7 |
| Verlange na Halleluja | | | 14 | 14,2 |
| **TOTAAL** | | | **35** | **100** |
| **Perspektief** | | | | |
| Weerstand teen verandering | | | 22 | 63 |
| Weerstand teen hoë standaarde | | | 2 | 12,5 |
| Onbevatlikheid | | | 8 | 23 |
| Musikale meriete | 28 | 65 | | |
| Skrifgebondenheid | 14 | 32 | | |
| Geestelike volwassenheid | 1 | 2,3 | | |
| **TOTAAL** | **43** | **100** | **35** | **100** |
| **Bykomende oorwegings** | | | | |
| Eén bundel | 4 | 9,3 | | |
| Verbetering | 36 | 84 | | |
| Praktiese besware | 3 | 7 | | |
| Meerderheid onbekend | | | 5 | 14.3 |
| Onsingbaarheid | | | 16 | 46 |
| Diverse besware | | | 14 | 40 |
| **TOTAAL** | **43** | **100** | **35** | **100** |

| | Ten gunste van Psalms/Gesange N | % | Gekant teen Psalms/Gesange N | % |
|---|---|---|---|---|
| **Beredenering** | | | | |
| Subjektief | 25 | 58 | 33 | 94,2 |
| Objektief | 18 | 42 | 2 | 6 |
| **TOTAAL** | **43** | **100** | **35** | **100** |
| **Outoriteit** | | | | |
| Amptelik: kundige 1 | 1 | 2,3 | 0 | 0 |
| Amptelik: kundige 2 | 24 | 56 | 16 | 45,7 |
| Lidmaat: leek | 14 | 33 | 19 | 54,2 |
| Lidmaat: kundige 1 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Lidmaat: kundige 2 | 4 | 9,3 | 0 | 0 |
| **TOTAAL** | **43** | **100** | **35** | **100** |
| **Oorsprong van kommunikasie** | | | | |
| Veranderinge in beleid | 8 | 19 | 10 | 29 |
| Reaksie op uitsprake/polemiek | 35 | 81.3 | 25 | 71,4 |
| **TOTAAL** | **43** | **100** | **35** | **100** |

## 4.8 HOOFSENTIMENTE RONDOM DIE PSALM- EN GESANGBUNDEL: BESPREKING

### 4.8.1 *Ten gunste van die Psalms en Gesange*

Die verskyning van die 1978 Psalm- en Gesangbundel het reeds sedert 1975 heelwat polemiek in **Die Kerkbode** tot gevolg gehad, veral in dié opsig dat die beoogde bundel met sy sterk fokus op die tradisionele gereformeerde kerklied in sommige opsigte selfs sterker teen die **Hallelujabundel** afgespeel is as wat die geval in *Tydvak 1* was. Die aantal briewe wat ten opsigte van die tydperk 1975-1985 (*Tydvak 2*) ter sake is, kom op 'n totaal van 78 te staan. Hierby is 43 van die briefskrywers *behoudend ten opsigte van die amptelike kerklied* (55% ["behoudend" dui in hierdie opsig op diegene wat ten gunste van die tradisionele kerklied is]), en 35% *afwysend ten gunste van die Halleluja* (45% - sien Voorstelling 2(a) onder 4.7). In teenstelling met die minderheid van behoudende briefskrywers in *Tydvak 1* (27,3% behoudend teenoor 63,6% afwysend - Voorstelling 1(a), 4.4), vind ons dus in hierdie geval 'n oorwig van diegende wat pleit vir die behoud van die amptelike kerklied.

- *Gereformeerde erfenis*

Die vernaamste oorweging van 51% van die lidmate wat 'n standpunt ten gunste van die Psalm- en Gesangbundel inneem, is behoud van die *Gereformeerde erfenis*, waarmee bedoel word dat daar 'n hoë premie geplaas word op die gereformeerde musiekskat uit die verlede, asook op die reformatoriese aard van die aanbidding wat ten nouste daarmee saamhang (vergelyk met *Gereformeerde karakter* as belangrikste oorweging vir 62,5% van die behoudendes onder *Tydvak 1*, Voorstelling 1(b), 4.4). Afgesien daarvan dat die gereformeerde uitgangspunt effens minder sterk verteenwoordig is in die tydvak onder bespreking, toon die polemiek rondom hierdie punt ook 'n ander

belangrike tendensieuse verskuiwing. Onder *Tydvak 1* toon die data-analise dat *Sentiment* dié belangrikste enkele oorweging is wat betref die perspektief van diegene wat ten gunste van die Halleluja is (79%; sien Voorstelling 1(b) onder 4.4), en dit is veral opmerklik dat hierdie term dikwels op 'n neerbuigende wyse aangewend word om die Hallelujamense se gevoelens te tipeer. Terselfdertyd word die term in geen enkele geval deur briefskrywers op die faksie wat ten gunste van die amptelike kerklied is, van toepassing gemaak nie. Onder *Tydvak 2* word daar egter wel gesuggereer dat die verknogtheid aan die gereformeerde kerklied eweneens in die (negatiewe) kader van "sentiment" sou kon val:

"Sentiment? Ja, miskien, maar daarom is ons gereformeerd, om steeds te hervorm. Die wysies in die psalmbundel wat die broer so onsingbaar vind is herstelde wysies - middeleeus? - 'n erfskat wat ons prysgegee het deur soetsappigheid en miskien juis die sogenaamde "vroom" sentiment, te omhels" (Ellis 1979: 148).

Dit is interessant dat hierdie tipering nie slegs aan die "gereformeerdheid" gekoppel word nie, maar ook aan die suiwer musikale: "Waarom dan so baie onsingbare wysies - sentiment of wat? Ons is nie almal musici nie" (Murray 1978: 663).

Ook moet daarop gewys word dat die gevolgtrekking rakende twee uiteenlopende tipes van aanbidding soos verteenwoordig deur die twee bundels (sien onder 4.5.2), ook in hierdie tydvak 'n belangrike faktor skyn te wees, veral aangesien die Halleluja nou openlik deur diegene wat die amptelike kerklied voorstaan, met sektariese strominge verbind word. Daar word dan ook gesuggereer dat die implikasies van die Hallelujalied die kerk veel dieper raak as 'n blote streling van gelowige gemoedere: "...aan hierdie "vroomheid" is dit ook te wyte dat die Trojaanse perd van die charismatiese beweging vandag binne-in ons predikante geledere en kerkrade sit tot groot ontsteltenis van die kerk in die algemeen" (Ellis

1979: 148 - die verwysing na die "charismatiese beweging" dui in hierdie stadium veral op metodistiese invloede wat in die kerk bevorder is deur die Sankey-tipe geestelike liedere [sien ook 3.2.1]). Die feit bly egter staan dat hierdie "verdeling" ten opsigte van verskillende vroomheidstipes ook in hierdie tydvak lynreg botsende persepsies rondom die kerklied meebring:

"So op die oog af lyk dit of die korrespondente nie van dieselfde bundel praat nie, want mnr. Meiring praat daarvan as "'n buitengewone kosbare erfenis" en broer Briers "begrawe die wit olifant elke Sondag" (Vercuil 1983: 8).

Daar sou dus gekonstateer kon word dat daar wel 'n aantal tendensieuse verskuiwings ten opsigte van die kategorieë *Ten gunste van/Gekant teen die amptelike kerklied* binne die twee tydvakke onder ontleding blyk, maar dat, wat die gesindhede rondom die amptelike versus die nie-amptelike kerklied betref, geen wesenlike vordering ten opsigte van **Tydvak 2** teenoor **Tydvak 1** gemaak is nie.

- *Sinodale opdrag*

Van die briefskrywers wat *ten gunste* van die Psalms- en Gesange is, argumenteer 35% vir die behoud van die amptelike sangbundel suiwer op grond van amptelike besluite. Oorwegings wat hier aan die lig kom, is onder meer die feit dat die hersieningswerk in opdrag van die Algemene Sinode geskied het (en dat die bundel op grond daarvan onbetwyfelbare bestaansreg het), asook die feit dat die Psalm- en Gesangboek volgens Sinodale besluit die enigste amptelike sangbundel van die NGK is.

- *Gevaar van sektarisme*

Onder die subkategorie *Gereformeerde erfenis* is reeds daarvan melding gemaak dat die voorstanders van die tradisionele kerklied gekant is teen die invloed van die Halleluja, hoofsaaklik op grond daarvan dat hierdie

liedere lynreg verbind word met die metodisties-revivalistiese Sankeys. Dit is wel so dat die groep briefskrywers vir wie hierdie oorweging voorop staan, slegs 14% beslaan, sodat dit duidelik is dat die *Gereformeerde karakter* en *Sinodale besluite* belangriker oorwegings rondom die behoud van die bundel is. Hierdie kategorie verdien egter wel nadere ondersoek, aangesien, soos reeds hierbo aangetoon, die geestelike lied deur hierdie groep briefskrywers lynreg in verband gebring word met die bedreiging van die eie aard van die gereformeerde spiritualiteit: "Is leraars wat langs dié weg op onbybelse en onkerkregtelike wyse ons offisiële kerkliedere uitskakel dan nie besig om in dié opsig hulle gemeentes voor te gaan op die pad van die Metodisme - om nie te sê sektarisme in hulle oorbeklemtoning van die emosionele aspek van die godsdiens nie?" (Loots 1976: 44). Onder *Verlange na die Halleluja* (sien hieronder) sal dan ook aangetoon word dat die groep wat teen die amptelike bundel gekant is, hierdie aspek sien as een van die vernaamste oorsake waarom mense die NGK verlaat, en hul na kerke/denominasies wend waar hulle hulself op vreugdevolle wyse in die sang kan uitleef. Laasgenoemde verteenwoordig ongetwyfeld 'n ondubbelsinnige bewys dat die motiewe onderliggend aan die "bundelstryd" uiteindelik met dieper gesetelde verskille te make het as bloot die kwessie van liedere wat gesing of nie gesing mag word nie.

### 4.8.2 *Gekant teen die Psalms en Gesange*

- *Verlange na die Halleluja*

Onder die besware wat die afwysende groep teen die Psalm- en Gesangbundel opper, is die belangrikste die *verlange na die Halleluja* (40%). Hierdie feit is weer eens in lyn met die historiese gegewe dat daar binne die NGK nog altyd 'n behoefte aan 'n meer bevatlike nie-amptelike lied bestaan het, soos reeds geblyk het uit die data

onder *Piëtistiese vroomheidsverlange* by die ondersoek in *Tydvak 1* (sien ook die bespreking van die nie-amptelike lied as historiese vraagstuk in Hoofstuk 3). Dit is wel interessant dat hierdie sentiment veel sterker figureer onder *Tydvak 1* (sien Voorstelling 1(b) onder 4.4, *Piëtistiese vroomheidsverlange*, 72,5%), sodat daar in die dekade vanaf 1965 tot 1975 wel 'n afname in die behoefte aan spesifiek die Halleluja as verteenwoordigend van die nie-amptelike lied skyn te wees. Hoewel hierdie behoefte persentasiegewys teenoor die vorige tydvak afgeneem het, beteken dit egter nie dat die intensiteit van die behoefte aan die nie-amptelike kerklied noodwendig ook 'n afname toon nie: "...die hedendaagse mens en 'n groot deel van die jeug in die besonder, (het) ook 'n behoefte aan 'n kerklike musikale idioom anders as slegs die reformatoriese lied..." en: "Ons is bevrees dat die nuwe gesangboek nie met hierdie feite rekening hou nie. Ons verneem voortdurend besware van lidmate teen die psalms en gesange as sou die meeste daarvan te droog en te doods wees...(die) Hallelujalied met sy meer vloeiende en makliker melodie, na ons gevoele, word al vir baie dekades met groot seën in ons kerk gebruik..." (Predikante, Ring van Brakpan 1975: 93). Dit is ook duidelik dat dieselfde kloof tussen die gewone lidmate en die sogenaamde "musiekkenners", net soos onder *Tydvak 1*, ook by die kategorie *Verlange na die Halleluja* onder *Tydvak 2* ter sprake kom: "Hoe van harte graag wou baie van ons nie ook van die liedere wat ons eenvoudige, maar tog ook opregte gemoedere aangryp, in ons sangbundel hê nie - veral ook uit die Halleluja's. Daarvoor voel ons musiekkenners nie" (Eloff 1975: 253). Opmerklik is in hierdie twee aanhalings wel die feit dat die fokus van die nie-amptelike lied nou moontlik wyer strek as slegs die Halleluja (vergelyk die verwysing van die predikante na 'n "kerklike musikale idioom anders as die reformatoriese", asook die stelling dat die nie-amptelike liedere **veral** uit die Halleluja afkomstig moes wees (Eloff).

Daar is egter ook 'n ander verskuiwing waarneembaar. Dit blyk daaruit dat die pleidooie vir die Halleluja gedurende *Tydvak 1* hoofsaaklik om die behoeftes van die ouer geslag gedraai het - ofskoon hulle dikwels namens die jonger geslag vir die "meer bevatlike" Hallelujalied gepleit het! Wat *Tydvak 2* egter betref, wil dit lyk asof die pleidooie vir 'n ander soort lied as die reformatoriese algaande deur 'n jonger faksie van die lidmate gevoer word, terwyl die opregte verlange na die Halleluja nog steeds slegs van die kant van ouer lidmate kom. Daar is wel in laasgenoemde tydvak ook die bykomende faktor dat heelwat ouer lidmate wat teen die nuwe liederebundel gekant is, nie noodwendig slegs die Halleluja verkies nie, dog terselfdertyd óók terugverlang na die Psalm- en Gesangbundel van 1944: "Ek is een van die ou garde wat baie teleurgesteld en hartseer is. Ek wil nog my klagte bekendmaak. Waarom moet ons gesange soveel maal verander word?" (Snyman 1975: 708). 'n Ander korrespondent skryf: "Die vraag wat...by my opkom is dit: Is dit werklik nodig dat ons kerk nou al weer 'n nuwe Sangbundel in gebruik moet neem, asook dat die Hallelujaboek moet verdwyn? Die huidige Gesangboek is nog maar vyf-en-dertig jaar in gebruik en baie lidmate en gemeentes ken nog nie naastenby alles wat daarin aangebied word nie, en nou moet ons weer van voor af leer aan 'n nuwe boek" (Nel 1978: 86). Hierdie gesindheid dui op 'n algemene weerstand teen verandering onder die briefskrywers, 'n faktor wat onder *Weerstand teen verandering* onder die kategorie *Perspektief* bespreek word.

Daar is reeds onder *Gevaar van sektarisme* aangedui dat sommige lidmate uit die groep wat gekant is teen die amptelike sangbundel, die uitfasering van die Hallelujabundel regstreeks verbind met 'n neiging om die NGK te verlaat ten einde elders te aanbid: "Ten eerste moet ons daarvan kennis neem dat 'n wetenskaplike ondersoek wat onlangs in Pretoria gedoen is, aan die lig

gebring het dat 'n groot getal lidmate van die Hatfieldse Baptiste-kerk oorspronklik Ned. Geref. Kerklidmate was. 'n Baie groot persentasie van daardie mense sê die sang van daardie kerk is een van die hoofoorwegings vir hulle besluit om daar betrokke te raak. Ek het dieselfde getuienis ook gekry van mense wat die Logos-Baptistekerk in Brackenfell bywoon" (Van Dyk 1983: 14). Veral die wêreldvreemde Psalmmelodieë word hier verantwoordelik vir die uittog uit die NGK gehou: "Moet ons maar altoos met die swaar en somber musiek van die middeleeue tevrede wees? Waarom so weinig opgeruimde en blymoedige wysies asof ons in 'n roustoet op ons pelgrimspad hemel toe is? Geen wonder nie dat talle lidmate, veral die jeug, soms dienste "elders" bywoon ter wille van die sang" (Murray 1978: 663).

- *Weerstand teen die Psalm- en Gesangbundel*

Hierdie kategorie briefskrywers (34,3%) lug spesifieke griewe rondom die Psalm- en Gesangbundel, hoewel die weerstand nie noodwendig met 'n verlange na die Halleluja verbind word nie. Onder hierdie groep bestaan 'n hele aantal uiteenlopende besware, soos onder meer die "wêreldvreemdheid" van veral die Psalmmelodieë (sien ook hierbo by *Verlange na die Halleluja*): "Ons leef nou eenmaal nie meer in die 15de en 16de eeu nie. Die musiek van daardie tyd verskil geheelenal van die musiek van vandag. Ons vra nie dat popliedjies in die kerk gesing word nie. Dis hoegenaamd nie ons bedoeling nie maar ons kan die feit nie wegredeneer dat daar al by godsdienstige byeenkomste buite die kerk liedjies ...gesing word wat ons nie graag in die kerk sou wil toelaat nie. Gee hulle dus 'n lied waarvan die styl nie heeltemal so vreemd is nie" (Predikante, Ring van Brakpan 1975: 93). Daar is egter ook diegene wat op heel onsubtiele wyse hul misnoeë oor die bundel te kenne gee: "...die melodieë is sommer lelik. Ek gee vir u voorbeelde: Ps. 18. Die melodie is 'n treurmare terwyl die woorde vrolik en

opgeruimd is. Ps. 119; Ps. 147 - om maar net 'n paar te noem. Ons het Ps. 147 onlangs een Sondagmore gesing. En wat 'n gesukkel. Die lofgedagte het vir my teenoor die ou melodie met sy pragtige swang, verdwyn" (Coertse 1979: 374).

Hierdie groep briefskrywers voel veral gegrief oor die vreugdeloosheid van die kerksang, asook daaroor dat die meerderheid van sowel die Psalms as die Gesange vir die meeste gemeentes heeltemal onbekend is. Hierdie aspekte word verder ontleed onder *Onsingbaar* en *Meerderheid onbekend*.

- *Arbitrêre optrede*

Nog 'n faktor wat by die ontleding van briewe in die kategorie *Gekant teen die Psalms en Gesange* na vore kom, is ontevredenheid by 'n aantal briefskrywers (25%) oor die Hersieningskommissie se "eensydige" optrede en die feit dat die gewone lidmaat geen werklike inspraak of insae in die inhoud van die nuwe bundel gehad het nie: "Aangesien slegs enkele gemeentes 'n geleentheid gegee is om rapport oor die bundel uit te bring, het die kerk in geheel geen idee wat gedoen is nie" (Predikante, Ring van Brakpan 1975: 93) en: "Wat staan die gewone lidmaat te doen in hierdie omstandighede van moontlike vervreemding van sy erfgoed? Sal die betrokke Kommissie nie asseblief die kolomme van *Die Kerkbode* gebruik om lidmate in te lig oor die ingrypende veranderings wat beoog word nie? Vanselfprekend moet dit gebeur voordat die publikasie van die nuwe produk 'n voldonge feit is. Laat daar tog biddend gewaak word teen enige arbitrêre optrede wat dalk op groot skaal aanstoot aan lidmate kan gee" (Nel 1975: 189).

Daar is ook diegene wat op tegniese vlak graag insette sou wou maak, en verontreg voel omdat daarvoor geen geleentheid gegee is nie: "Waarom (het) die

Hersieningskommissie in 'n tydperk van tien jaar nooit enige voorbeelde van sy werksaamhede bekendgestel en ook nie wenke vir die hersiening van die huidige Psalm- en Gesangboek gevra nie?" (Smit 1975: 581). Daar is selfs diegene wat ernstige bedenkinge het oor besluitnemingsprosesse in die NGK: "...ek wonder wie is "baas" in die kerk? Wie neem dan al die besluite...alles staan in die "wetboek", amper al so dik soos 'n telefoongids, al die wette wat van bo-af van hoofkantoor (sinodes) kom. Is die base van die kerk nie maar die teoloë wat hulle ding dwarsdeur die sinode loods met 'n "know-how"-tegniek nie? Kan dit waar wees dat 'n paar kommissielede besluit wat 'n paar miljoen mense moet sing? As die Here vir my 'n lied gee, moet ek dit glo "opstuur"...nie hemel toe nie maar kommissie toe vir goedkeuring" (Jacobs 1985: 10).

Aangesien heelwat briewe vraagtekens geplaas het agter die kommissie se optrede, het die voorsitter van die Hersieningskommissie, dr. W.J.B. Serfontein, gedurende April 1975 in die korrespondensiekolom van **Die Kerkbode** gereageer met 'n verklaring van die algemene beleid wat gevolg is. Hierby is veral beklemtoon dat die kommissie se werk berus het op die NGK se beleid vir kerkmusiek soos bepaal deur die Algemene Sinode van 1970; dat Skrifgebondenheid en suiwer eksegese voorop gestaan het by die veranderings, en dat spesiale aandag geskenk is aan die singbaarheid van melodieë (Serfontein 1975: 589).

Waar dit gaan oor die gesindhede van die twee faksies, is dit egter wel opmerklik dat van die kommissielede in die polemiek 'n effens neerbuigende houding teenoor lekelidmate of selfs ampsbroeders inneem. In reaksie op kritiek teen die bundel antwoord mnr. Dirkie de Villiers, lid van die Hersieningskommissie, prof. Dawid de Villiers op 'n artikel in **Die Kerkbode,** waarby hy die volgende uitspraak maak: "Ek bekommer my nie oor die feit dat wat

u sê populêre steun by die *hoi polloi* of selfs by sommige van die ouer dominees gaan ondervind nie; dis te wagte" (De Villiers 1983: 6). Op heelwat meer bedekte wyse word 'n ietwat meerderwaardige houding ook bespeur in die volgende aanhaling uit 'n brief van dr. Willie Serfontein, voorsitter van die Hersieningskommissie: "Uit die betrokke briewe kry ek die indruk dat sommige skrywers op die ingewing van die oomblik na die pen gryp sonder om hulle vooraf te vergewis van alles wat op die spel is. In dié vaart word eie standpunte en voorkeure weergegee en verhef tot kerklike uitsprake. Omdat die kerkmusiek 'n spesialiteitsvak is, kan die Kerk nie toelaat dat dié deel van die kerklike lewe deur die persoonlike smaak van dese en gene gereël word nie. Daarvoor is daar te veel op die spel. Daarom het die Algemene Sinode 'n beleid vir kerkmusiek geformuleer, aanvaar en gepubliseer. Elkeen wat kan lees, hoef daarom nie in die duister te wees oor wat die Kerk se standpunte oor dié sake is nie" (Serfontein 1983: 8).

### 4.8.3 *Perspektief*

- *Weerstand teen verandering*

Onder die kategorie *Verlange na die Halleluja* is reeds daarna verwys dat heelwat lidmate die nuwe Psalm- en Gesangbundel teengestaan het, nie slegs omdat hulle die behoud van die Halleluja voorgestaan het nie, maar ook omdat die publikasie van die nuwe bundel 'n ingrypende verandering sou meebring, en sommige gevoel het dat daar maar 35 jaar verloop het sedert die 1944-bundel verskyn het. Dit is beduidend dat hierdie groep briefskrywers 'n volle 63% uitmaak van diegene wat teen die amptelike bundel gekant is. Die briewe openbaar sterk gevoelens van ongelukkigheid oor die saak, veral omdat sommige van die ouer lidmate reeds 'n aanpassing moes maak, nie alleen ten opsigte van die 1944-bundel nie, maar ook ten opsigte van die 1933-Bybelvertaling: "Waarom moet ons

gesange soveel maal verander word? Sommige mense het die 1933 vertaling waaraan ons so gewoond is met soortgelyke gemengde gevoelens en teleurstelling ontvang. Ek wil aan die hand gee dat die mense wat so gretig is om veranderings te maak met ons gesange kosbare tyd laat verwaarloos gaan" (Snyman 1975: 708).

Ook word getreur oor die aantal Hallelujaliedere wat wel in die bundel verskyn, maar wat deur die kommissie sodanig verander is dat lidmate dit nouliks kan herken: "Dit is so waar dat 'n mens nie weet watter gesange nuwes of oues is nie. Die ouer mense kan dit nie uitmekaar ken nie, die woorde is so verdraai en verander, die nuwe wysies so baie ver van mooi af. Die ou mense is hartseer oor die veranderings in die nuwe boek. En dan kla ek saam met ds. Murray oor die Hallelujaliedere wat so tot niet is en die paar wat nog vir die naam daarin is kry g'n mens, waarom is dit nie eenkant alleen gesit nie?" (De Klerk 1979: 148). Daar is selfs diegene wat letterlik bedroë voel oor die kommissie se optrede in hierdie verband: "Daar is wel 66 Hallelujaliedere wat nou Gesangstatus kry, maar gaan kyk 'n bietjie wat is opgeneem - sestig liedere wat al jare lank in die Hallelujaboek staan, maar nooit gebruik is nie, omdat hulle onsingbaar is. Is dit dan nou nie vrome bedrog, om mense te paai dat Hallelujas wel opgeneem is nie?" (Ellis 1978: 374).

- *Onbevatlikheid*

Wat die groep briefskrywers *gekant teen die Psalms en Gesange* betref, voel 23% dat die Psalm- en Gesangbundel onbevatlik of ontoeganklik vir die gewone lidmaat is, veral wat betref die Geneefse Psalmmelodieë. Dié persentasie is egter aansienlik hoër as wat die geval was ten opsigte van *Tydvak 1*, waar slegs 14,2% gevoel het dat die bundel veral vir jongmense onbevatlik is (sien Voorstelling 1(b) onder 4.4 asook Voorstelling 2(b) onder

4.7). Ten opsigte van *Tydvak 2* geld hierdie beswaar aanvanklik (1975 tot ongeveer 1980) veral ten opsigte van "amptelik" versus Halleluja, 'n kwessie wat hoofsaaklik die ouer garde raak, terwyl daar vanaf die vroeë 1980's steeds meer geluide van en namens die jonger geslag opgaan vir meer "eietydse" liedere. Waar die ouer geslag dus moontlik meer gegrief voel oor faktore soos gedurige verandering, hoë musikale eise en die onbekendheid van baie liedere, protesteer jongmense meer teen die "algemene taal en aanslag" van die amptelike kerklied, veral teen wat hulle as swaar, somber, stywe en droë kerksang ervaar: "Talle jongmense deel nie ons sentimente m.b.t. ons hele gereformeerde en bekende musiekerfenis nie. Dié agtergrond wat vir ons iets vanselfsprekend is, spreek hulle nie in sy tradisionele kleed aan nie. Dit kan alleen vir hulle relevant gemaak word indien hulle in die berymings hulle eie hartseer en triomfe, hulle romantiek en ideale, hulle frustrasies en drome verwoord terugvind, d.w.s. in 'n eietydse idioom" (Van der Westhuyzen 1983: 8).

Dit is dus duidelik dat daar, wat hierdie faktor betref, weer eens 'n belangrike klemverskuiwing plaasvind, 'n klemverskuiwing wat dan ook mettertyd lei tot die publikasie van die **Jeugsangbundels 1** en **2** gedurende 1984 en 1994. Soos reeds aangedui onder 3.4, was hierdie bundels deur en deur 'n poging om die jeug se behoeftes op verantwoorde wyse te akkommodeer.

- *Weerstand teen hoë standaarde*

Slegs 14,3% van die groep wat teen die amptelike lied gekant is, voel dat die Hersieningskommissie té hoë standaarde by die saamstel van die bundel nagestreef het, en dat die bundel daarom nie vir die gewone lidmate bevatlik is nie. Hierdie faktor verskil nie veel van die situasie onder *Tydvak 1* nie, waar 18% protesteer dat standaarde te hoog is (sien weer eens Voorstelling 1(b)

onder 4.4). Dit is wel waar dat hierdie kwessie, net soos by die vorige tydvak, dui op 'n onoorbrugbare kloof tussen die sogenaamde "geleerde musici" en die lekelidmate, 'n kwessie wat geensins bygedra het om gesindhede rondom die kerklied te verbeter nie. In sommige gevalle word daar rondom hierdie kwessie selfs bedekte motiewe aan die kerk toegeskryf: "Het die Ned. Geref. Kerk nie in 'n poging om geen gemeenskap met sektes te hê, homself t.o.v. sy musiek bo die gemiddelde lidmaat se behoeftes en vermoëns geplaas nie?" (Erasmus 1975: 60).

- *Musikale meriete*

Uit die groep *ten gunste van die Psalms en Gesange*, daarenteen, beroep 65% van die briefskrywers hulle daarop dat die suiwer musikale meriete van die bundel die verandering regverdig. In die lig van die besware van diegene wat *gekant is teen die amptelike lied* onder die vorige drie kategorieë (*Weerstand teen verandering*, *Weerstand teen hoë standaarde* en *Onbevatlikheid*), dui hierdie gesindheid weer eens slegs op 'n diepe onversoenbaarheid tussen die twee "kante": presies dié faktore wat vir een faksie 'n algehele regverdiging van die amptelike kerklied is, staan grootliks in die ander groep se weg om die bundel met openheid en toeganklikheid te benader. Terwyl die kommissie met hierdie bundel spesifiek teruggereik het na onder meer die oorspronklike Geneefse musiekerfenis - ten diepste 'n reformatoriese daad - het baie lidmate juis die "sombere, swaar, middeleeuse melodieë" totaal verouderd en onaanvaarbaar gevind. Ironies genoeg was een van die besondere ideale wat die Hersieningskommissie ten doel gehad het, om die lusteloosheid en doodsheid van sang in die NGK te deurbreek (Serfontein 1979: 214). Dit is interessant dat hierdie faktor gedurende *Tydvak 1* onder diegene *ten gunste van die amptelike lied*, slegs deur 'n skrale 12,5% ondersteun is (Voorstelling 1(b); 4.4).

- *Skrifgebondenheid*

Nog 'n merkbare tendensverskuiwing vergeleke met *Tydvak 1,* is dat die kwessie van *Musikale meriete* soos hierbo genoem, die faktor van *Skriftuurlikheid* in *Tydvak 2* totaal oorskadu (87,5% gedurende *Tydvak 1* teenoor 32,5% in *Tydvak 2*). Hierdie gegewe is opmerklik, veral aangesien die Hersieningskommissie **in die eerste plek** op die eksegetiese en Skrifgetroue weergawe van die tekste ingestel was.

### 4.8.4 *Bykomende oorwegings*

- *Verbetering*

Wat bykomende oorwegings betref, staan die kwessie van *verbetering* vir 'n volle 84% van diegene *ten gunste van die amptelike bundel* voorop. Dit is weer eens 'n bevestiging van die onversoenbaarheid van persepsies rondom die bundel, aangesien 46% van diegene gekant teen die bundel se grootste beswaar juis met die *onsingbaarheid* van die melodieë saamhang. Terwyl sommige uit die hoofkategorie *ten gunste van die Psalms en Gesange* die liedere waarderend beskryf as "n klein preek wat ons noodsaak om al die versies te sing" (Coetzee 1975: 749), is daar terselfdertyd diegene uit die negatiewe groep wat beweer dat "die nuwe liedereboek beslis nie (voldoen) aan die groot verwagtinge wat ons gekoester het nie - en ek vrees dat daar nog maar steeds van bykomende eie liederbundeltjies gaan gebruik gemaak word omdat hierdie boek nog talle onsingbare wysies uit die middeleeue bevat" (Murray 1978: 663).

Hoewel mens sou verwag dat die kwessie rondom *éen amptelike bundel* heelwat meer steun sou geniet uit die groep wat die amptelike lied voorstaan, is dit opmerklik dat slegs 9,3% hierdie kwessie ophaal (teenoor 12,5% onder *Tydvak 1* - Voorstelling 1(b), 4.4).

- *Onsingbare melodieë*

Die grootste beswaar onder diegene wat *gekant is teen die Psalms en Gesange,* is ontevredenheid oor die *onsingbaarheid* daarvan (46%). Hierdie beswaar hang ten nouste saam met die kategorie *Meerderheid onbekend,* wat aandui dat 14,3% van die afwysende briefskrywers voel dat slegs 'n klein persentasie van die bundel werklik bekend is en hoegenaamd benut word. Dit wil veral voorkom of predikante deur hul eie en lidmate se weerstand nie slaag om weg te kom van enkele populêre Psalms en Gesange nie, veral omdat pogings om die nuwe liedere te sing, "jammerlike resultate" oplewer. Dit is ook belangrik dat die stof rondom die protes teen die onsingbare verouderde melodieë nie mettertyd gaan lê het nie, maar dat daar toenemend gevoel is dat die kerksang steeds meer "wêreldvreemd" ten opsigte van die moderne lidmaat van die NGK is: die samestellers van die bundel "(was) heeltemaal uit voeling met die behoefte van die gewone (nie-musikale) lidmaat" en het gedink "dat die moeilike wysies op die lidmate afgedwing kan word" (Retief 1985: 5).

- *Diverse besware*

Onder die uiteenlopende besware teen die bundel (40% van diegene wat nie die amptelike lied steun nie) is daar onder meer griewe oor die kommissie se optrede (sien ook *Arbitrêre optrede*), ongelukkigheid oor "inhoudelike verarming", beswaardheid oor die gebrek aan 'n alfabetiese register vir die liedere, maar ook daaroor dat ooreenstemmende melodieë nou nie meer aangetoon word nie.

### 4.8.5 *Subjektief/Objektief*

Die analise ten opsigte van die "toon" van die briewe bring aan die lig dat daar onder diegene *ten gunste van die Psalms en Gesange* 58% subjektiewe en 42% objektiewe briefskrywers is, terwyl die groep *Gekant teen die Psalms en Gesange* 'n meerderheid van 94,2% subjektiewe en slegs 6% objektiewe briewe bevat. Hierdie data stem in sommige opsigte min of meer ooreen met dié ten opsigte van die briefskrywers onder *Tydvak 1*, behalwe dat daar in tydvak 1 heelwat meer objektiewe redenasies by die groep ten gunste van die kerklied aangetref is (*ten gunste van*: 63% *objektief*, 37% *subjektief; gekant teen*: 89,2% *subjektief*, 10,7% *objektief;* Voorstelling 1(b), 4.4).

### 4.8.6 *Outoriteit*

Wat die status van die korrespondente betref, blyk dat daar in die kategorie *Amptelik kundige 1* slegs 2,3% by die polemiek betrokke is (ten gunste van die Psalms en Gesange), terwyl die kategorie *Amptelik kundige 2* by diegene wat gunstig teenoor die amptelike kerklied staan 56%, en by die afwysendes 45,7% oplewer. Hieruit is dit duidelik dat kerklike ampsdraers (spesifiek leraars) aan beide kante van die stryd sterk by die briefwisseling betrokke was (die getalle is in beide gevalle aansienlik hoër as onder *Tydvak 1;* sien Voorstelling 1(b), 4.4). Wat die kategorie *Lidmaat kundige 1* betref, is daar geen verteenwoordiging nie (dieselfde as by *Tydvak 1*) terwyl *Lidmaat kundige 2* onder die groep ten gunste van die Psalm- en Gesangbundel deur 9,3% verteenwoordig is. *Lidmaat: leek* lewer weer eens relatief groot groepe op: 33% en 54,2% onder die kategorieë *Ten gunste van-* en *Gekant teen* onderskeidelik.

Dit is dus duidelik dat daar wat hierdie kategorie betref, hoofsaaklik dieselfde tendens as by *Tydvak 1* aanwesig is, behalwe vir die feit dat heelwat meer

predikante nou die saak van die amptelike lied bepleit (56%; in die geval van die Halleluja het 75% afwysend gestaan). Daar is egter steeds 'n ontstellende en opvallende gebrek aan die kategorie *Amptelik: kundige 1* wat by die polemiek betrokke raak, 'n saak wat dui op 'n besliste tekortkoming binne die konteks van die polemiek, en moontlik ook binne die amptelike kommissie - sien die latere opklaring hiervan onder 5.2.7). Uit die polemiek blyk dat lesers voel dat enkele kenners besluite neem wat "miljoene lidmate raak", terwyl 'n groot groep van die gewone lidmate moeilik by die implementering van die besluite kan aanpas.

### 4.8.7 *Oorsprong*

Op die vraag na die redes wat tot die polemiek aanleiding gegee het, blyk uit 'n ontleding van die korrespondensie dat diegene ten gunste van die Psalms en Gesange in 81,3% van die gevalle reageer op die uitsprake van ander korrespondente, terwyl slegs 19% reageer op die beleidsverandering wat plaasgevind het. Onder die afwysendes reageer 29% op beleidsaanpassings, terwyl 71,4% reageer op uitsprake wat in die polemiek rondom die kerklied na vore gekom het. Daar is dus, wat hierdie tydvak betref, heelwat meer reaksie op amptelike besluite as onder tydvak 1 (sien *Tydvak 1*, Voorstelling 1(b), 4.4).

### 4.8.8 *Tydvak*

Al die briewe rondom die verskyning van die 1978 Psalm- en Gesangbundel is afkomstig uit die tydperk 1975-1985.

## 4.9 JEUGSANGBUNDELS 1 EN 2: DATA-ANALISE

Die derde en laaste groep briewe wat vir ontleding met die oog op die studie geselekteer is, het te make met die ontstaan van die **Jeugsangbundels** 1 en 2, wat onderskeidelik in 1984 en 1994 verskyn het. Die afsnypunte vir hierdie grondmateriaal is 1982-1994.

### 4.9.1 Kategorieë vir sentimente

Die volgende kategorieë is by 'n voorlopige verkenning van die materiaal bepaal as 'n klassifisering van die sentimente rondom die bundels:

- ***Gekant teen Jeugsangbundels***
  - *Teologies-liturgiese begronding*
  - *Sinodale besluite*
  - *Sekulêre vervlakking*
- ***Ten gunste van Jeugsangbundels***
  - *Psalm- en Gesangbundel verouderd*
  - *Verwarring rondom amptelike besluite*
  - *Bevatlikheid van die liedere*
- ***Perspektief***
  - *Musikale meriete*
  - *Verhewenheid van die kerklied*
  - *Eietydse aanslag*
  - *Aanbiddingskrag*
- ***Bykomende oorwegings***
  - *Eén amptelike bundel*
  - *Jeugsangbundels kompeterend*
  - *Spektrum van amptelike kerklied dek alles*
  - *Stylvol eietyds*
  - *Verlange na nie-amptelike kerklied*
  - *Meerderheid Psalms- en Gesange onbekend*
- ***Beredenering***
  - *Subjektief*
  - *Objektief*

- *Outoriteit*

- *Amptelik: kundige 1*
- *Amptelik: kundige 2*
- *Lidmaat: kundige 1*
- *Lidmaat: kundige 2*
- Lidmaat: leek

- ***Oorsprong van kommunikasie***

- *Veranderinge in beleid*
- *Reaksie op uitsprake/polemiek*

- ***Tydvak***: 1982-1994

### 4.9.2 Konseptualisering van kategorieë

Die bostaande kategorieë is gegrond op 'n verkenning van die grondmateriaal, en stem wat sommige aspekte betref, ooreen met kategorieë wat by die vorige twee tydvakke ter sprake gekom het, terwyl ander aspekte hier vir die eerste keer na vore kom. Die twee hoofkategorieë *Gekant teen Jeugsangbundels* en *Ten gunste van Jeugsangbundels* verteenwoordig weer eens die faksies wat ten gunste of afwysend teenoor die amptelike kerklied staan. *Teologies-liturgiese grondslag* het te make met oorwegings wat verband hou met die kategorieë *Gereformeerde karakter/Gereformeerde erfenis* wat by die vorige tydvakke ter sprake was, hoewel dit in hierdie geval veral dui op 'n baie spesifieke begronding van die kerklied, ook wat die liturgiese funksie daarvan betref. *Sinodale besluite* dui weer eens op amptelike besluite jeens die kerklied, terwyl *Sekulêre vervlakking* handel oor 'n vrees vir 'n algemeen-liturgiese oppervlakkigheid wat gedurende hierdie tydvak saamhang met "vernuwing". *Psalms- en Gesange verouderd* is selfverklarend, hoewel daar in die konteks van die studie met hierdie term veral bedoel word dat die amptelike kerklied nie meer deel van die eietydse mens se lewenswêreld is nie. *Verwarring oor amptelike besluite* ondersoek die ongelukkigheid van diegene wat

onseker voel oor presiese besluite of die implikasies daarvan vir die kerksang, terwyl *Bevatlikheid vir jeug* spesifiek te make het met die toeganklikheid van die liedere vir die jongmense.

Soos by die vorige tydvakke dui *Perspektief* weer op die grondliggende uitgangspunt van die redenasies; *Musikale meriete* het dieselfde betekenis as voorheen; *Verhewenheid van kerklied* handel om die siening dat die kerklied heel bepaalde vereistes stel en dat daar daarom nie sommer "enige liedjies" in die erediens gesing mag word nie; *Eietydse aanslag* dui op 'n moderne, bevatlike kerkmusiek-idioom en *Aanbiddingskrag* op die aanspraak van sommige dat die eietydse, meer bevatlike lied veel meer geskik is vir die aanbidding, veral in die geval van jongmense.

*Bykomende oorwegings* slaan bloot op ander belangrike faktore, waaronder *Eén amptelike bundel* (dieselfde betekenis as voorheen; sien byvoorbeeld onder 4.3.2), *Jeugsangbundels kompeterend* (wat beteken dat die Jeugsangbundels die lojaliteit van die jeug te opsigte van die kerklied "afrokkel"), en *Spektrum van Psalm- en Gesangbundel dek alle geloofsaandoeninge* ('n ontkenning dat enige bykomende liedere nodig mag wees omdat die amptelike bundel reeds alle aspekte van die geloofslewe dek). *Stylvolle eietydse lied* hou min of meer dieselfde in as *Eietydse aanslag*, terwyl *Meerderheid Psalms- en Gesange onbekend* 'n aanduiding is dat slegs 'n klein groep uit die bundel benut kan word, bloot omdat dit al is wat die mense kan sing.


Alle ander terme (*Beredenering, Subjektief, Objektief, Outoriteit, Oorsprong van kommunikasie* en *Tydvak*, asook die subkategorieë daarin vervat, het presies dieselfde betekenis as by die ander twee tydvakke (sien onder 4.3.2).

## 4.9.3 VERSPREIDING VAN SENTIMENTE: JEUGSANGBUNDELS 1 EN 2

Voorstelling 3(a)

Algemene siening tov Jeugsangbundels

| Sentiment | N | % |
|---|---|---|
| Gekant teen Jeugsangbundels | 9 | 34,6 |
| Ten gunste van Jeugsangbundels | 17 | 65,4 |
| TOTAAL | 26 | 100 |



Voorstelling 3(b)

Verspreiding van sentimente rondom die Jeugsangbundels

| **Kategorieë van sentimente** | **Gekant teen JB** | | **Ten gunste van JB** | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Teologies-liturgies | 3 | 33,3 | | |
| Sinodale besluite | 1 | 11,1 | | |
| Sekulêre vervlakking | 5 | 55,5 | | |
| **TOTAAL** | **9** | **100** | | |
| Psalms en Gesange verouderd | | | 6 | 35,2 |
| Verwarring om besluite | | | 2 | 11,8 |
| Bevatlikheid | | | 9 | 53 |
| **TOTAAL** | | | **17** | **100** |
| **Perspektief** | | | | |
| Musikale meriete | 0 | 0 | | |
| Verhewe kerklied | 9 | 100 | | |
| Eietydse aanslag | | | 13 | 76,4 |
| Aanbiddingskrag | | | 4 | 23,5 |
| **TOTAAL** | **9** | **100** | **17** | **100** |
| **Bykomende oorwegings** | | | | |
| Eén amptelike bundel | 0 | 0 | | |
| Jeugsangbundel kompeterend | 5 | 55 | | |
| Spektrum dek alles | 2 | 22 | | |
| Stylvol eietyds | 2 | 22,2 | | |
| Verlange na nie-amptelike lied | | | 10 | 58,7 |
| Meerderheid onbekend | | | 7 | 41,2 |
| **TOTAAL** | **9** | **100** | **17** | **100** |
| **Beredenering** | | | | |
| Subjektief | 6 | 67 | 11 | 65 |
| Objektief | 3 | 33,3 | 6 | 35,3 |
| **TOTAAL** | **9** | **100** | **17** | **100** |

| | Gekant teen JB N | Gekant teen JB % | Ten gunste van JB N | Ten gunste van JB % |
|---|---|---|---|---|
| **Outoriteit** | | | | |
| Amptelik: kundige 1 | 1 | 11 | 2 | 11,85 |
| Amptelik: kundige 2 | 0 | 0 | 4 | 24 |
| Lidmaat: leek | 5 | 55,5 | 11 | 65 |
| Lidmaat: kundige 1 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Lidmaat: kundige 2 | 3 | 33,3 | 0 | 0 |
| **TOTAAL** | **9** | **100** | **17** | **100** |
| **Oorsprong van kommunikasie** | | | | |
| Veranderinge in beleid | 1 | 11 | 3 | 17.6 |
| Reaksie op uitsprake/polemiek | 8 | 88,8 | 14 | 82,3 |
| **TOTAAL** | **9** | **100** | **17** | **100** |

## 4.10 HOOFSENTIMENTE RONDOM DIE JEUGSANGBUNDELS: BESPREKING

### 4.10.1 *Gekant teen die Jeugsangbundels*

Die polemiek rondom die verskyning van die **Jeugsangbundels 1 en 2** *(Tydvak 3)* lewer, wat grondmateriaal betref, aansienlik minder briewe op as wat die geval was tydens die vorige twee tydvakke, en wel 'n totaal van 26 briewe (vergelyk met 44 onder tydvak 1 en 78 onder tydvak 2). Hoewel minder lidmate deur middel van briefwisseling opinies gelug of met mekaar verskil het, is die intensiteit van die meningsverskille egter nie minder fel as wat die geval onder die vorige twee tydvakke was nie. Van die 26 briewe wat ter sprake is, verteenwoordig 9 diegene wat standpunt teen die Jeugsangbundels inneem, terwyl 17 'n posisie ten gunste van die Jeugsangbundel inneem (35% teenoor 65%; sien Voorstelling 3(b) onder 4.9.3).

- *Teologies-liturgiese begronding*

Hierdie oorweging word deur 33,3% van die groep wat teen die Jeugsangbundels **gekant** is, voorop gestel. Hierby gaan dit veral om die feit dat slegs die amptelike kerklied binne die NGK bestaansreg het ter wille van die spesifieke Skriftuurlike en liturgiese aard daarvan. Hierdie teologies-liturgiese begronding hou bepaalde implikasies in, nie slegs vir die tekste nie, maar ook vir die musikale materiaal van die liedere: "Die hoogste prioriteit vir die suiwer gereformeerde kerklied is dat dit in alle opsigte Woordgetrou en Skrifgebonde moet wees. Die musiek en teks moet 'n geslote eenheid vorm wat in alle opsigte waardig en gewyd moet wees. Tweedens moet die sing van 'n geestelike lied altyd verhewe, goddelike aanbidding verteenwoordig. Nou word ons kerklied egter deur 'n nuwe en selfs meer onheilspellende gevaar (*as die Hallelujas*) bedreig, nl die nuwe

Jeugsangbundel wat pas die lig gesien het" (Van der Linde 1984: 8).

Wat wel interessant is, is die feit dat 'n belangrike klemverskuiwing vanaf **Tydvak 1** tot by die huidige tydvak onder bespreking plaasgevind het: data-analise onder **Hallelujabundel** toon dat *Gereformeerde karakter* die hoofoorweging vir die behoud van die Psalm- en Gesangbundel is met 'n meerderheid van 62,5% (Voorstelling 1(b), 4.4). Reeds ten opsigte van die **Psalm- en Gesangbundel** kon waargeneem word dat hierdie oorweging aan die afneem is, aangesien die kategorie *Gereformeerde erfenis* in daardie geval slegs deur 51% verteenwoordig is (Voorstelling 2(b), 4.7. Wat die huidige tydvak betref, word nog 'n sterker afname bespeur deurdat, soos hierbo vermeld, slegs 33,3% nou nog die gereformeerde aard van die kerklied as hoofoorweging voorhou. Hieruit kan dus afgelei word dat daar vanaf die laat 1950's tot en met 1994 binne die NGK 'n belangrike klemverskuiwing ten opsigte van die prioriteite met betrekking tot die amptelike kerklied ingetree het by diegene wat die behoud daarvan voorstaan. 'n Tweede afleiding wat hieruit sou kon voortvloei, is dat die gereformeerde vroomheidstipe wat die behoudende faksie ten opsigte van die kerklied verteenwoordig, 'n belangrike klemverskuiwing ondergaan het. Dit is nie alleen ten opsigte van die gereformeerde aard en wortels van die kerksang as sulks waarneembaar is nie, maar ook dáárin dat die algemene spiritualiteit van die vyftiger-mens heelwat verskil het van dié van lidmate in die vroeë negentigs.

- *Sekulêre vervlakking*

Wat is dan die eietydse behoudende lidmaat se grootste oorweging vir die behoud van die Psalm- en Gesangbundel as enigste amptelike sangboek van die NGK? 'n Ontleding van die briewe van diegene wat ten gunste van die

amptelike lied pleit, toon dat 55,5% die gevaar van *Sekulêre vervlakking* as belangrikste oorweging beskou by hulle teenstand teen alternatiewe geestelike liedere. Dié begrip word in hierdie opsig dikwels gebruik as aanduiding van 'n bepaalde een-dimensionaliteit in die aanbidding: "...(die) Christus alleen van die Skrif (word) op die agtergrond geskuif ten gunste van ...'n godsdienstige en emosionele ervaring" (Van der Linde 1984: 8). Hoewel hierdie sentiment wesenlik ten nouste met die gereformeerde aard en karakter van die kerk saamhang, is dit duidelik dat die term "gereformeerdheid" nou baie selde in die polemiek verskyn.

By die bestudering van *Tydvak 2* was dit duidelik dat daar verbande getrek is tussen die onvermoë van die amptelike lied om in alle lidmate se behoeftes te voldoen, en die verskynsel dat lidmate die NGK as gevolg van die lustelose sang verlaat het (sien onder meer onder *Gevaar van sektarisme*, 4.8). Hierdie verskynsel word ook ten opsigte van *Tydvak 3* aangetref, aangesien polemiek ook nou verwys na "mense (wat) ter wille van die tempo, ritme en die opeenvolging van musikale note ons kerk verlaat" (Van Dyk 1983: 8). Prof. G.G. Cillie, lid van die Hersieningskommissie van die 1978-Psalm en Gesangbundel, reageer hierop: "Eintlik is ek baie ...bekommerd oor die siele van mense wat ter wille van so 'n oppervlakkigheid soos "liedjies" wat hulle in ander kerke, meestal met dans- en ander wêreldse begeleidings hoor en sing, die kerk van hul ouers en voorgeslagte vaarwel sê. Wat sou van hulle godsdienstige lewens word as die eerste opwinding van daardie "liedjies" uitgerafel het en die musiek sy vernis vir hulle verloor het?" (Cillie 1983: 8). So eenvoudig is die saak egter nie. Daar is reeds onder die kategorie *"Piëtistiese vroomheidsheimwee"* (*Tydvak 1*, 4.5.2) aangedui dat diegene *ten gunste van* en diegene *gekant teen die kerklied* basies twee verskillende vroomheidstipes verteenwoordig, wat op twee heel verskillende tipes van aanbidding ingestel is. Dit wil

dus voorkom asof hierdie verskynsel ten opsigte van Tydvak 3 net so sterk geld. Die "vernuwings" beïnvloed egter die hele aard en karakter van die kerk: "Ons ontvang berigte van talle orreliste wat soms deur predikante ...die las opgelê word om of deel te neem of hulle te onderwerp aan 'n verskeidenheid musiekpraktyke tydens eredienste wat getuig van oppervlakkigheid, goedkoop gevoelsopsweping en dies meer. Enkele voorbeelde van 'n vreemde himnologiese praktyk is die volgende:

- Tydens 'n nagmaalviering word 'n laserskyf-opname van 'n gekommersialiseerde luisterliedjie-agtige weergawe van die Geloofsbelydenis oor die klankstelsel van die kerk voorgespeel, in plaas daarvan dat die liturg dit voorlees of die gemeente dit hardop sê.
- By die aanvang van 'n nagmaaldiens in 'n ander gemeente, laat die liturg sy kommer oor die onbetrokkenheid van die gemeente en hulle gebrek aan aktiewe meelewing blyk. Ter illustrasie van sy kommer en frustrasie, word 'n kommersiële opname van Doris Day se "What will be, will be" gespeel.

- 'n Predikant wat self 'n bietjie kitaar speel, probeer om tydens 'n oggenddiens 'n begrip by die kinders tuis te bring met 'n (selfgemaakte?) liedjie wat soos volg lui: "sonder Jesus is my lewe soos 'n doughnut, want sonder Jesus het my hart 'n gaatjie in die middel". Ons as skrywers van dié brief is daarvan bewus dat die behoeftes van jongmense in ag geneem moet word. Dit is om hierdie rede dat *Jeugsangbundel 2* verskyn het. Net so moet die ander gemeentelede se behoeftes ook in berekening gebring word. Ons onderskryf die noodsaak van bewaring en vernuwing. Vernuwing vra egter goeie smaak en styl" (Vos en Olivier 1994: 17).

- *Sinodale besluite*

Slegs 11% van die behoudende groep beroep hulle op amptelike besluite insake die behoud van die amptelike kerklied, teenoor 35% onder dieselfde kategorie in Tydvak 2 (Voorstelling 2(b), 4.7). Aangesien daar in Tydvak 1 (Voorstelling 1(b), 4.4) slegs 3% behoudendes was wat hierdie oorweging voorop gestel het, wil dit lyk asof **Sinodale besluite** ten opsigte van al drie tydvakke 'n oorweging van mindere belang is.

### 4.10.2 *Ten gunste van die Jeugsangbundels*

- *Bevatlikheid*

Die belangrikste faktor vir die groep wat ten gunste van die Jeugsangbundels is, blyk by nadere analise die grotere *bevatlikheid* van die bundels (veral vir die jeug) te wees. Hierdie standpunt kom na vore in 53% van die briewe (sien Voorstelling 3(a), 4.9.3). Hoewel hierdie groep nie noodwendig sonder waardering vir die amptelike bundel is nie, voel hulle dat die liedere werklik nie meer tot die hedendaagse mens spreek nie: "In ons nuwe Psalm- en Gesangboek is daar pragtige nuwe liedere. Tog egter so baie wat nooit byval sal vind by ons 80% gewone mense nie" (De Kock 1982: 12). Daar is egter ook diegene wat negatief staan teenoor die amptelike bundel, spesifiek onder die jonger garde: "Ons het ons Gesangboek uitgerafel en ontdek dat die meeste daarvan 18e-eeuse, onkontemporêre en moeilik-singbare melodieë bevat" (Van der Walt 1983: 8).

- *Psalm- en Gesangbundel verouderd*

Aansluitend by die bogenoemde beswaar van *Bevatlikheid*, toon die ontleding dat 35,2% van die groep briefskrywers *ten gunste van die Jeugsangbundels* die amptelike bundel as totaal verouderd beskou: "Die Psalm- en Gesangbundel

van 1978 is baie welkom maar ons mag nie vergeet dat dit maar 'n konsolidasie van 'n tradisie was en nie werklik 'n poging om die kerk te laat klink of dit in die twintigste eeu leef nie. Die Jeugsangbundel klink egter wel of die NG Kerk in 1984 leef. Daarom is dit in dié opsig vir my 'n belangriker bundel as die van 1978" (Cronje 1984: 8).

Die meeste van die griewe teen die Psalm- en Gesangboek dui inderdaad op 'n kombinasie van al die vorige oorwegings soos gelys onder bogemelde groep se besware:

"1.1 gebrek aan liedere om die musikale behoeftes van die jeug te bevredig;

1.2 gebrek aan voldoende liedere vir die musikale behoeftes van die eietydse mens;

1.3 die groot aantal liedere in die bundel met moeilike, swaar wysies uit vorige eeue wat vandag net eenvoudig nie meer gesing word nie;

1.4 41 persent van die 503 psalms en gesange wat na sewe jaar (sedert 1978) nog totaal onbekend is in gemeentes;

1.5 die herhaling van melodieë by verskillende psalms en gesange wat die verskeidenheid singbare melodieë afplat na slegs 155 (nie veel van variasie en dit vir so 'n lywige boek)" (De Ridder 1986: 5).

- *Verwarring oor amptelike besluite*

Slegs 11,8% van diegene ten gunste van die Jeugsangbundels is beswaard oor die feit dat daar onsekerheid heers oor wat die amptelike besluite rondom die nuwe bundels presies behels. Net soos by die besluite rondom die **Halleluja** (*Tydvak 1*, Voorstelling 1(b) onder 4.4), het die feit dat **Jeugsangbundel 1** slegs

vir gebruik buite die erediens, en **Jeugsangbundel** 2 wel vir gebruik in die erediens self toegelaat is, tot heelwat ongelukkigheid en verwarring gelei: "Die vraag ...is nou: is dit in orde om die Jeugsangbundel vir samesang te gebruik na die erediens? Dit is nog steeds dieselfde liturgiese gemeenskap wat dan byeen is!" (Erasmus 1985: 8). Dit is, terloops, interessant dat daar selfs gedurende 1984 nog briewe verskyn wat daarop dui dat die beleid insake die **Hallelujabundel** nog steeds nie vir almal duidelik is nie: "Bedoel hierdie besluit dat die gemeentes ontmoedig moet word om die Halleluja in die erediens naas die Gesang- en Psalmboek te gebruik?...Impliseer die 1979-sinodebesluit dan dat die Hallelujas geensins verwerp is nie en dat hulle maar nog soos altyd sedert 1864 - by ander geleenthede (d w s buite die erediens) gesing mag word asseblief? Wat die verwarring vererger, is dat sommige lede, dooplidmate en selfs predikante meen die Halleluja moet nou plek maak vir die Jeugsangbundel. Kan daar hieroor ook duidelikheid kom asseblief?" (Möller 1984: 12).

### 4.10.3 *Perspektief*

- *Verhewenheid van kerklied*

Dit is opvallend dat 'n volle 100% van die groep briefskrywers wat gekant is teen die Jeugsangbundels, die kategorie *Verhewenheid van die kerklied* vooropstel as hul vernaamste oorweging ter behoud van die Psalm- en Gesangbundel, terwyl *Musikale meriete* hoegenaamd nie ter sprake kom nie. Hierdie verskynsel mag saamhang met die feit dat die gevaar van *Sekulêre vervlakking* die gemoedere van die briefskrywers in so 'n mate oorheers, dat suiwer musikale faktore inderdaad 'n sekondêre plek inneem teenoor die liturgiese doel en funksie van die kerklied. Die teendeel blyk egter ten opsigte van *Tydvak 2,* waar musikale meriete as hoofperspektief vir die redenasie van 65% van die behoudendes dien - Voorstelling

2(b), 4.7. Hierdie verskynsel kan moontlik verklaar word as 'n reaksie op die feit dat die musikale komponent van die Halleluja's deurgaans baie minderwaardig was, sodat die behoud van die musikale kwaliteit van die Psalms en Gesange dus in daardie stadium 'n belangrike faktor was. Musikale kwaliteit ten opsigte van die Jeugsangbundels is egter ook 'n wesenlike probleem.

'n Analise van *Verhewenheid van kerklied* onder *Tydvak 2* toon weliswaar dat enkele behoudendes ten opsigte van die kerklied 'n baie konserwatiewe siening van die "verhewe kerklied" nastreef: "Die belangrikste eis wat ons aan 'n kerkmelodie mag stel, is dat dit plegtig en verhewe moet wees. By die aanhef daarvan moet die sanger as vanself voel dat sy gedagtes afgesluit word van die wêreld en wêreldse dinge, en dat hul hemelwaarts getrek word na die Voorwerp van aanbidding. Die ware kerklied is niks anders as 'n gesonge gebed nie, en die nadruk mag dus nie te veel op my, my gewaarwordings en gevoelens val nie, maar moet val op God en wat Hy van my verwag en vir my wil en doen. As die strekking van die lied reg is, soos hier aangedui, dan sal die uiterlike tekens van die melodie as vanself reg wees. Die plasing van myself op die agtergrond sal soetsappigheid en sentimentaliteit in die melodie en die harmonie vermy, en die vooropstel van God sal oppervlakkigheid uitskakel" (Cillié, soos aangehaal deur Heyns 1993: 6).

- *Eietydse aanslag*

As "teenpool" vir die eise van die verhewe kerklied word deur diegene ten gunste van die Jeugsangbundel juis 'n pleidooi vir 'n groter *Eietydse aanslag* by die kerklied gevoer (76,4%, Voorstelling 3(b), 4.9.3). Samehangend met die kategorieë *Psalms en Gesange verouderd* en *Bevatlikheid,* gaan dit by hierdie aspek veral om die oortuiging dat die ou "verstokte middeleeuse melodieë" nie meer vir die 20ste-eeuse mens, en met name vir die

jeug, enige seggingskrag het nie. Onder die jeug word daar sterk gevoel dat die eietydse kerklied nie noodwendig "ewigheidswaarde" hoef te hê nie: "Nou word die woorde "popkultuur" en "korte duur" gebesig as wapens teen die Jeugsangbundel. Dit raak egter 'n baie onrealistiese argument indien 'n mens die kerklied as kommunikasie of gesprek beskou. Dan kan 'n mens bv vra of dit realisties is om gesprekke slegs te besig soos dit in die Bybel of in Shakespeare-werke opgeteken is. Net soos ons die armes en die kleinburgerlikes in 'n bevolking nie kan misken omdat hulle nie helde is nie, net so kan ons die verbygaande lied nie misken nie. Dan sou ons die lewe self misken" (Cronje 1984: 8).

Gedurende 'n kongres oor godsdienstige musiek in die C.B. Powell-Bybelsentrum gedurende 1987, laat prof. Henk Temmingh hom sterk uit oor die "bier- en rugbykultuur" eie aan Jeugsangbundel 1, terwyl die musikale komponent van die bundel die kerk volgens hom "nou met leë hande" laat. Hierdie uitlatings het 'n uitgebreide reaksie in dagblaaie tot gevolg gehad. Veral was daar heelwat ontsteltenis omdat Temmingh beweer het dat die "primêre doel van die kerklied nie is om lekker te sing nie" (Schutte 1987: 5), aangesien afwysendes as gevolg daarvan gewonder het of kerksang dan nie geniet mag word nie. Hierdie polemiek het die botsing tussen die groepe se (onversoenbare) belewing van godsdiens weer eens sterk op die voorgrond gebring, met name wat betref 'n uitgesproke eensydigheid na beide "kante" toe: "Ek kry nogal begrip vir sy (*Temmingh)* se godsdiens-mentaliteit as mens sy siening oor die mooi, maar gewraakte liedere in oënskou neem. Ek wil die stelling maak dat hy nie ...begaan is oor konvensionele blye bekering en evangelisering van siele tot en vir die Hiernamaals nie; dat hy die ou verstokte vreemde ingewikkelde Geneefse melodieë verkies bo dit wat die siel nog aanroep. En eweneens meer begaan is oor die worstel-singery van vreemde liedere met sogenaamde verhewe impressionistiese komposisiestyle uit

'n feodale tydperk, as oor die eenvoud van dié melodieë wat duisende gelowiges aan moedersknie geleer het en nader aan hul Here gebring het" (Schutte 1987: 5).

Die polemiek gedurende die vroeë negentiger jare weerspieël egter wel opinies van sommige wat 'n veel meer gebalanseerde standpunt huldig: "Wat is die Christelike erediens in sy wese? Die lewende ontmoeting tussen God en sy volk, wat gesprekmatig verloop - tussen Hom en sy gemeente en tussen gelowiges onderling. En die liturgiese gesprek impliseer outentieke, stylvolle onderlinge kommunikasie. Dit word (in al sy dele) primêr teologies bepaal, maar ander kundighede moet ook noodwendig meespreek: die kommunikasiekunde, sielkunde, sosiologie, literatuurwetenskap, musiekwetenskap. Te lank wou die musiekwetenskap die musikale komponent abstraheer uit die liturgiese geheelgebeure en daaroor die alleenwoord spreek. In diens van 'n sinvolle erediens moet al die kennis-terreine hande vat om één ideaal te bereik - 'n vitale liturgiese dialoog hiér en nou" (Strydom 1993: 10). 'n Ietwat meer konserwatiewe benadering, maar wat tog by bostaande aansluit, blyk uit die volgende: "Die enigste verantwoorde reaksie kan wees waardering van die bestaande en oorgeërfde liedereskat, maar tegelyk 'n kritiese beoordeling daarvan om dit steeds relevant vir ons dag te hou - "nuwe ou liedere". 'n Eerlike openheid is nodig teenoor nuwe sangvorme om die bruikbaarheid as gemeentelied te beoordeel, maar tegelykertyd 'n kritiese beoordeling om dit wat nie pas by die teks van die kerklied en nie pas by die aanbidding van die Here nie, te weer" (Barnard 1993: 8).

- *Aanbiddingskrag*

Onder diegene wat ten gunste van die Jeugsangbundels pleit, voel 23,5% dat die liedere in laasgenoemde bundels baie meer geskik is vir "aanbidding" as die Psalms en Gesange. Hierbo het ons reeds in die aanhaling van

Schutte die suggestie gehoor dat die alternatiewe geestelike lied soveel meer siele na die Hiernamaals kan lei. Die volgende aanhaling is tiperend vir die sentimente wat in hierdie verband na vore kom: "God se lof en aanbidding mag onder geen omstandighede beperk word tot 550 verouderde korale nie (daar is wel pragtiges wat die toets van die tyd weerstaan het). Ons God is 'n kreatiewe God. Onder leiding van die Heilige Gees moet ons ook kreatief in ons kerkmusiek wees. Kerkmusiek is Koninkrykswerk! Musiek is seker dié doeltreffendste hulpmiddel in koninkryk-uitbreiding...(ons) kan nie met Bach sendingveld toe gaan nie. Nog minder kan ons met psalms en gesange in die hand straatwerk in Hillbrow gaan doen" (Maré 1993: 10). Dieselfde sentimente word in die volgende aanhaling beklemtoon: "Op die beste radioprogram, Radiokansel, is reeds oor baie jare bewys gelewer, met vele getuienis, dat onder alle bevolkingsgroepe - tot in die hospitale, gevangenisse, inrigtings, in die sitkamer asook motor, met die grootste lof verwys word na die pragtige en geseënde Geesgeïnspireerde musiek en sang, waardeur verskeie swaarbelastes, sondaars, verslaafdes en selfs duiwelaanbidders, getrek is en so ook met prediking hul weg tot saligheid gevind het" (Venter 1993: 6).

Die sienings van hierdie groep lidmate stem in groot mate ooreen met dié van die ouer garde onder **Tydvak 1**, wat ook die standpunt gehuldig het dat die **Halleluja** 'n veel meer betekenisvolle bekeringsinstrument was as die **Psalm- en Gesangbundel** (sien in hierdie verband aanhalings onder 4.5.2)

### 4.10.4 *Bykomende oorwegings*

- *Eén amptelike bundel*

Wat hierdie kategorie betref, is daar binne die betrokke tydvak geen enkele stem onder diegene gekant teen die

Jeugsangbundels wat opgaan vir één amptelike sangbundel nie, 'n faktor wat ten opsigte van *Tydvak 2* ook slegs die steun van 'n skrale 9,3% geniet het (Voorstelling 2(b), 4.7), en in *Tydvak 1* slegs 12,5% (Voorstelling 1(b), 4.4). Hierdie waarneming is interessant in dié sin dat 'n mens in die lig daarvan dat die **Jeugsangbundels** as sterk kompeterend tot die amptelike bundel ervaar word, juis sou kon verwag dat die behoudende lidmate sou pleit vir één amptelike bundel. Hoewel die vrees dat die Jeugsangbundel net soveel veld sal wen as die destydse Halleluja uit sommige briewe blyk, word hierdie aspek nie direk met 'n pleidooi vir één bundel verbind nie: "Verstaan ek reg? Is daar reeds 'n kommissie besig om vir jongmense en kinders 'n gesangboek saam te stel? As dit waar is sê ek: "Hoe tragies!" Waarom? In die skole en in die kategese klasse sal dan weer net die "maklike" boek vir die kinders en die jeug gebruik word, net soos wat dit in die verlede was met die Halleluja. Die resultaat? Die gesange en psalms, met uitsondering van so 'n klompie, sal vreemd bly. Onbekend is en bly onbekend" (Potgieter 1983: 8).

- *Spektrum dek alles*

Onder hierdie kategorie, waarmee bedoel word dat alleen die Psalm- en Gesangbundel gebruik behoort te word, omdat dit alle gemoedsaandoeninge in die geloofslewe van die NG-lidmaat dek, pleit 22,2% van die briefskrywers vir die behoud van die amptelike kerklied alleen: "Die Psalm- en Gesangboek voldoen aan alle behoeftes, bevredig alle emosies en lewer 'n positiewe bydrae tot ons liturgie" (Van der Linde 1984: 8).

- *Stylvol eietyds*

Nog 'n faktor wat slegs van 22,2% van die korrespondente steun gekry het, maar eintlik baie sentraal in hierdie debat behoort te staan, is die kwessie rondom 'n

*stylvolle eietydse kerklied.* In hierdie verband word aan die een kant gepleit vir 'n "stewige Bybels-dogmatiese inslag en 'n deeglike kennis van die historiese groei van die Christelike erediens en van die liturgiewetenskap," wat as onontbeerlik vir die formulering van 'n gereformeerde kerksangteorie beskou word. Aan die ander kant word terselfdertyd ook die noodsaaklikheid beklemtoon van 'n "verantwoorde, eietydse, konsekwente kunsbeskouing" wat sal verhoed dat "liturgiese sang stol in 'n formalistiese, wêreldvreemde sakraliteit" (Strydom 1990: 8 - Sien in hierdie verband ook die laaste twee aanhalings onder die opskrif *Eietydse aanslag* hierbo).

- *Jeugsangbundel kompeterend*

Diegene uit die kamp *Gekant teen die Jeugsangbundels* wat as vernaamste bykomende oorweging aanvoer dat die Jeugsangbundels kompeterend staan teenoor die amptelike bundel, verteenwoordig 'n groep van 55,5%. Vir hierdie groep gaan dit suiwer oor die bedreiging wat die gewildheid van die nuwe bundel inhou: "Die grootste gevaar en bedreiging van ons Psalm- en Gesangbundel...is teenswoordig die nuwe Jeugsangbundel. Ten spyte van die veelseggende voorwoord van die samestellers, is daar duidelike tekens dat die Jeugsangbundel wel kompeterend teenoor die amptelike kerksangbundel staan. Ek het uit verskeie oorde verneem dat dit lustig, soms selfs met kitaarbegeleiding, tydens die afgelope pinksterdienste opgedis is" (Van der Linde 1984: 8). Lynreg teenoor hierdie sienswyse staan die mening van diegene uit die groep *Ten gunste van die Jeugsangbundels* wat voel dat die Jeugsangbundels eintlik nog heeltemaal nie ver genoeg gaan om aan die eietydse behoeftes te voldoen nie: "Daar is 'n vars bries van lofprysings- en aanbiddingsmusiek wat waai oor die liggaam van Christus in hierdie twintigste eeu waarin ons leef. Dit is opwindende ontwikkeling in kerkmusiek! Hierteenoor is die nuwe *Jeugsangbundel* eintlik maar 'n ou druppeltjie en

onderbenut van wat dit kon wees" (Maré 1993: 10). Hierdie botsende sienswyses illustreer maar net nog eens die geweldige kloof tussen die onderskeie standpunte, 'n aspek wat ook onderstreep word deur die kategorie *Spektrum dek alles* (die spektrum van liedere in die Psalm- en Gesangbundel dek alle moontlike geloofsaandoeninge; 22,2%): "Die Psalm- en Gesangboek voldoen aan alle behoeftes, bevredig alle emosies en lewer 'n positiewe bydrae tot ons kerk se liturgie" (Van der Linde 1984: 8).

- *Meerderheid Psalms- en Gesange onbekend*

Hierdie kategorie word deur 41,2% van diegene *Ten gunste van die Jeugsangbundels* verteenwoordig, 'n groep wat veral beswaard is oor die feit dat die meerderheid Psalms en Gesange na etlike jare nog in groot mate by die meeste lidmate onbekend is. Hierdie onaanpasbaarheid ten opsigte van verandering het onder *Tydvak 2* by die kategorie *Weerstand teen verandering* ter sprake gekom, waar geblyk het dat 63% van die afwysende briefskrywers nie by die nuwe bundel kon of wou aanpas nie (Voorstelling 2(b), 4.7). Dat hierdie probleem nie met die verloop van tyd opgeklaar het nie, blyk duidelik uit die polemiek rondom **Jeugsangbundel 2**: "Miskien is dit tyd dat kerkmusici van hulle pyporrelbankies afklim ...en gaan kyk waarom hulle musiek nie meer funksioneel, relevant en eietyds genoeg is nie". Dieselfde skryfster gee ook die advies: "Gooi weg daardie musiek wat God se werk strem, en begin om siele te werf vir Christus" (Maré 1993: 10).

- ***Verlange na die nie-amptelike kerklied***

Dit is interessant dat daar in hierdie tydvak, behalwe vir die verlange na die meer bevatlike eietydse kerklied in 'n idioom anders as die reformatoriese lied (58.7%), steeds lidmate is wat na die **Halleluja** terugverlang: "Ek

het somaar lekker gevoel toe ds. Izak sê dat hy 'n jeugsangbundel sal verwelkom...(hoe) verlang ek nie terug na my jeugjare toe ons Sondagaande na die diens by die pastorie gaan Hallelujaliedere sing het nie...(die) Halleluja het 'n atmosfeer van ontvanklikheid geskep. Net soos klei wat gebrei word totdat dit gereed is om gevorm te word. ***U die pottebakker ek die klei***" (De Kock 1982: 12).

Hierdie tendens ten opsigte van sowel die **Jeugsangbundels** as die **Halleluja** is weer eens in lyn met die historiese gegewe dat die nie-amptelike kerklied nog altyd groot aanhang binne die NGK geniet het (wat betref *Tydvak 1* verlang 72,5% van diegene wat gekant is teen die amptelike kerklied terug na die nie-amptelike lied; in *Tydvak 2* is dit 40%).

### 4.10.5 *Beredenering*

Wat betref die algemene aanslag van die briewe, toon ontleding dat onder diegene *Gekant teen die Jeugsangbundels* 66,3% van die briewe *subjektief* is, teenoor 'n minderheid van 33,3% *objektiewes*. Terselfdertyd is daar onder die groep *Ten gunste van die Jeugsangbundels* 35,3% *objektiewe* briewe en 65% *subjektiewes*, 'n situasie wat inderdaad grootliks ooreenstem. Dit beteken met ander woorde dat daar 'n redelike sterk balans tussen die onderskeie groepe is wat hierdie saak betref. In die vorige tydvakke was dit lank nie die geval nie. Onder tydvakke 1 en 2 word veral onder die afwysende groep baie min *objektiwiteit* bespeur (*subjektief* 94,2% in Tydvak 2; 89,2% in Tydvak 1).

### 4.10.6 *Outoriteit*

Wat hierdie kategorie betref, is daar in vergelyking met die vorige tydvakke wel 'n styging wat betref die betrokkenheid van die kategorie *Amptelik: kundige 1* by

die polemiek. Hierdie kategorie styg nou vanaf geen verteenwoordiging in *Tydvak 1* en 2,3% in *Tydvak 2* (*Ten gunste van amptelike kerklied*) tot 11% (*Gekant teen Jeugsangbundels*) en 11,8% (*Ten gunste van Jeugsangbundels*) gedurende die huidige tydvak onder bespreking. Aan die ander kant toon die betrokkenheid van dominees (*Amptelike kundige 2*) 'n afname by die polemiek rondom die Jeugsangbundel (slegs 24% van diegene onder die kategorie *Ten gunste van Jeugsangbundels*). *Lidmaat kundige 2* daarenteen is nou heelwat sterker as voorheen verteenwoordig (33,3% van diegene gekant teen die Jeugsangbundels), terwyl die *Lidmaat: leek* groep deur 55,5% (Gekant teen) en 65% (Ten gunste van) verteenwoordig word. Dit beteken dat daar steeds meer betrokkenheid uit die afwysende leke-kamp kom, as wat die geval was by *Tydvak 2* en veral *Tydvak 1* (sien Voorstellings 1(b) en 2(b), 4.4 en 4.7 onderskeidelik). Ten opsigte van die bundels self blyk daar ernstige musikaal-teoretiese en estetiese tekortkominge (in sommige gevalle selfs blatante amateurismes), aspekte wat ook reflekteer op die deskundige oordeel van die samestellers daarvan - sien die besprekings onder 5.2.7. en 5.4.4.

### 4.10.7 *Oorsprong*

In hierdie opsig blyk dat 88,8% van die briewe onder die kategorie *Gekant teen* reaksie op uitsprake en polemiek is, terwyl slegs 11% met beleidsveranderinge te make het. Aan die *Ten gunste van Jeugsangbundels* front handel 17,6% van die briewe oor beleidsake, en 82,3% bevat reaksie op ander polemiek. Hierdie situasie is min of meer vergelykbaar met dié van die vorige tydvakke, hoewel daar in *Tydvak 1* (Voorstelling 1(b), 4.4) geen reaksie aan die kant van die "behoudendes" betreffende beleidsveranderinge was nie.

# HOOFSTUK 5

## *Gevolgtrekkings en aanbevelings*

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan dit veral om 'n bespreking van die belangrikste gevolgtrekkings uit die data-analise (hoofstuk 4), asook om 'n opweeg van die bevindings teenoor die eise wat die gereformeerde kerksang-ideaal stel, om vanuit hierdie perspektief uiteindelik 'n aantal aanbevelings ten opsigte van die kerklied van die NGK te formuleer. Dit is in hierdie stadium duidelik dat laasgenoemde geen eenvoudige taak kan wees nie, veral nie binne die konteks van **erediensvernuwing** nie wat sekerlik dié belangrikste motief is agter heelwat van die latere polemiek onder Tydvak 2, asook die grootste deel van die polemiek onder Tydvak 3.

Hoofstukke 1 en 2 het reeds aangetoon dat die vraag na **relevansie in die aanbidding** wêreldwyd 'n uiters belangrike tema met betrekking tot die 20ste-eeuse kerklike lewe is. Strydom (1994: 232v) wys daarop dat 'n ernstige besinning rondom 'n relevante liturgies/himnologiese estetika by die oorgang van die 20ste na die 21ste eeu nie alleen kritiese denke ten opsigte van bestaande praktyke vra nie, maar dat daar ook totaal nuut oor die liturgie gedink moet word. Sommige gesigspunte uit die verlede moet noodwendig gekontinueer word, terwyl ander agtergelaat sal moet word ter wille van sinvolle vernuwing. Dit impliseer dat tendense, praktyke en beskouinge uit die verlede én die hede onbevange en objektief geweeg en getoets moet word. Hierby moet daar aan die een kant rekening gehou word met die maatstawwe van die Skrif, asook met die gereformeerde belydenis en die bevindinge van die liturgiewetenskap. Aan die ander kant moet daar met net soveel erns ingegaan

word op die behoeftes van die hedendaagse NG-lidmaat, veral omdat daar uit hierdie studie duidelik blyk dat daar 'n diep kloof bestaan tussen die ideale van die gereformeerde kerksang en die behoeftes van die meerderheid gewone lidmate.

Hierdie studie fokus dus op 'n dokument-analise van standpunte rondom die kerklied van die NGK wat oor die laaste aantal dekades uitgespreek is. Die hoofdoel is om die verskille en raakpunte tussen die beleidmakers en lidmate vas te stel, asook om die behoeftes van beide hierdie partye ten opsigte van die kerklied te bepaal (sien 1.2). Hierdie aspekte is inderdaad belig deur die konklusies uit die data-analise, wat dit moontlik maak om behoeftes rondom die kerklied van die NGK objektief te oorweeg. Soos vroeër vermeld (sien 1.1), is soortgelyke gegewens nog nie voorheen binne die konteks van die NGK op 'n wetenskaplike wyse en spesifiek vanuit 'n sosiaal-wetenskaplike invalshoek ondersoek nie. In hierdie opsig is daar ook vermeld dat die hele kwessie rondom vernuwing van die kerkmusiek binne die NGK tans sodanig in die brandpunt staan, dat dit dringend nodig geag is om op diepgaande wyse oor die verskeie fasette van hierdie saak na te dink.

## 5.2 HOOFBEVINDINGS UIT DIE DATA-ANALISE[1]

### 5.2.1 Amptelike kerklied versus nie-amptelik

Een van die eerste konklusies waartoe daar op grond van die data gekom moet word, is dat **die behoefte aan die nie-amptelike kerklied in die NGK inderdaad baie swaar weeg,** sowel wat die historiese ontwikkeling van die

[1]. Hierdie bespreking bevat slegs die belangrikste konklusies vanuit die data-analise (Hoofstuk 4). Die bevindings in hierdie hoofstuk ontstaan dus meestal as "kruisverwysings" vanuit die data, en belig as sodanig minder ooglopende gevolgtrekkings uit die studie. In die bespreking rondom die aanbevelings (5.4) is daar steeds enkele verwysings na bevindings uit die data. Laasgenoemde word egter as deel van hierdie laaste afdeling hanteer omdat dit regstreeks in verband staan met die argumentasie rondom sekere van die aanbevelings.

kerklied betref (sien weer Hoofstuk 3), asook ten opsigte van die tydperk onder bestudering (laat vyftigerjare tot en met 1994). Slegs gedurende tydvak 2 was daar 'n meerderheid van briefskrywers wat ten gunste van die amptelike kerklied pleit, en hierdie meerderheid het slegs uit 10% bestaan (sien weer Voorstellings 1(a - c) - 55% is ten gunste van die Psalms en Gesange, met ander woorde weinig meer as die helfte). Ten opsigte van Tydvak 1 is die oorgrote meerderheid ten gunste van die Halleluja (64%), terwyl Tydvak 3 weer eens 'n meerderheid van 65% ten gunste van die Jeugsangbundels oplewer.

Dit is dus duidelik dat ten opsigte van tydvakke 1 en 3 'n tweederde meerderheid van alle briefskrywers *ten gunste van die nie-amptelike kerklied* is, terwyl feitlik die helfte van die briefskrywers in tydvak 2 nie die amptelike kerklied steun nie. By die interpretasie van hierdie data moet egter ook in gedagte gehou word dat, ten opsigte van diegene *gekant teen die amptelike kerklied*, die kategorie *Weerstand teen verandering* onder *Tydvak 2* alle ander kategorieë totaal oorskadu het (63,3%), 'n feit wat op sigself 'n sterk aanduiding is van die ongelukkigheid rondom die 1978 bundel se verskyning.

Binne die perspektief van die studie as geheel kan daar gekonkludeer word dat **die nie-amptelike of meer ervaringsgerigte kerklied histories sowel as binne die huidige tydvak groot aanhang in die NGK geniet,** en dat laasgenoemde veral deur die Sankeys in die 19de eeu en die invloed van die popkultuur in die 20ste eeu "aangevuur" is. Die feit dat die Psalms en Gesange volgens die data-analise as "te ingewikkeld", "onsingbaar", en "intellektueel veeleisend" ervaar word deur dié groep lidmate wat vir die nie-amptelike lied pleit, maak dit duidelik dat die sentiment ten gunste van die nie-amptelike kerklied inderdaad 'n groot affiniteit vir **'n meer bevatlike of "eenvoudiger" geestelike lied**

impliseer. Hierdie tendens is in al die tydvakke aanwesig, maar figureer sterker onder *Tydvakke 1 en 3*. Onder *Tydvak 1* grens manifestasies hiervan feitlik aan 'n soort "geestelike minderwaardigheidsgevoel", of anders 'n soort misplaaste vroomheid waarby die gelowige "klein en nietig" voor God staan, of waar alternatiewelik slegs die eie (beperkte) ervaringswêreld ter sprake kom (sien in hierdie verband veral die kategorie *Piëtistiese vroomheidsheimwee*, 4.5.2). Onder *Tydvak 2* word hierdie aspekte oorskadu deur die kategorie *Weerstand teen verandering* (63%, Voorstelling 2(b) onder 4.7) Daarenteen is onder *Tydvak 3* bevind dat die *aanbiddingskrag* van die meer "ervaringsgerigte" geestelike lied primêr beklemtoon is (23,5% - sommige briefskrywers verwys openlik na die "resultate" van hierdie liedere), hoewel die belangrikste faktor "eietydsheid" is (76,4%, Voorstelling 3(b) onder 4.9.3; sien ook die aanhalings onder 4.10.3).

Kyk 'n mens vanuit hierdie perspektief terug oor die historiese ontwikkeling van die NG-kerklied, sou die sterk affiniteit van die NG-lidmaat vir die sentimentele en simplistiese tipe geestelike lied feitlik as 'n "histories-religieuse" verskynsel getipeer kon word, terwyl daar in die jongste tyd veral aangedring word op 'n eietydse lied wat aansluit by die lewenswêreld van die moderne jeug. In die loop van die studie (sien veral onder 2.4.4v) is daar egter reeds op verskeie probleme gefokus wat te make het met vraagstukke wat ontstaan wanneer musiek in die erediens gebruik word wat nie opgewasse is teen die liturgiese eise waaraan dit behoort te voldoen nie. Hierdie aspek kom later binne hierdie hoofstuk (5.4) weer onder bespreking. Ook kan die behoeftes van diegene wat nie alleen die amptelike lied op prys stel nie, maar dit as 'n simbool van hul gereformeerde belydenis sien, nie maar bloot "weggeredeneer" word ter wille van die ander groep lidmate nie, selfs nie op grond daarvan dat laasgenoemde

'n meerderheid verteenwoordig nie. Hoofstuk 2 (2.4.4 - "Die gemeenskap van die heiliges") het immers reeds gemeld dat die kerk nie maar bloot 'n soort "religieuse vereniging" is waarby die "lede" 'n meerderheidstem uitbring vir of teen die nuutste/populêrste neigings van die dag nie, maar dat die kerk se lidmate "ledemate" is van die liggaam van Christus, en dat die implikasies hiervan ook ten opsigte van die kerklied besliste voorwaardes stel.

Aangesien bogenoemde konflik tussen die amptelike en nie-amptelike lied een van die hooftemas van hierdie studie was, word hierdie aspek nog eens onder 5.2.2 asook 5.2.5 ondersoek.

### 5.2.2 Twee botsende tipes spiritualiteit

Die analise van polemiek onder Tydvak 1 het reeds duidelik getoon dat die konflik tussen die amptelike en nie-amptelike kerklied nie slegs "'n stryd om die bundels" is nie, maar dat dit ten diepste gaan om **twee verskillende tipes godsdiensbelewing of spiritualiteit** binne die NGK (sien in hierdie verband weer eens voetnoot 1 en 2 onder 4.3.2). Hierdie tendens word slegs bevestig deur die data onder Tydvakke 2 en 3. Hierby is, vir die doeleindes van die studie, onderskei tussen die **reformatories-gereformeerde vroomheidstipe** wat diegene verteenwoordig wat *ten gunste van die amptelike kerklied is*, en aan die ander kant die **evangelikalies-metodistiese vroomheidstipe**, verteenwoordigend van diegene wat *gekant is teen die amptelike kerklied*, en die nie-amptelike kerklied bepleit. Terselfdertyd verteenwoordig hierdie twee groepe binne die NGK diegene wat 'n vroomheidstradisie onderskryf wat as "geloofsvroomheid" getipeer kan word, teenoor diegene wat die "ervaringsvroomheid" as 'n subjektiewe ervaring voorop stel en die klem vanaf die objektiewe Skrifwoord laat verskuif na 'n eie, subjektiewe belewenis. 'n Belangrike

klemverskuiwing ten opsigte van die data wat met hierdie "vroomheidstipes" saamhang, is die feit dat die "ervaringsvroomheid" aanvanklik aan ouer lidmate toegeskryf is, dog toenemend deur die jonger lidmate bepleit word namate daar na Tydvak 3 beweeg is. Laasgenoemde beteken dus dat die druk ten opsigte van 'n ervaringsgerigte kerklied met name gedurende *Tydvak 3* aan die jeug toegeskryf kan word, hoewel hierdie sentiment deur sommige ouer lidmate ook ondersteun is, meestal met die motief om "die jeug vir die kerk te behou". Hiermee saam hang ook die feit dat die "ervaringsvroomheid" aanvanklik neig om die "bekende" te behou (die verlange na die Hallelujalied onder Tydvak 1; in sekere mate geld dit ook nog onder *Tydvak 2*), terwyl daar gedurende *Tydvak 3* juis op "vernuwing" aangedring word en die tipe geestelike lied wat nou ter sprake is, meer onder die kategorie van pop- of gospelliedjies geklassifiseer kan word.

'n Verdere belangrike verskuiwing van die tendens ten opsigte van die kategorie *Ten gunste van die amptelike kerklied* is dat predikante wat die tradisionele kerklied steun, veral gedurende *Tydvak 2* redelik sterk aandring op die behoud van die amptelike lied (37,5% gedurende *Tydvak 1;* 56% gedurende *Tydvak 2,* sien Voorstelling 1(b) en Voorstelling 2(b) onder 4.4 en 4.7 onderskeidelik), maar in *Tydvak 3* **geen steun aan die amptelike kerklied toesê nie.** Aan die ander kant staan slegs 24% van die leraars die gebruik van die Jeugsangbundels voor, waaruit afgelei kan word dat die nuwe geslag NG-dominees nie noodwendig op die voorpunt van die "vernuwingsbeweging" ten opsigte van die kerklied staan nie, maar wel meer steun aan die eietydse lied as aan die tradisionele kerklied toesê.

### 5.2.3 Klemverskuiwing ten opsigte van spiritualiteit

Onder die data-analise aangaande die **Jeugsangbundels 1 en 2** (sien die kategorie *Teologies-liturgiese begronding,*

4.10.1) is reeds gefokus op die feit dat daar vanaf die laat 1950's tot en met 1994 'n belangrike klemverskuiwing plaasgevind het ten opsigte van die groep lidmate wat *ten gunste van die amptelike kerklied* is. Hierdie klemverskuiwing hang ten nouste saam met die gereformeerde spiritualiteit van laasgenoemde groep, en dus ook met hul prioriteite ten opsigte van die kerklied. Onder *Tydvak 1* is *Gereformeerde karakter* die hoofoorweging (62,5%) vir die behoud van die Psalm- en Gesangbundel teenoor die Halleluja (Voorstelling 1(b), 4.4), terwyl *Tydvak 2* reeds 'n afname in hierdie kategorie toon (51%, Voorstelling 2(b), 4.7). Onder *Tydvak 3* word hierdie kategorie nog slegs deur 33,3% ondersteun (Voorstelling 3(b), 4.9.3). Polemiek toon ook dat die begrip "gereformeerdheid" veel minder in die briewe van die derde tydvak verskyn as in die eerste twee tydvakke (die term "gereformeerdheid" verskyn trouens slegs in één van die 26 briewe wat onder hierdie periode ontleed is, hoewel die inhoud van twee ander briewe die skrywers ook as voorstanders van 'n gereformeerde gesindheid laat kwalifiseer). Die term "gereformeerdheid" is daarom nie onder hierdie tydvak as kategorieterm gebruik nie, aangesien "teologies-liturgiese begronding" 'n meer gepaste omskrywing van die inhoud van die dokumente binne hierdie kategorie gebied het.

Die feit dat *die vrees vir sekulêre vervlakking* onder *Tydvak 3* as vernaamste oorweging uitstaan onder dié lidmate wat ten gunste van die amptelike kerklied is (55,5%, Voorstelling 3(b), 4.9.3), hang uiteraard saam met die hele verskuiwing wat vanaf die laat vyftigerjare tot en met die vroeë negentigs ten opsigte van die kerklied, en die kerkmusiek as geheel, plaasgevind het. Hiermee word die verskuiwing bedoel vanaf die Hallelujalied na 'n aanvraag vir liedere wat min of meer as "geestelike pop" getipeer kan word. Dit is 'n tipe kerkmusiek wat sterk met die hedendaagse sekularistiese

kultuur identifiseer en in groot mate deur dieselfde een-dimensionaliteit gekenmerk word (iets wat egter nie ten opsigte van die liedere uit die Jeugsangbundels geld nie). Die feit dat hierdie faktor 'n verskuiwing ten opsigte van die eredienskarakter as geheel tot gevolg het, is volgens die polemiek die grootste enkele faktor waarteen die "behoudende groep" beswaar maak (sien in hierdie verband veral 5.2.8).

Dit wil dus voorkom asof die vrees vir sekulêre vervlakking binne *Tydvak 3* die fokus as 't ware van gereformeerdheid weggekeer het, **hoewel daar hierby wel in gedagte gehou moet word dat die uiteindelike beweegrede wat agter hierdie vrees lê, steeds ten diepste met "gereformeerdheid" te make het,** of die presiese term nog daaraan gekoppel word, of nie.

### 5.2.4 Eén amptelike bundel

'n Ander belangrike konklusie uit die data staan in verband met die historiese neiging binne die NGK om 'n amptelike sangbundel vir gebruik binne die erediens daar te stel, asook 'n "meer bevatlike" bundel (of bundels) waaruit daar dan voor die diens of by ander godsdienstige byeenkomste gesing kan word. Soos aangetoon in hoofstuk 3, het hierdie dualisme in die kerksangpraktyk van die NGK nog altyd groot spanning veroorsaak, veral omdat die nie-amptelike liedere van meet af aan heelwat meer steun geniet het en klaarblyklik die sielsbehoeftes van die meerderheid lidmate veel "dieper" kon bevredig as wat die meer sobere, amptelike lied kon doen. Hoewel daar tydens die Algemene Sinode van 1994 besluit is om die Jeugsangbundels ook vir gebruik binne die erediens aan te wend, bly die feit staan dat laasgenoemde steeds as 'n addisionele toevoeging tot die amptelike bundel gesien is, met die gevolg dat die tradisie van meer as een liederbundel vir gebruik binne die NGK tot vandag toe nog gehandhaaf word.

Dit is interessant dat hierdie uiters belangrike aspek eintlik relatief min aandag binne die polemiek rondom die kerklied geniet het. Onder *Tydvak 1* haal slegs 12,5% briefskrywers (afgedag daarvan of hulle *ten gunste van die amptelike lied* of *gekant teen die amptelike lied* is) hierdie kwessie op (sien Voorstelling 1(b), 4.4). Onder *Tydvak 2* blyk dat slegs 9,3% nog oor hierdie vraagstuk begaan is (Voorstelling 2(b), 4.7), terwyl daar wat *Tydvak 3* betref, **geen reaksie van enige van die twee faksies insake hierdie kwessie aanwesig is nie** (Voorstelling 3(b), 4.9.3). 'n Mens sou laasgenoemde tendens moontlik kon toeskryf aan die feit dat NG-lidmate hierdie ongelukkige toedrag van sake reeds in groot mate aanvaar het. Dit kan ook wees dat die erns van die situasie en die fatale uitwerking van uiteenlopende tipes sangbundels op die reeds bestaande konflik ten opsigte van vroomheidstipes binne die NGK nie genoegsaam deur die beleidmakers besef is, of enigsins tot die gewone lidmate deurgedring het nie.

### 5.2.5 Onbevatlikheid van Psalms en Gesange

Reeds vanaf *Tydvak 1* toon die polemiek dat een van die hoofoorwegings van diegene wat *gekant is teen die amptelike kerklied*, die oortuiging is dat die Psalms en Gesange as "wêreldvreemd" en "onbevatlik vir die gewone lidmaat" ervaar word (sien veral argumente onder *Piëtistiese vroomheidsheimwee* en *Weerstand hoë standaarde* onder 4.5.2 en 4.5.3 onderskeidelik). Vanaf *Tydvak 2* protesteer laasgenoemde groep openlik daarteen dat 'n groot gedeelte van die amptelike kerkliedereskat uit "die 15de en 16de eeue oorgelewer is" en dus geheel en al wêreldvreemd vir die hedendaagse mens is. Boonop word die melodieë deur 'n groot aantal briefskrywers as gewoon "onsingbaar" ervaar (46% onder *Tydvak 2*, sien Voorstelling 2(b) onder 4.7). Hierdie tendens word inderdaad sterker namate die polemiek na *Tydvak 3* beweeg, aangesien 35,2% die Psalms en Gesange nou as verouderd

beskryf, en 53% voel dat die liedere totaal onbevatlik vir die hedendaagse lidmaat is (Voorstelling 3(b) onder 4.9.3). Hierdie faktore geld vir gesamentlik 88,2% van diegene wat gekant is teen die amptelike kerklied.

Wat betref die tydperk onder bestudering, toon die polemiek dat veral die Geneefse psalmmelodieë 'n groot bron van ongelukkigheid en ergernis vir sommige lidmate is (sien byvoorbeeld onder 4.10.2 en 4.10.3 die verwysings na die "moeilike, swaar wysies uit vorige eeue wat vandag net nie meer gesing word nie", asook "die ou verstokte vreemde ingewikkelde Geneefse melodieë" en "die worstel-singery van vreemde liedere...uit 'n feodale tydperk"(!), ens).

Dit kan natuurlik nie ontken word nie dat die Geneefse melodieë uit die 16de eeu stam, of dat dit nie 'n vanselfsprekendheid is dat die idiomatiese seggingskrag daarvan die meerderheid 20ste-eeuse kerkgangers sal aanspreek nie. Dit is interessant dat Strydom (1994: 110) op die feit wys dat sommige van die Geneefse melodieë in Nederland **reeds gedurende die 17de eeu as "erg moeilik" ervaar is.**[2]

Aangesien die liturgiese praktyk van die Afrikaanssprekende gereformeerde kerke direk met die Nederlands-reformatoriese liturgiese praktyk sedert die laat-16de eeu verbind kan word, is dit nie vreemd dat die gebruik van die Datheense beryming reeds kort na die koms van Jan van Riebeeck ook by heelwat lidmate hier te lande weerstand ontlok het nie. Die rede hiervoor het moontlik nie alleen in die vreemde modale gevoel van die kerkmodi gelê nie, maar waarskynlik, soos in Nederland, veral in

---

2. In 1631 lê Patraclus Römeling 'n gravamen aan die Provinsiale Sinode van Groningen voor om beswaar aan te teken teen die "onmoontlike variasie van ritme en rym" in die 125 psalmmelodieë, met die versoek dat daar 'n veel kleiner aantal melodieë moet wees waarop al die psalms gesing kan word (Luth 1986: I147v). Dit is maar één voorbeeld van die problematiek rondom die Geneefse sang, aangesien die verlies aan die oorspronklike ritmiese uitvoeringspraktyk en die invoer van orrelbegeleiding gedurende die 18de eeu in Nederland die kerksang nog meer laat degenereer het.

die feit dat die outentieke lewendige ritmiese uitvoeringswyse van die melodieë in onbruik geraak het, en die melodieë dus in groot mate van hul oorspronklike lewenskragtigheid en skoonheid beroof is (sien ook onder 3.2).

Hierdie kwessie bring ons by een van die aspekte wat moontlik nóú saamhang met die ongewildheid en ongeslaagdheid van die Geneefse Psalms binne die huidige konteks van die NGK, naamlik die **kwaliteit van die uitvoeringswyse waarop die liedere sedert 1978 aangebied en ervaar** is. Een van die belangrikste oogmerke van die Hersieningskommissie was destyds júís om die melodieë nie alleen "in ere te herstel" nie, maar om dit ook meer bevatlik vir die gewone lidmaat te maak: "By die hersiening van die musiek was die oorwoë mening dat die melodieë vir die gemeente maklik singbaar moet wees. Daar is nie 'n poging aangewend om 'n prestige-bundel saam te stel wat net die musiekkenners tevrede sou hou nie. Ons gemeentes is in gedagte gehou". Dieselfde brief sê verder: "die blote feit dat 'n melodie nou nog onbekend is...maak dit nie onsingbaar of "stram" nie. Sing so 'n melodie 'n paar keer deur en dit begin groei, totdat dit vir jouself en andere aanvaarbaar en selfs aangrypend word" (Serfontein 1975: 589).

'n Ontleding van die data soos hierbo aangetoon, wys onomwonde dat hierdie strewe van die Hersieningskommissie tot op hede nooit gerealiseer het nie. Daar is vandag inteendeel veel minder steun vir die Geneefse melodieë as wat daar gedurende die sewentiger- en tagtigerjare was. Selfs al is die ritmes van die melodieë doelbewus deur die hersieningswerk tot die oorspronklike vorm herstel, **het die algemene wyse waarop hierdie melodieë landswyd in die NGK aangebied is (ten opsigte van tempo, frasering en ritmiese vitaliteit) veel te wense oorgelaat, en het daar weinig daarvan gekom om selfs maar iéts van die oorspronklike skoonheid en krag van die musiek vir die**

**gewone lidmaat te ontsluit.** Hiermee word bedoel dat daar maar hoogstens 'n handjievol orreliste en gemeentes was (en is) wat werklik reg aan die melodieë kon laat geskied, of wat die tipe kwaliteitopleiding (en/of instrumente) tot hulle beskikking gehad het om die ideale van die Hersieningskommissie te kon realiseer. In hierdie verband moet egter vermeld word dat daar selfs in die buiteland tot betreklik onlangs maar min navorsing oor hierdie kwessies gedoen is, maar dat daar in die laaste tyd intensief op hierdie onderwerp ingegaan word. Dit is dus verblydend dat ook die tussenkerklike psalm- en gesangkommissie hom ten doel stel om sake rondom uitvoeringswyses toekomstig op toepaslike wyse aan te spreek. Gelineau (1978: 93) wys inderdaad op die feit dat die **styl van uitvoering** van kerkliedere **heelwat belangriker as die repertorium self is,** en kwalifiseer hierdie stelling verder deur te sê dat die manier waarop kerkliedere aangebied en gesing word, meer deurslaggewend is as die werklike aard en karakter van die musiek self: "There is too much emphasis on works, language, and "codes" in general, but not enough on the importance of performance, on the musical act as a manifestation of what is happening, as a visible sign of the invisible". Uit die Nederlandse literatuur blyk ook dat nie slegs uiterlike omstandighede 'n invloed op die ervaring en kwaliteit van uitvoering van 'n kerklied kan uitoefen nie, maar selfs ook diepere innerlike "houdings": "Een lied is...gevoelig voor wie het zijn die zingen. Wat een lied ís en kán: het heeft te maken met tekst en melodie, maar ook met mensen en gebeurtenissen. We zullen ruimte moeten maken voor de mogelijkheid dat er vanuit de diepste lagen van ons bestaan een en ander mee-resoneert wanneer 'n lied wordt aangeheven. Hoe leven wij met God en met elkaar? Ik vermoed dat liederen in hun zegginskracht daarop reageren" (Honders 1978: 11-12).

Moontlik moet daar binne die konteks van die NGK ook in gedagte gehou word dat 'n ontvanklikheid vir die

skoonheid van die liedere, **selfs onder die mees ideale uitvoeringsomstandighede**, nooit bewerk kan word deur "'n paar keer se deursing" soos wat Serfontein destyds gemeen het nie, maar waarskynlik beperk is tot 'n relatief klein groep lidmate wat oor 'n ontwikkelde estetiese aanvoeling en waardering beskik. Daar is reeds onder die kategorie *Piëtistiese vroomheidsheimwee*, 4.5.2, aangetoon dat diegene *ten gunste van* en *gekant teen die amptelike kerklied*, nie alleen as twee verskillende vroomheidstipes getipeer kan/moet word nie, maar dat hierdie skeiding inderdaad ook 'n belangrike standpuntinname van "intellektuele" teenoor "leke" sigbaar gemaak het.

In die lig van bogenoemde komplekse situasie rondom die psalmmelodieë, is dit verblydend dat die huidige hersiening van die berymings nie slegs die tekste raak nie, maar dat ook die onbevatlikheid van die melodieë deeglik onder die loep sal kom (sien in hierdie verband egter ook die bespreking onder 5.4.3). Dit is egter belangrik om daaraan te herinner dat die polemiek, afgesien van weerstand teen die Geneefse melodieë, ook heelwat besware teen die Gesange bevat het, en dus teen die bundel as geheel gerig was. Die oorwegings rondom die kwaliteit van uitvoering raak met ander woorde 'n groter spektrum van die kerksang as slegs die Geneefse melodieë. Verder is dit uit die data duidelik dat die negatiewe ervarings van lidmate rondom die Psalm- en Gesangbundel nie slegs in werklike fisiese "onsingbaarheid" setel nie, maar dat 'n aantal ander eksterne faktore blykbaar ook meespeel. Hierdie kwessies word egter vollediger bespreek in paragraaf 5.4.3, aangesien die genoemde faktore direk in verband staan met die redenasie rondom daardie betrokke aanbeveling.

### 5.2.6 Musikale meriete

Wat betref kwessies rondom die suiwer musikale meriete van die bundels onder bestudering, toon die ontleding

opvallend uiteenlopende data wat die onderskeie tydvakke betref . Gedurende *Tydvak 1* is daar 'n ooglopende gebrek aan betrokkenheid insake hierdie kategorie, aangesien slegs 12,5% van diegene *ten gunste van die amptelike kerklied* die saak hoegenaamd ophaal (Voorstelling 1(b) onder 4.4). 'n Mens sou verwag dat die musikale minderwaardigheid van die Halleluja-melodieë kwessies rondom suiwer musikale oorwegings júis veel meer op die voorgrond sou bring.

Onder *Tydvak 2*, daarenteen, beroep nie minder nie as 65% van die voorstanders van die amptelike kerklied hulle op die musikale kwaliteit van die Psalms en Gesange as regverdiging vir die behoud van die bundel as enigste amptelike sangboek van die NGK (sien Voorstelling 2(b), 4.7). Hierdie feit is nie vreemd nie in die lig van die Hersieningskommissie se pogings om juis ten opsigte van musikale faktore verbeteringe in die nuwe bundel aan te bring. Dit is egter opvallend dat hierdie saak weer eens **slegs 'n beklemtoning van die skeiding tussen die verskillende vroomheidstipes aan die lig gebring het, soos deur die *Ten gunste van /Gekant teen* groepe verteenwoordig.** 'n Bestudering van die besware van diegene gekant teen die Psalm- en Gesangbundel in dieselfde tydvak, onder die kategorie *Weerstand teen verandering* (63%), *Weerstand teen hoë standaarde* (12,5%) en *Onbevatlikheid* (23%, Voorstelling 2(b), 4.7), toon duidelik dat **dieselfde faktore wat vir die een faksie 'n regverdiging van die bundel is, vir die ander groep juis 'n steen des aanstoots is.** Dit is egter nie onmoontlik dat hierdie kwessie sterk in verband staan met oorwegings rondom gebrekkige uitvoeringwyses van die Psalms en Gesange nie (vergelyk hierbo onder 5.2.5). Dan moet daar ook op gewys word dat, hoewel die briefskrywers die musikale meriete van die bundel in die korrespondensie opgehaal het, daar **in geen stadium enige werklike bespreking van suiwer musikale faktore of aspekte in die polemiek aanwesig was nie.**

'n Analise van die gegewens onder *Tydvak 3* toon dat nie een van die briefskrywers kwessies rondom musikale meriete ophaal nie. Dit is vreemd in die lig daarvan dat al die briefskrywers ten gunste van die amptelike lied dit eens is dat die *verhewenheid van die kerklied* voorop staan as vernaamste oorweging vir die behoud van die Psalm- en Gesangbundel. Dit impliseer tog sekerlik dat die melodieë ook musikale meriete moet besit. Net soos by *Tydvak 1* is die gebrek aan bespreking van suiwer musikale faktore moeilik verstaanbaar, veral waar daar wel uit ander geledere as dié van die briefskrywers, sterk beswaar gemaak is teen die musikale tekortkominge van die Jeugsangbundels, soos met name deur Temmingh tydens 'n kongres oor kerkmusiek gedurende 1987 (*"Nou sit ons musikaal met leë hande"*, (Kerkbode verslaggewer 1987: 1); vergelyk verwysings onder 4.10.3).

Interessant genoeg het die polemiek rondom Temmingh se uitlatings aangaande Jeugsangbundel 1 **weer eens eerder die botsing tussen die onversoenbare tipes van godsdiensbelewing op die voorgrond gebring, as dat daar hoegenaamd oor musikale elemente gedebatteer is.** Temmingh is trouens selfs daarvan beskuldig dat hy meer begaan is oor die "worstel-singery" van die Geneefse melodieë, as oor die wen van siele vir die koninkryk! (Schutte 1987: 5). Dit is belangrik om op hierdie stadium daarop te let dat hierdie tendens 'n duidelike weerspieëling is van die feit dat **sentimente (na beide kante)**, meer as enige ander faktor, **'n bepalende rol speel ten opsigte van die gang van die polemiek**, en dus ook ten opsigte van die rigting waarin voorkeure rondom die kerklied ontwikkel het.

Dit is ook moontlik dat die gebrek aan fokus op die suiwer musikale aspekte van die kerklied (selfs gedurende *Tydvak 2*), saamhang met die feit dat daar in die arbeid van die onderskeie kommissies deurgaans 'n groter oorwig van teologies geskoolde eerder as himnologies geskoolde

deskundiges aanwesig was. Hierdie kwessie word in meer detail onder 5.2.7. bespreek.

### 5.2.7 Die fokus van deskundigheid ten opsigte van uitsprake en besluitneming rondom die kerklied


'n Analise van die status van die briefskrywers uit al drie die tydvakke toon 'n opvallende gebrek aan betrokkenheid die kategorie *Amptelik: kundige 1* ten opsigte van die kerklied. Terselfdertyd het kommissielede in die polemiek (tereg) daarop gewys dat die terrein van die kerkmusiek 'n uiters gespesialiseerde veld is. Vanuit die besondere aard van die kerkmusiek impliseer laasgenoemde veral 'n tipe deskundigheid wat nie eensydig op die teologie aan die een kant, of op die kerkmusiek aan die ander kant, gerig is nie. Die problematiek van hierdie terrein is juis geleë in die feit dat verantwoorde denke binne die vakgebied gespesialiseerde opleiding in beide hierdie velde vereis. Juis om hierdie rede is daar dan ook binne die konteks van hierdie studie soveel klem geplaas op die relatiewe gebrek van deelname ten opsigte van die kategorie *Amptelik: kundige* 1. Die polemiek onder *Tydvak 1* toon, nòg aan die amptelike kant, nòg aan dié van die lidmate, enige insette van die kategorie *kundige 1*. (Voorstelling 1(b), 4.4). Onder *Tydvak 2* was één brief met betrekking tot die polemiek vanuit hierdie kategorie afkomstig, terwyl daar, wat *Tydvak 3* betref, drie skrywes in hierdie verband aangeteken is, almal egter van dieselfde (amptelike) kundige. 'n Ontleding van die status van alle briefskrywers wat by die polemiek betrokke was, toon duidelik dat die grootste persentasie uitsprake insake die kerklied wat elkeen van die drie tydvakke onder bestudering betref, afkomstig is in uitsprake van "leke" uit die kategorie *Gekant teen die amptelike kerklied*, terwyl die tweede grootste persentasie uit die kategorie *Amptelik kundige 2* (die predikante en teoloë) gekom het. Dit blyk uit 'n volledige uiteensetting van die

verspreiding van briefskrywers se status in die volgende illustrasie:

Voorstelling 4(a)


Outoriteit van briefskrywers, Tydvak 1

GEKANT TEEN HALLELUJABUNDEL




| | |
|---|---|
| Amptelik Kundige 1: | N = 0 |
| Amptelik Kundige 2: | N = 6 |
| Lidmaat Leek: | N = 4 |
| Litmaat Kundige 1: | N = 0 |
| Lidmaat Kundige 2: | N = 6 |

TEN GUNSTE VAN HALLELUJABUNDEL





| | |
|---|---|
| Amptelik Kundige 1: | N = 0 |
| Amptelik Kundige 2: | N = 6 |
| Lidmaat Leek: | N = 21 |
| Litmaat Kundige 1: | N = 0 |
| Lidmaat Kundige 2: | N = 1 |

Voorstelling 4(b)


Outoriteit van briefskrywers, Tydvak 2

TEN GUNSTE VAN PSALM- EN GESANGBUNDEL




| | |
|---|---|
| Amptelik Kundige 1: | N = 1 |
| Amptelik Kundige 2: | N = 24 |
| Lidmaat Leek: | N = 14 |
| Litmaat Kundige 1: | N = 0 |
| Lidmaat Kundige 2: | N = 4 |

GEKANT TEEN PSALM- EN GESANGBUNDEL





| | |
|---|---|
| Amptelik Kundige 1: | N = 0 |
| Amptelik Kundige 2: | N = 16 |
| Lidmaat Leek: | N = 19 |
| Litmaat Kundige 1: | N = 0 |
| Lidmaat Kundige 2: | N = 0 |

Voorstelling 4(c)


Outoriteit van briefskrywers, Tydvak 3

GEKANT TEEN JEUGSANGBUNDELS




| | |
|---|---|
| Amptelik Kundige 1: | N = 1 |
| Amptelik Kundige 2: | N = 0 |
| Lidmaat Leek: | N = 5 |
| Litmaat Kundige 1: | N = 0 |
| Lidmaat Kundige 2: | N = 3 |

TEN GUNSTE VAN JEUGSANGBUNDELS




| | |
|---|---|
| Amptelik Kundige 1: | N = 2 |
| Amptelik Kundige 2: | N = 4 |
| Lidmaat Leek: | N = 11 |
| Litmaat Kundige 1: | N = 0 |
| Lidmaat Kundige 2: | N = 0 |

Bostaande voorstellings toon dat, wat die spektrum van die studie as geheel betref, die kleinste persentasie uitsprake insake die polemiek van kundiges afkomstig is, en die grootste persentasie vanaf leke en predikante of teoloë. (Let wel dat hierdie data in aparte diagramme aangebied word, aangesien die onderskeie kategorieë waarvolgens dit saamgestel is nie ooreenstem nie, en die gegewens dus nie gekombineer kon word nie). Hiermee saam hang die reeds genoemde feit dat daar, wat elke tydvak betref, 'n sterk meerderheid subjektiewe redenasies en slegs 'n minderheid objektiewe redenasies was. Hierdie gegewe onderstreep weereens die waarneming dat **sentimente 'n deurslaggewende rol met betrekking tot persepsies rondom die lied van die NGK speel,** en dat suiwer musikaal-tegniese faktore feitlik nooit ter sprake kom nie; sien hierbo onder 5.2.6.

Die gebrek aan deelname van deskundiges geld natuurlik nie alleen die polemiek waarop die studie betrekking het nie, maar reflekteer tot 'n mate ook op die fokus van die amptelike besluitneming en uitsprake rondom die lied van die NGK wat die grondslag vir die briefwisseling gevorm het. Dit raak nie soseer die teologiese insette nie (hoewel daar in hierdie verband wel 'n bepaalde eensydigheid bemerk kon word), maar veral die suiwer musikaal-tegniese oorwegings, en dit blyk op mees gevoelige wyse gedurende *Tydvak 3*. Dit is egter ten opsigte van al drie tydvakke duidelik dat daar onder kommissielede meestal 'n oorwig aan teologies geskoolde persone téénoor 'n minderheid vakkundig geskoolde (kerk)musici is (spesifiek deskundiges op himnologiese gebied, maar ook musiekteoretici en komponiste veral waar die beoordeling van nuutgeskepte liedere ter sprake was). Hierdeur ontstaan 'n wanbalans ten opsigte van teologiese en musikale insette. Soos hierbo gemeld, blyk hierdie tendens met name tydens *Tydvak 3,* waar daar gewag gemaak moet word van spesifieke musikaal-tegniese tekortkominge (soos byvoorbeeld minder geslaagde keuses en selfs

amateurismes aanwesig in sekere van die liedere wat in die Jeugsangbundels opgeneem is). In hierdie verband sou daar met reg gewonder kon word waarom deskundiges op die gebied van ligte musiek (as 'n ligter aanslag dan die behoefte met betrekking tot die bundels was) nie genader is om die verwerkings te doen nie. Wanneer een van die briefskrywers uit *Tydvak 3* beweer dat Jeugsangbundel 2 nog maar "'n ou druppeltjie" is, en "onderbenut van wat dit kón wees" (Maré 1993: 10), bevestig dit die feit dat die keuse om 'n "meer ontspanne", bevatliker geestelike lied vir die jongmense daar te stel, nie uitgevoer kon word op 'n wyse wat, musikaal gesproke, 'n professionele produk opgelewer het nie. Een van die grootste motiverings vir die meer "bevatlike lied" van vandag is dat dit "deel moet wees van die leefwêreld van die jongmense". Ook in hierdie opsig kan die keuse van die tipe liedjies wat in beide Jeugsangbundels en ook in **Sing onder mekaar** vervat is, bevraagteken word, aangesien dit nie alleen ligjare verwyder is van die tipe "wêreldse" musiek waarna jongmense vandag luister nie, maar selfs ook van die gospel-rock idioom wat tans nie alleen deur sommige charismatiese denominasies in ons land gebruik word nie, maar ook deur die NGK se eie **Diensjaar vir Christus**-groepe. Laasgenoemde is 'n seker teken dat die "hardebaard"-geestelike rock op die drumpel van die NGK se deur staan, en moontlik die volgende tree op die "vernuwingspad" mag wees. Is die NGK op amptelike vlak van hierdie ontwikkelinge bewus en word daar rekening gehou met die impetus van hierdie nuwe beweging, of word daar op die gebied van "musiek vir die jongmense" steeds in terme van "Loof Hom met die tromme" gedink?

Daar moet egter reeds in hierdie stadium gewag gemaak word van die feit dat daar vanuit die perspektief van hierdie studie nie veel steun is vir die gedagte om die meer bevatlike kerklied doelbewus op die leefwêreld van jongmense af te stem nie - veral nie wanneer dit met die

oog op gebruik vir die erediens plaasvind nie. Meer hieroor onder **Aanbevelings**, 5.4.

Dit kan natuurlik ook wees dat toepaslik geskoolde persone nie bereid is om aan die werksaamhede rondom die kerklied deel te neem nie. Selfs hierdie aspek moet egter met openheid ondersoek word: daar moet immers redes wees daarvoor as die kerk begaafde musici en ander kundiges langs die pad "verloor" het. Moontlik hang hierdie kwessie tóg wel saam met 'n gebrek aan ekspertise in dié sin dat die komissies moontlik nie altyd die mees toepaslike mense vir 'n bepaalde taak genader het nie. 'n Musikus met integriteit sou byvoorbeeld nie noodwendig sy weg oopsien om 'n nuwe melodie vir 'n kerklied te komponeer as hy nie primêr 'n komponis is nie. Dieselfde persoon sou egter moontlik wel bereid wees om verwerkings of harmoniserings te maak, of om behulpsaam te wees met die selektering van toepaslike liedere; miskien is hy net nie binne die veld van sy ekspertise genader nie.

### 5.2.8 Persepsies rondom besluitnemingsprosesse

'n Verdere waarneming uit die data wat vermeld moet word, is die feit **dat NG-lidmate, wat betref al drie tydvakke (dog meer spesifiek onder Tydvak 2), in groot mate "uitgesluit" voel by besluitnemingsprosesse rondom die kerklied.** Daar is verskeie suggesties in die briefwisseling dat bogenoemde besluite deur 'n handjievol "hoë musici" onder "geheimhouding" geneem word, of anders deur teoloë wat die "know-how" het om "hulle ding dwarsdeur die sinode te loods" (Jacobs 1985: 10). **Hoewel dit natuurlik nie waar is dat besluitneming rondom die kerklied in die geheim geskied het (en nog geskied) nie, kan die persepsies wat insake die kommissies se werksaamhede gekoester word, terselfdertyd nie weggeredeneer word nie** (sien die verwysings rakende hierdie aspek onder 1.1, 4.5.2, en veral dié onder 4.8.2). Bogenoemde persepsies kan die situasie rondom

die kerklied nooit ten goede kom nie, maar slegs die (reeds diepe) kloof tussen beleidmakers en lidmate verdiep.

Tog kan daar terselfdertyd vanuit die dokumentasie gekonstateer word dat daar ten opsigte van die tydperk onder bestudering, ondanks ooglopende tekortkominge op musikaal-tegniese gebied, wel vordering wat betref die amptelike ingesteldheid gemaak is. Hierdie faktor raak veral die feit dat beleidmakers gedurende *Tydvak 3* veel meer simpatiek teenoor die behoeftes van die lidmate staan as gedurende enige van die vorige tydvakke, en dat die beleid rondom die saamstel van die Jeugsangbundels ook aansienlik meer ruimte gelaat het vir insette van die gewone lidmate as wat voorheen die geval was (al was dit ook met rampspoedige gevolge). Selfs die persoonlike ingesteldheid van kommissielede toon duidelik waarneembare verskille: vergelyk 'n mens byvoorbeeld uittreksels uit 'n brief wat Serfontein in **Die Kerkbode** geskryf het ter regverdiging van sekere besluite rondom die 1978-Psalm- en Gesangbundel met 'n skrywe van Strydom ter verdediging van **Jeugsangbundel 2** uit dieselfde blad, blyk daar nie alleen 'n veel groter bereidheid tot objektiewe standpuntinname nie, maar word die argumente in laasgenoemde geval eerder op eietyds-universele himnologiese gesigspunte gebaseer, as op eng (persoonlike) sienswyses. Die belangrikste verskil is moontlik die feit dat Strydom in die laaste aanhaling met vrymoedigheid vakkundige bronne by sy lesers aanbeveel. Laasgenoemde verskil op sigself grootliks (hoewel subtiel!) van vorige sienswyses waar die kerkmusiek as eksklusiewe terrein nie deur die kenners op die vlak van briefwisseling vir lidmate ontsluit is nie. Aantygings dat die proses rondom die hersieningswerk nie deursigtig genoeg was, of werklike geleentheid vir bydraes deur gemeentelede gelaat het nie, ontlok die volgende reaksie van Serfontein, destydse voorsitter van die Hersieningskommissie:

"...die Kerk (kan) nie toelaat dat dié deel van die kerklike lewe deur die smaak van dese en gene gereël word nie. Daarvoor is daar te veel op die spel. Daarom het die Algemene Sinode 'n beleid vir Kerkmusiek geformuleer, aanvaar en gepubliseer. Elkeen wat kan lees, hoef daarom nie in die duister te wees oor wat die Kerk se standpunte oor dié sake is nie".

"Net so min as wat die leek met die vertaling van die Bybel vertrou kan word, net so min mag die Kerk toelaat dat enige lidmaat of leraar op eie houtjie koers aanwys oor die kerklied".

As regverdiging daarvoor dat daar by die revisie bepaalde vereistes ten opsigte van die keuse van melodieë gegeld het, word onder meer die volgende aangevoer:

"Daarby is dit ook noodsaaklik dat die melodie kuis moet wees. Deur middel van die melodie kan mense seksueel geprikkel word. Dit is onder andere die uitdruklike doel van baie van die hedendaagse, populêre geestelike musiek. Dan word die teks net as 'n skuilbossie gebruik vir die eintlike doel: die prikkeling van die emosies. Dit is teen hierdie soort gevare dat die kenners die jongmense moet beskerm" (Serfontein 1983: 8).

Hierteenoor staan Strydom se regverdiging vir die samestelling van **Jeugsangbundel 2**:

"Ag nee, die werklikheid van die lewe, die kuns, die musiek is tog nie só eng nie. Dwarsdeur die Westerse kerk word die tradisionele kerklied inderdaad nog gekoester as die onvervangbare kern van die liturgiese liedereskat.

Die noodsaak van die "nuwe lied" word egter ewe konsekwent erken en werk van gemaak - meermale met 'n sterk ritmiese komponent en gekleur met onder meer die smaakvolste kitaarmusiek. Dít moet ook mos ons ideaal wees.

Ons is mos ook Christene van vandag wat binne die ruim van dieselfde "global village" aanbid" (Strydom 1993: 10).

Die tekens van 'n (liturgie)wetenskaplike ingesteldheid teenoor die kerklied wat onder Tydvak 3 beslag kry, blyk egter veral uit die volgende stelling uit 'n eerdere

besinning van Strydom rondom die kompleksiteit van die eietydse kerksang:

"'n Verantwoorde kontemporêre kerksangpraktyk is 'n praktyk van voortdurende wisselwerking van teologiese, liturgiese, musikale "agreement and dis-agreement", eerstens in die gemoed van elke verantwoordelike persoon, maar ook interpersoonlik. Dit moet van dag tot dag deurworstel word, in die lig van die Skrif en die pastorale behoeftes in die gemeente deur elke roepingsbewuste predikant en kerkmusikus.

'n Stewige Bybels-dogmatiese inslag en 'n deeglike kennis van die historiese groei van die Christelike erediens en van die liturgiewetenskap is noodsaaklike invalshoeke vir 'n gereformeerde kerksangteorie. Maar ook 'n verantwoorde, eietydse, konsekwent-Christelike kunsbeskouing is onontbeerlik". In dié verband wil ek sterk as literatuur aanbeveel: Rookmaker se *Modern art and the death of a culture*, Wolterstorff se *Art in action*, en Seerveld se *Rainbows for a fallen world*. Dit is vaste spyse wat vra om herkou te word! (Strydom 1990: 8).

Dit is duidelik dat die grondslae wat in hierdie skrywe voorgehou word 'n basis kan en moet vorm vir besinning rondom die toekomstige kerklied van die NGK, veral wat betref verantwoorde standpuntinname rondom faktore soos die vernuwing van die erediens en die kerksang, 'n aspek wat hieronder (5.2.9) en later onder 5.4 bespreek word. Daar kan ook terloops opgemerk word dat Serfontein se opmerking dat die melodie vir 'n kerklied kuis moet wees, in wese 'n teologiese argument is (wat by Calvyn se denke aansluit); nog eens is dit egter 'n bewys dat hier suiwer teologies geredeneer is oor aspekte waarvan ook die musikale parameters in berekening gebring behoort te word (sien ook die bespreking onder 5.2.6).

### 5.2.9 Die roep om vernuwing

In die loop van die bespreking rondom bevindings uit die data, is daar telkemale verwys na die feit dat daar **sedert *Tydvak 2*, maar veral gedurende *Tydvak 3*, 'n steeds sterker aandrang tot "vernuwing" in die kerksang was.** Reeds vanaf die middel-sewentigerjare toon die polemiek

sporadiese pleidooie vir 'n kerklike musiek-idioom "anders as slegs die reformatoriese lied", en dan spesifiek 'n idioom wat bevatlik is vir die behoeftes van die hedendaagse mens. Vanaf die vroeë tagtigerjare word hierdie tendens steeds sterker in die briefwisseling aangetref, sodat die vraag na 'n kerklied met 'n eietydse inslag uiteindelik die sterkste motief agter die polemiek gedurende *Tydvak 3* word. Laasgenoemde blyk duidelik uit die feit dat die subkategorie *Eietydse aanslag* (76,4%) alle ander kategorieë ten opsigte van die hoofkategorie *Ten gunste van Jeugsangbundels* oorheers.

Bogenoemde verskynsel is natuurlik geensins beperk tot ontwikkelinge rondom die kerkmusiek van die NGK nie: hoofstukke 1 en 2 het reeds getoon dat daar vandag wêreldwyd in gevestigde kerke met kwessies rondom vernuwing geworstel word. Die aandrang om relevansie in die aanbidding kan dus as 'n universele verskynsel in die 20ste-eeuse kerklike lewe beskou word, 'n tendens wat sterk in verband staan met die hele verskynsel van die "massakultuur", 'n hoofmotief van ons tyd.

Binne die NGK het vernuwingstendense veral daartoe gelei dat begrippe soos "lofprysing" oor die laaste dekade of wat heelwat veld gewen het, en hiermee gepaardgaande 'n algemene "verpopularisering" van die erediens en die kerksang, sodat die kerkmusiek en die aanbieding daarvan toenemend populêr en eietyds geword het. Hierdie vernuwings het egter nie slegs die kerkmusiek geraak nie, maar die hele aard van die liturgie, die hart van die erediens. Dit was dan ook nie vreemd nie dat stemme begin opgaan het in protes en waarskuwing. Sommige lidmate het gevoel dat daar feitlik 'n obsessie binne die NGK ontstaan het om tot elke prys vir jong mense ruimte te maak, en dat die sekularisasie van die erediens hoogty gevier het.

Die grootste kommer was (en is) egter gesetel in die feit dat die "vernuwings" oorgeleun het na praktyke uit die charismatiese kerke, en dat die eie gereformeerde aard en karakter van die NGK in gedrang begin kom het. Hierdie "kruispad" wat in die kerklike lewe bereik is, het inderdaad weer eens die fokus geplaas op **die geweldige belang van die kerklied as barometer van die gees en klimaat van 'n kerk,** 'n aspek wat reeds gedurende hoofstuk 3 bespreek is (sien onder 3.1). Een van die ernstige "newe-simptome" van die vernuwingsklimaat binne die NGK is byvoorbeeld dat geen twee gemeentes in die land dieselfde liturgiese karakter het nie, maar dat wisselende grade van vernuwing of behoudendheid oral aangetref word.

Aangesien een van die hoofoogmerke van hierdie studie is om die lynreg botsende eise van die gereformeerde kerksang-ideaal teenoor dié van die populêre aandrang te ondersoek, sal daar in die volgende twee afdelings van hierdie hoofstuk op 'n aantal implikasies van hierdie uiters komplekse saak ingegaan word. Die basiese onversoenbaarheid wat daar tans steeds tussen die "vernuwers" en "behoudendes" bestaan, is dus een van die hoofaspekte wat in die laaste deel van hierdie hoofstuk bespreek sal word.

## 5.3 WAT BEHELS DIE GEREFORMEERDE KERKSANG-IDEAAL BINNE DIE KONTEKS VAN DIE NGK?

In die loop van hierdie studie is daar reeds enkele kere na 'n "gereformeerde kerksang-ideaal" verwys (sien onder meer 1.1 en 5.1). Aangesien die studie nie in die eerste plek slegs op die lied van die NGK fokus nie, maar spesifiek wou ingaan op die posisie van die populêre geestelike lied teenoor dié van die tradisionele kerklied, is dit nodig om kortliks stil te staan by enkele gedagtes rondom die norme wat ten opsigte van die tradisionele kerklied van die NGK geld.

Een van die belangrikste liturgiese grondslae vir die erediens van die NGK is dat dit primêr om 'n ontmoeting tussen God en sy verbondsvolk gaan, en dat die Woord daarom as belangrikste element voorop staan. Die Woordverkondiging is egter nie die enigste handeling nie, maar word aangevul deur die gemeente se reaksie of "antwoord" op God se Woord, naamlik die lofprysing, die aanbidding, die skuldbelydenis, die anamnese, die viering, die toewyding en die gebed. 'n Belangrike deel van hierdie "liturgiese antwoord" van die gemeente het met sang te doen, en is as sodanig ook 'n direkte opdrag uit die Woord (sien heelwat voorbeelde in die Psalms; ook Ef. 5: 9; Kol. 3:16). Op hierdie wyse word al die liturgiese handelinge binne die erediens tegelykertyd 'n spreke van God, én ook 'n menslike antwoord.

In hierdie situasie is dit voor die hand liggend dat die teks van die kerklied streng Skrif- en belydenisgetrou moet wees. Daarom is ook die "toon" of melodie van die allergrootste belang, aangesien daar nie alleen 'n verband tussen woord en melodie moet wees nie, maar 'n hegte eenheid waarby die toonsetting, ideaal gesproke, die inhoud van die teks versterk.

Wanneer daar dieper op suiwer musikaal-tegniese kwessies ingegaan word, is die saak egter, ten spyte van hierdie duidelike prinsipiële grondslae, geensins eenvoudig nie. Selfs in die internasionale himnologiese vakliteratuur is daar geen presies-omlynde bloudruk vir die "ideale" gereformeerde kerklied nie. As daar trouens oor één saak eenstemmigheid is, is dit juis daaroor dat die kerk (as geheel) in die Weste vandag oor geen behoorlik gesistematiseerde en afgeronde prakties-teologiese kerksangteorie beskik nie (Pass 1985: 1-2).

Tog kan 'n aantal gesigspunte uitgelig word wat algemeen by die besinning rondom die Protestantse kerklied erken

word. Een van die belangrikste daarvan is inderdaad die reeds genoemde verhouding tussen teks en melodie.

- **Woord/toonverhouding**

Schilling (1983: 35v) bring in hierdie verband die volgende oorwegings na vore:

(a) Hoewel die melodie van 'n kerklied nie op sigself 'n teologiese betekenis besit nie, kan dit, in kombinasie met die teks, bydra tot of afbreuk doen aan die betekenis van die lied. Dit is veral belangrik in dié opsig dat, hoewel die teks inherent veel belangriker as die melodie is, **die melodie uiteindelik die dominante faktor in die aanvaarding en gebruik van die lied is.**

(b) Soos met enige ander musiek, kan die melodie van 'n kerklied dien tot die uitdrukking of opwekking van diepe emosie. Die krag van die kerklied lê dan ook júís opgesluit in die kombinasie van emosies en die "idees" wat deur die teks verteenwoordig word. Ook kan die blote "atmosfeer" van 'n melodie bydra tot die aanslag en inslag van 'n bepaalde kerklied: 'n eenstemmige Gregoriaanse gesang het byvoorbeeld 'n heel ander "gevoel" as 'n reformatoriese kerklied of 'n "revival hymn".

Van Groningen (1979: 169-173) voer daarenteen aan dat die teks ook vir die melodie verreikende implikasies inhou. 'n Aspek soos die plasing van aksente binne die rymskema het wel deeglik te make met die algemene seggingskrag van die melodie, en moet daarom met groot oorleg en kundigheid aangewend word omdat dit by gemeentesang in die eerste plek om "uitdrukking" gaan. ('n Ongelukkige voorbeeld van woord/toon verhouding is byvoorbeeld die kombinasie van teks en ritme in die laaste reël van vers 2 uit "God van yster en beton", No. 17 uit **Sing Onder Mekaar**. Op die woorde ["U's die God wat] **spoed gebied**",

verdubbel die nootwaardes en daal die melodie trapsgewys. As geheel het dit 'n "remmende" effek wat feitlik komies aandoen binne die reeds stramme musikale konteks van die geheel).

Voorstelling 5(a) God van yster en beton. Sing onder mekaar, no. 17[3]

17




2. U laat bliksemflitse slaan,
U beveel die stormorkaan.
Soos 'n arend in sy vlug
skeur die straler deur die lug.
Motor, trein en satelliet —
U's die God wat spoed gebied.

Ten opsigte van die inhoud van die teks, voer Herngreen (1982: 4538- 4539) aan dat die kerklied as antwoord op God se Woord nooit die ontboeseming van eie religieuse gevoelens mag wees nie, omdat alle "eie" gevoelens van subjektiewe aard uiteindelik voor die maatstaf van die Woord van God te staan kom. Laasgenoemde beteken dat die dialogiese aard van die erediens impliseer dat "Woord" en "antwoord" nie altyd duidelik geskei kan word nie, maar dat die Woord altyd "verder moet leef" in die antwoord wat dit wek - 'n aspek wat inderdaad heelwat te sê het

---

3 Sing onder Mekaar. NG Kerkboekhandel 1988.

vir die selfgerigtheid van sommige eietydse kerkliedere; meer oor hierdie aspek onder 5.4.

- **Die vereiste van voortreflikheid**

Naas die woord/toonverhouding, is 'n verdere aspek rakende die kerklied binne 'n gereformeerde perspektief die **vereiste van kwaliteit of voortreflikheid** soos geïnterpreteer uit verskeie Bybeltekste: Ex. 26:1, 35:30, 36:1, I Kron. 6:31-42, 16:3-6, 42 (DeMol 1992: 2). Uit hierdie tekste blyk dat dit juis God is wat die gewer is van die menslike vermoë en opdrag tot voortreflike kwaliteit. Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie aspek nooit op 'n abstrakte manier verabsoluteer mag word nie, maar dat die voortreflikheid van kerkmusiek, afgesien van die kwaliteit van die teks en die suiwer musikaal-tegniese faktore, ook ten diepste saamhang met die **funksionaliteit** daarvan, 'n belangrike aspek van die kontemporêre liturgiese estetika. Hierdie vereiste het uiteraard betrekking op die reeds genoemde beginsel dat gemeentelike sang primêr die antwoord op God se Woord is, 'n faktor wat op sy beurt implikasies het vir die **gepastheid** van die kerklied.

- **Gepastheid**

Volgens Van Groningen (1979: 16) is hierdie vereiste gegrond op Bybelse en reformatoriese uitgangspunte, en word hiermee veral bedoel dat die lied nie alleen binne die liturgie waarlik funksioneel moet wees nie, maar ook moet ooreenstem met die kulturele, sosiale en opvoedkundige agtergrond van die gemeentelede. Strydom (1994: 286-290) onderskei naas die feit dat liturgiese sang 'n geloofsantwoord is, die verkondigende, pastorale en missionêre funksies daarvan: alles faktore wat met "gepastheid" in verband staan. Herngreen (1982: 4538) beskryf die omvattendheid van hierdie funksies baie treffend wanneer hy sê dat die kerklied hom allereers tot

God rig, maar terselfdertyd veel verder reik as selfs die mede-gelowiges wat saam aan die aanbidding deel het: "...bemoedigend, aansporend, opwekkend, opbouwend, en zelfs tot hen die er niet bij zijn: die machtigen der aarde, de volkeren, de hele wereld, bergen en bomen, ja heel Gods schepping, *alles wat adem heeft*".

- **Die aanwending van die suiwer musikale elemente**

Schuler (1988: 118v) voer aan dat die manipulering van die basiese elemente van musiek (melodie, harmonie, ritme, struktuur, en timbre) die eie wêreldbeskouing of filosofie van die komponis in dieselfde mate weerspieël as wat die geval is ten opsigte van 'n digter se gebruik van byvoorbeeld sintaks, grammatika en idiomatiese uitdrukking. Hoewel Schuler hierdie lyn nie deurtrek nie, sou daar sekerlik op dieselfde manier geredeneer kon word dat bostaande elemente ook 'n bepaalde spiritualiteit reflekteer, ook ten opsigte van die skep van 'n kerklied.

Wat betref suiwer musikale elemente is **melodie** gewoonlik die mees prominente eienskap van die kerklied, en meestal die faktor wat die luisteraar as die vernaamste element ervaar. Melodieë in Westerse musiek bestaan uit 'n rangskikking van spesifieke konfigurasies van tone wat aan die melodie 'n eie karakteristieke aard verleen. 'n Baie basiese tradisionele melodiese prinsipe is byvoorbeeld die spaarsamige en effektiewe aanwending van die leitoon, aangesien oormatige gebruik van hierdie element die spanningseffek van 'n melodie verswak - 'n eienskap wat dikwels voorgekom het in heelwat van die kerkliedere uit die Viktoriaanse era, asook die begin van ons eeu.

Dit is egter nie slegs die leitoon wat aan sekere reëls onderworpe is by die skep van 'n kwaliteit-melodie nie; goeie komponiste erken en herken die inherente

karakteristieke van alle tone en die komplekse verhouding daarvan binne die konteks van die melodie as geheel.

Dieselfde implikasies vir kwaliteit bestaan ook in die vertikale dimensie van musiek, naamlik **harmonie.** Ook hier is die komponis voortdurend besig om spanning te skep en op te los op 'n wyse wat 'n definitiewe en eie seggingskrag aan die lied gee. In die geskiedenis van die kerklied was een van die mees tragiese misbruike van harmoniese middele sekerlik die toevoeging van derdes en sesdes as bykomstige harmoniese stempartye vir die duur van 'n hele lied: 'n uiters goedkoop en sentimentele effek. Hierteenoor beweeg die harmonisasies van die korale van die groot komponiste deur middel van 'n relatief vinnige harmoniese ritme, met ander woorde, die harmonie verander feitlik op elke noot, met die gevolg dat daar 'n kragtige voorwaartse "momentum" is ('n goeie voorbeeld hiervan is byvoorbeeld een van die Bach-harmonisasies van "'n Vaste Burg is Onse God" [Ges. 217]; sien Voorstelling 5(b)):

**Voorstelling 5(b) "'n Vaste Burg is Onse God", Bach-harmonisering**[4]





4 371 Harmonized Chorales and 69 Chorale Melodies with figured bass by Johann Sebastian Bach by Albert Riemenschneider. London: G. Schirmer 1941.


In kerkmusiek van 'n minderwaardige aard word daar dikwels 'n statiese tipe harmoniese beweging aangetref - 'n beskuldiging wat beslis van toepassing is op baie van die sogenaamde "kontemporêre" geestelike musiek. Gedurende die 19de eeu was daar, naas bogenoemde statiese harmonieë, ook die gebruik van trapsgewyse "skuiwende harmonieë" waar die basnote van akkoorde in tweedes uit mekaar lê. Die Hallelujalied "Daar's 'n dierbare kruis" (lied 80) toon hierdie tipe basprogressie in kombinasie met 'n melodielyn wat ook sterk trapsgewyse tendense vertoon waardeur die sentimentele effek selfs verhoog word:

**Voorstelling 5(c) "Daar's 'n dierbare kruis", Halleluja Lied 80**[5]

80.—DAAR'S 'N DIERBARE KRUIS *(Ou Wysie)*




[5] Die Halleluja. Kaapstad: N.G. Kerkuitgewers 1960.




Hierteenoor berus die harmonisering van die groot korale meerendeels op primêre akkoorde waarvan die grondtone met derdes, vierdes of vyfdes uitmekaar lê; 'n musikale patroon wat 'n vitale, kragtige effek produseer.

Wat betref **ritme** is die **oormatige aanwending van sinkopasie**, wat in heelwat eietydse kerkliedere aangetref word, baie steurend en kwalik meer as "effekbejagting". Hierdie ritmiese gebruik kan enersyds baie onvanpas en

selfs ontwrigtend in 'n lied met heelwat dryfkrag wees terwyl dit in 'n "stiller" lied weer feitlik "verwyfd" kan aandoen. 'n Voorbeeld hiervan word aangetref in die steurende sinkopasie op die woorde "dis my anker, my vaste hoop" uit "My enigste Troos", nr. 22 uit Jeugsangbundel 1.

Voorstelling 5(d) "My enigste Troos", Jeugsangbundel 1 nr. 22.[6]




Die beste voorbeeld van verhewe ritmiese gebruik in die geskiedenis van die kerkmusiek bly uiteraard die Geneefse Psalter van 1562 - 'n ware voorbeeld van kreatiewe ritmiese denke, en dit met die aanwending van slegs twee

[6] Jeugsangbundel 1. Bloemfontein: N.G. Sendingpers 1984.

nootwaardes, naamlik "lang en kort" note! Psalm 47 kan in hierdie verband as 'n voorbeeld dien (let egter dat die melodie in hierdie geval outonoom beoordeel word, aangesien die lang nootwaardes in die Afrikaanse teks juis dikwels op voorsetsels of voegwoorde val, wat nie die geval was in die oorspronklike Frans nie):

**Voorstelling 5(e) Psalm 47**[7]




Vir Schuler is ook die **struktuur en vorm** in 'n groot mate bepalend vir die suiwer musikale kwaliteit van 'n kerklied. Hierby is die mees suksesvolle prinsipe meestal 'n noue samehang tussen die struktuur van die musiek en dié van die teks. Dit is één rede waarom melodieë wat spesifiek vir 'n bepaalde teks geskep is, gewoonlik die beste is. Die verwysing na "My enigste troos" hierbo dui egter aan dat nuutgeskepte melodieë nie per definisie musikaal-tegnies slaag nie; 'n goeie

[7] Die Psalm- en Gesangbundel. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers 1978.

kerklied steun immers op 'n kombinasie van oorwegings soos dié wat hierbo uiteengesit is.

Die norme rondom die tradisionele gereformeerde kerklied bring dus mee dat daar nie alleen met groot omsigtigheid met die kerklied omgegaan moet word nie, maar ook met groot vakkundigheid, en bowenal, met groot piëteit. Dit hang daarmee saam dat die kerklied binne die gereformeerde opset onder alle omstandighede in die eerste plek 'n waardige liturgiese medium van aanbidding tot God moet wees. In die laaste afdeling van die studie sal die kwessies rondom die meerderheidsaandrang op 'n meer populêre geestelike lied en "liturgiese vernuwing" in die NGK vir oulaas binne die konteks van hierdie afdeling ter sprake kom.

## 5.4 AANBEVELINGS

### 5.4.1 Aanbeveling 1: By toekomstige besluitneming rondom die kerklied moet daar rekening gehou word met 'n bepaalde gespletenheid binne die kerklike geledere

Onder 5.2.1 is aangetoon dat **die meerderheid NG-lidmate 'n vryer tipe geestelike lied bó die tradisionele Protestantse kerklied verkies, en dat hierdie lied ter wille van bevatlikheid 'n bepaalde eenvoud van teks en melodie moet hê.** In die loop van die studie het dit geblyk dat laasgenoemde geen nuwe ontwikkeling is nie, maar die produk is van 'n historiese aanloop binne die ontwikkeling van die NG-kerklied. Binne *Tydvak 3* blyk verder dat die aandrang bestaan dat die meer ervarinsgerigte lied toenemend moet "vernuwe", en dus 'n sterk verband moet hê met die hedendaagse kultuur.

Terselfdertyd is daar egter ook dié lidmate wat ernstig oor die tradisionele kerklied voel, en weinig behoefte het aan die tipe kerklied wat die bogenoemde groep bepleit. Vir die "behoudende" groep lidmate is die tradisionele lied nie alleen die simbool van hul gereformeerde belydenis en erfenis nie, maar ook 'n band met die vroeg-Christelike kerk, die kerk van die eeue, asook met hedendaagse Christelike kerke oor die wêreld heen.

Verder toon die data dat hierdie uiteenlopende kerksang-behoeftes onder NG-lidmate nóú saamhang met **twee botsende tipes spiritualiteit** wat binne die NGK aanwesig is (5.2.2), naamlik die sogenaamde "geloofsvroomheid" en die "ervaringsvroomheid". Bogenoemde situasie is natuurlik nie slegs tot die NGK beperk nie: Green en Ogilvie (1974: 7) wys daarop dat daar ook in die groter gereformeerde wêreld nog altyd 'n bepaalde pendule-swaai tussen die meer formele en die vryer kerklied was, juis op grond van die feit dat daar binne die geskiedenis van die kerklied

nog altyd 'n breë kategoriese verdeling aanwesig was tussen "those who stress the personal and subjective approach to Christianity...and those ...preferring the more universal and impersonal approach of the Psalms" - 'n duidelike onderskeid tussen die "ervaringsvroomheid" en die "geloofsvroomheid" waarna hierbo verwys is. Wanneer beide hierdie faksies egter tegelykertyd aanwesig is en gevolglik direk teenoor mekaar te staan kom (soos wat tans binne die NGK die geval is), lewer dit uiteraard 'n hele stel eiesoortige (en moeilik oplosbare) probleme op.

Gesien in die lig van bogenoemde waarnemings uit die data, sou die eerste aanbeveling moet wees **dat bogenoemde gespletenheid binne die kerklike geledere nie alleen erken moet word nie, maar dat daar ook in die toekomstige besluitneming rondom die kerklied deeglik met hierdie situasie rekening gehou moet word.** Hiermee word bedoel dat daar amptelik erken sal word dat konflikterende aanbiddingsbehoeftes binne die NGK bestaan, en dat die uiteenlopende behoeftes van albei faksies bestaansreg het.

Op 'n prinsipiële vlak sal hierdie aanbeveling inhou dat daar van albei kante 'n veel groter verdraagsaamheid ten opsigte van die onderskeie behoeftes moet wees, 'n houding wat, geoordeel aan die resultate van die polemiek, nog altyd feitlik geheel en al ontbreek het. In hierdie verband toon die polemiek júis die verskynsel van regstreeks teenoor-mekaar-staande standpunte vanuit hoofsaaklik subjektiewe gesigshoeke, sodat **die briefwisseling as geheel slegs 'n bevestiging van die verskillende fronte is, en daar in geen stadium 'n bereidheid tot enige ware diskussie geblyk het nie** - inderdaad 'n ernstige aanklag voor die deur van "kerkmense"!

Op 'n praktiese vlak sal hierdie aanbeveling inhou dat daar by die samestelling van toekomstige sangbundels op 'n veel groter skaal voorsiening vir die behoeftes van albei faksies gemaak moet word. Op die oomblik is die amptelike liederbundel grotendeels op die behoeftes van die minderheidsgroep "behoudendes" afgestem, en is dit dus nie vreemd nie dat daar in die polemiek soveel energie aan "protes" gewy is. Selfs al is daar binne die laaste twee dekades voorsiening gemaak vir "'n meer bevatlike lied vir die jeug", en al mag hierdie liedere sedert 1994 ook tydens die eredienste gesing word, bly die Jeugsangbundels en ook **Sing onder mekaar** steeds bykomende bundels tot die Psalm- en Gesangbundel. Dit spreek vanself dat inagneming van 'n groter spektrum van behoeftes die samestelling van 'n heelwat meer omvattende sangbundel sal impliseer, en dat dit uiteraard wenslik is om hiermee vir eens en altyd die tradisie van meer as een bundel uit te skakel. (Vergelyk die aanbeveling by 5.4.2 hier onder).

Om deur middel van die keuse van kerkliedere aan die twee vroomheidstipes binne die kerk erkenning te gee, beteken natuurlik nie dat alle konflik rondom die kerklied eenvoudig opgelos kan word nie. Dit is egter veel meer wenslik om vanuit 'n totaal realistiese oogpunt oor die toekoms van die kerklied te besin as om op die (buitendien tweeslagtige) pad van die verlede voort te gaan. Dit geld veral waar die meerderheidsgroep wat die vryer aanbiddingsvorme verkies, in ieder geval reeds 'n stewige greep op die rigting het waarin die kerksang en algemeen-liturgiese karakter van die NGK beweeg, en ook die "behoudende groep" se siening van gereformeerdheid besig is om te verander (5.4.3). Deur betyds 'n brug te slaan tussen die behoeftes van die onderskeie groepe, kan 'n groter breuk moontlik nog vermy word. Daar kan egter nie genoeg gewaarsku word teen amateur-agtige of gedwonge pogings om eietydsheid ten alle koste in die kerksang in te voer nie. Afgesien van die reeks besware wat reeds

onder 2.4 genoem is, kan dit maklik gebeur dat die "ligter" kerkmusiek in so 'n geval afsteek teen die kwaliteit rock/heavy metal/techno wat die jongmense op hulle "walkman's" en "blasters" hoor. (Gee die vermaakliheidswêreld wat hom toekom: die klanktegniese en professionele kwaliteit van uitvoering binne hierdie genres is meestal hoogstaande).

Kom die kerkmusiek in hierdie opsig "tweede", mag 'n dure prys daarvoor betaal word (sien later onder 5.4.4).

**5.4.2 Aanbeveling 2: Oorweging behoort geskenk te word aan die idee van één omvattende sangbundel vir die NGK**

Onder 5.4.2 is daar reeds aangetoon dat die historiese neiging binne die NGK tot meer as een sangbundel die kerksang nooit ten goede gekom het of kan kom nie, en slegs die verskille tussen die twee faksies wat hierbo bespreek is, verskerp het. As 'n tweede aanbeveling word hier dus aangevoer **dat daar oorweging geskenk moet word aan die idee van één omvattende sangbundel waarin die tradisionele kerklied behou word, maar terselfdertyd 'n veel groter verskeidenheid eietydse, of meer bevatlike liedere ingesluit word.** Dit spreek vanself dat die uitvoering van hierdie aanbeveling geen maklike taak sal wees nie, veral omdat 'n kerksangbundel as geheel stilisties van 'n bepaalde eenheid moet getuig. Die uitgebreide sangbundels van ander gevestigde denominasies toon egter dat hierdie ideaal nie totaal onrealiseerbaar is nie.

**5.4.3 Aanbeveling 3: By toekomstige besluitneming rondom die kerklied behoort daar van wetenskaplik-verantwoorde metodes gebruik gemaak te word om tot 'n presiese diagnose van bestaande probleme te kom**

Onder 5.2.5 het geblyk dat die onbevatlikheid en onsingbaarheid van veral die Geneefse psalmmelodieë 'n groot struikelblok ten opsigte van persepsies rondom die amptelike bundel, maar ook van die kerksang as geheel is. Hoewel hierdie liedere wêreldwyd 'n ereplek binne die gereformeerde kerksang beklee, is daar ook vermeld dat die melodieë relatief kort ná hul ontstaan reeds as "moeilik" ervaar is, en dat die sobere skoonheid van hierdie kerkliedereskat ook binne die NGK waarskynlik slegs tot 'n klein minderheid lidmate spreek. In die lig van die hersiening wat tans ten opsigte van die psalmberymings onderneem word, is dit interessant om op te merk dat **die oorgrote meerderheid van klagtes in die polemiek uitsluitlik op die melodieë fokus** (sien egter die bespreking wat volg), en dat die bestaande teksberymings (ten spyte van erkende swakhede) weinig onder skoot gekom het. Laasgenoemde observasie bevestig Schuler se stelling dat **die melodie uiteindelik altyd die dominante faktor by die aanvaarding en gebruik van 'n kerklied is** (vgl **Woord/toonverhouding** by 5.3). In hierdie verband is dit verblydend dat die hersieningsproses wat tans onderneem word, nie net om die tekste handel nie, maar ook met erns daarop ingaan om die melodieë meer bevatlik vir die eietydse kerkganger te maak. Dit is 'n proses wat onder meer die komponeer van totaal nuwe, meer "moderne" melodieë behels. In hierdie opsig kan daar egter wel gevra word of die hersieningswerk werklik op 'n diepgaande diagnose van die spesifieke musikaal-tegniese probleme rondom die vorige melodieë, die sogenaamde "onsingbares" berus. Lê die onsingbaarheid vir NG-lidmate in 'n spesifieke konfigurasie of opeenvolging van tone, of lê dit in bepaalde ritmiese gebruike? Of is dit 'n kombinasie van hierdie elemente wat die probleme veroorsaak, en sal hierdie probleme dus in die "nuwe" melodieë vermy kan word? Die rede vir hierdie reeks vrae sal duidelik word in die lig van die redenasie hieronder.

Daar is reeds onder 5.2.5 vermeld dat daar, afgesien van die weerstand teen die Geneefse melodieë, ook besware teen die gesange was. In die polemiek is daar byvoorbeeld op sekere stadiums "lysies" verskaf van bepaalde psalms of gesange wat vir gemeentes se gebruik aanbeveel word, omdat die spesifieke briefskrywers meen dat hulle méér toeganklik as die meeste andere is (Loubser 1979; 342; Grobler 1983: 8, ensovoorts). Ander briewe bevat kritiek uitsluitlik teen die gesange (byvoorbeeld dié van Malan 1979: 342, Kritzinger 1978: 793, Ellis 1978: 374, Briers 1983: 7, Predikante, Ring van Brakpan 1975: 93, Nel 1975: 189, ensovoorts). Een van die skrywes onder *Tydvak 3* meld weer dat 41% van die psalms en gesange ná 'n tydperk van 7 jaar nog totaal onbekend vir die meeste gemeentes is en dat daar, vanuit die hele bundel, gemiddeld slegs 155 melodieë in die NGK gebruik word (De Ridder 1986: 5). Daar is ook reeds vermeld dat die gesamentlike besware rakende die Psalm- en Gesangbundel van diegene **gekant teen die amptelike kerklied** onder *Tydvak 3* 'n volle 88% beslaan.

Uiteindelik is daar dus vanuit die kategorie *Gekant teen Psalm- en Gesangbundel* nie slegs teen die Geneefse melodieë beswaar gemaak nie maar, breedweg gesproke, teen die bundel as geheel. Hierdie besware het gedurende *Tydvak 3* toegeneem. Volgens die data kan hierdie feit direk in verband gebring word met die **uitvoeringswyse** van die liedere, 'n aspek wat sterk gekoppel is aan die manier waarop die liedere deur lidmate ervaar is (hierna is reeds onder 5.2.5 verwys). **Volgens die data is dit ook duidelik dat die ervaring van die amptelike liedere uiteindelik maar min met die inherente musikale kwaliteit of spesifieke musikale elemente daarvan te make het.** Hierdie stelling berus op die feit dat musikaal-tegniese probleme rondom die fisiese sing van die liedere (melodieë) nie in die polemiek figureer nie. Dit beteken dat die weerstand teen die bundel moontlik eerder geleë is in ander "eksterne" faktore, soos byvoorbeeld die

kwaliteit van opleiding van orreliste, die kwaliteit van die beskikbare kerkorrels, die tyd wat gewy is aan die aanleer van die nuwe liedere, en veral die gesindheid waarmee die liedere benader is, sowel van die kant van die gemeentes, as ook van dié van die leraars en orreliste. Die data het getoon dat hierdie gesindhede ook nog volgens spesifieke kategorieë onderverdeel kon word, naamlik *Weerstand teen verandering* (63%), *Onbevatlikheid* (23%), en *Weerstand teen hoë musikale standaarde* (12,5% - die mins belangrike faktor). Op hierdie wyse kon 'n redelik duidelike beeld gevorm word van die kragte of faktore wat aan die ongelukkigheid rondom die bundel ten grondslag lê. Daaruit kon afgelei word dat, **ofskoon "onsingbaarheid" as 'n belangrike beswaar voorgehou is (46%), suiwer musikale faktore volgens die data nouliks ter sprake gekom het** (0% onder diegene *gekant teen die Psalm-en Gesangbundel*, sien Voorstelling 2(b) onder 4.7, asook die bevindings onder *Musikale meriete*, 5.2.6).

Op grond van laasgenoemde redenasie is dit duidelik dat dit by die besluitneming rondom die kerklied uiters noodsaaklik is om besware tot aan die bodem daarvan te ontleed, omdat die werklike probleme dikwels onder bykomende oorwegings verskuil lê, en die kans dan bestaan dat goed bedoelde revisies nie tot die kern van die probleme rondom die kerksang mag deurdring nie. Hierdie tendens is byvoorbeeld waarneembaar in die botsing tussen die destydse oogmerke van die Hersieningskomissie en die huidige persepsies van lidmate rondom die 1978 Psalm- en Gesangbundel. Dit is waarneembaar in die bevinding dat daar agter die "stryd om die bundels" in die NGK 'n diépere konflik tussen twee botsende tipes spiritualiteit aanwesig is. Dit blyk uit die feit dat hierdie konflik van vroomheidstipes die vernaamste faktor onder *Musikale meriete* is en nie die suiwer musikaal-tegniese elemente nie. Ja, dit blyk reeds ten opsigte van die huidige hersiening rondom die Psalmberymings, aangesien die

besware van die lidmate, volgens die uitslae van hierdie studie, in die eerste plek nie die op die tekste gefokus het nie, maar (sogenaamd!) op die "onsingbare melodieë". Daar moet trouens vermeld word dat, hoewel hierdie revisie, soos die 1978-revisie van die Psalm- en Gesangbundel, deur reële begrondings gemotiveer word, slegs die tyd sal kan leer **of die grondprobleme van die NG-kerksang werklik daardeur opgelos sal word.** Die data dui immers daarop dat 65% van alle briefskrywers gedurende *Tydvak 3* reeds die meer eietydse, ervaringsgerigte geestelike lied bó die tradisionele kerklied verkies. Daar kan egter slegs opreg gehoop word dat hierdie poging om die status van die tradisionele kerklied te herstel, byval onder die lidmate sal vind, veral aangesien die eerste voorbeelde van T.T. Cloete se berymings wat in die pers bekendgestel is, werklik getuig van besondere literêre skoonheid en "slaankrag").

Vanuit hierdie perspektief word as derde aanbeveling dus aan die hand gedoen **dat daar by toekomstige besluitneming rondom die lied van die NGK van wetenskaplik-verantwoorde metodes gebruik gemaak word om presies te peil waar die tekortkominge en griewe rondom die kerklied lê, en dat die resultate van sulke diepte-studies by die bepaling van die beleid rakende die kerksang in berekening gebring moet word.** Só 'n werkwyse alleen maak dit moontlik om 'n vinger op die pols van lidmate se behoeftes te hou, maar veral om deur middel van verantwoorde diagnoses en prognoses probleme rondom die kerksang te identifiseer en op te los. Hoewel dit onomwonde gestel moet word dat **hierdie aanbeveling allermins impliseer dat die meerderheid gemeentelede se voorkeure die kerksangbeleid moet bepaal,** is dit terselfdertyd vanuit die data duidelik dat 'n negering van laasgenoemde binne die NGK tot tweespalt gelei het, en dat daar geensins van verantwoorde kerksangvernuwing sprake kan wees sonder om noukeurig te ontleed en verstaan wat in die verlede verkeerd gegaan het nie.

Hierdie aanbeveling is veral belangrik in die lig van die bevinding onder 5.2.7, naamlik dat ware himnologiese of kerkmusiekwetenskaplike kundigheid, ten spyte van resente ontwikkelinge, selfs op amptelike vlak binne die NGK steeds 'n minderheidsverteenwoordiging geniet.

**5.4.4 Aanbeveling 4: Daar behoort met veel groter erns oor musikaal-tegniese en stilistiese kwessies besin te word, en die betrokke aspekte behoort deur deskundiges aangespreek te word.**

As aanloop tot hierdie aanbeveling is dit allereers nodig om kortliks na te dink oor die begrippe **liturgie** en **vernuwing**, en om vervolgens die posisie van hierdie begrippe binne die huidige erediens-opset van die NGK te ondersoek.

- **Die begrippe liturgie en vernuwing en die funksionering daarvan in die NGK**

Die betekenis van die woord "vernuwing" dui min of meer op nuutmaking, hernuwing, of opknapping, maar staan binne liturgiese verband altyd in verband met 'n bepaalde "onbehaaglikheid" in terme van 'n bestaande situasie. Daar is geen beter voorbeeld daarvan nie as die Reformasie. In vandag se terme wys hierdie onbehaaglikheid egter in die meeste gevalle op 'n diskrepansie tussen aan die een kant die gangbare sekulêre, en aan die ander kant die kerklik-tradisionele smaak. Dis 'n siening wat uiteraard ook op die konflik rondom die kerksang in die NGK toegepas kan word.

Om die begrip **liturgie** as sodanig te definieer, is egter heelwat méér ingewikkeld. HAT se verklaring beskryf dit gewoon as "die inrigting van die erediens", of "die gebede, handelinge, liedere van 'n erediens". Goedhart (1987: 126) voel egter dat daar onder kerkmense heelwat onbegrip heers oor die diepere betekenis wat bogenoemde

inhou: "Men kan liturgie niet uit een boekje leren, evenmin als feestvieren of hardlopen: nog veel minder kan men liturgie bedenken; men kan haar slechts *leren ervaren* (eie kursief; "leren ervaren" impliseer 'n bepaalde behoudendheid, 'n bepaalde inoefening en die instandhouding van 'n tradisie) in een gemeenschap die haar van week tot week of zelfs van dag tot dag praktizeert. Liturgie is het vieren van de ontmoeting van die gemeente met de Heer, met gedachtenis, lofprijzing en aanbidding als kernmomenten, en schriflezing, verkondiging, gebed, zang, instrumentale muziek, gebaar, beweging, dans, doop, avondmaal als belangrijkste uitingsvormen. In de liturgie is een grote mate van vrijheid mogelijk, zolang maar rite, symbool en woord tot een organisch geheel samenvloeien, waarin intellectualisme en religieus gevoel niet de kans krijgen de boventoon te voeren. In die vrijheid wordt orde geschapen doordat de christelijke eredienst nu eenmaal verankerd is in Oude en Nieuwe Testament, door de traditie van de kerk, en door de cultuur waarin men leeft".

Volgens die uitslae van die data-analise van hierdie studie, word daar vandag binne die NGK grootliks aangedring op **liturgiese vernuwing**, 'n saak wat ook die kerkmusiek en die kerklied direk raak (5.2.8). Daar is tydens die bespreking van die bevindings reeds vermeld dat hierdie vernuwings tot só 'n mate van "eredienspopularisering" gelei het, dat die eie gereformeerde aard en karakter van die NGK in gedrang begin kom het, en dat sommige lidmate begin wonder het of daar nie eerder van 'n liturgiese slopingproses as van ware vernuwing sprake was nie. Dit is dan ook juis binne die konteks van hiérdie krisis dat die vernuwingsbehoeftes van NG-lidmate bepaal en ontleed is, en enkele musikale implikasies van "vernuwing" vervolgens in terme van die gereformeerde kerksang-ideaal gemeet sal word.

- **Wat behels die identifisering met die eietydse sekulêre samelewing vir die kerkmusiek binne die konteks van die gereformeerde kerksang-ideaal?**

Onder die opskrif "Wir leben doch nicht im 17. Jahrhundert" - Jugend und Popularmusik stel Kabus (1995: 310) die volgende aantal dringende vrae: "Sind wir als Kirche alt geworden? Haben wir uns zuwenig verandert? Alt ist man, wenn man an der Vergangenheit mehr Freude hat als an der Gegenwart. Vergangenheit ist etwas so Schönes, vor allem, wenn man sich nostalgisch hingeben kann. Nur: Was wird, wenn sie sich mehr und mehr zu einen Betondecke gestaltet? Man kann auch an die Vergangenheit zugrunde gehen!"

Vir Kabus gaan dit veral om die feit dat Christen-jongmense in die groter musikale konteks van ons tyd leef, en dat laasgenoemde hulle nie in die kerk ontsê moet word nie, omdat hulle anders wegbreek, en hul eie pad gaan (en die kerkgeskiedenis dan sonder ons, téén ons, geskryf word). Hy wys veral op die feit dat die verhouding van die jeug tot populêre musiek in die hedendaagse samelewing sentraal is; dat popmusiek die wêreld verander het in 'n "global village" en 'n ekonomiese en geestelike magsfaktor van die hoogste rang verteenwoordig. Popmusiek gee aan jongmense 'n eie identiteit; dit het álles te make met die hedendaagse grootwordproses; dis die "sprong in die vuil sloot" wat die volwassenes gegrawe het met hulle gejaag na prestasie, rykdom en vooruitgang. Populêre musiek word in hierdie opsig sowel 'n bevestiging as ook 'n ontkenning van die self - dit is, vanuit die sienswyse van die jongmens, 'n risikolose alternatief vir dit wat hulle nie noodwendig in werklikheid wil wees nie. Wat spesifiek musikaal gebeur, is nie van wesenlike belang nie: dit het veel eerder 'n sosiologiese betekenis.

**Wat hou hierdie waarnemings vir die identifisering van die eietydse kerklied met die sekularistiese idioom binne die konteks van die gereformeerde kerksang-ideaal in?** Een van die hoofmotiewe rondom vernuwing in die kerkmusiek van vandag is die aandrang dat die kerklied nie totaal onbevatlik vir die hedendaagse jongmense moet wees nie, maar op hul leefwêreld afgestem moet wees sodat hulle daarmee kan identifiseer. Dit mag na 'n aanloklike uitweg klink "om die jeug vir die kerk te behou", maar dit lewer binne die konteks van die gereformeerde kerksang-ideaal 'n onoorkomelike stel probleme op. Soos aangetoon onder 5.3, is die vernaamste oorweging van die gereformeerde kerklied **dat dit die gelowiges se antwoord op God se Woord is;** die teks moet dus Skrif- en belydenisgetrou wees.

Volgens Kabus dui navorsing oor die semantiese betekenis van popmusiek egter op die feit dat **die teksvlak en die semantiek daarvan totaal sekondêr is, dat tekste binne hierdie konteks bloot tot die gebied van "klank" behoort, en dus van geen belang is nie.** Wat hou laasgenoemde in vir eietydse geestelike liedere wat met hierdie idioom wil identifiseer? Seer sekerlik nié dat die teks as antwoord op Gods Woord enigsins meer die primêre fokus dra nie, want dit is teen die "basiese reëls" van popmusiek. Die klank van die begeleidende instrumente word in popmusiek juis om hierdie rede op oorverdowende wyse (oor)beklemtoon.

Word die tekste van eietydse geestelike musiek ontleed, is dit duidelik dat ook die boodskap hiervan nie heeltemal binne die raamwerk van die gereformeerde ideaal pas nie. Hoewel die tekste *expressis verbis* wel "God" sê, het dit altyd in die eerste plek die ervaringsgeoriënteerde mens in gedagte.

Beoordeel in terme van die kerklike belydenis (sien weer 5.3), is dit duidelik dat die eietydse *sacro-pop* en

gospelvorme, ook wat hierdie aspek betref, tekort skiet. Populêre musiek kom nooit as 'n "enkelverskyning" voor nie, maar is altyd ingebed in 'n grotere kollektiewe samehang, wat saamgaan met 'n eie ideologiese uitgangspunt. Met ander woorde, dit verteenwoordig 'n totale leefstyl met sy eie subkulture (sien in hierdie verband ook Marti se waarnemings onder 2.4.4). Dit is dan ook veral in hiérdie verband dat die identifikasie of óóridentifikasie met popmusiek ernstig oorweeg en deurdink moet word, aangesien daar in die meeste gevalle 'n boodskap met 'n sterk protespotensiaal en dekadente ondertone uitdrukking vind: die "skreeu" om vryheid, vrye seks, dwelms, ensovoorts -'n "boodskap" wat kwalik met dié van die gereformeerde belydenis geassosieer kan word. Die grondreëls van popmusiek vereis egter dat hierdie "boodskap" agter musikaal-tegniese parameters verskuil lê of daarin begrawe word. Die teks of boodskap is gevolglik totaal onbelangrik, en dit maak weinig verskil of dit van sekulêre of geestelike aard is - weereens beslis nie 'n siening wat in terme van die gereformeerde ideaal geïnkasseer kan of mag word nie. In hierdie opsig moet ook die sterk **simboliese krag** van musiek in ag geneem word. As mees "verganklike" van die kunste, staan musiek nogtans op kragtige wyse bepaalde "waardes" voor. Augustinus het (byvoorbeeld) die kerklied as simbool vir die Ewigheid van God voorgehou (Freimuth 1983: 19). Op dieselfde wyse kan musiek egter ook as die ideologiese simbool van 'n negatiewe lewensuitkyk aangegryp word.

Bogenoemde besware hang nóú saam met die verdere vereistes van **voortreflikheid** en **gepastheid** wat onder 5.3 uitgelig is. Dit speek vanself dat popmusiek se sterk aangewesenheid op 'n eie ideologiese standpunt moeilik versoenbaar is met die Bybelse opdrag van **voortreflikheid** en **gepastheid** binne die gereformeerde liturgiese opset. Wat betref die aanwending van **suiwer musikale faktore,** het die bespreking onder **die wêreldse "bagasie" van pop en rock** (2.4.4), reeds aangedui dat die primêre, maar ook

die sekondêre faktore van popmusiek geheel en al ander parameters verteenwoordig as dié wat binne die tradisionele kerkmusiek geld, en dat bogenoemde parameters, soos reeds vermeld, veel eerder met sosiologiese en ideologiese faktore as met suiwer musikale elemente saamhang. Dit is beslis 'n probleem wanneer dit binne die konteks van kerkmusiek oorgeneem wil word.

- **Wat is die uiteindelik gevolge van 'n ooridentifisering met die sekularistiese wêreld?**

In die inleiding tot hoofstuk 2 is daar gemeld dat 'n oorsig ten opsigte van ontwikkelinge binne die kerkmusiek op internasionale vlak ook betrekking op hierdie studie het, nie alleen omdat ons vandag in 'n "global village" leef nie, maar ook met die oog op die feit dat die oorsese ontwikkelinge die huidige tendens binne die NGK met enkele dekades vooruitgeloop het, en dus 'n belangrike boodskap vir die NGK mag inhou.

Die belangrikste "waarskuwing" wat in terme van "vernuwing" binne hierdie konteks blyk, sentreer rondom **'n toenemende verlies aan geloofsinhoud wat veral diep in die Europese kerke ingegryp het** (Jenny 1981: 52). Onder meer is daar 'n sterk toename in die aantal mense wat nie meer aan 'n bepaalde kerklike denominasie of 'n godsdienstige groepering behoort nie, en het die kerkbywoning selfs binne dié groep wat nog wel kerklike bande handhaaf, sterk gedaal. Dekker (1983: 7) meld ook dat daar in Nederland 'n onstellende afname is aan die "instemming met traditionele christelijk-godsdienstige waarheden" (omtrent God, Christus, die Bybel, 'n lewe na die dood, ensovoorts).

Hierdie verskynsel is maar één van die simptome van die prys wat betaal is vir die aandrang om die hedendaagse sekularistiese kultuur binne die kerk relevant te maak.

Die grootste enkele skade wat die kerk in hierdie opsig gely het, is uiteraard **die radikale verlies aan 'n besef van die teenwoordigheid van God** (sien ook 2.4.3). Laasgenoemde is 'n seker bewys dat 'n kerklike ooridentifisering met 'n kultuur wat sélf in 'n eksistensiële krisis verkeer, drastiese gevolge vir die godsdiensbelewing van die moderne mens mag inhou. In hierdie opsig staan die feitlik leë kerkgeboue in Europa binne die tragiese teken van die "mondigwording" van 'n bepaalde soort erediensvernuwing.

- **Hoe raak hierdie sake die eietydse kerklied binne die NGK, en hoe weeg hierdie liedere op in terme van die gereformeerde ideaal?**

Daar is in die loop van hierdie hoofstuk reeds etlike kere verwys na die feit dat daar vandag binne die NGK 'n groot aanvraag is vir die vrye, meer eietydse kerklied, met aandrang daarop dat hierdie liedere so bevatlik as moontlik vir die lidmate (met name die jeug) moet wees. **Hoe staan die situasie egter in die praktyk?**

Wanneer daar gekyk word na die amptelike bundels uit die laaste tydvak onder bestudering in hierdie studie, naamlik **Jeugsangbundels 1** en **2**, is dit allereers opvallend dat hierdie bundels wel 'n radikaal ligter aanslag het as dié van die Psalm- en Gesangbundel, maar dat die liedere geensins werklik "eietyds" is, "in die idioom van die jeug" is, of waarlik getuig van "sinvolle en verantwoorde vernuwing" soos wat die onderskeie voorwoorde tot die bundels te kenne gee nie. Afgesien van 'n aantal tradisionele geestelike liedere, is daar as geheel 'n goeie verteenwoordiging van liedere uit onder meer hedendaagse Engelse en charismatiese liederboeke. Tog is die stilistiese aanslag en inslag van die oorgrote meerderheid van hierdie liedere hoegenaamd nie "eietyds" in die sin van die klankwêreld van die 20ste eeu nie: dit is ironies genoeg meestal júís die "nuutgeskepte" liedere

wat in terme van styleienskappe die mees "ouderwets" aandoen (deur aansluiting by 'n styl wat herinner aan die Sankeys, en die algemene trekke van die 19de-eeuse kerklied). Dit is hoogstens (in enkele gevalle) 'n bietjie meer perkussief (vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld "Aan die Vader dank en ere", en "Al jul volke klap jul hande", onderskeidelik nommers 1 en 3 uit **Jeugsangbundel** 2). Enkele van hierdie "nuwe" liedere is, afgesien van hul ouderwetsheid, musikaal erg naïef. "Ek is bly", No. 8 uit **Jeugsangbundel 2** is byvoorbeeld min of meer in die styl van talle Afrikaanse skoolliedere, 'n feit wat deur die pretensieuse trioolfigure in die begeleiding slegs vererger word, terwyl die frase- en melodiese struktuur, en gevolglik ook die woord/toonverhouding van "Ek roem U Naam" (No. 9 uit **Jeugsangbundel** 2) gewoon amateuragtig is (sien die voorbeelde hieronder):

**Voorstelling 6(a) "Ek is bly", Jeugsangbundel 2, no. 8**[8]




8 Jeugsangbundel 2. Bloemfontein: N.G. Sendingpers 1993.




Illustrasie 4(b) "Ek roem U Naam", Jeugsangbundel 2,no. 9






Hierdie waarnemings dui daarop dat **die "nuwe" liedere uit die Jeugsangbundels geensins getuig van eietydsheid nie** - die cliché-matigheid van die musiek getuig hoofsaaklik van 'n kunsmatig-nagebootste 19de-eeuse styl. Nog minder is die begeleidings "nuut" verwerk in terme van 'n eietydse jeug-idioom wat hoegenaamd ooreenstem met die klankwêreld van die kommersiële musiek van vandag. Daar is reeds onder 5.2.7 vermeld dat hierdie tekortkomings die resultaat is van 'n gebrek aan spesifieke tegniese kundighede by die samestelling van die bundels, en dat dit ook 'n bepaalde naïwiteit weerspieël ten opsigte van die werklikheid ten opsigte van die musiek waaraan die jeug van vandag hulself oorgee - ook die jeug van die NGK. Hoewel 'n mens met hierdie opmerkings die vlak van kundigheid by die samestelling van die bundel kritiseer, word daarmee nie die opregte bedoelinge van die betrokke kommissie, of die begeerte om deur hierdie bundel 'n bydrae tot die kerksang te maak, gering geag nie. Hieruit blyk wel dat die voorkeur van die NG-lidmaat

steeds uitgaan na die meer sentimentele lied (soos wat dit tradisioneel altyd die geval was - sien 3.2-3.2.5).

Die implikasies van al hierdie waarnemings is **dat die meerderheid van liedere uit die Jeugsangbundels**, gemeet aan die maatstawwe neergelê onder 5.3, **streng gesproke nie aan die vereistes van die gereformeerde kerklied voldoen nie.** Daarvan getuig die enkele tekortkominge wat hierbo aangewys is reeds, maar daarvan getuig ook die voorbeelde onder 5.3. 'n Werklike diepte-ontleding sou nog veel meer besware na vore bring, maar dit is nie die fokus van die studie nie. In hierdie verband moet wel vermeld word dat die tekste van die bundels getuig van 'n strewe om getrou te bly aan die Skrif en sy boodskap, en nie aan dieselfde gebreke mank gaan as die suiwer musikale aspekte nie.

Met hierdie feite onder oë word daar dus as vierde aanbeveling aan die hand gedoen **dat daar by toekomstige besinning oor die eietydse kerklied veel ernstiger oor musikaal-tegniese en stilistiese kwessies besin word, en dat die betrokke aspekte deur deskundiges op die gebied van byvoorbeeld eietydse musiek-verwerkings versorg word.** Hiermee saam word ook 'n beter balans wat betref teologiese en musikale deskundigheid binne die kommissies self bepleit. Hierdie saak moet egter ook met die aanbeveling onder 5.4.3 in verband gebring word, aangesien dit wil lyk asof dit ook by die aandrang om "vernuwing" in die NG-kerksang om 'n verskuilde saak gaan: die "eietydse" liedere waarop aangedring word en wat met soveel oorgawe gesing word, val musikaal-stilisties meer binne die kader van die 19de-eeuse kerklied as wat dit as 'n ware 20ste-eeuse kerklied óf hoegenaamd as sacro-pop getipeer kan word. Die liedere uit die Jeugsangbundels kan hoogstens as ligter of eenvoudiger geestelike liedere beskryf word; eietyds is dit egter nie in die ware sin van die woord nie, en dit moet dus ook nie so beskryf of aangedien word nie. Dit

val musikaal-stilisties eintlik maar binne dieselfde kader as die destydse Hallelujaliedere.

Bogenoemde hou in dat daar by die toekomstige samestelling van eietydse liederebundels uiteraard eerstens bepaal sal moet word wat die werklike behoefte in verband met "eietydsheid" is, en dat die musikale karakter van die liedere dan die gekose styl op eerlike wyse sal weerspieël. Sou dit byvoorbeeld wél blyk dat 'n idioom nader aan dié van die hedendaagse sekulêre musiek in die kerk gesing moet word, sal daar deeglik bestek opgeneem moet word van die musikaal-tegniese/akoestiese en finansiële eise hiervan. Die rock- en pop-industrie is 'n bedryf met 'n reuse omset wat op 'n hoogs gespesialiseerde klanktegniese onderbou berus, en dit sal nie gewens wees om in die kerkmusiek hiermee te wil "kompeteer" en uiteindelik "tweede" te kom nie.

Die positiewe kant van hierdie saak is dat die "amptelike" eietydse geestelike lied van die NGK tans nie binne die kader van gospelrock en sacro-pop val wat hierbo bespreek is nie, en dus in hierdie opsig nie besig is om die eie dekadente 20ste-eeuse ideologie in die kerk in te dra nie (veel eerder dié van 19de-eeuse musikaal-godsdienstige tendense!). Laasgenoemde waarneming geld egter slegs die liedere uit die Jeugsangbundels, en nie noodwendig die talle ander vorms en gestaltes van kerkmusiek wat tydens eredienste gebruik word nie. As geheel is die tipe invloed op die nuwe geestelike musiek in hierdie stadium egter meerendeels dié van die meer sentimentele tipes kommersiële musiek.

### 5.4.5 Aanbeveling 5: Daar behoort binne die NGK oor ware liturgiese vernuwing besin te word

In die twee afdelings hierbo is eerstens aangedui dat die invoer van rock- en pop-elemente in die erediens 'n bepaalde prys vra, en dat hierdie tipe elemente reeds in

'n mate in die NGK aanwesig is, hoewel nie binne die amptelike eietydse sangbundels nie. Die definitiewe behoefte aan eietydse aanbiddingsvorms en 'n relevante liturgie moet egter op een of ander wyse in die NGK hanteer word, sonder dat dit die steeds groter oorname van sekulêre vorme en maniere van doen sal behels, omdat die moderne mens eventueel dan maar net weer in die kerk ook "met die wêreld sit", en hierdie situasie 'n groot verlies aan diepte en aan die bewussyn van God se teenwoordigheid meebring.

Hoe kan die erediens vir die hedendaagse lidmaat en vir die jeug relevant gemaak word indien die antwoord nie sonder meer in 'n steeds groter sekularisering van die liturgie en die invoer van pop en rock-elemente lê nie?

Volgens Boon (1989: 143v) is 'n liturgie allereers relevant wanneer dit "betrokken is op Hem, in wiens Naam wij samenkomen. Relevant is een liturgie waarin de Heer word ontmoet, waarin die verborgen omgang met Hem beoefend wordt".

'n Tweede element is vir Boon geleë in die betrokkenheid van die gelowiges *op mekaar*, terwyl die laaste vereiste die betrokkenheid by ons aardse lewensomstandighede is. Boon definieer 'n relevante liturgie dus as **'n ontmoeting van hemel en aarde.**

Vanuit Boon se standpunt is die viering van 'n relevante liturgie die enigste spirituele oase binne die huidige leefwêreld met sy verlies aan geestelik-sedelike erfgoed. Dit is ook die enigste plek waar die moderne mens nog kan leer hoe om met die "grote geduchte woorden van de Schrift" om te gaan. Die vernuwing is dus geleë in die ontmoeting met God, en nie in die bevrediging van die eie behoeftes van die mens nie. Iets van hierdie standpunt word ook weerspieël in Heyns (1982: 23) se siening dat die vernuwing van die erediens 'n radikale onmoontlikheid

is as dit nie gepaard gaan met **die vernuwing van die mens** nie. Hierdie gesigspunt is vandag nie populêr nie, want dit bied nie 'n kitsbevrediging via oppervlakkige religieuse gevoelsopwekking nie, maar vra 'n heel ander "prys" as die gangbare standpunt wat daarna streef om met die wêreld te identifiseer (sonder om die verliese daarvan te bereken). Dit is dan ook 'n gesigspunt wat veel eerder aansluit by die sogenaamde "geloofsvroomheid" as by die "ervaringsvroomheid".

Tog moet ook hierdie aspek noukeurig deurdink word. Binne die gereformeerde kerke is die versoeking reeds sedert die na-reformatoriese tydperk (laat 16de eeu) besonder akuut om te ly aan 'n rasionele benadering tot die erediens wat een van die hoofoorsake daarvan is dat die kerk as "koud" en feesloos ervaar word: "Wij lijden vandaag...aan een katastrofale verstandelijke benadering van het geloof. Wij moeten een eredienst terugwinnen, die niet alleen ons denken, maar ons hele wezen aangrijpt" (Jenny 1981: 53). Hiermee word daar verwys na die herontdekking van dié tipe liturgiese praktyke wat tot dusver as 'n soort taboe in die gereformeerde kerke beskou is, 'n benadering waardeur die liturgie geweldig verarm is. In hierdie liturgiese model is die rol van die gemeente byvoorbeeld beperk tot slegs die sing van kerkliedere, 'n benadering wat gewoonlik as "Calvinisties" verdedig word. Nicholas Wolterstorff getuig egter reeds in 1979 by 'n konferensie vir liturgie en kerksang te Grand Rapids (VSA) hoe "bevrydend" hy (as Calvinis) sy eie navorsing insake Calvyn gevind het: die gereformeerde tradisies soos dit algemeen, en dus ook in die NGK, gehandhaaf word, het min met Calvyn te doen, en veel meer met Zwingli. Calvyn se diensorde staan veel nader aan die ryker oudkerklike tradisie wat bly handhaaf is in die Lutherse en Anglikaanse praktyke. Die betrekking van die gemeente in wisselspraak of wisselgesang met die liturg; die herstel van dele van die diensorde wat ver terugreik na die vroeë praktyke van die

kerk (en met ander wan-praktyke van die Middeleeue niks te doen het nie!), soos die *Kyrie, Gloria, Sanctus, Agnus Dei,* ensovoorts, die tradisionele oorgang na die tafeldiens as 'n feestelik-sinvolle handeling (die sursum corda, die ryk, sinvolle eucharistiegebed, ensomeer), verander die lidmaat van 'n passiewe toehoorder tot 'n aktiewe deelnemer, maar gee ook 'n dinamika en geestelike diepgang aan die liturgie wat in die tradisionele sogenaamd-gereformeerde opset ontbreek. In 'n meer resente artikel vestig Wolterstorff (1992: 274-276) die aandag daarop dat daar gedurende die laaste kwart-eeu binne die hoofstroom Christelike tradisies nie alleen 'n verskerpte bewussyn rakende liturgiese vernuwing na vore getree het nie, maar dat hierdie vernuwings ook getuig van 'n eukumeniese eenheid. In hierdie opsig word die oorkoepelende liturgiese denke gekenmerk deur 'n terugkeer na die gebruike van die vroeg-Christelike kerk soos wat dit teen ongeveer 200 n.C. bestaan het. Hierdie tendens het gelei tot die verskynsel dat die aanbevole liturgieë binne die Rooms-Katolieke, Presbiteriaanse, Gereformeerde, Lutheraanse, Anglikaanse en Metodiste-kerke feitlik identies is wat betref die struktuur daarvan. In hierdie verband moet daar in besonder gewag gemaak word van Strydom (1994: 293-327) se navorsing insake 'n katoliek-gereformeerde diensorde vir implementering binne die NGK, waarvan die oogmerke direk in lyn met bostaande buitelandse tendense is.

Vajta (1970: 73) beskryf die tradisionele Protestantse erediens op onsimpatieke wyse as 'n "one man show" waar alle onus op die prediker as "virtuoos" rus. "Slaag" hy nie - soos wat teenswoordig nogal dikwels gebeur - misluk daarmee ook die hele erediens (en moet daar na ander oppervlakkighede gesoek word om daarvoor te vergoed). Vajta identifiseer hierdie probleem binne Protestantse kerke as 'n gebrek aan 'n teologie soos in die vroeë Christelike kerk beoefen is, naamlik teologie as doksologie, as liturgie, as "spraak oor God in die taal

van lofprysing". Sy sienswyse dat die Protestantse kerke 'n gemis het aan 'n dié tipe begrip van liturgie, wat nog altyd binne die Rooms-Katolieke Kerk en die Oosters-Ortodokse kerk nagestreef is, sluit ook aan by die hoofstrekking van Woltersdorff se bevindings, hoewel dit vir Vajta spesifiek ook gaan om 'n werklike "kennis" van die betekenis van die liturgiese handelinge, 'n kennis wat nie slegs vir die kerklike ampsdraers beskore behoort te wees nie, maar ook vir die individuele lidmaat. Hoewel Wolterstorff (1992: 273) met groot waardering verwys na "the genius of the Reformed liturgy", sluit hy tot 'n mate by Vajta aan wanneer hy sê dat die gereformeerde liturgie dikwels vir die gemeente niks méér is nie as "the issuing of marching orders. They will see the liturgy as motivation and guidance for what really counts - namely, our work in the world. The integrity of *worship* as one mode of our response to God will be lost from view".

Die belangrikste waarneming vanuit Vajta se standpunt is egter die feit dat moderne sekularisme die konkrete wêreld verabsoluteer, en daarom 'n intimiderende uitwerking het op 'n ware Godsbelewing in die hedendaagse erediens. **Hierdie gebrek aan 'n egte Godsbelewing hang ten nouste saam met die hedendaagse mens se vrees vir betekenisloosheid** - dié vrees wat in luide rockmusiek verdring moet word omdat daar teruggedeins word van 'n spiritualiteit wat dieper eise stel. Hierin vind ons 'n aansluiting by Rookmaker se somber siening van die tweeslagtige aard van die 20ste-eeuse mens: hy verskil geensins van die wêreld waarteen hy in opstand is nie (sien 2.4.2).

Volgens Gistelinck (1970: 77v) is die hedendaagse liturgie egter nie saam met die moderne mens se Godservaring "dood" nie, maar ly dit wel gebrek aan daardie onuitspreeklike, onaanraakbare, selfs mistiese element waaraan die post-moderne mens júis soveel

behoefte het. Omdat daar binne die gereformeerde praktyk sterk anti-metafisiese tendense aanwesig is (dit is 'n veel meer rasionele tipe vroomheid), moet 'n besinning rondom liturgiese vernuwing vanuit hierdie standpunt ook 'n besinning oor die outentieke belewenis van die rituele en die simboliek behels. Van der Linden (1988: 362-363) wys dan ook daarop dat die begrippe "spiritueel" of "mistiek" nie op 'n anti-Calvinistiese wyse 'n afgekeerdheid van die wêreld of 'n diepe innerlikheid impliseer nie, maar dat dit "integendeel zo reëel (is) als ook Christus present is in onze existensie en in het Heilig Avondmaal". Wolterstorff (1981: 146) wys inderdaad op die feit dat "the unmistakable witness of Scriptures is that where genuine piety or spirituality is missing, there life as a whole is deeply wounded".

Ook Bloom (1970: 129-130) verwys na die diepe behoefte van die 20ste eeu aan 'n herwinning van dimensie en diepte in die aanbidding. Hy beskryf 'n liturgiese belewing waarby 'n heldere, deursigtige bewustheid van die aanwesigheid van God "voelbaar" moet wees. Die liturgie is immers geen "mensgemaakte" formalisme nie, dog 'n gebeure waarin die Heilige Gees "die handelinge oorneem". Juis dít fasiliteer 'n ware ontmoeting met God, en is daarom die hart van **'n ware vernuwing.**

As laaste aanbeveling van hierdie studie word daar dus aan die hand gedoen **dat daar binne die NGK besin word oor die wenslikheid, al dan nie van 'n identifisering met die hedendaagse sekulêre kultuur wat in die naam van "vernuwing" en "bevatlikheid vir die eietydse mens" nagestreef word. Terselfdertyd moet die liturgiese verstarring binne die breëre gereformeerde opset teengewerk word, en moet 'n groter terugkeer na die ryker, oudkerklike tradisies oorweeg word, dog op 'n wyse wat spesifiek 'n vernuwing van die gelowige mens sélf impliseer; 'n vernuwing waardeur 'n ware ontmoeting met God in die erediens moontlik word.**

Laasgenoemde dui veral op die behoefte aan 'n groter klem op "geloofsbelewenis", dog nie die oppervlakkige en sentimentele belewenis van 'n suiwer "ervaringsgerigte" spriritualiteit nie. In hierdie verband moet daar trouens gewaarsku word teen 'n onegte aangryp van spiritualiteitskonsepte wat op nikssegende wyse elemente uit die sakraal-eksotiese of bloot die aantrekkingskrag van die "vreemde" wil haal en wat as sodanig weinig meer as 'n blote bedwelming van die sinne is. Hierdie soort atmosfeer - die "tasbare teenwoordigheid van die Heilige" - word vandag gesoek in rock-liturgieë, films, maar manifesteer homself ook in die estetika van die advertensiewese en selfs in groot winkels (Schlatter 1994: 309). Bogenoemde spiritualiteit moet 'n diepe innerlike oopstelling vir die aanraking van die Heilige Gees wees: dus geen geesvervuldheid nie, maar 'n ware Geesvervuldheid (Heyns 1982: 23). Slegs dán kan daar van ware liturgiese vernuwing sprake wees, slegs dán kan die kerklied waarlik sê: "Die Heer regeer", slegs dán kan die kerk waarlik 'n beduidende plek in die wêreld inneem **wanneer God sentraal in die godsdienstige evaring staan, ook te midde van 'n wanhopige moderne wêreld:**

"God must be absolutely central if we wish our liturgical worship to be the place where we can meet...**in a new way:** that of people related to God and who find one another within this relatedness. Then the church will recover its dimension and its rhythm, and at the heart of things at that point, I believe, the Church will become what it originally was, not a small society within the wider society, but a society which is both divine and human and, therefore wider, deeper, greater than the world itself; not only in God, but in us also, greater and wider than the whole world, capable of containing the world, capable of fulfilling the world" (Bloom 1970: 130).

# *Opsomming*

Hierdie studie ondersoek standpunte rondom die kerklied van die Nederduitse Gereformeerde Kerk oor die laaste aantal dekades deur middel van 'n dokument-analise. Die oogmerk hiervan is primêr om die vernaamste behoeftes ten opsigte van die kerklied te bepaal, sodat laasgenoemde binne die konteks van die gereformeerde kerksang-ideaal oordink kan word.

'n Metode moes oorweeg word wat 'n dergelike emosioneel-gelade onderwerp op 'n objektief-wetenskaplike wyse kon ontleed. Die tegniek van inhoudsanalise is in hierdie opsig by uitstek geskik, aangesien laasgenoemde die voordele van 'n gestruktureerde benadering en objektiwiteit eie aan kwantitatiewe navorsingsmetodes bied, dog terselfdertyd 'n mate van kwalitatiewe denke behels.

As aanloop tot die dokument-analise ondersoek Hoofstukke 2 en 3 onderskeidelik die internasionale stand van die kerklied, en die historiese ontwikkeling van die NG-kerklied. Hieruit blyk dat daar binne die gereformeerde opset tradisioneel primêr klem gelê is op die verkondigende funksie van die kerklied. Die aandrang om vernuwing en die strewe om die eietydse sekulêre kultuur binne die kerk relevant te maak, lewer juis in hierdie opsig reële probleme. Wat die plaaslike situasie betref, is dit duidelik dat daar histories binne die NGK nog altyd konflik rondom die kerklied aanwesig was. Nie alleen was daar van meet af aan weerstand teen die amptelike kerklied nie, maar verlang heelwat lidmate spesifiek 'n meer eenvoudige, ervaringsgerigte geestelike lied.

Die data-analise in Hoofstuk 4 toon dat gemelde tendens beslis ook geld ten opsigte van die polemiek onder

bestudering. Die gespletenheid in die kerksang het veral te make met twee botsende vroomheidstipes binne die NGK. Die polemiek toon dat diegene wat gekant is teen die amptelike kerklied, veral beswaard is oor die "onsingbaarheid" van die melodieë, asook die feit dat hierdie liedere wêreldvreemd aandoen vir die 20ste-eeuse mens. 'n Analise van diegene wat by die polemiek betrokke was, bring aan die lig dat daar tydens al die tydvakke wat ondersoek is, 'n opvallende gebrek is aan betrokkenheid van deskundiges op die gebied van die himnologie. Ook is bevind dat die uitsprake insake die kerklied tot 'n groot mate subjektief is, en in 'n groot meerderheid van gevalle op sentiment berus, eerder as op ware kundigheid.

As vernaamste aanbevelings vanuit die studie word daar voorgehou dat daar by toekomstige besluitneming rondom die kerklied rekening gehou word met bogenoemde gespletenheid ten opsigte van vroomheidstipes. Hieruit vloei voort dat die tradisie van meer as een sangbundel agtergelaat word, en dat gedagte geskenk word aan één omvattende sangbundel. Voorts word aanbeveel dat besluitnemingsprosesse deur wetenskaplike ondersoeke voorafgegaan word en dat musikaal-tegniese asook stilistiese kwessies deur deskundiges hanteer word.

Dit is egter veral die laaste aanbeveling wat te make het met die behoud van die eie gereformeerde aard van die NGK, en waarby aanbeveel word dat daar ernstig besin word oor die wenslikheid van 'n kerklike identifisering met die hedendaagse sekulêre kultuur.

# *Summary*

This study investigates viewpoints over the last few decades regarding the hymn of the Dutch Reformed Church by way of a document analysis. Primarily the aim is to determine the most important needs concerning the church-hymn in order for these to be reflected on within the context of the reformed church-song ideal.

A method had to be considered which could analise such an emotionally loaded subject objectively and scientifically. In this regard the technique of content analysis is ideally suited, since the latter offers the advantages of a structured approach and objectivity characteristic of quantitative research methods, while, at the same time, involving a certain extent of qualitative thought.

As a prefix to the document analysis, Chapters 2 and 3 investigate the international position of the church-hymn and the historical development of the Dutch Reformed hymn respectively. From this it is clear that, within the reformed tradition, emphasis has been primarily on the proclaiming function of the church-hymn. In this regard, the urge for renewal and the striving towards more relevancy of secular culture in the church, presents real problems. Concerning the local situation, it is evident that historically, there has always been conflict around the church-hymn within the DRC. Not only was there resistance from the beginning against the official church-hymn, but several church members specifically long for a simpler experience-orientated spiritual song.

The data-analysis in Chapter 4 indicates that the given tendency definitely applies regarding the polemics under investigation. The duality within the church-singing has to

do particularly with two clashing types of devoutness inside the DRC. The polemic shows that those against the official church-hymn are particularly burdened by the "unsingability" of the melodies, as well as the fact that these hymns are foreign to the 20th-century person. An analysis of those involved in the polemics brings to light that, during all the eras under investigation, there is a notable lack of involvement from experts in the field of hymnology. Also evident is the largely subjective comments regarding the chuch-hymn which, in the majority of cases, rely on sentiment rather than expertise.

As for the most important recommendations resulting from the study, it is proposed that any future decision-making on the church-hymn should take into account the already referred to dualism regarding devoutness types. From this, it further follows that the tradition of more than one hymnal should be abandoned and that consideration should be given to a single comprehensive hymnal. It is further recommended that decision-making processes should be preceded by scientific investigations and that musical-technical as well as stylistic issues be handled by experts.

It is however especially the last recommendation that concerns itself with retaining the true reformed nature of the DRC, which constitutes the recommendation that the thesibility of an ecclesiastical identification with present-day secular culture should be seriously contemplated.

# *Bibliografie*


BABBIE, E. 1995. *The practice of Social Research.* Belmont: Wadsworth Publishing Company.

BAKER, T.L. 1994. *Doing Social Research.* Singapore: McGraw-Hill.

BARNARD, A.C. 1981. *Die erediens.* Pretoria: N G Kerkboekhandel.

1993. Korrespondensie. *Die Volksblad* 12 November: 8.

BESTER, A. 1962. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 114(25): 864.

BEUKES, J.N. 1994. Jeugsangbundel 2: 'n himnologiese bespreking. Hons.B.Mus. UOVS

BLOOM, A. 1970. Worship in a secular society. *Studia Liturgica* 7(2-3): 120-130.

BOHREN, R. 1979. Bemerkungen zu neuen Liedern. *Der Kirchenmusiker* 5: 173-187.

BOON, R. 1973. De joodse wortels van die christelijke eredienst. *Mededelingen Van der Leeuw Stichting* 40: 2229-2459.

1989. Relevante liturgie en secularisatie. *Eredienstvaardig* 5(3).

BOTHA, A. 1995. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 155(14): 4.

BOTHA, N.F. 1962. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 114(22): 692.

BRIERS, C.J. 1983. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 135(22): 7

BRITZ, R. M. 1995. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 155(25): 7.

CANT, H.W. 1975. Christian worship today: its crisis and renewal. *Liturgical Review* 5(1): 19-34

CARSTENS, J.C. 1983. Die Halleluja-bundel as vernuwingsbundel? *'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Kerklied.* J.H.H. du Toit (Red). Pretoria: N.G. Kerkboekhandel

CILLIé, G.G. 1948. Korrespondensie. *Die Kerkbode* LXII (24): 1437-1438

1983. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 135(18): 8.

1992. Hester van der Walt (gebore Venter): 'n Suid-Afrikaanse skryfster-digter uit die 18de eeu. *NGTT* 33(4): 466-479.

1993. *Afrikaanse liederwysies. 'n Verdwynende kultuurskat.* SAMRO.

CILLIERS, J.D. 1961. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 113(2): 56.

COERTZE, A.G.O. 1979. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 131(12): 374.

COETZEE, K. 1975. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 127(23): 749.

CRONJE, C.P. 1984. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 135(2): 8.

DE KLERK, S.J. 1979. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 131(5): 148-149.

DE KOCK, N. 1982. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 134(10): 12.

DE MOL, K.A. 1992. On musical excellence. *Pro Rege* 20(4): 1-10

DE NECKER, J.J. 1971. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 123(12): 406

DE RIDDER, H.A. 1986. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 137(18): 5.

DE VILLIERS, D. 1983. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 135(11): 6.

DEKKER, G. 1983. *Oude wijn in nieuwe zakken. Over de christelijke godsdienst in de moderne zamenleving.* Baarn: Ten Have.

DIE HALLELUJA. 1960. Kaapstad: N.G. Kerkboekhandel

ELLIS, E. 1979. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 131(5): 148.

ELLIS, R. 1978. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 130(12): 374.

ELOFF, S.J. 1975. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 127(8): 253.

ERASMUS, P. 1975. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 127(2): 60.

1985. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 137(4): 8.

ESKEW, H. & McELRATH, H.T. 1980. *Sing with understanding.* Nashville Tenessee: Boardman Press.

ESTERHUYSEN, A.M. 1962. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 114(24): 820.

FÖLSCHER, J.C.C. 1961. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 113(15): 558.

FORRESTER, D./TELLINI, G. 1983. *Encounter with God.* Edinburgh: T & T Clark Ltd.

FREIMUTH, H.G. 1983. *Gotteserfahrung in der Musik.* Köln: Benzinger.

GELINEAU, J. 1978. The liturgy today and tomorrow. London: Darton, Longman and Todd.

GERBER, J. 1962. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 114(13): 444.

GISTELINCK, F. 1970. Hedendaagse benadering van de liturgie. *Tijdschrift voor Liturgie* 54(2): 77-92.

GOEDHART, T. 1987. Nieuwe muziek in de liturgie: een reactie. *Het Orgel* 83(4): 126-129.

GREEN,S.& OGILVIE,G. 1974. *Music for the parish.* Bramcote: Goere Books.

GROBLER, B. 1983. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 135(17): 8

HANEKOM, B. 1991. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 147(17): 4.

HAY, F.J. 1962. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 114(18): 616.

HERHOLDT, J.D. 1962. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 114(23): 786.

HERNGREEN, G.F.W. 1982. De integriteit van het kerklied. *Van der Leeuw Stichting* 56: 4534-4555.

HEYNS, C. 1993. Korrespondensie. *Die Volksblad* 26 Oktober: 12.

1993. Korrespondensie. *Die Volksblad* 27 November: 6.

HILLERT, R. 1978. Music in the church today: an appraisal. *Handbook of Church Music,* Halter & Schalk (eds). St. Louis: Concordia, 231-251.

HOLLENWEGER, W.J. 1990. Musik und Liturgie im Dienste der Versöhnung. *Musik und Gottesdienst* 44(1): 5-14.

HONDERS, A.C. 1978. *Klinkend Geloof.* 'sGravenhage: Uitgever Boekencentrum B.V.

HUSTAD. D.P. 1981. *Jubilate! Church music in the Evangelical tradition.* Illinois: Hope Publishing Company.

1994. Let's not just praise the Lord. *Vir die musiekleier 14(21): 11-15.*

HUYSAMEN, G.K. 1993. *Metodologie vir die Gedragswetenskappe.* Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

JACOBS, L. 1985. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 137(7): 10.

JENNY, M. 1981. Waar staat de (kerk-) muziek in die crisis van die eredienst? *Organist en eredienst* 5: 52-56.

JEUGSANGBUNDEL I 1984. Bloemfontein: N.G. Sendingpers

JEUGSANGBUNDEL II 1993. Bloemfontein: N.G. Sendingpers

JOHANSSON, C.M. 1993. *Music and ministry. A biblical counterpoint.* Peabody: Hendrickson Publishers, Inc.

JONES, I.H. 1986. *Church music - good, indifferent and trivial.* Methodist Church Music Society. Occasional papers: New series No. 8.

JONKER, W.D. 1989. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. *NGTT* 30(3): 288-299.

JOUBERT, D. 1991. "Wat reg is, is reg": 'n inhoudsontleding van sosiologika by 'n kleurinsident. *Tydskrif vir Sosiologie* 22(2): 59-72.

KABUS, W. 1995. "Wir leben doch nicht im 17. Jahrhundert" - Jugend und Popularmusik. *Musik und Gottesdienst* 49(6): 310-320.

KERKBODE VERSLAGGEWER. 1987. "Nou sit ons musikaal met leë hande". *Die Volksblad* 31 Maart, 1.

KRITZINGER, J.J. 1978. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 13(25): 793

LE ROUX, E. 1991. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 148(23): 8.

LOMBARD, J.C. 1961. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 113(7): 240-241.

LOOTS, P.J. 1949. Korrespondensie. *Die Kerkbode* LXIII(2): 83

1965. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 117(12): 377.

1976. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 128(2): 43-44.

LOUBSER, J.H. 1979. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 131(11): 342

LUTH, J.R. 1986. *"Daer wert om't seerste uytgekreten..."* (Dl 1). Kampen: Van den Berg.

MALAN, D. 1979. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 131(11): 342

MALAN, J.P. 1971. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 123(18): 631

MARé, S. 1993. Korrespondensie. *Die Volksblad* 17 November: 10.

MARTI, A. 1982. Kunst und Kitsch als Problem der Hymnologie. *Jahrbuch für Liturgik und Hymnologie* 26: 175-184.

MARTI, A. 1991. Problemanzeigen. *Musik und Gottesdienst* 45(3):130-131.

MEISTRE, G. 1989. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 143(25): 5.

MISCHKE, A. 1995. Met lekker "beat" wil jonges NGK laat aanpas by die tye. *Rapport.* 30 Julie, 21.

MöLLER, A. 1984. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 136(11): 12.

MURRAY, R.B. 1978. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 130(21): 662-663.

NACHMIAS,C.& NACHMIAS,D. 1992. *Research Methods in the Social Sciences.* London: Edward Arnold.

NED.GEREF.KERK

1945. Handelinge van die Dertigste Vergadering van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika. Kaapstad

1949. Handelinge van die Een-en-Dertigste Vergadering van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika. Kaapstad

1957. Handelinge van die Drie-en-Dertigste Vergadering van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika. Kaapstad

1961. Handelinge van die Vier-en-Dertigste Vergadering van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika. Kaapstad

1962. Handelinge van die Eerste Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Kaapstad

1966. Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Bloemfontein

1978. Handelinge van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned.Geref.Kerk. Bloemfontein

1982. Handelinge van die Sesde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Pretoria

1990. Agenda vir die Agtste Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Bloemfontein

1994. Handelinge van die Negende Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Pretoria

**NEL, D.** 1975. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 127(6): 189.

**NEL, S.P.** 1978. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 130(3): 86.

**"'N GETROUE LIDMAAT".** 1959. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 111(26): 1119.

**"'N OU VADER".** 1959. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 111(25): 1073.

**OLIVIER, G.C.** 1994. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 154(17): 10.

**OTTERMANN, R.E.** 1971. *Friedrich Wilhelm Jannasch en sy invloed op die kerkmusiek van die N G Kerk.* Ongepubl D Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

**PANNIKER, R.** 1970. Worship in a secular age. *Studia liturgica* 7(2-3): 28-71.

**PASS, D.B.** 1985. *The implications of a biblical model of the church for church musicology.* D. Phil.-proefskrif, Universiteit van die Witwatersrand.

POTGIETER, F. 1993. Korrespondensie. *Die Volksblad* 10 November: 10.

POTGIETER, T.R.W. 1983. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 135(22): 8.

PREDIKANTE, RING VAN BRAKPAN. 1975. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 127(3):93.

PRINSLOO, W.P. 1994. Korrespondensie. *Die Hervormer* 86(19): 3

PSALM- EN GESANGBUNDEL 1978. Kaapstad: N.G. Kerkuitgewers

REDAKSIONEEL. 1993. *Die Kerkbode* 151(18): 3.

"RESPONDEO". 1962. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 114(17): 585.

RETIEF, A.P. 1985. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 137(20): 5.

RHEEDER, S.J. 1959. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 111(23): 995.

RIEMENSCHNEIDER, A. 1941. 371 Harmonized Chorales and 69 Chorale Melodies by Johann Sebastian Bach by Albert Riemenschneider. London: G. Schirmer 1941.

ROOKMAKER, H.R. 1970. *Modern art and the death of a culture*. London: Inter-Varsity Press.

ROSSOUW, P.L. 1962. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 114(18): 615.

ROUTLEY, E. 1984. *Twentieth century church music.* USA: Agape.

SCHILLING, S.P. 1983. *The faith we sing.* Philadelphia: The Westminster Press.

SCHLATTER, W. 1994. Spiritualität: Kitsch und Bedürfnis nach Tiefe am Beispiel Taizé. *Musik und Gottesdienst* 6: 307-310.

SCHULER, L.E. 1988. Guidelines for evaluating the musical quality of a hymn. *Presbyterion* 14(2): 118-122.

SCHUTTE, J.H. 1987. Korrespondensie. *Die Volksblad* 9 April: 5.

SCHWEIZER, B. 1991. Musik im Dienst der Gemeinschaft unter dem Evangelium. *Musik und Gottesdienst* 45(3): 131-133.

SEERVELD, C. 1980. *Rainbows for the fallen world. Aesthetic life and artistic task.* Toronto: Tuppence Press.

SERFONTEIN, W.J.B. 1975. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 127(18): 589.

1979. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 131(7): 214.

1983. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 135(6): 8.

SIEBALD, M. 1982. Evangelische Musik zwischen Kunst und Kitsch. *Musik und Kirche* 52(2): 81-87.

SING ONDER MEKAAR 1988. N.G. Kerkboekhandel

SMIT, G.J. 1985. *Navorsingmetodes in die gedragswetenskappe.* Pretoria: HAUM.

SMIT, N.A. 1975. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 127(18): 581.

SNYMAN, E.M. 1975. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 127(22): 708.

SÖHNGE, W.E.H. 1960. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 112(1): 53

SÖHNGEN, O. 1975. *Erneuerte Kirchenmusik.* Göttingen: Vandenhoek en Ruprecht.

1981. *Musica Sacra zwischen Gestern und Morgen.* Göttingen: Vandenhoek & Ruprecht.

STEGMANN, C. 1959. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 111(24): 1029.

STRYDOM, W.M.L. 1984a. *Die aard van die Himnologie en die plek daarvan in die Liturgie.* Ongepubl MTh-verhandeling, Universiteit van die Oranje Vrystaat.

1984b. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 136(11): 8.

1990. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 146(16): 8.

1991. *Liturgiese sang in diens van die vernuwing van die erediens.* DTh.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

1993. Korrespondensie. *Die Volksblad* 3 November: 10.

1994. *"Sing nuwe sange, nuutgebore". Liturgie en Lied.* Bloemfontein: Departement Musiek (Afdeling Kerkmusiek), Universiteit van die Oranje Vrystaat.

**TE VELDE, P.A.** 1985. Popmuziek beoordelen: cultuurgenieter of vreemdeling zijn? *De Reformatie* 60(25): 512-515.

1988. *Popmuziek. In gesprek met jongeren.* Apeldoorn: Willem de Zwijgerstichting.

**TEMMINGH, R.** 1993. Kerkmusiek in krisis. *Vir die musiekleier* 13(20): 17-19.

**THERON, M.C.** 1962. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 114(3): 99.

**VAJTA, V.** 1970. Worship in a secularized age. *Studia liturgica 7: 72*-85.

**VAN DER ELST, J./SWANEPOEL, J.** 1991. Die Gereformeerde Kerke en die Psalms. *Woord en Daad* 31(332): 18

**VAN DER LINDE, H.** 1984. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 136(2): 8.

VAN DER VELDEN, M.G. 1988 De kerkdienst als geestelijke oefening. *Theologica Reformata* 31(4): 345-359.

VAN DER WALT, J. 1983. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 135(21): 8.

VAN DER WATT, P.B. 1976. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

VAN DER WESTHUIJSEN, J.P.J. 1961. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 113(11): 367.

1962. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 114(3): 99.

VAN DER WESTHUYZEN, A. 1983. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 135(22): 8.

VAN DYK, P.R. 1983a. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 135(14): 14.

1983b. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 135(22): 8.

VAN GRONINGEN, J.P. 1979. *Congregational song, based on Reformed-Calvinistic principles*. M.Mus.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

VAN LOGGERENBERG, N. 1962a. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 114(9): 303.

1962b. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 114(9): 303.

VAN NIEKERK, T. 1970. *Die invloed van die Sankey-beweging op die Kerklied in Suid-Afrika*. Ongepubl M. Mus. Verhandeling Universiteit van Stellenbosch

VAN SCHALKWYK, M.D. 1962. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 114(24): 511.

VAN ZIJL, W.J. 1991. *'n Kerkhistoriese bibliografiese studie van die boek as draer van die Nederduitse Gereformeerde Belydenis in Suid-Afrika (1652-c.1814)*. Ongepubl D.Th.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

VENTER, E. 1993. Korrespondensie. *Die Volksblad* 30 Oktober: 6.

VERCUIL, F.J. 1983. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 135(1): 8.

VERMAAK, R. 1995. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 153(17): 15.

VOS, C.J.A. 1994. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 154(17): 10.

WEBB, R.H.L. 1965. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 117(15): 474.

WEBER, R.P. 1990. *Content Analysis*. Newburg Park: SAGE Publications.

WESTERMEYER, P. 1995. The future of congregational song. *The Hymn* 46(1): 4-9.

WHITE, J.F. 1976. *Christian worship in transition.* Nashville: Abingdon.

WILANDERS, O. 1962. Korrespondensie. *Die Kerkbode* 114(1): 55.

WOLMARANS. G.J.M. 1984. 'n Kerksangbundel vir die Jeug?. *Die Hervormer* 75(11): 3

1988. Bruikbaarheid van liedere in N G Jeugsangbundel ondersoek. *Die Hervormer* 80(7): 6

WOLTERSTORFF, N. 1980. *Art in action. Toward a christian aesthetic.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

1981. *Until justice and peace embrace.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

1992. The Reformed liturgy. *Major themes in the Reformed tradition,* McKim (ed). Grand Rapids, Michigan: Eerdmans, 273-304.

U.O.V.S. U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK LIBRARY